DIE EFFEK VAN DIE BESLUITNEMINGS- EN LEWENSDOELKOMPONENTE VAN DIE SAPD SE SELFBESTUUR PERSONEELKAPASITEITSBOUPROGRAM

deur

Petronella Huisamen
MA (Maatskaplike Werk), PU vir CHO

Proefskrif voorgelê vir die graad

PHILOSOPHIAE DOCTOR

in

MAATSKAPLIKE WERK

aan die

Noordwes-Universiteit
(Potchefstroomkampus)

Promotor:
Prof. M.L. Weyers

Mosselbaai
November 2005

DANKBETUIGINGS

SOLI DEO GLORIA

Alle eer en waardering aan my Hemelse Vader wat my die vermoë gegee het om hierdie navorsing te onderneem en te voltooi.

My opregte dank aan almal wat op een of ander wyse bygedra het tot die voltooiing van hierdie studie.

In die besonder dank aan:

- My man, Giel – baie dankie vir jou ondersteuning en aanmoediging. Sonder jou was die voltooiing van hierdie navorsing nie moontlik nie.
- My gesin, Renko, Ewan, Pa Louis, Ma Susan, Ma Risie, Riaan en Marietjie vir julle ondersteuning.
- Prof. Mike Weyers – dankie vir die uiters professionele en bekwame studieleiding en praktiese aanmoediging. Ek was bevoorreg en baie dankbaar om jou as promotor te hê.
- Dr. Suria Ellis en Prof. H.S. Steyn, sowel as die ander personeel van Statistiese Konsultasiedienste, Noorwes-Universiteit vir die datavaslegging en hul uitsonderlike advies en hulp. Sonder julle insette sou die hoë vlak van statistiese analise wat deur hierdie navorsing vereis is, nie bereik kon word nie.
- Dr. Stutterheim en in besonder Marili Williams by die Nasionale Kantoor van Maatskaplikewerkdienste van die SAPD. Erika, dankie dat jy in my geglo het en die geleentheid gegee het om hierdie studie te onderneem. Marili, sonder jou sou ek nie hierdie studie kon voltooi nie.
- Al die SAPD maatskaplike werkers wat betrokke was by die ondersoek – dankie vir die aanbiedings en voltooiing van die vraelyste (sien addendum 21). Besondere dank aan Monica Myburgh vir haar hulp tydens die fokusgroepbesprekings.
- Dankie aan al die student-konstabels wat deelgeneem het aan die ondersoek, met spesifieke verwysing na die rekrute wat die vraelyste vir die onderhawige studie voltooi het, sowel as die lede van die fokusgroepe.
- Die lede van die paneel van deskundiges en leke-evalueerders (sien Addendum 20)
- Dank aan prof. H.H. (Este) Vorster en dr. Annamarie Kruger van die Fokusarea 9.1: Voorkomende en Terapeutiese Intervensies, Noorwes-Universiteit vir hul finansiële steun aan die navorsing.
- Adri Vermeulen - dankie vir die ondersteuning, toewyding en professionele taalversorging van die Afrikaanse gedeeltes van hierdie navorsingsverslag.
- Mev. Estelle Uren vir die taalkundige versorging van die Engelse gedeeltes.
- Prof. Casper Lessing vir die tegniese versorging van gedeeltes van die bibliografieë.

Vir my ouers – dankie vir 'n wonderlike opvoeding.
... aan my pa: daar's net een letter verskil.

Die finansiële steun van die Fokusarea 9.1: Voorkomende en Terapeutiese Intervensies van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) wat hierdie navorsing help moontlik maak het, word met dank erken. Die menings en gevolgtrekkings in hierdie navorsingsverslag is dié van die outeurs en verteenwoordig nie noodwendig die sienings van die Fokusarea of die Noordwes-Universiteit nie.

INHOUDSOPGAWE

DANKBETUIGINGS I

INHOUDSOPGAWE II

LYS VAN TABELLE x

LYS VAN DIAGRAMME xii

LIST OF WORKSHEETS xii

OPSOMMING XIII

SUMMARY XIV

AANBIEDING VAN NAVORSINGSRESULTATE XV

AFDELING 1: DIE METODOLOGIESE VERANTWOORDING VAN DIE ONDERSOEK 1

1. AKTUALITEIT VAN DIE ONDERSOEK 2

2. DOELSTELLINGS EN DOELWITTE 3

3. HIPOTESE 4

4. AFBAKENING VAN DIE ONDERSOEK 4

5. METODE VAN ONDERSOEK 4

5.1 Navorsingsontwerp 4

5.2 Navorsingsprosedure 5

5.2.1 Stap 1: Literatuurstudie 5

5.2.2 Stap 2: Ontwerp en toetsing van die meetinstrumente 6

5.2.3 Stap 3: Meting van die effek van elke personeelkapasiteitsbouprogram 6

5.2.4. Stap 4: Bepaling van modules se opbrengs-op-belegging (OOB/ROI)-koëffisiënt 7

5.2.5 Stap 5: Voltooiing van navorsingsverslae 7

5.3 Ondersoekgroepe 7

5.4 Meetinstrumente 7

5.4.1 Die KHG-vraelyste 8

5.4.2 Die aanbiedingsevaluasievraelys 9

5.4.3 Die aanbiedersevaluasievraelys 9

5.4.4 Die fokusgroepe 10

5.5 Dataverwerking 10

5.5.1 Prosedures en formules vir die berekening van betroubaarheid 10

5.5.2 Prosedures vir die berekening van geldigheid 10

5.5.3 Prosedures en formules vir die berekening van verandering/effek 10

5.5.4 Prosedures en formules vir die berekening van opbrengs op belegging (OOB/ROI) 12

5.6 Etiese aspekte 13

6. BEGRIPSOMSKRYWING 13

6.1 Uitkomste-analise 13

6.2 Impak-analise 14

6.3 Personeelkapasiteitsbouprogramme/-modules 14

6.4 Deelnemers, respondente en aanbieders 14

7. BEPERKINGE VAN DIE ONDERSOEK 14

8. AANBIEDING VAN DIE NAVORSINGSRESULTATE 15

AFDELING 2: DIE TYDSKRIFARTIKELS 16

ARTIKEL 1 17

DIE AARD VAN DIE BESLUITNEMINGS- EN LEWENSDOELKOMPONENTE VAN DIE SAPD SE SELFBESTUURSPROGRAM VIR STUDENT-KONSTABELS 17

Abstract 17

1. INLEIDING 17

2. DIE STRUKTUREEL-FUNKSIONELE POSISIONERING VAN DIE SELFBESTUURSPROGRAM 18

2.1 Die aard van die SAPD se Basiese Opleidingsprogram 18

2.2 Die rede vir die insluiting van die Selfbestuursprogram by Basiese Opleiding 20

3. DIE AARD EN AANBIEDING VAN DIE SELFBESTUURSPROGRAM 20

3.1 Die aard en doel van die Selfbestuursprogram 21

3.2 Die samestelling en uitkomste van die Selfbestuursprogram 21

3.2.1 Die uitkomste en tydverdeling van die program 22

3.2.2 Die program se aanbiedingspakket 24

4. DIE AARD VAN DIE PROGRAM SE BESLUITNEMINGS- EN LEWENSDOELKOMPONENTE 25

4.1 Die inhoud en begronding van die Besluitnemingskomponent se modules 25

4.1.1 Module 1: Finansiële Bestuur 25

4.1.2 Module 6: Probleemoplossing 32

4.1.3 Module 9: MIV/VIGS-bewusmaking 35

4.2 Die inhoud en begronding van die Lewensdoelkomponent se modules 41

4.2.1 Module 2: Beplanning van doelwitte 41

4.2.2 Module 3: Selfkennis 43

5. DIE BENUTTING VAN DIE BESLUITNEMINGS- EN LEWENSDOELKOMPONENTE VIR NON-SAPD-LEDE 46

6. SLOTOPMERKINGS 46

VERWYSINGS 46

ARTIKEL 2 50

DIE SAPD SE SELFBESTUURSPROGRAM: DIE AARD EN EFFEK VAN DIE BESLUITNEMINGSKOMPONENT OP STUDENT-KONSTABELS 50

Abstract 50

1. INLEIDING 50

2. AGTERGROND EN ONTWIKKELING VAN DIE SELFBESTUURSPROGRAM 51

3. DIE AARD VAN DIE SELFBESTUURSPROGRAM 52

4. DIE AARD VAN DIE BESLUITNEMINGSKOMPONENT 53

4.1 Die inhoud en aanbieding van die Finansiëlebestuursmodule 53

4.2 Die inhoud en aanbieding van die Probleemoplossingsmodule 56

4.3 Die inhoud en aanbieding van die MIV/VIGS-bewusmakingsmodule 57

5. DIE NAVORSINGSONTWERP EN -PROSEDURE 60

5.1 Doelstellings 60

5.2 Navorsingsontwerp 60

5.3 Navorsingsprosedure 60

5.3.1 Stap 1: Die literatuurstudie 60

5.3.2 Stap 2: Die ontwerp en toetsing van die meetinstrumente 61

5.3.3 Stap 3: Die meting van die intervensies se korttermyneffek 62
5.3.4 Stap 4: Die meting van die intervensies se langtermyneffek 62
5.3.5 Stap 5: Die bepaling van die intervensies se opbrengs op belegging 62
5.3.6 Stap 6: Die voltooiing van navorsingsverslae 62
5.4 Ondersoekgroepe 62
5.5 Data-insamelingsinstrumente 65
5.5.1 Die KHG-vraelyste 66
5.5.2 Die aanbiedingsevaluasievraelys 67
5.5.3 Die aanbiedersevaluasievraelys 67
5.5.4 Fokusgroepe 68
5.6 Die prosedure en formules wat in dataverwerking benut is 68
5.6.1 Die berekening van betroubaarheid 68
5.6.2 Die berekening van geldigheid 69
5.6.3 Die berekening van verandering/effek 69
6. DIE BETROUBAARHEID VAN MEETINSTRUMENTE 70
7. DIE EFFEK VAN DIE MODULES 72
7.1 Prosedure wat in die meting van korttermyneffek gevolg is 72
7.2 Prosedure wat in die benutting van fokusgroepe gevolg is 72
7.3 Die effek van die Finansiëlebestuursmodule 74
7.3.1 Die toename in objektiewe kennis 74
7.3.2 Die toename in subjektiewe kennis 75
7.3.3 Die verandering van houdings 75
7.3.4 Die verandering van gedrag 75
7.3.5 Die langtermyneffek van die module 76
7.4 Die effek van die Probleemoplossingsmodule 77
7.4.1 Die toename in objektiewe kennis 77
7.4.2 Die toename in subjektiewe kennis 77
7.4.3 Die verandering van houdings 78
7.4.4 Die verandering van gedrag 78
7.4.5 Die langtermyneffek van die module 79
7.5 Die effek van die MIV/VIGS-bewusmakingsmodule 80
7.5.1 Die toename in objektiewe kennis 80
7.5.2 Die toename in subjektiewe kennis 80
7.5.3 Die verandering van houdings en gevoelens 81
7.5.4 Die verandering van gedrag 81
7.5.5 Die langtermyneffek van die module 81
8. DIE WAARDE VAN DIE MODULES 82
9. DIE SINVOLHEID VAN DIE MODULES 83
10. DIE INVLOED VAN DIE MODULE-AANBIEDINGS 84
11. DIE AANBIEDERS SE EVALUERING VAN DIE KOMPONENT 86
12. BEVINDINGE EN IMPLIKASIES 89
13. RIGLYNE VIR DIE VERBETERING VAN DIE PROGRAM EN DIE MODULES 90
14. SLOTOPMERKINGS 91
VERWYSINGS 91

ARTIKEL 3 ..... **96**

DIE SAPD SE SELFBESTUURSPROGRAM: DIE AARD EN EFFEK VAN DIE LEWENSDOELKOMPONENT OP STUDENT-KONSTABELS *96*

Abstract *96*

1. INLEIDING 96

2. AGTERGROND EN ONTWIKKELING VAN DIE SELFBESTUURSPROGRAM 96

3. DIE AARD VAN DIE SELFBESTUURSPROGRAM 98

4. DIE AARD VAN DIE LEWENSDOELKOMPONENT 99

4.1 Die inhoud en aanbieding van die Doelwitbeplanningsmodule *99*

4.2 Die inhoud en aanbieding van die Selfkennismodule *101*

5. DIE NAVORSINGSONTWERP EN -PROSEDURE 102

5.1 Doelstellings *102*

5.2 Navorsingsontwerp *102*

5.3 Navorsingsprosedure *103*

5.3.1 Stap 1: Die literatuurstudie 103

5.3.2 Stap 2: Die ontwerp en toetsing van die meetinstrumente 103

5.3.3 Stap 3: Die meting van die intervensies se korttermyneffek 104

5.3.4 Stap 4: Die bepaling van die intervensies se langtermyneffek 104

5.3.5 Stap 5: Die bepaling van die intervensies se opbrengs op belegging ("Return on investment/ROI") 104

5.3.6 Stap 6: Die voltooiing van navorsingsverslae 104

5.4 Ondersoekgroepe *104*

5.5 Data-insamelingsinstrumente *107*

5.5.1 Die KHG-vraelyste 109

5.5.2 Die aanbiedingsevaluasievraelys 110

5.5.3 Die aanbiedersevaluasievraelys 110

5.5.4 Fokusgroepe 110

5.6 Die prosedure en formules wat in dataverwerking benut is *111*

5.6.1 Die berekening van betroubaarheid 111

5.6.2 Die berekening van geldigheid 111

5.6.3 Die berekening van verandering/effek 111

6. DIE BETROUBAARHEID VAN DIE MEETINSTRUMENTE 113

7. DIE EFFEK VAN DIE MODULES 114

7.1 Die effek van die Doelwitbeplanningsmodule *115*

7.1.1 Die toename in objektiewe kennis 115

7.1.2 Die toename in subjektiewe kennis 116

7.1.3 Die verandering van houdings 116

7.1.4 Die verandering van gedrag 116

7.1.5 Langtermyneffek van die module 117

7.2 Die effek van die Selfkennismodule *117*

7.2.1 Die toename in objektiewe kennis 118

7.2.2 Die toename in subjektiewe kennis 118

7.2.3 Die verandering van houdings 118

7.2.4 Die verandering van gedrag 118

7.2.5 Langtermyneffek van die module 119

8. DIE WAARDE VAN DIE MODULES 119

9. DIE SINVOLHEID VAN DIE MODULES 120

10. DIE INVLOED VAN DIE MODULE-AANBIEDINGS 120

11. DIE AANBIEDERS SE EVALUERING VAN DIE KOMPONENT 123
12. BEVINDINGE EN IMPLIKASIES 126
13. RIGLYNE VIR DIE VERBETERING VAN DIE PROGRAM EN DIE MODULES 126
14. SLOTOPMERKINGS 127
VERWYSINGS 127

ARTICLE 4 131

THE RETURN ON INVESTMENT (ROI) OF THE SAPS SELF-MANAGEMENT PROGRAMME: WITH SPECIAL REFERENCE TO ITS DECISION-MAKING AND PURPOSE-IN-LIFE COMPONENTS 131

ABSTRACT 131

1. INTRODUCTION 131

2. THE BASIS FOR THE CALCULATION OF THE PROGRAMME'S ROI 132

2.1 The need for a ROI analysis 132
2.2 The nature of ROI's 134
2.3 The context within which the calculation of the ROI took place 134
2.4 The basic assumptions on which the calculation of the ROI were based 135

3. THE RESEARCH OBJECTIVES, DESIGN AND PROCEDURE 136

3.1 Aim and hypothesis 136
3.2 Research design 136
3.3 Procedure 136
3.3.1 Phase 1: The literature study 136
3.3.2 Phase 2: The pilot study 137
3.3.3 Phase 3: The main study 137
3.3.4 Phase 4: The use of focus groups to ascertain long-term effects 137
3.3.5 Phase 5: The measurement of the return on investment (ROI) 137
3.3.6 Phase 6: The presentation of results 137
3.4 Experimental subjects 138
3.5 Measuring instruments 138
3.6 Procedures and formulas used in data analysis 138

4. THE COST OF THE MODULES 139

4.1 The cost of the gap analyses 140
4.2 The cost of the learning material 141
4.3 The cost of the presenters and the recruits 142
4.4 The cost of the assessment and evaluation 144
4.5 The fixed costs 145
4.6 The total costs of each module 145

5. CALCULATING THE BENEFITS OF THE MODULES 147

5.1 General suppositions 148
5.2 Personnel saving 149
5.3 Time saving 149
5.4 Operational savings 150

6 THE BENEFITS AND THE ROI AND ASSOCIATED MEASUREMENTS OF MODULE 1: BE MONEY WISE 150

6.1 The module's benefits 151

6.1.1 Section A: Improvements in Quality of Service 152
6.1.2 Section B: Labour and other cost savings 153
6.2 The module's ROI, NVP, payback period, IRR and learning cost per recruit 157
6.3 The module's cash flow statement 158

7. THE BENEFITS AND THE ROI AND ASSOCIATED MEASUREMENTS OF MODULE 6: PROBLEM-SOLVING 159

7.1 The module's benefits 159
7.1.1 Section A: Improvements in Quality of Service 160
7.1.2 Section B: Labour and other cost savings 161
7.2 The module's ROI, NVP, payback period, IRR and learning cost per recruit 165
7.3 The module's cash flow statement 166

8. THE BENEFITS AND THE ROI AND ASSOCIATED MEASUREMENTS OF MODULE 9: HIV/AIDS AWARENESS 166

8.1 The module's benefits 166
8.1.1 Section A: Improvements in Quality of Service 168
8.1.2 Section B: Labour and other cost savings 169
8.2 The module's ROI, NVP, payback period, IRR and learning cost per recruit 172
8.3 The module's cash flow statement 173

9. THE SELF-MANAGEMENT PROGRAMME'S ROI, NVP, PAYBACK PERIOD, IRR AND LEARNING COST PER RECRUIT 174

10. MAIN FINDING 177

11. CLOSING REMARKS 177

REFERENCES 177

AFDELING 3: GEVOLGTREKKINGS, RIGLYNE EN AANBEVELINGS 182

1. INLEIDING 183
2. GEVOLGTREKKINGS RAKENDE DIE NAVORSINGSONTWERP EN -PROSEDURE 183
3. GEVOLGTREKKINGS RAKENDE DIE EFFEK VAN DIE TWEE KOMPONENTE SE MODULES 184
3.1 Gevolgtrekkings rakende die Besluitnemingskomponent 184
3.1.1 Gevolgtrekkings rakende die Finansiëlebestuursmodule 184
3.1.2 Gevolgtrekkings rakende die Probleemoplossingsmodule 185
3.1.3 Gevolgtrekkings rakende die MIV/VIGS-bewusmakingsmodule 185
3.2 Gevolgtrekkings rakende die Lewensdoelkomponent 186
3.2.1 Gevolgtrekkings rakende die Doelwitbeplanningsmodule 186
3.3.2 Gevolgtrekkings rakende die Selfkennismodule 186
3.3 Tendense rakende die effek van die modules 187
4. GEVOLGTREKKINGS RAKENDE DIE KWALITEIT VAN DIE PROGRAMAANBIEDINGS. 187
5. GEVOLGTREKKINGS RAKENDE DIE PROGRAM SE OPBRENGS OP BELEGGING (OOB/ROI) 188
6. BEVINDINGE 188
7. RIGLYNE EN AANBEVELINGS 188
7.1 Riglyne en aanbevelings rakende die verbetering van die modules 189
7.2 Riglyne en aanbevelings om aanbieders beter toe te rus 189
8. SLOTSOM 190

AFDELING 4: ADDENDUMS 191

ADDENDUM 1: BASISSTATISTIEK VAN MODULE 1: FINANSIËLE BESTUUR 192
SKAAL 1: DIE VERANDERING VAN OBJEKTIEWE KENNIS (INDIVIDUELE VRAE) 193
SKAAL 2: DIE VERANDERING VAN SUBJEKTIEWE KENNIS 194
SKAAL 3: DIE VERANDERING VAN HOUDINGS 194
SKAAL 4: DIE VERANDERING VAN GEDRAG 194
SKAAL 5: DIE WAARDE VAN MODULE 1: FINANSIËLE BESTUUR 195
SKAAL 6: DIE SINVOLHEID VAN MODULE 1: FINANSIËLE BESTUUR 195

ADDENDUM 2: BASISSTATISTIEK VAN MODULE 2: BEPLANNING VAN DOELWITTE 196
SKAAL 1: DIE VERANDERING VAN OBJEKTIEWE KENNIS 197
SKAAL 2: DIE VERANDERING VAN SUBJEKTIEWE KENNIS 197
SKAAL 3: DIE VERANDERING VAN HOUDINGS 197
SKAAL 4: DIE VERANDERING VAN GEDRAG 197
SKAAL 5: DIE WAARDE VAN MODULE 2: BEPLANNING VAN DOELWITTE 198
SKAAL 6: DIE SINVOLHEID VAN MODULE 2: BEPLANNING VAN DOELWITTE 198

ADDENDUM 3: BASISSTATISTIEK VAN MODULE 3: SELFKENNIS 199
SKAAL 1: DIE VERANDERING VAN OBJEKTIEWE KENNIS (INDIVIDUELE VRAE) 200
SKAAL 2: DIE VERANDERING VAN SUBJEKTIEWE KENNIS 200
SKAAL 3: DIE VERANDERING VAN HOUDINGS 201
SKAAL 4: DIE VERANDERING VAN GEDRAG 201
SKAAL 5: DIE WAARDE VAN MODULE 3: SELFKENNIS 201
SKAAL 6: DIE SINVOLHEID VAN MODULE 3: SELFKENNIS 202

ADDENDUM 4: BASISSTATISTIEK VAN MODULE 6: PROBLEEMOPLOSSING 203
SKAAL 1: DIE VERANDERING VAN OBJEKTIEWE KENNIS 204
SKAAL 2: DIE VERANDERING VAN SUBJEKTIEWE KENNIS 204
SKAAL 3: DIE VERANDERING VAN HOUDINGS 204
SKAAL 4: DIE VERANDERING VAN GEDRAG 204
SKAAL 5: DIE WAARDE VAN MODULE 6: PROBLEEMOPLOSSING 205
SKAAL 6: DIE SINVOLHEID VAN MODULE 6: PROBLEEMOPLOSSING 205

ADDENDUM 5: BASISSTATISTIEK VAN MODULE 9: MIV/VIGS- BEWUSMAKING 206
SKAAL 1: DIE VERANDERING VAN OBJEKTIEWE KENNIS 207
SKAAL 2: DIE VERANDERING VAN SUBJEKTIEWE KENNIS 207
SKAAL 3: DIE VERANDERING VAN HOUDINGS 207
SKAAL 4: DIE VERANDERING VAN GEVOELENS 207
SKAAL 5: DIE VERANDERING VAN GEDRAG 208
SKAAL 6: DIE WAARDE VAN MODULE 9: MIV/VIGS-BEWUSMAKING 208
SKAAL 7: DIE SINVOLHEID VAN MODULE 9: MIV/VIGS-BEWUSMAKING 209

ADDENDUM 6: BASISSTATISTIEK VAN DIE EVALUERING VAN DIE AANBIEDING DEUR STUDENT-KONSTABELS 210

ADDENDUM 7: BASISSTATISTIEK VAN DIE EVALUERING VAN DIE AANBIEDING DEUR AANBIEDERS 213

ADDENDUM 8: OPSOMMING VAN FOKUSGROEPBESPREKINGS: MODULE 1: "BE MONEY WISE" 216

ADDENDUM 9: OPSOMMING VAN FOKUSGROEPBESPREKINGS: MODULE 2: DOELWITBEPLANNING 232

ADDENDUM 10: OPSOMMING VAN FOKUSGROEPBESPREKINGS: MODULE 3: SELFKENNIS 242

ADDENDUM 11: OPSOMMING VAN FOKUSGROEPBESPREKINGS: MODULE 6: PROBLEEMOPLOSSING 250

ADDENDUM 12: OPSOMMING VAN FOKUSGROEPBESPREKINGS: MODULE 9: MIV/VIGS-BEWUSMAKING 260

ADDENDUM 13: VRAELYSTE WAT IN DIE EVALUERING VAN MODULE 1: FINANSIËLE BESTUUR GEBRUIK IS 272
QUESTIONNAIRE M1(A): PRE-SESSION QUESTIONNAIRE (PRE-TEST – EXPERIMENTAL GROUP) 273
QUESTIONNAIRE M1(B): POST-SESSION QUESTIONNAIRE (POST-TEST – EXPERIMENTAL GROUP) 279
QUESTIONNAIRE M1(C): CONTROL GROUP – 1ST QUESTIONNAIRE (PRE-TEST) 287
QUESTIONNAIRE M1(D): CONTROL GROUP – 2ND QUESTIONNAIRE (POST-TEST) 293

ADDENDUM 14: VRAELYSTE WAT IN DIE EVALUERING VAN MODULE 2: BEPLANNING VAN DOELWITTE GEBRUIK IS 299
QUESTIONNAIRE M2(A): PRE-SESSION QUESTIONNAIRE (PRE-TEST – EXPERIMENTAL GROUP) 300
QUESTIONNAIRE M2(B): POST-SESSION QUESTIONNAIRE (POST-TEST – EXPERIMENTAL GROUP) 306
QUESTIONNAIRE M2(C): CONTROL GROUP – 1ST QUESTIONNAIRE (PRE-TEST) 314
QUESTIONNAIRE M2(D): CONTROL GROUP – 2ND QUESTIONNAIRE (POST-TEST) 320

ADDENDUM 15: VRAELYSTE WAT IN DIE EVALUERING VAN MODULE 3: SELFKENNIS GEBRUIK IS 326
QUESTIONNAIRE M3(A): PRE-SESSION QUESTIONNAIRE (PRE-TEST – EXPERIMENTAL GROUP) 327
QUESTIONNAIRE M3(B): POST-SESSION QUESTIONNAIRE (POST-TEST – EXPERIMENTAL GROUP) 333
QUESTIONNAIRE M3(C): CONTROL GROUP – 1ST QUESTIONNAIRE (PRE-TEST) 340
QUESTIONNAIRE M3(D): CONTROL GROUP – 2ND QUESTIONNAIRE (POST-TEST) 346

ADDENDUM 16: VRAELYSTE WAT IN DIE EVALUERING VAN MODULE 6: PROBLEEMOPLOSSING GEBRUIK IS 352
QUESTIONNAIRE M6(A): PRE-SESSION QUESTIONNAIRE (PRE-TEST – EXPERIMENTAL GROUP) 353
QUESTIONNAIRE M6(B): POST-SESSION QUESTIONNAIRE (POST-TEST – EXPERIMENTAL GROUP) 359
QUESTIONNAIRE M6(C): CONTROL GROUP – 1ST QUESTIONNAIRE (PRE-TEST) 366
QUESTIONNAIRE M6(D): CONTROL GROUP – 2ND QUESTIONNAIRE (POST-TEST) 372

ADDENDUM 17: VRAELYSTE WAT IN DIE EVALUERING VAN MODULE 9: MIV/VIGS-BEWUSMAKING GEBRUIK IS 378
QUESTIONNAIRE M9(A): PRE-SESSION QUESTIONNAIRE (PRE-TEST – EXPERIMENTAL GROUP) 379
QUESTIONNAIRE M9(B): POST-SESSION QUESTIONNAIRE (POST-TEST – EXPERIMENTAL GROUP) 386
QUESTIONNAIRE M9(C): CONTROL GROUP – 1ST QUESTIONNAIRE (PRE-TEST) 395
QUESTIONNAIRE M9(D): CONTROL GROUP – 2ND QUESTIONNAIRE (POST-TEST) 402

ADDENDUM 18: DIE AANBIEDINGSEVALUASIEVRAELYS ("PRESENTATION EVALUATION QUESTIONNAIRE") 409

ADDENDUM 19: DIE AANBIEDERSEVALUASIEVRAELYS ("PRESENTER'S EVALUATION QUESTIONNAIRE") 412

ADDENDUM 20: LYS VAN LEKE-EVALUEERDERS EN PANEEL VAN DESKUNDIGES 425

ADDENDUM 21: LYS VAN PROGRAMAANBIEDERS WAT BY DIE ONDERSOEK BETROKKE WAS 426

ADDENDUM 22: PROFIEL VAN STUDENT-KONSTABELS IN TERME VAN OPLEIDINGSKOLLEGES (JANUARIE 2005) 427

ADDENDUM 23(A): VOORSKRIFTE AAN OUTEURS: *SOCIAL WORK/MAATSKAPLIKE WERK* 428

ADDENDUM 23(B): REQUIREMENTS SET BY THE JOURNAL: *THE SOCIAL WORK PRACTITIONER-RESEARCHER* 429

ADDENDUM 23(C): EXTRACT FROM THE REQUIREMENTS SET BY THE JOURNAL: *SOCIAL WORK & SOCIETY* 431

ADDENDUM 24: AMPTELIKE BRIEF VAN TAALKUNDIGE 433

OORKOEPELENDE BIBLIOGRAFIE 434

LYS VAN TABELLE

ARTIKEL 1

Tabel 1: Die posisionering van die Selfbestuursprogram binne die SAPD se Basiese Opleidingsprogram 19
Tabel 2: Die uitkomste en tydverdeling van die Selfbestuursprogram se modules 22
Tabel 3: Die temas en aanbieding van die "Be Money Wise"-module 26
Tabel 4: Die temas en aanbieding van die Probleemoplossingsmodule 32
Tabel 5: Modelle van probleemoplossing 33
Tabel 6: Die temas en aanbieding van die MIV/VIGS-bewusmakingmodule 36
Tabel 7: Die temas en aanbieding van die Doelwitbeplanningsmodule 41
Tabel 8: Die temas en aanbieding van die Selfkennismodule 44

ARTIKEL 2

Tabel 1: Die temas en aanbieding van die "Be Money Wise"-module 54
Tabel 2: Die temas en aanbieding van die Probleemoplossingsmodule 57
Tabel 3: Die temas en aanbieding van die MIV/VIGS-bewusmakingsmodule 58
Tabel 4: Selektering van opleidingskolleges en getal pelotonne 63
Tabel 5: Verspreiding van eksperimentele en kontrolegroepe in terme van opleidingskolleges 63
Tabel 6: Verspreiding van eksperimentele en kontrolegroepe in terme van ras en geslag 64
Tabel 7: Cronbach alpha koëffisiënt (α) vir betroubaarheid van meetinstrumente 71
Tabel 8: Verspreiding van fokusgroepe in terme van ras en geslag 73
Tabel 9: Skale 1 tot 4: Kovariansie-analise gekorrigeer vir voortoetstellings van die Finansiëlebestuursmodule 74
Tabel 10: Skale 1 tot 4: Kovariansie-analise gekorrigeer vir voortoetstellings van die Probleemoplossingsmodule 77
Tabel 11: Skale 1 tot 4: Kovariansie-analise gekorrigeer vir voortoetstellings van die MIV/VIGS-bewusmakingsmodule 80
Tabel 12: Skaal 5: Die waarde van die modules 83
Tabel 13: Skaal 6: Die sinvolheid van die modules 83
Tabel 14: Skaal 7: Evaluering van die module-aanbiedings 85
Tabel 15: Algemeen 85
Tabel 16: Die sinvolheid van die program 87
Tabel 17: Selfevaluering deur die aanbieders 87
Tabel 18: Algemene aangeleenthede 88

ARTIKEL 3

Tabel 1: Die temas en aanbieding van die Doelwitbeplanningsmodule 100
Tabel 2: Die temas en aanbieding van die Selfkennismodule 101
Tabel 3: Selektering van opleidingskolleges en getal pelotonne 105
Tabel 4: Verspreiding van eksperimentele en kontrolegroepe in terme van opleidingskolleges 106
Tabel 5: Verspreiding van eksperimentele en kontrolegroepe in terme van ras en geslag 107
Tabel 6: Cronbach alpha koëffisiënt (α) vir betroubaarheid van meetinstrumente 113
Tabel 7: Verspreiding van fokusgroepe in terme van ras en geslag 114
Tabel 8: Skale 1 tot 4: Kovariansie-analise gekorrigeer vir voortoetstellings van die Doelwitbeplanningsmodule 115
Tabel 9: Skale 1 tot 4: Kovariansie-analise gekorrigeer vir voortoetstellings van die Selfkennismodule 117
Tabel 10: Skaal 5: Die waarde van die modules 119
Tabel 11: Skaal 6: Die sinvolheid van die modules 120
Tabel 12: Skaal 7: Evaluering van die module-aanbiedings 121
Tabel 13: Algemeen 122
Tabel 14: Die sinvolheid van die program 123
Tabel 15: Selfevaluering deur die aanbieders 124
Tabel 16: Algemene aangeleenthede 125

ARTIKEL 4

Table 1: Basic assumptions on which calculations of the modules' ROI were based 135
Table 2: The total costs of each of the five modules 146
Table 3: Matrix of quality improvement and cost-reduction criteria 148
Table 4: The value of Module 1: Be Money Wise 152

Table 5: The relevance of Module 1: Be Money Wise 153
Table 6: Average time spent on the telephone on personal financial issues 154
Table 7: Variable 4: Expected production loss due to time spent on the telephone on personal financial issues 155
Table 8: Variable 5: Expected production loss due to time spent on discussing financial problems with co-workers 155
Table 9: Variable 6: Expected production loss due to financial problems induced absenteeism 156
Table 10: The value of Module 6: Problem Solving 161
Table 11: The relevance of Module 6: Problem Solving 161
Table 12: Expected savings in stress induced staff turnover costs 162
Table 13: Expected savings in stress induced sick leave amongst recruits 163
Table 14: Expected savings in the time that managers spend on conflict related issues 164
Table 15: Expected reduction in conflict induced resignations 164
Table 16: The value of Module 9: HIV/AIDS Awareness 168
Table 17: The relevance of Module 9: HIV/AIDS Awareness 169
Table 18: Variable 4: Expected reduction in HIV/AIDS related deaths and ill health retirements 170
Table 19: Expected reduction in HIV/AIDS induced sick leave 171
Table 20: Expected reduction in HIV/AIDS related visits to medical practitioners/clinics 171
Table 21: The cost of HIV/AIDS to an organisation 172
Table 22: The total costs of the Self-Management Programme 174

ADDENDUMS

Tabel 1.1: t-toetse van Skaal 1, Vraag A: "People whose debt exceeds their ability to pay can be paced under debt administration" 193
Tabel 1.2: t-toetse van Skaal 1, Vraag B: "People who are placed under debt administration may still but items on credit" 193
Tabel 1.3: t-toetse van Skaal 1, Vraag C: "If a person is blacklisted for bad debt, that blacklisting will last for one year" 193
Tabel 1.4: t-toetse van Skaal 1, Vraag D: "Money for your car's maintenance is a fixed expense" 193
Tabel 1.5: t-toetse van Skaal 1, Vraag E: "Buying a Lotto ticket is a variable expense" 194
Tabel 1.6: t-toetse van Skaal 2: Subjektiewe kennis rakende finansiële bestuur 194
Tabel 1.7: t-toetse van Skaal 3: Houding ten opsigte van finansiële bestuur 194
Tabel 1.8: t-toetse van Skaal 4: Finansiëlebestuursverwante gedrag 194
Tabel 1.9: Die waarde van die Finansiële bestuursmodule (Skaal 5) 195
Tabel 1.10: Die sinvolheid van die Finansiële bestuursmodule (Skaal 6) 195
Tabel 2.1: t-toetse van Skaal 1: Objektiewe kennis rakende doelwitbeplanning 197
Tabel 2.2: t-toetse van Skaal 2: Subjektiewe kennis rakende doelwitbeplanning 197
Tabel 2.3: t-toetse van Skaal 3: Houding ten opsigte van doelwitbeplanning 197
Tabel 2.4: t-toetse van Skaal 4: Doelwitbeplanningsverwante gedrag 197
Tabel 2.5: Die waarde van die Doelwitbeplanningsmodule (Skaal 5) 198
Tabel 2.6: Die sinvolheid van die Doelwitbeplanningsmodule (Skaal 6) 198
Tabel 3.1: t-toetse van Skaal 1, Vraag A: "The terms 'self-concept' and 'self-image' refer to the same thing" 200
Tabel 3.2: t-toetse van Skaal 1, Vraag B: "The Johari Window consists of four different areas" 200
Tabel 3.3: t-toetse van Skaal 1, Vraag C: "A person who is domineering, usually has a poor self-image" 200
Tabel 3.4: t-toetse van Skaal 2: Subjektiewe kennis rakende selfkennis 200
Tabel 3.5: t-toetse van Skaal 3: Houding ten opsigte van selfkennis 201
Tabel 3.6: t-toetse van Skaal 4: Selfkennisverwante gedrag 201
Tabel 3.7: Die waarde van die Selfkennissmodule (Skaal 5) 201
Tabel 3.8: Die sinvolheid van die Selfkennissmodule (Skaal 6) 202
Tabel 4.1: t-toetse van Skaal 1: Objektiewe kennis rakende probleemoplossing 204
Tabel 4.2: t-toetse van Skaal 2: Subjektiewe kennis rakende probleemoplossing 204
Tabel 4.3: t-toetse van Skaal 3: Houding ten opsigte van probleemoplossing 204
Tabel 4.4: t-toetse van Skaal 4: Probleemoplossingsverwante gedrag 204
Tabel 4.5: Die waarde van die Probleemoplossingsmodule (Skaal 5) 205
Tabel 4.6: Die sinvolheid van die Probleemoplossingsmodule (Skaal 6) 205
Tabel 5.1: t-toetse van Skaal 1: Objektiewe kennis van MIV/VIGS 207
Tabel 5.2: t-toetse van Skaal 2: Objektiewe kennis van MIV/VIGS 207
Tabel 5.3: t-toetse van Skaal 3: Houding ten opsigte van MIV/VIGS 207
Tabel 5.4: t-toetse van Skaal 4: Gevoelens ten opsigte van MIV/VIGS 207
Tabel 5.5: t-toetse van Skaal 5: MIV/VIGS-verwante gedrag 208

Tabel 5.6: Die waarde van die MIV/VIGS-bewusmakingsmodule (Skaal 6) 208
Tabel 5.7: Die sinvolheid van die MIV/VIGS-bewusmakingsmodule (Skaal 7) 209
Tabel 6.1: Die evaluasie van die aanbieder 211
Tabel 6.2: Die evaluering van die aanbieder se aanbiedingsvaardighede 211
Tabel 6.3: Evaluering van die leerproses 212
Tabel 6.4: Evaluering van die aanbiedingskonteks 212
Tabel 7.1: Die aanbieders se selfassessering 214
Tabel 7.2: Die aanbieders se evaluering van hul eie aanbiedingsvaardighede 214
Tabel 7.3: Die aanbieders se evaluering van die leerproses 215
Tabel 7.4: Die aanbieders se evaluering van die aanbiedingskonteks 215
Tabel 22.1: Totaal: Student-konstabels volgens opleidingskolleges, ras en geslag 427

LYS VAN DIAGRAMME

AFDELING 1

Diagram 1: Die samestelling van vraelyste en die wyse waarop triangulering in die ondersoek benut is 8

ARTIKEL 1

Diagram 1: Indeling van die Selfbestuursprogram se modules volgens Brooks se taksonomie van lewensvaardighede 22

ARTIKEL 2

Diagram 1: Indeling van die Selfbestuursprogram volgens Brooks se taksonomie van lewensvaardighede met besondere beklemtoning van Komponent 3 53
Diagram 2: Die samestelling van vraelyste en wyse waarop triangulering in die ondersoek benut is 66

ARTIKEL 3

Diagram 1: Indeling van die Selfbestuursprogram volgens Brooks se taksonomie van lewensvaardighede met besondere beklemtoning van Komponent 4 98
Diagram 2: Die wyse waarop triangulering in die ondersoek benut is 108

ARTIKEL 4

Diagram 1: Composition of the Self-Management Programme in terms of Brooks's taxonomy of life skills (with the focus on component 3 & 4) 135

LIST OF WORKSHEETS

ARTICLE 4

Worksheet 1: Input assumptions of the five modules 139
Worksheet 2: Gap analysis cost of the five modules 140
Worksheet 3: Cost of the five modules' learning material (including design and development) 141
Worksheet 4: Facilitation and recruit cost of the five modules 142
Worksheet 5: Assessment cost of the five modules 144
Worksheet 6: Evaluation cost of the five modules 145
Worksheet 7: Fixed costs involved in the presentation of the five modules 145
Worksheet 8a: The benefits of Module 1: Be Money Wise 151
Worksheet 9a: ROI and associated measurements of Module 1: Be Money Wise 157
Worksheet 10a: Cash Flow Statement for Module 1: Be Money Wise 159
Worksheet 8b: The benefits of Module 6: Problem-Solving 160
Worksheet 9b: ROI and associated measurements of Module 6: Problem-Solving 165
Worksheet 10b: Cash Flow Statement for Module 6: Problem-Solving 166
Worksheet 8c: The benefits of Module 9: HIV/AIDS Awareness 167
Worksheet 9c: ROI and associated measurements of Module 9: HIV/AIDS Awareness 172
Worksheet 10c: Cash Flow Statement: Module 9: HIV/AIDS Awareness 173
Worksheet 8d: The benefits of the Self-Management Programme 175
Worksheet 9d: The ROI and associated measurements of the Self-Management Programme 176
Worksheet 10d: Cash Flow Statement: Self-Management Programme 176

OPSOMMING

DIE EFFEK VAN DIE BESLUITNEMINGS- EN LEWENSDOELKOMPONENTE VAN DIE SAPD SE SELFBESTUUR PERSONEELKAPASITEITSBOUPROGRAM

Sleutelterme:
Besluitnemingsvaardighede, Doelwitbeplanning, Finansiële Bestuur, Lewensdoelvaardighede, Maatskaplike werk, MIV/VIGS, Opbrengs op belegging (OOB/ROI), Personeelkapasiteitsbouprogramme, Probleemoplossing, Selfkennis, Suid-Afrikaanse Polisiediens.

Agtergrond: Die Nasionale Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisiediens het in 2003 opdrag gegee het dat 'n personeelkapasiteitsbouprogram deel van die basiese opleiding van al die SAPD se student-konstabels moes uitmaak. Dit het tot die ontwikkeling van die Selfbestuursprogram deur Polisie Maatskaplikewerkdienste aanleiding gegee. Dié program maak sedert Julie 2004 deel van die bemagtiging van meer as 8000 rekrute per jaar uit.

Daar is in 2004 met 'n omvattende ondersoek na die kort- en langtermyneffek van die betrokke program, asook die intervensie se algemene opbrengs op belegging (OOB/ROI) begin. In hierdie dokument sal daar egter slegs verslag gedoen word oor die resultate wat uit die meting van die program se besluitnemings- en lewensdoelkomponente verkry is.

Doelstellings: Die doel van die studie was tweeledig van aard. Dit was eerstens om die effek van die program se Finansiëlebestuurs-, Probleemoplossings-, MIV/VIGS-bewusmaking, Doelwitbeplanning en Selfkennismodules op rekrute se kennis, houding en gedrag te meet. Tweedens is die betrokke modules, asook die program as geheel, se opbrengs op belegging bepaal.

Prosedure: In die navorsing is daar van 'n klassieke eksperimentele navorsingsontwerp, asook fokusgroepe en triangulering gebruik gemaak. In die meting van elke module se effek, is gemiddeld 400 rekrute by die eksperimentele groep en 120 by die kontrolegroep betrek. Data is ook vanaf 14 aanbieders en gemiddeld 12 fokusgroeplede per module ingewin. 'n Totaal van 23 vraelyste en 'n fokusgroepskedule is vir die ondersoek ontwikkel.

Resultate: Al vyf die modules het 'n prakties betekenisvolle effek op die respondente se kennis, houding en gedrag gehad en hul persoonlike en professionele funksionering op die langtermyn verbeter. Die modules, sowel as die Selfbestuursprogram as geheel, het ook 'n baie positiewe opbrengs-op-belegging-koëffisiënt opgelewer. Dit impliseer dat die program nie net 'n effektiewe kapasiteitbou-instrument is nie, maar ook 'n finansiële bate vir die Suid-Afrikaanse Polisiediens.

SUMMARY

THE EFFECT OF THE DECISION-MAKING AND PURPOSE-IN-LIFE COMPONENTS OF THE SAPS SELF-MANAGEMENT PERSONNEL CAPACITY-BUILDING PROGRAMME

Key terms:

Decision-making, Financial management, HIV/AIDS, Personnel capacity-building programmes, Planning of goals, Problem-solving, Purpose-in-life, Return on investment, Social work, South African Police Service.

Background: In 2003, the National Commissioner of the South African Police Service gave instructions that all the new student constables should undergo a personnel capacity-building programme as part of their basic training. This led to the development of the Self-Management Programme by Police Social Work Services. This programme is, since July 2004, an integral part of the empowerment of more than 8000 recruits annually.

A comprehensive study into the short and long-term effects of the programme on recruits, as well as its overall return on investment (ROI), was started in 2004. In this document, only the results that were achieved with the measurement of the programme's decision-making and purpose-in-life components will, however, be covered.

Objectives: The study had a twofold purpose. The first was to measure the short and long-term effect of the Financial Management, Planning of Goals, Self-knowledge, Problem-solving and HIV/AIDS Awareness modules on recruit's knowledge, attitude and behaviour. It, secondly, endeavoured to measure the programme's return on investment coefficient.

Method: The study utilised an experimental research design, as well as focus groups and triangulation. It involved an average of 400 experimental group respondents, 120 control group members, 12 focus group participants and 14 presenters per module. A total of 23 questionnaires and a focus group schedule was designed and utilised in the generation of data.

Results: All five modules had a practical significant effect on the respondents' knowledge, attitude and behaviour and improved their personal and professional functioning considerably. The "decision-making" and "purpose-in-life" components, as well as the programme as a whole, also produced a very high return on investment. It, therefore, implies that the Self-Management Programme should be seen as both a very effective capacity-building tool and a financial asset for the South African Police Service.

AANBIEDING VAN NAVORSINGSRESULTATE

Hierdie manuskrip word in artikelformaat voorgelê in ooreenstemming met Reëls A.11.5.3 en A.11.5.4 soos vervat in die *Jaarboek* van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) (2005). In die formulering van die artikels is daar primêr van die inhoudsvereistes van die Suid-Afrikaanse vaktydskrifte *Maatskaplike Werk/Social Work* en *Social Work Practitioner-Researcher/Maatskaplikewerk-Navorser-Praktisyn* en van die internasionale tydskrif *Social Work & Society* (sien Addendum 23) as basis gebruik gemaak.

Toestemming is deur die mede-outeur verleen dat me. Huisamen die ingeslote manuskrip mag indien vir die doeleindes van die Ph.D.-graad. In die geval van Artikel 4 het me. H.M. Williams toegestem dat van haar navorsingsdata in die berekening van die Selfbestuursprogram se oorhoofse opbrengs op belegging (OOB) benut kon word.

AFDELING 1

DIE METODOLOGIESE VERANTWOORDING VAN DIE ONDERSOEK

1. AKTUALITEIT VAN DIE ONDERSOEK

Die Suid-Afrikaanse Polisiediens se beleid het vanaf 1994 dit begin beklemtoon dat personeellede bemagtig moes word om 'n effektiewe diens in 'n veranderende organisasie en samelewing te kan lewer. Derhalwe moes die afdeling Maatskaplikewerkdienste (PMWD) ook begin om op bemagtiging en nie net op reaktiewe terapeutiese dienste te fokus nie. Die resultaat was om die dienslewering met proaktiewe personeelkapasiteitsbouprogramme (PKBP) uit te brei. Die effek van hierdie programme is gedurende 2003 met behulp van die omvattende *"Evaluation of Personnel Capacity Building Programmes (EPCaP)"*-navorsingsprojek gemeet. Die voorlopige resultate van hierdie ondersoek het aangedui dat die programme wel 'n prakties betekenisvolle effek op die kennis, houding en gedrag van SAPD-personeel het (Weyers, 2004:vii-viii). Hierdie bevindinge, tesame met verskeie ander faktore, het daartoe aanleiding gegee dat die Nasionale Kommissaris van Polisie in 2003 opdrag gegee het dat 'n aangepaste vorm van die personeelkapasiteitsbouprogramme deel van die basiese opleiding van al die SAPD se student-konstabels moes uitmaak. Dit is die onderhawige ondersoek se basiese oogmerk om die effek en opbrengs op belegging (OOB/ROI) van twee komponente van dié nuwe program te meet.

Die Nasionale Kommissaris se opdrag het daartoe gelei dat verskeie werkgroepe gedurende September 2003 saamgestel is om die benodigde nuwe intervensie te ontwikkel. Die resultaat was die sogenaamde *"Selfbestuursprogram/Self-Management Programme"* (voortaan soms verkort met "program"). Die nuwe program het die reeds bestaande, generiese personeelkapasiteitsbouprogramme as basis gebruik, maar die inhoud en aanbieding is aansienlik aangepas om aan die eiesoortige behoeftes en omstandighede van student-konstabels te voldoen. Dit bestaan uit nege modules wat geskryf is om aan die vereistes van die South African Qualifications Authority (SAQA) te voldoen en word oor 'n tydperk van vyf werksdae in die vorm van werkswinkels ("workshops") aangebied. Dit maak sedert Julie 2004 Tema 3 van die SAPD se Basiese Opleidingsprogram vir student-konstabels uit en sal voortaan twee maal per jaar (Julie en Januarie) tydens elke inname van nuwe rekrute aangebied word. Die temas wat daartydens aangespreek en die aanbiedingsprosedures wat gevolg word, vereis die vakkundige kennis en vaardighede van 'n maatskaplike werker.

Die oorhoofse doel van die Selfbestuursprogram is om student-konstabels te bemagtig met al die vaardighede wat nodig is om beide 'n gebalanseerde werknemer te wees sowel as om 'n professionele diens aan die gemeenskap te lewer. Die uitkomste van die program is soos volg geformuleer:

> *"On completion of the module the learner will be able to:*
> - *behave in a professional and responsible manner that is acceptable to the community and the organization*
> - *adhere and practice human relations, customer service and organizational criteria in improving the image of the organization*
> - *participate in organized group activities"* (SAPS, 2004[d]:iii).

Die Selfbestuursprogram se nege modules kan aan die hand van Brooks se taksonomie van lewensvaardighede (Brooks, 1984:359-381; Darden & Gazda, 1996:3-5, Ginter, 1999:191-203) in vier kategorieë of komponente verdeel word, naamlik:

- Komponent 1: Interpersoonlike vaardighede (Afkorting: IIV)

- Konflikhantering (Module 4)
- Selfgelding (Module 5)

- Komponent 2: Gesondheidsinstandhoudingsvaardighede (Afkorting: GIV)
  - Stresbestuur (Module 7)
  - Substansafhanklikheid (Module 8)
- Komponent 3: Besluitnemingsvaardighede (Afkorting: BV)
  - Finansiële Bestuur (Module 1)
  - Probleemoplossing (Module 6)
  - MIV/VIGS-bewusmaking (Module 9)
- Komponent 4: Lewensdoelvaardighede (Afkorting: LDV)
  - Doelwitbeplanning (Module 2)
  - Selfkennis (Module 3).

As gevolg van die omvattendheid van die betrokke Selfbestuursprogram sal daar in hierdie ondersoek slegs op twee van die komponente gefokus word. Dit is naamlik die besluitnemingsvaardighede (voortaan soms verkort met "BV-komponent") en die lewensdoelvaardighede (voortaan soms verkort met "LDV-komponent"). Die ander twee komponente word deur 'n ander navorser gedek.

Die Selfbestuursprogram met sy BV- en LDV-komponente is gedurende Julie 2004 vir die eerste keer as deel van die Basiese Opleidingsprogram aan die toe ongeveer 3000 nuutaangestelde student-konstabels aangebied. Die resultate wat hiermee en met die Januarie 2005-aanbiedings behaal is, gaan grootliks bepaal of die program in die toekoms wel 'n integrale deel van die basiese opleiding sal bly of nie. Dit is gevolglik van uiterste belang dat die lang- en korttermyneffek daarvan op student-konstabels se kennis, houdings en gedrag spoedig en op 'n wetenskaplike wyse gemeet moet word. Indien dit rekrute toerus om meer effektiewe werknemers van die Suid-Afrikaanse Polisiedienste word en bykomend 'n positiewe opbrengs-op-belegging-koëffisiënt oplewer, sal die voortbestaan daarvan verseker word. As dit egter nie die geval is nie, behoort 'n wetenskaplike ondersoek genoeg data te genereer om as basis vir die ontwikkeling van 'n alternatiewe strategie te dien.

Die basiese oogmerk van hierdie ondersoek was om te bepaal of die BV- en LDV-komponente van die Selfbestuursprogram wel hul gespesifiseerde uitkomste realiseer. Ten einde hierdie oogmerk te kan bereik moes die volgende vier navorsingsvrae beantwoord word:

- Tot watter mate voldoen die BV- en LDV-komponente van die Selfbestuursprogram aan die vereistes wat in die teorie aan sodanige intervensies gestel word?
- Wat is die twee komponente se lang- en korttermyneffek op student-konstabels se kennis, houdings en gedrag (KHG/KAB)?
- Wat is die komponente se opbrengs-op-belegging-koëffisiënt?
- Op welke wyse kan die komponente en die Selfbestuursprogram as geheel verbeter word?

2. DOELSTELLINGS EN DOELWITTE

In die ondersoek sal twee afsonderlike, maar ook interafhanklike doelstellings nagestreef word, naamlik om die effek *en die* opbrengs op belegging *van die besluitnemings- en lewensdoel-komponente van die Selfbestuursprogram te meet*

Ten einde bogenoemde doelstelling te bereik is die volgende doelwitte nagestreef:

- om via 'n literatuurstudie en inhoudsanalise te bepaal of die betrokke komponente van die Selfbestuursprogram aan die generiese vereistes vir sodanige intervensies voldoen;
- om met behulp van 'n empiriese ondersoek die kort- en langtermyneffek van die komponente op student-konstabels te meet;
- om met behulp van 'n opbrengs-op-belegging(OOB)-analise te bepaal of die betrokke programkomponente waarde tot die SAPD toegevoeg; en
- om, aan die hand van die resultate van die teoretiese en empiriese ondersoek, riglyne vir die verbetering van die komponente en die program as geheel daar te stel.

3. HIPOTESE

In die onderhawige ondersoek sal twee hipoteses getoets word, naamlik:

- dat die besluitnemings- en lewensdoelkomponente van die Selfbestuursprogram 'n prakties betekenisvolle effek op SAPD-lede se kennis, houdings en gedrag het; en
- dat die twee komponente oor 'n positiewe opbrengs-op-belegging-koëffisiënt beskik.

4. AFBAKENING VAN DIE ONDERSOEK

Die afbakening van die ondersoek het op drie wyses geskied. Dit is naamlik in terme van die modules wat ingesluit is, die ondersoekgroepe wat betrek is en die tydperk wat gedek sou word.

In hierdie ondersoek is daar op vyf van die nege modules van die Selfbestuursprogram gelet. Die betrokke modules is as 'n gegewe aanvaar en is dus nie voor die afhandeling van die navorsing enigsins aangepas of verander nie. Hierdeur is daar, onder andere, verseker dat dieselfde entiteit deurlopend getoets word.

In die ondersoek het die universum bestaan uit al die student-konstabels wat gedurende Januarie 2005 die SAPD se Basiese Opleidingsprogram by al die organisasie se opleidingsvoorsieningsinstansies (kolleges) deurloop het. Daar is van gestratifiseerde ewekansige steekproeftrekking (vgl. Strydom, 2005:200) gebruik gemaak om beide die eksperimentele en kontrolegroepe te trek (sien individuele artikels vir besonderhede). In 'n opvolgondersoek is daar van 'n beskikbaarheidsteekproef gebruik gemaak om lede vir fokusgroepe te mobiliseer.

5. METODE VAN ONDERSOEK

In die hieropvolgende uiteensetting sal daar slegs oorhoofs op die aard van die navorsingsontwerp en –proses gelet word. Meer volledige besonderhede oor die ondersoekgroepe, meetinstrumente en verwante aangeleenthede sal in die drie artikels - wat die kern van die navorsingsverslag uitmaak - vervat word.

5.1 NAVORSINGSONTWERP

Daar is van die klassieke eksperimentele navorsingsontwerp gebruik gemaak vir die meting van die modules se korttermyneffek. Dié ontwerp staan ook bekend as die "randomised pretest-posttest control

group design" (Fouche & De Vos, 2002:147). Dit is aangevul deur 'n meer verkennende en beskrywende ondersoek waarin daar van fokusgroepe gebruik gemaak is om die langtermyneffek van die modules te bepaal.

Die wyse waarop die voorafgaande in die onderhawige ondersoek vergestalt is, word vervolgens oorhoofs in oënskou geneem. Meer spesifieke besonderhede sal in elk van die artikels vervat word.

5.2 NAVORSINGSPROSEDURE

Die navorser se direkte betrokkenheid by die ontwikkeling en verifiëring van die aanvanklike generiese personeelkapasiteitsbouprogramme (Huisamen, 2004:4) en die ontwerp van die nuwe Selfbestuursprogram, kan tot 'n groot mate as die voorondersoekfase beskou word (vgl. Strydom, 1999:47). Dit het as 'n oriëntering tot die navorsingsterrein gedien en met die afbakening van die ondersoek meegehelp (vgl. Vaktaalkomitee, 1995:67).

Omdat die gekose modules van die Selfbestuursprogram as 'n gegewe aanvaar kon word, is daar onmiddellik met die verifiëring van die betrokke komponente begin. Die aard van hierdie stap, asook die vier verdere stappe wat daarop volg, word vervolgens kortliks in oënskou geneem.

5.2.1 Stap 1: Literatuurstudie

Om meer agtergrondinligting van die modules te bekom en veral met die formulering van die meetinstrumente te help, is daar eerstens 'n omvattende literatuurstudie onderneem. Dit het aspekte gedek soos die kenmerke, eienskappe en vereistes van personeelkapasiteitsbouprogramme en die mate waartoe die inhoud van die besluitnemings- en lewensdoelkomponente hieraan voldoen. Die vereistes waaraan programaanbiedings en –meting moet voldoen en die aard van opbrengs-op-belegging (OOB/ROI)-ondersoeke is ook by hierdie studie ingesluit.

Die bronne wat geraadpleeg is, het SAPD-dokumentasie oor beleid en aanverwante aangeleenthede, asook boeke en tydskrifte van Suid-Afrikaanse en buitelandse oorsprong ingesluit. Verder is toepaslike internetgebaseerde databasisse en bronne en literatuur vanuit ander verwante terreine soos personeel- en finansiële bestuur, gemeenskapspolisiëring, kriminologie en psigologie geraadpleeg.

In die identifisering van toepaslike bronne is daar veral van die volgende databasisse gebruik gemaak:

- NEXUS - RGN se databasis oor lopende en afgehandelde navorsing in Suid-Afrika vanaf 1969
- RSAT - Repetorium van Suid-Afrikaanse tydskrifartikels vanaf 1987
- Social Sciences Index
- Social Work Abstracts
- Psychlit - Sielkunde databasis vanaf 1987
- ERIC - Educational Resources Information Center
- Katalogus - Ferdinand Postma Biblioteek, Noordwes-Universiteit

5.2.2 Stap 2: Ontwerp en toetsing van die meetinstrumente

Die tweede stap het bestaan uit die ontwerp en toetsing van die vraelyste en skale wat tydens die ondersoek gebruik sou word. Om die betroubaarheid en geldigheid van die betrokke instrumente te verhoog is die volgende prosedure gevolg:

- Konsep KHG-vraelyste is eerstens aan die hand van die literatuurstudie en programanalise opgestel.
- Om die gesigsgeldigheid van dié vraelyste (vgl. McBurney, 2001:128) en veral die verstaanbaarheid van individuele vrae te bepaal is dit aan vyf leke-evalueerders voorgelê. Dié respondente is persoonlik deur die navorser gewerf en het uit twee polisie-konstabels, 'n polisie-maatskaplike werker, 'n onlangse skoolverlater en 'n Afrikaans onderwyser bestaan (sien Addendum 20a). Hul kommentare is gebruik om onduidelikhede in vraagformulerings uit te skakel.
- Ten einde die gesigsgeldigheid van die vraelyste verder te verhoog is dit daarna aan 'n paneel van vyf deskundiges voorgelê. Die paneel het uit drie maatskaplikewerkdosente, een psigologiedosent en 'n maatskaplike werker van SAPD-hoofkantoor (wat ook die oorhoofse koördinator van die Selfbestuursprogram is), bestaan. Die betrokkenes se insette is gebruik om die vraelyste finaal vir die loodsondersoek voor te berei.
- Om die instrumente se inhouds- en kriteriumgeldigheid (vgl. Creswell, 2003:157-8; Jackson, 2003:44-5) nog verder te verhoog is die KHG-vraelyste vanaf 26 tot 30 Julie 2004 tydens 'n omvattende loodsondersoek getoets. Twee pelotonne elk van die Oudtshorn- en Pretoria-Opleidingskolleges (gemiddeld 131 respondente per module), asook die vier aanbieders van die modules, is hierby betrek. Die data wat hiertydens gegenereer is, is aan volledige statistiese analise onderwerp. Dit het onder andere die berekening van die skale se Cronbach alpha koëffisiënt (Gravetter & Forzano, 2003:391; Jackson, 2003:42-3) vir betroubaarheid en die modules se effek ingesluit. In laasgenoemde verband is daar van Cohen se formule vir die berekening van effekgroottes ("d") (Cohen, 1988: 20-27; Steyn, 2000:1-3) gebruik gemaak.
- Die resultate wat met die loodsondersoek behaal is, is toe gebruik om die vraelyste finaal vir die hoofondersoek aan te pas.

5.2.3 Stap 3: Meting van die effek van elke personeelkapasiteitsbouprogram

Die hoofondersoek het in twee fases verloop.

Die eerste fase het gedurende 24 tot 29 Januarie 2005 plaasgevind toe die eksperimentele en kontrolegroepe op 'n gestratifiseerde ewekansige wyse geselekteer, die modules deurloop en die verskillende vraelyste voltooi het. Die betrokke aanbieders het ook hiertydens die aanbiedersevaluasievraelyste voltooi. Al die data wat ingewin is, is daarna aan intensiewe statistiese analise onderwerp.

Die tweede fase het uit die benutting van fokusgroepe bestaan. Dié groepe is gedurende Augustus 2005 (dus sewe maande ná die voltooiing van die modules) saamgestel en benut om die langtermyneffek van die besluitnemings- en lewensdoelkomponente te bepaal. Die fokusgroepe het uit gemiddeld 12 lede bestaan wat op 'n beskikbaarheidsbasis uit die universum geselekteer is. Tydens die fokusgroepsessies is daar veral op die blywende impak wat die modules op die betrokke student-konstabels se praktyk- en persoonlike funksionering gehad het, gefokus.

Ten opsigte van tas en gesag is daar van die persoonlikheid van die totale inhame van student

5.2.4. Stap 4: Bepaling van modules se opbrengs-op-belegging (OOB/ROI)-koëffisiënt

Die resultate wat met beide bene van die hoofondersoek verkry is, tesame met 'n analise van die opleiding se kostefaset, is daarna gebruik om die modules se opbrengs-op-belegging (OOB/ROI)-koëffisiënt (vgl. Davidove & Schroeder, 1992:70-71; Goldwasser, 2001:82-88; Moonen, 2003:147-165) te bepaal.

5.2.5 Stap 5: Voltooiing van navorsingsverslae

Na die interpretasie van die data is daar oorgegaan tot die skryf van die drie navorsingsartikels en die bykomende verslae.

5.3 ONDERSOEKGROEPE

Daar was gemiddel 543 respondente by die meting van elke module se effek betrokke. Dit het bestaan uit 400 lede van eksperimentele groepe, 120 lede van kontrolegroepe, die 14 maatskaplike werkers wat die programaanbiedings hanteer het en die 12 lede van fokusgroepe. Dié deelnemerskorps verteenwoordig 12.8% van die totale populasie van 4 249 rekrute wat in Januarie 2005 opleiding ontvang het (sien Addendum 21). Dit is in lyn met 'n steekproefgrootte van 10% tot 14% wat gewoonlik vir ondersoeke van dié omvang gestel word (Strydom & De Vos, 1998:192-3).

Die eksperimentele en kontrolegroepe is op 'n gestratifiseerde, ewekansige wyse geselekteer (vgl. Strydom, 1999:55,69; Zechmeister & Posavac, 2003:11). Die stratifikasie het daaruit bestaan dat die vier opleidingskolleges waaruit lede vir die eksperimentele groep getrek sou word, so verteenwoordigend as prakties moontlik van geografiese areas van Suid-Afrika moes wees. Dit sou meehelp om die demografiese kenmerke van respondente (soos bv. taal- en kultuurverspreiding) verteenwoordigend van die totale rekruut-populasie te maak. Die lede van die kontrolegroep sou dan uit die oorblywende drie opleidingskolleges, wat ook demografies verspreid moes wees, geselekteer word.

Ten opsigte van ras en geslag is daar van die personeelprofiel van die totale inname van student-konstabels van Januarie 2005 gebruik gemaak. Daar is gestreef daarna om die ondersoekgroepe so na as moontlik aan hierdie profiel saam te stel deur 18 pelotonne uit al sewe verskillende opleidingsinstansies te selekteer.

Die mate waartoe die 400 lede van die eksperimentele groepe en die 120 lede van die kontrolegroepe aan die betrokke kriteria voldoen het, word in die onderskeie artikels uiteengesit.

5.4 MEETINSTRUMENTE

Daar kon, vanweë die eiesoortige aard van die modules, nie van gestandaardiseerde skale in die ondersoek gebruik gemaak word nie. Gevolglik moes totaal nuwe meetinstrumente ontwikkel word. Om die potensiële tekortkominge, soos betroubaarheids- en metingsprobleme in die individuele meetinstrumente, te oorbrug is van triangulering gebruik gemaak.

In die ondersoek is Hilton se definisie van triangulering as uitgangspunt gebruik: Hy sien dit as "...the combination of two or more theories, data sources, methods, or investigators in one study of a single phenomenon to converge on a single construct" (Hilton, 2002). In hierdie verband is die sogenaamde

binne-metode ("within-method") (Bryman, 2003) van triangulering benut deurdat meervoudige instrumente ingespan is om dieselfde verskynsel, naamlik die effek van die modules, te meet en om die resultate met mekaar in verband te bring (Mark, 1996:220; Patton, 2002:556,559-560).

Die ondersoek het die data van ses skale sowel as die resultate van die fokusgroepe getrianguleer. Die betrokke skale en die vraelyste waarin hulle vervat is, was soos volg:

- Die *Objektiewe Kennis-, Subjektiewe Kennis-, Houdings- en Gedrag*-skale (Skale 1,2, 3 & 4) is in die KHG-vraelyste wat deur beide die eksperimentele en kontrole groepe voltooi is, vervat.
- Die *Waarde-* en *Relevansie*-skale (Skale 5 en 6) was deel van die KHG-natoetsvraelys wat net deur die eksperimentele groep voltooi is.
- die *Kwaliteit van die programaanbieding*-skaal (Skaal 7) was deel van die aanbiedingsevaluasie-vraelys wat deur die eksperimentele groep voltooi is.

Die wyse waarop die skale binne die konteks van triangulering met mekaar verband hou, word in Diagram 1 uitgebeeld. Dit bevat ook die skedule wat gebruik is om rigting aan die fokusgroepbesprekings te gee.

DIAGRAM 1: DIE SAMESTELLING VAN VRAELYSTE EN DIE WYSE WAAROP TRIANGULERING IN DIE ONDERSOEK BENUT IS



Die aard en inhoudelike van die data-insamelingsinstrumente sal vervolgens van nader beskou word.

5.4.1 Die KHG-vraelyste

Die sogenaamde KHG-vraelyste is aan die hand van die literatuurstudie en programinhoudsanalise ontwerp. Hierdie tipe analise is redelik skaars in maatskaplike werk, maar word reeds 'n geruime tyd in onder andere die gesondheids-, opvoedkundige, ekonomiese, maatskaplike bemarkings- en maatskaplike ontwikkelingsterreine se opvoedingsgerigte navorsing benut (Berger *et al.*, 1994; Mitchell & Kaufman, 2002; Donati *et al.*, 2000; WPDCE, 1999; Weinreich, 1999).

In die meting is daar van die standpunt uitgegaan dat menslike funksionering in drie dimensies verdeel kan word. Dit is naamlik die kognitiewe (denk-), affektiewe (emosionele/gevoels-) en konatiewe (gedrags-) dimensies (Thompson, 2002:xvii). Daar is ook van die beginsel uitgegaan dat die drie dimensies verwant is, maar nie noodwendig liniêre verbande toon nie. So het talle ondersoeke aangetoon dat verandering in een dimensie nie noodwendig tot verandering in 'n ander aanleiding gee nie (bv. 'n toename in kennis verander nie noodwendig houdings nie) of dat die bewerkstelliging van 'n verandering in een dimensie (bv. houdings) nie noodwendig 'n voorvereiste vir verandering in 'n ander dimensie (bv. gedrag) is nie (vgl. Akade, 2001:248-251; McCann & Sharkey, 1998: 268-9; Elkind, 1993:171).

Daar is afsonderlike vraelyste ontwerp vir die Probleemoplossings-, Finansiëlebestuurs-, MIV/VIGS-bewusmakings-, Selfkennis- en Doelwitbeplanningsmodules. Twee hiervan is op 'n voorintervensie- en na-intervensiebasis deur die eksperimentele groep voltooi, terwyl die kontrolegroep ook gedurende dieselfde tydperk twee soortgelyke vraelyste voltooi het (sien Addendums 13 tot 17). Elke vraelys het uit vier skale (MIV/VIGS-bewusmaking uit vyf skale) bestaan. Twee hiervan het op kennis ('n toetsing van kennis en 'n selfevaluasie van kennisvlakke), een op houdings en een op gedrag gefokus. Net in die geval van die MIV/VIGS-module is twee houdingskale gebruik. Die een het algemene houdings geteiken, terwyl die ander rondom gevoelens gesentreer het. In al die skale is daar van vrae met Likert-tipe uitkomste (o.a. "strongly disagree/disagree/agree/strongly agree") (Jackson, 2003:61) gebruik gemaak.

Benewens die KHG-elemente het die vraelyste wat aan die eksperimentele groep geadministreer is, ook 'n afdeling bevat om die betrokkenes se belewing van die waarde, sowel as die relevansie van elk van die temas te meet. Hierdie metings het ook deel van die triangulering van metings uitgemaak (vgl. Bryman, 2003; Hilton, 2002; Huisamen, 2004:6).

5.4.2 Die aanbiedingsevaluasievraelys

'n Aanbiedingsevaluasievraelys, wat geskoei was op 'n vraelys wat met sukses in die eerste EPCaP-ondersoek benut is (vgl. Huisamen, 2004:180-3; Williams, 2004:95-9), is ook deur lede van die eksperimentele groep voltooi. Dit het gefokus op die rekrute se evaluering van:

- die aanbieder,
- die aanbieder se aanbiedingsvaardighede,
- die leerproses,
- die konteks waarin die program aangebied is, en
- 'n aantal algemene aanbiedingskwessies.

Die betrokke vraelys is direk na afloop van die aanbieding van die modules aan lede van die eksperimentele groep geadministreer. Die oogmerk was om te bepaal of die aard en kwaliteit van die aanbieding 'n positiewe of 'n negatiewe invloed op die program se doelwitbereiking sou uitoefen.

5.4.3 Die aanbiedersevaluasievraelys

Die aanbiedersevaluasievraelys is deur die maatskaplike werkers wat die program aangebied het, voltooi. Hulle moes hul eie aanbiedingsvermoë en -vaardighede, asook die sinvolheid van die program

evalueer. Dié vraelys, wat tot 'n groot mate ooreengestem het met die aanbiedingsevaluasievraelys, het ook vir geskrewe aanbevelings vir die verbetering van die program voorsiening gemaak.

5.4.4 Die fokusgroepe

Na 'n tydperk van ongeveer sewe maande is 'n gemiddeld van 12 student-konstabels, wat die Januarie 2005-programaanbieding deurloop het, by 8 fokusgroepbesprekings betrek. Die doel hiermee was om die langtermyneffek van die modules te bepaal en veral vas te stel tot watter mate hulle dit in hul lewens en werkverrigting toegepas het. Hul response is gekategoriseer en bepaalde temas en tendense is geïdentifiseer (sien Addendums 8 tot 12). Hierdie resultate is ook in die triangulering van metings benut (sien Diagram 1).

5.5 DATAVERWERKING

Die effekmeting se statistiese data is in oorleg met Statistiese Konsultasiedienste van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) en met behulp van die SAS-rekenaarprogrampakket (SAS Institute Inc., 1999) geanaliseer. In die analisering was daar veral drie vrae ter sprake wat opeenvolgend beantwoord moes word. Dit was eerstens of die skale op 'n *betroubare* wyse gemeet het, tweedens of die vrae *geldig* was en derdens of *verandering* gemeet kon word. Die data wat deur die fokusgroepe gegenereer is, is in temas en tendense gegroepeer en met dié interpretasie van die statistiese data geïntegreer (sien onderskeie artikels).

5.5.1 Prosedures en formules vir die berekening van betroubaarheid

Om die *betroubaarheid* van die meetinstrumente te bepaal is die Cronbach alpha koëffisiënt (waar van toepassing verkort met "Cronbach alpha" of bloot "α") van elke skaal/subskaal bereken (Gravetter & Forzano, 2003:455). Hierin is 'n telling van 0.5 of hoër as 'n aanvaarbare betroubaarheidskoëffisiënt geneem (vgl. Jackson, 2003:87-91).

5.5.2 Prosedures vir die berekening van geldigheid

Die *gesigs-, inhouds- en kriteriumgeldigheid* van individuele vrae is vooraf met behulp van die leke-evalueerders en die paneel deskundiges bepaal (vgl. Jackson, 2003:44-5; Creswell, 2003:157-8; Elmes *et al.*, 2003:55-9). Die analise van die data wat deur die loodsondersoeke opgelewer is, kon ook vir hierdie doel aangewend word. Die resultate van die hoofondersoek moet egter as die grootste toets van hierdie faset beskou word.

5.5.3 Prosedures en formules vir die berekening van verandering/effek

Om die *verandering* te meet wat moontlik deur die modules teweeg gebring is, is daar in die ondersoek van beide inferensiële statistiek en Cohen se formule vir die berekening van effekgroottes ("d") gebruik gemaak (Cohen, 1988: 20-27; Steyn, 2000:1-3). Die motivering vir hierdie stap is soos volg:

- Omdat daar in die onderhawige ondersoek 'n ewekansige steekproef getrek is, kon die gekose rekrute as 'n subpopulasie van die beplande teikenpopulasie (die Januarie 2005-inname van student-konstabels) beskou word. Die gevolg was dat daar deur middel van inferensiële statistiek na die teikenpopulasie veralgemeen kon word (Steyn, 1999:1-2) en dat die berekening van statistiese beduidendheid (bv. p-waardes) moontlik was.

- Om vas te stel of die program/modules *in die praktyk* die kennis, houding en gedrag van SAPD-rekrute sal verander, is daar bykomend van die gestandaardiseerde verskil as effekgrootte gebruik gemaak (vgl. Gravetter & Forzano, 2003:454). Dit behels die verskil tussen die twee gemiddeldes (of gemiddeldes vanaf 'n gegewe waarde) gedeel deur die standaardafwyking (Spatz, 2001:74). Aldus Steyn (2000:3) is dit 'n natuurlike maatstaf om uitsprake van beduidendheid te kan maak.

Die eerste stap in die bepaling van die modules se effek was om die d-waardes van die skale en vrae soos wat dit op die eksperimentele groep alleen betrekking gehad het, te bereken. Hierdeur kon bepaal word watter invloed die intervensie *binne* die groep uitgeoefen het. Die formule wat hiervoor gebruik is, was die volgende:

$$d = \frac{\mu_{diff}}{\sigma_{diff}}$$

Waar:

d = effekgrootte

μ_{diff} = gemiddelde verskiltelling in die eksperimentele groep (voortaan "μ_1" genoem)

σ_{diff} = standaardafwyking van verskiltellings

As tweede stap was dit nodig om te bepaal of daar prakties betekenisvolle verskille *tussen* die voor- en natoetstellings van die eksperimentele en kontrolegroepe was, oftewel in Jackson (2003:175) se woorde: "...how big a role the conditions of the independent variable play in determining scores on the dependent variable." Om dit egter te kon doen moes daar eers bepaal word of die eksperimentele groep ("e") en kontrolegroep ("c") vóór die aanbieding van die module (die onafhanklike veranderlike) genoegsaam ooreengestem het om 'n vergelyking tussen die twee moontlik te maak. Dit is gedoen deur per skaal die d-waardes van die twee groepe se voortoets-metings te bereken en dit met mekaar te vergelyk. Dié verskil moes kleiner as 0.5 wees. Normaalweg is dit net nodig om 'n kovariansie-analise te maak waar verskille groter as 0.5 voorkom. Alhoewel al die skale wat in hierdie ondersoek gebruik is se verskil kleiner as 0.5 was, is daar tog aan Pocock *et al.* (2002:2924) se aanbeveling gehoor gegee. Dié outeurs is van mening dat dit in elk geval beter is om 'n kovariansie-analise op natoetse te doen waar vir voortoetstellings gekorrigeer word as om bloot na verskille te kyk (Pocock *et al.*, 2002:2924). Die resultate van hierdie metings is in Addendums 1 tot 6 vervat.

As derde stap is daartoe oorgegaan om die "netto-verandering" te bereken wat per skaal deur die modules bewerkstellig is. Hiervoor is daar van Cohen se formule vir die berekening van effekgroottes *tussen twee groepe* gebruik gemaak. Dié formule vir d (effekgrootte) is die volgende:

$$d = \frac{|\mu_1 - \mu_2|}{\sqrt{MSE}}$$

Waar:

d = effekgrootte

μ_1 = gemiddelde verskiltelling in die eksperimentele groep (e)

μ_2 = gemiddelde verskiltelling in die kontrolegroep (c)

$\mu_1 - \mu_2$ = verskil tussen gemiddelde verskiltellings

MSE = gemiddelde kwadraatfout ("mean square error") van die ANCOVA (Cohen, 1988: 20-27; Steyn, 2000:1-3)

Die volgende riglyne geld vir die beoordeling van alle d-waardes:

- d =0.2: dui 'n klein effek aan en impliseer in die geval van nuwe navorsing dat die eksperiment of opname liefs herhaal moet word om seker te maak of daar wel 'n effek was.
- d =0.5: dui op 'n matige of medium effek wat waarneembaar is en dalk betekenisvol mag wees. 'n Beter beplande opname of eksperiment mag in sodanige gevalle moontlik meer beduidende resultate oplewer.
- d =0.8: dui op 'n groot effek wat beduidend en van praktiese belang (dus prakties betekenisvol) is.
- Omdat daar geen absolute grense tussen d-waardes bestaan nie, is dit moontlik om van konsepte soos "klein tot medium effek" en "'n baie groot effek" gebruik te maak (Cohen, 1969:22-25; Spatz, 2001:74-75; Steyn, 1999:3).

In die interpretasie van die data wat deur Skaal 5 (waarde), Skaal 6 (sinvolheid) en Skaal 7 (kwaliteit van aanbieding) opgelewer, is daar volledigheidshalwe van beide effekgrootte-analises en beskrywende statistiek gebruik gemaak. Die formule wat in eersgenoemde geval benut is, was wesentlik dieselfde as dié by die bepaling van effekgrootte binne groepe. Hier is die middelpunt van die skale egter vir μ_{diff} gebruik. Alhoewel die betrokke analises groot d-waardes opgelewer het, kan dit nie altyd as 'n baie geldige prosedure beskou word nie. Dit het gevolglik net as 'n indikator gedien dat die rekrute wel die modules se waarde, sinvolheid en aanbieding baie hoog aangeslaan het. In die artikels sal daar eerder van beskrywende statistiek soos totale, persentasies en rekenkundige gemiddeldes gebruik gemaak word om die impak van hierdie dimensies te beskryf.

5.5.4 Prosedures en formules vir die berekening van opbrengs op belegging (OOB/ROI)

Volgens Rankin (2005:5-11) is daar verskillende tipes of kategorieë van programevaluering wat verwant of oorvleuelend is. Dit sluit formatiewe evaluerings, behoeftebepalings, evalueerbaarheids-assesserings ("evaluability assessements"), programmonitering, uitkomste-evaluering en effektiwiteitsevlauasie in. Laasgenoemde kan twee vorme aanneem, naamlik koste-effektiwiteit en 'n opbrengs-op-belegging-analise. In 'n koste-effektiewe analise word die uitkomste van die intervensie gewoonlik in nie-monetêre waarde uitgedruk, terwyl laasgenoemde weer 'n voorvereiste vir 'n opbrengs-op-belegging-analise is (vgl. Kee, 2004:550). 'n Opbrengs-op-belegging-studie (return on investment/ROI study) kan beskou word as 'n gevorderde weergawe van 'n koste-effektiwiteitsanalise.

Indien Meyer *et al.* (2003:5) se siening as basis gebruik word, kan 'n OOB-studie beskou word as die wetenskaplike meting van die monetêre uitkomste wat 'n organisasie verkry uit 'n gegewe belegging in 'n dienslewering sprogram. Dit is dus die mate waartoe 'n intervensie se resultate (uitsette) sy koste (insette) oorskry. Die formule wat hierin gebruik word, is die jaarlikse netto voordele/uitkomste van die intervensie/program gedeel deur die ontwikkelings- en aanbiedingskoste. In wiskundige terme kan dit soos volg uitgedruk word:

$$OOB\ (ROI)\ (\%) = \frac{Netto\ Programvoordele\ (voordele - koste)}{Programkoste} \times 100$$

Waar:

- Netto Programvoordele =Totale voordele minus koste
- Voordele =Verbetering in die kwaliteit van dienste +arbeids- en ander besparings
- Programkoste =Direkte finansiële koste +mannekrag/tyd bestee

In die OOB-studie is die omvattende metingsraamwerk en formules wat deur Meyer *et al.* (2003) ontwikkel is, as basis gebruik. Dit is aangevul deur die formules en resultate van ander studies, asook die resultate wat uit die onderhawe meting van die modules se effek verkry is. Die meting van die program en modules se OOB het uit drie basiese stappe bestaan. Dit is naamlik die bepaling van koste wat aangegaan is, die meting of uitkomste/voordele en die berekening van die resultate. Laasgenoemde behels, benewens die bepaling van die opbrengs-op-belegging-koëffisiënt, ook die bepaling van die intervensie se netto huidige waarde ("net present value/NVP"), die periode van terugbetaling, die interne opbrengskoers ("internal rate of return/IRR") en die koste per rekruut. Die artikel sal ook elke module se kontantvloeistaat ("cash flow statement") bevat.

5.6 ETIESE ASPEKTE

Beide die Suid-Afrikaanse Polisiediens en die Noordwes-Universiteit: Potchefstroomkampus se Etiese Komitee het geskrewe goedkeuring aan die onderneming van die ondersoek verleen. Die Etiese Komitee se goedkeuring (Etiese Goedkeuringsnommer: 04K16) was gegrond op 'n bevinding dat die ondersoek aan die voorgeskrewe etiese vereistes voldoen.

Vanweë die feit dat daar in die ondersoek op die program en nie op individuele student-konstabels gefokus is nie, is daar nie met 'n sogenaamde "kliniese populasie" gewerk nie. Ten einde die deelnemers se regte te beskerm is elke potensiële deelnemer oor die aard en implikasies van die ondersoek ingelig en het hulle 'n vrye keuse gehad om daaraan deel te neem of nie. Om verder te verseker dat geen data direk met 'n individu verbind kon word nie, is daar in die vraelyste van 'n stelsel van geheime kodes gebruik gemaak. Dié geheime kodes is net aan die individuele deelnemer bekend en maak dit moontlik om die voor- en natoetvraelyste met mekaar te verbind sonder om die respondente self te identifiseer.

Aangesien die ondersoek oor kulturele grense strek, is daar gekonsentreer om geen waarde-oordele ten opsigte van kulturele aspekte te maak nie (vgl. Strydom, 2002:62-75). Deelnemers kan terugvoer oor die resultate van die ondersoek verkry via 'n navorsingsverslag wat aan die SAPD voorsien sal word, sowel as die publikasie van artikels. Die lede van die kontrolegroep het later dieselfde program as die eksperimentele groep deurloop.

6. BEGRIPSOMSKRYWING

In die navorsingsverslag is daar 'n aantal begrippe of konsepte wat deurlopend gebruik word en wat ter aanvang 'n verduideliking verg. Tensy dit uit die konteks van die aanbieding andersins sou blyk, sal die volgende konsepte deurlopend dieselfde betekenis dra.

6.1 UITKOMSTE-ANALISE

'n Uitkomste-analise ("outcome analysis"), ook soms 'n "ex-post impact assessment" (WPDCE, 1999:36) of "summative evaluation" (McBurney, 2001:351) genoem, word deur Compton & Galaway (1999:456) gedefinieer as " the measurement of program results, to determine program effectiveness". In die onderhawige geval is dit dus die somtotaal van die effek van of die verandering wat deur elk van die betrokke modules teweeggebring is.

Die kort- en langtermynuitkomste of resultate van die modules is op vier basiese wyses bepaal. Dit is naamlik via:

- die KHG (voortoets-natoets) -vraelyste
- die waardeskaal (deel van die natoets KHG-vraelyste)
- die sinvolheidskaal (deel van die natoets KHG-vraelys)
- die fokusgroepe

6.2 IMPAK-ANALISE

In die onderhawige ondersoek gaan die konsep "impak-analise" ("impact analysis") verwys na die invloed wat al die modules saam op die respondente gehad het (vgl. WPDCE, 1999:36). Dit kan dus gesien word as die somtotaal van die uitkomste-analises.

6.3 PERSONEELKAPASITEITSBOUPROGRAMME/-MODULES

Die konsep "personeelkapasiteitsbouprogram/-module" sal in die ondersoek basies verwys na die gestruktureerde intervensiemeganismes wat gebruik kan word om personeel te bemagtig met die kennis, houding en gedrag wat nodig is om van hulle veerkragtige ("resilient") persone te maak (vgl. Thompson, 2002:xvii; Stutterheim & Weyers, 2002:10). Die onderhawige ondersoek sal veral op vyf van die modules van die Selfbestuursprogram wat vir SAPD-rekrute ontwikkel is, fokus.

6.4 DEELNEMERS, RESPONDENTE EN AANBIEDERS

In die ondersoek en weergee van navorsingsdata was dit nodig om 'n onderskeid tussen die betrokkenes te tref. In hierdie verband is daar van die volgende drie begrippe gebruik gemaak:

- Die begrip "deelnemers" ("participants") verwys na almal wat aan die ondersoek deelgeneem het en tot die data bygedra het (Gravetter & Forzano, 2003:462). Dit bestaan uit die respondente, die module-aanbieders en lede van die fokusgroepe.
- Die begrip "respondente" ("respondents") verwys in hierdie ondersoek slegs na die lede van die eksperimentele groep (soms "Groep e" genoem) en die kontrolegroep (soms "Groep c" genoem) (vgl. Babbie, 2001:G3).
- In die verslag sal die begrip "aanbieders" ("presenters") verwys na die maatskaplike werkers wat in diens van die SAPD is en een of meer van die modules aangebied het.

7. BEPERKINGE VAN DIE ONDERSOEK

Die benutting van hoërorde statistiese berekeninge vir vraelyste wat nog nie ten volle gestandaardiseer was nie, het bepaalde probleme opgelewer. Dit het, onder andere, gemanifesteer in 'n lae Cronbach alpha en/of d-waarde vir sommige van die skale/subskale. Dié probleme is geantisipeer en deur middel van triangulering ondervang.

Ten einde die hoofondersoek af te handel moes die aanbiedingstyd van die modules ingeperk word sodat die deelnemers die vraelyste kon voltooi. Alhoewel daar minder tyd vir die aanbieding beskikbaar was, het die modules steeds 'n prakties betekenisvolle effek op die student-konstabels se kennis, houding en gedrag gehad. Die effek sou dalk selfs hoër kon wees indien die volle aanbiedingstyd benut kon word.

Aangesien daar nog nie vantevore ROI in maatskaplike werk in Suid-Afrika, onderneem is nie, is daar geen voorbeelde waarop die raamwerk van die betrokke ondersoek geskoei kon word nie (sien Artikel 4). Daar is baie min data oor indikatormetings, met spesifieke verwysing na die situasie in Suid-Afrika beskikbaar. Die finansiële kwantifisering van maatskaplike werk is dus 'n terrein wat voorsiening maak vir verdere navorsing.

8. AANBIEDING VAN DIE NAVORSINGSRESULTATE

In die aanbieding van die navorsingsresultate sal die artikelformaat gebruik word soos in Reëls A.11.5.3 en A.11.5.4 van die Jaarboek van die Noordwes-Universiteit (2005) gespesifiseer. In die formulering van die eerste drie artikels se inhoud sal daar van die vereistes van die Suid-Afrikaanse vaktydskrifte *Maatskaplike Werk/Social Work* en *Social Work Practitioner-Researcher/Maatskaplikewerk-Navorser-Praktisyn* as basis gebruik gemaak word, terwyl Artikel 4 op die internasionale vaktydskrif *Social Work & Society* gemik sal wees (sien Addendum 23 vir tydskrifte se vereistes). Om egter eenvormigheid in hierdie verslag te handhaaf sal daar van die bronverwysing- en aanbiedingstelsel soos deur die Noordwes-Universiteit voorgeskryf (Van der Walt, 2004), gebruik gemaak word. Dié stelsel en die numering en lengte van artikels sal voor moontlike indiening by die besondere vereistes van elke tydskrif aangepas word.

Die onderhawige navorsingsverslag sal oorhoofs in vier afdelings ingedeel word:

- In die eerste afdeling word die metodologie wat in die navorsing gevolg is, verantwoord. In hierdie verband is daar, onder andere, op die aktualiteit van die ondersoek, die gekose doelstellings en doelwitte en die aard van die navorsingsontwerp en –prosedure gelet.
- Die tweede afdeling sal die vier tersaaklike tydskrifartikels bevat. Die titels daarvan is onderskeidelik: *"Die aard van besluitnemings- en lewensdoelkomponente van die SAPD se Selfbestuursprogram vir student-konstabels", "Die effek van die Selfbestuursprogram se besluitnemingskomponent op student-konstabels", "Die effek van die Selfbestuursprogram se lewensdoelkomponent op student-konstabels"* en *"The return on investment (ROI) of the SAPS Self-Management Programme: with special reference to its decision-making and purpose-in-life components."* Elke artikel sal as 'n **afsonderlike entiteit** gehanteer word. Dit impliseer ongelukkig dat 'n aansienlike herhaling van sommige gegewens in die onderskeie artikels sal moet voorkom.
- Afdeling 3 sal bestaan uit die oorhoofse gevolgtrekkings, die oorhoofse riglyne vir die verbetering van die intervensies en die aanbevelings.
- Die laaste afdeling sal verskeie addendums bevat. Dit sluit onder andere die vraelyste wat gebruik is, in.

Om die artikels as 'n funksionele eenheid te kan aanbied sal elke artikel sy eie bibliografie hê. Aan die einde van die verslag sal daar egter ook 'n oorhoofse bibliografie voorsien word wat die hele verslag se bronverwysings sal dek

.

AFDELING 2

DIE TYDSKRIFARTIKELS

ARTIKEL 1

P. Huisamen & M.L. Weyers

DIE AARD VAN DIE BESLUITNEMINGS- EN LEWENSDOELKOMPONENTE VAN DIE SAPD SE SELFBESTUURSPROGRAM VIR STUDENT-KONSTABELS

Me. P. Huisamen is 'n maatskaplike werker in diens van die SAPD en prof. M.L. Weyers is verbonde aan die Skool vir Psigo-Sosiale Gedragswetenskappe: Vakgroep Maatskaplike Werk, Noordwes-Universiteit.

ABSTRACT

Background: *After the very successful national implementation of Police Social Work's capacity building programmes, the National Commissioner of the South African Police Service gave instruction that all the student constables should go through these types of programmes as part of their basic training. This resulted in the development of the Self-Management Programme that now forms Theme 3 of the Basic Training Programme. The Self-Management Programme consists of nine modules and is presented over five days in the beginning of the recruit's training. The goal of the programme is to improve and develop the recruits' human relations, health maintenance, decision-making and purpose-in-life skills in order to enhance their resilience and professional conduct as police officials. This article will only cover the "decision-making" and "purpose-in-life" components of the Programme.*

Aim: *To contextualise Theme 3 within the Basic Training Curriculum and to ascertain the extent to which the content of the five modules that make up the "decision-making" and "purpose in life" components adhered to the requirements set for these types of interventions.*

Method: *The content and intended outcomes of the Self-Management Programme and especially its Be Money Wise, Planning of Goals, Problem-Solving, Self-Knowledge and HIV/AIDS Awareness modules were analysed and evaluated with the help of existing theory.*

Results: *It was found that the "decision-making" and "purpose in life" modules adhered to existing principles of capacity building programmes and that their content was in line with that of other successful interventions in this field. It was concluded that, in principle, the modules aught to have a meaningful effect on its recipients (the extent to which they succeeded in this goal will be addressed in later articles).*

1. INLEIDING

Die verkiesing in April 1994 en die promulgering van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens (Wet No 68 van 1995) in 1996 het heelwat veranderinge in die strukturering en dienslewingsfokus van die Suid-Afrikaanse Polisiediens (voortaan soms verkort met "SAPD") meegebring. Daar is onder andere beklemtoon dat lede bemagtig moet word om 'n meer effektiewe diens in 'n veranderende organisasie en gemeenskap te lewer. Hierdie en ander faktore, soos die hoë voorkoms van maatskaplike probleme onder lede, het die Polisie Maatskaplikewerkdienste (voortaan soms verkort met "PMWD") met die keuse gelaat om enersyds by die tóé dominante reaktiewe en terapiegesentreerde maatskaplike werk te bly, of om andersyds 'n nuwe benadering te volg. Daar is besluit om, benewens terapeutiese dienste, ook te begin om op meer proaktiewe en bemagtigingsgesentreerde intervensies te fokus (Stutterheim & Moruane, 2002:1; PSWS, 2001[b]). Dié intervensies het die vorm van 15 personeelkapasiteitsbouprogramme aangeneem.

Vanaf 2000 is begin om die betrokke kapasiteitsbouprogramme aan die nagenoeg 145 000 bestaande SAPD-personeellede aan te bied. Die effek van dié programme is ook via die omvattende Evaluation of Personnel Capacity Building Programmes 1 (EPCaP1)-studie gemeet. Hiertydens is gevind dat dit in die

meeste gevalle 'n prakties betekenisvolle effek op personeel se professionele sowel as persoonlike funksionering gehad het (Weyers, 2004: vii-viii).

Die sukses wat met die aanvanklike personeelkapasiteitsbouprogramme behaal is, het daartoe bygedra dat die Nasionale Kommissaris van Polisie in 2003 opdrag gegee het dat soortgelyke intervensies deel van die basiese opleiding van student-konstabels moet uitmaak. Dit het tot die ontwikkeling en implementering van die sogenaamde "Selfbestuursprogram" ("Self Management Programme") deur Polisie Maatskaplikewerkdienste aanleiding gegee. Die struktureel-funksionele posisionering en aard van dié program sal die fokus van hierdie artikel wees, terwyl die effek en waardetoevoeging daarvan in hieropvolgende artikels bespreek word. In die aanbieding sal die klem op die besluitnemings- en lewensdoelkomponente van die betrokke program val.

2. DIE STRUKTUREEL-FUNKSIONELE POSISIONERING VAN DIE SELFBESTUURSPROGRAM

Ten einde die Selfbestuursprogram in perspektief te sien, is dit nodig om dit binne die konteks van die SAPD se Basiese Opleidingsprogram vir nuwe student-konstabels te plaas. Derhalwe sal daar in die hieropvolgende uiteensetting met 'n kort oorsig van die aard en struktuur van die betrokke opleidingsprogram begin word. Die rede vir die insluiting van die Selfbestuursprogram by die opleidingsprogram sal daarna in oënskou geneem word.

2.1 DIE AARD VAN DIE SAPD SE BASIESE OPLEIDINGSPROGRAM

Die organisering en aanbieding van die Basiese Opleidingsprogram is die verantwoordelikheid van die SAPD se Opleidingsafdeling. Hierdie afdeling se basiese visie is dieselfde as die van die SAPD, naamlik om 'n veilige omgewing vir alle mense in Suid-Afrika te skep (SAPS, 2005:3). Daarom word SAPD-lede voortdurend opgelei en ontwikkel op die terrein van polisiëring (SAPS, 2004[d]). Hierin mag hulle van die insette van ander afdelings, soos byvoorbeeld Polisie Maatskaplikewerkdienste, gebruik maak.

Die totale Basiese Opleidingsprogram bestaan uit die volgende drie fases:

- Tydens die eerste fase ontvang alle rekrute ses maande basiese opleiding aan een van die SAPD se opleidingskolleges (die kolleges is onlangs van sewe na nege vermeerder). In hierdie opleiding word 10 temas via 49 modules gedek.
- Daarna word hulle vir 'n tydperk van ses maande na 'n stasie uitgeplaas waar hulle intensiewe veldopleiding ontvang. Dié opleiding geskied onder leiding en toesig van 'n opgeleide veldopleidingsbeampte.
- Ná afloop van fase 2 word hulle vir 'n tydperk van 'n jaar na 'n stasie of eenheid uitgeplaas waar hulle verdere terreingebonde indiensopleiding ontvang. Indien hierdie fase met sukses voltooi word, word hulle permanent aangestel.

Die Selfbestuursprogram verteenwoordig Tema 3 van Fase 1 van die Basiese Opleidingsprogram. Ter konteksplasing word hierdie strukturele posisionering in Tabel 1 weergegee. Tema 3 sal meer volledig bespreek word in terme van uitkomste. Aangesien die program in Engels aangebied word, sal die betrokke data in dié taal weergegee word.

TABEL 1: DIE POSISIONERING VAN DIE SELFBESTUURSPROGRAM BINNE DIE SAPD SE BASIESE OPLEIDINGSPROGRAM

THEME	MODULES AND OUTCOMES
Theme 1: SAPS (Overview)	Module 1: Overview of SAPS
Theme 2: Professional conduct	Module 2.1: Framework of Policing Module 2.2: SAPS Culture Module 2.3: Professional conduct, organised group activities (theory) Module 2.4: Professional conduct, organised group activities (practical)
Theme 3: Self Management	Module 3.1: Be Money wise (Self-Management: Module 1) *On completion of the module the learner will be able to utilize acquired knowledge and skills to secure financial freedom* Module 3.2: Life Skills (Self-Management: modules 2-6) *On completion of the module the learner will be able to utilize acquired knowledge successfully regarding life skills enabling him/her to become a healthy, well-balanced person* Module 3.3: Managing stress effectively (Self-Management: Module 7) *On completion of the module the learner will be able to utilize acquired knowledge and skills to compile and execute a personal stress profile and skills to compile and execute a personal stress management programme* Module 3.4: Substance Dependency session (Self-Management: Module 8) *On completion of the module the learner will be able to identify alcoholism and other substances and understand how alcoholism and other dependencies impact on the individual and the organisation* Module 3.5: HIV/AIDS Awareness Programme (Self-Management: Module 9) *On completion of the module the learner will be able to:* ▪ *understand what HIV/AIDS and the impact thereof is* ▪ *understand the risks of HIV transmission and the importance of the use of condoms* ▪ *understand the abuse of substance as a risk factor for HIV/STD transmission* ▪ *understand HIV risk assessment and prevention strategies* ▪ *understand its personal commitment to reduce their own risk for HIV infection and other STD/I's*
Theme 4: Communication	Module 4.1: Occupational communication Module 4.2: Oral communication Module 4.3: Reading and viewing skills Module 4.4: Writing skills
Theme 5: Regulatory Framework of Policing	Module 5.1: Law and policing Module 5.2: SA criminal law, general principles Module 5.3: Specific crimes Module 5.4: Statutory law Module 5.5: Criminal procedures act
Theme 6: Information and Systems Management	Module 6.1: Computer literacy Module 6.2: NETVAS Module 6.3: Introduction to Windows Module 6.4: Introduction to Internet Explorer Module 6.5 Crime Administration System (CAS)
Theme 7: Community Service Centre	Module 7.1: Administer a centre Module 7.2: Custody management Module 7.3: Drive an official vehicle Module 7.4: Receive and handle complaints (suspects, victims and witnesses)
Theme 8: Crime Investigation	Module 8.1: Practical docket administration Module 8.2 : Investigative interviewing Module 8.3: Hints for investigations Module 8.4: Fingerprints Module 8.5: Crime scene management Module 8.6: Crime intelligence Module 8.7: Accident scene attendance

	Module 8.8: Statements Module 8.9: Tracing techniques Module 8.10: Fire fighting and first aid Module 8.11: Giving evidence
Theme 9: Crime Prevention	Module 9.1: A mandate for democratic policing Module 9.2: Defining crime prevention Module 9.3: Principles of policing Module 9.4: Crime prevention approaches and techniques
Theme 10: Fitness and Stress Survival	Module 10.1: Physical control of suspects Module 10.2: Use of a firearm Module 10.3: Use of force Module 10.4: Crowd management Module 10.5: Pepper spray Module 10.6: Move tactically in pairs

Tabel 1 toon dat die betrokke Basiese Opleidingsprogram 'n wye verskeidenheid aangeleenthede dek, maar dat die meeste hiervan net op die professionele of funksionele ontwikkeling van rekrute fokus. Die uitsondering hierop is die Selfbestuursprogram se vyf modules (sien Tabel 1: Tema 3) wat ook die persoonlike groei van die individu aanspreek. Die rede vir die insluiting van hierdie tema sal vervolgens bespreek word.

2.2 DIE REDE VIR DIE INSLUITING VAN DIE SELFBESTUURSPROGRAM BY BASIESE OPLEIDING

Die insluiting van die Selfbestuursprogram by die basiese opleiding van student-konstabels is die direkte gevolg van 'n opdrag wat in 2003 deur die Nasionale Kommissaris van Polisie gegee is. 'n Verskeidenheid redes het tot dié betrokke opdrag aanleiding gegee. So byvoorbeeld is daar gevind dat die generiese personeelkapasiteitsbouprogramme wat vanaf 1999 vir SAPD-personeel ontwikkel is, 'n prakties betekenisvolle effek op hul persoonlike en professionele funksionering gehad het (vgl. Weyers, 2004:vii-viii). Daar kon dus verwag word dat soortgelyke intervensies dieselfde invloed op rekrute sou hê. Hierbenewens sou die intervensies ook as 'n proaktiewe meganisme vir die voorkoming van maatskaplike en ander probleme soos stres, substansafhanklikheid, finansiële probleme, MIV/VIGS en interpersoonlike konflik onder student-konstabels dien (vgl. Huisamen, 2004:1). 'n Derde, primêre dryfveer was die aanname dat die insluiting van dié tema tot die persoonlike afronding van rekrute sou bydra (vgl. SAPS, 2004[d]:iii). Deur rekrute se maatskaplike funksionering te verbeter en hulle veerkragtig ("resilient") te maak, sal balans aan die hoofsaaklik taakgerigte Basiese Opleidingsprogram gegee word (vgl. Tabel 1).

Die redes waarom bogenoemde verwagtinge van die Selfbestuursprogram gekoester is, sal deel uitmaak van die hieropvolgende uiteensetting van die program se aard en aanbieding.

3. DIE AARD EN AANBIEDING VAN DIE SELFBESTUURSPROGRAM

Na aanleiding van die Nasionale Kommissaris van Polisie se opdrag is daar in September 2004 verskeie werksgroepe saamgestel om die bestaande generiese kapasiteitsbouprogramme te omvorm om aan die besondere behoeftes en omstandighede van die student-konstabels te voldoen. Hierin is die resultate van die Evaluation of Personnel Capacity Building Programmes 1 (EPCaP1)-studie, as een van die vertrekpunte geneem. Die Selfbestuursprogram wat deur die werksgroepe ontwikkel is, is op so 'n wyse geskryf dat dit aan die vereistes van die South African Qualificiations Authrority (SAQA) voldoen. Dit maak sedert Julie

2004 deel uit van die SAPD se Basiese Opleidingsprogram en word jaarliks gedurende Januarie en Julie deur spesiaal opgeleide maatskaplike werkers aan meer as 4000 rekrute per inname aangebied.

In hierdie afdeling sal daar, ter perspektiefgewing, 'n oorhoofse uiteensetting van die aard en aanbieding van die Selfbestuursprogram gegee word. Die besondere kenmerke van die betrokke program se besluitnemings- en lewensdoelkomponente sal in die volgende afdeling bespreek word.

3.1 DIE AARD EN DOEL VAN DIE SELFBESTUURSPROGRAM

Die Selfbestuursprogram is in wese 'n personeelkapasiteitsbouprogram. Dit val derhalwe in die algemene kategorie van intervensies wat soms menslikehulpbronontwikkeling, sielkundige opvoeding, lewensvaardigheidsopleiding of persoonlike en sosiale opvoeding genoem word (vgl. Kruger, 2001:20; Nelson-Jones, 1991:23; Rooth, 2000:34). Binne die konteks van die bedryfsmaatskaplikewerk en sterktebenadering waaruit PMWD sy dienste lewer, kan dit gedefinieer word as 'n gestruktureerde intervensiemeganisme wat daarop gerig is om personeel te bemagtig met die kennis, houding en gedrag (knowledge, attitudes and behaviour) wat nodig is om effektief as individu en werknemer te funksioneer en om lewens- en werkseise met die nodige veerkragtigheid ("resiliency") te hanteer. Veerkragtigheid verwys in hierdie verband na:

> *"...the process, capacity and outcome of successful adaptation to challenges and adversity, sustained competence under threatening circumstances and the ability to recover from trauma"* (Stutterheim & Weyers, 2004:11).

Die wesentlike doel van die program is om rekrute se vermoë om op 'n professionele en verantwoordelike wyse op te tree te ontwikkel. Dit sluit goeie interpersoonlike verhoudings en 'n professionele kliëntediens aan al die burgers van Suid-Afrika in (SAPS, 2004[d]:iii).

3.2 DIE SAMESTELLING EN UITKOMSTE VAN DIE SELFBESTUURSPROGRAM

Die Selfbestuursprogram bestaan uit nege modules wat in die vorm van werkswinkels ("workshops") oor 'n vyfdag-periode (veertig kontakuur) aan rekrute aangebied word. Die betrokke modules dek die terreine van finansiële (self-)bestuur (Module 1), beplanning van doelwitte (Module 2), selfkennis (Module 3), konflikhantering (Module 4), selfgelding (Module 5), probleemoplossing (Module 6), stresbestuur (Module 7), substansafhanklikheid (Module 8) en MIV/VIGS-bewusmaking (Module 9). Hierdie modules kan aan die hand van Brooks se taksonomie van lewensvaardighede (Brooks, 1984:359-381; Darden & Gazda, 1996: 3-5, Ginter, 1999:191-203) in vier komponente verdeel word naamlik:

- Komponent 1: Interpersoonlike en interaksievaardighede (Afkorting: IIV)
- Komponent 2: Gesondheidsinstandhoudingsvaardighede (Afkorting: GIV)
- Komponent 3: Besluitnemingsvaardighede (Afkorting: BV)
- Komponent 4: Lewensdoelvaardighede (Afkorting: LDV)
- Die betrokke komponente, tesame met die modules wat in elkeen voorkom, word visueel in Diagram 1 uitgebeeld.

DIAGRAM 1: INDELING VAN DIE SELFBESTUURSPROGRAM SE MODULES VOLGENS BROOKS SE TAKSONOMIE VAN LEWENSVAARDIGHEDE



Die Selfbestuursprogram se uitkomste en aanbiedingspakket sal vervolgens afsonderlike aandag geniet.

3.2.1 Die uitkomste en tydverdeling van die program

Die uitkomste van elk van die Selfbestuursprogram se modules, tesame met die duur van elke werkswinkel, word in Tabel 2 opgesom. Aangesien die program in Engels geformuleer is, word dié inligting sodanig weergegee.

TABEL 2: DIE UITKOMSTE EN TYDVERDELING VAN DIE SELFBESTUURSPROGRAM SE MODULES

SELF-MANAGEMENT PROGRAMME*	
COMPONENT 1: HUMAN RELATIONSHIP SKILLS	
MODULE 4: CONFLICT MANAGEMENT	*MODULE 5: ASSERTIVENESS*
Outcome: ▪ On completion of the Conflict management module, the recruits will be able to apply knowledge and skills for becoming healthy, well-balance individuals	**Outcome:** ▪ On completion of the Assertiveness module, the recruits will be able to become more assertive
Objectives: ▪ To become aware of the effect that their personal conflict management style has on their relationships	**Objectives:** ▪ To become more assertive
Length of workshop: 2 hours	**Length of workshop**: 2 hours

COMPONENT 2: HEALTH MAINTENANCE SKILLS	
MODULE 7: STRESS MANAGEMENT	*MODULE 8: SUBSTANCE DEPENDENCY*
Outcome: ▪ On completion of the Stress Management module the recruits will be able to compile a personal stress management programme	**Outcome:** ▪ On completion of the Substance Dependency module, the trainees will be able to analyse and describe substance dependency and its consequences
Objectives: ▪ Identify what stress is ▪ Identify the physiological aspects of stress ▪ Compile a basic personal stress profile ▪ Become aware of factors affecting stress resistance ▪ Utilize given exercises for stress reduction ▪ Develop and utilize given strategies/techniques for effective stress management ▪ Compile a personal stress management programme	**Objectives:** ▪ Become aware of the difference between dependency and abuse ▪ Become aware of the legal/illegal/prescriptive substances ▪ Have knowledge about the phases of alcohol dependency ▪ Identify factors regarding treatment
Length of workshop: 8 hours	**Length of workshop**: 8 hours

COMPONENT 3: DECISION MAKING SKILLS		
MODULE 1: BE MONEY WISE	*MODULE 6: PROBLEM SOLVING*	*MODULE 9: HIV/AIDS AWARENESS*
Outcomes: ▪ On completion of the module the learner will be able to utilize acquired knowledge and skills successfully to secure financial freedom **Objectives:** ▪ Identify his/her attitude towards money ▪ Utilize acquired knowledge on budgeting ▪ Identify ways to eliminate financial difficulties ▪ Ensure effective planning for future financial freedom ▪ Become aware of the effect that insufficient financial management has on each individual's psycho-social functioning ▪ Become aware of the true cost of debt ▪ Utilize acquired knowledge to develop a mindset that would lead to success	**Outcomes:** ▪ On completion of the module the learners will be able to expand their problem-solving skills **Objectives:** ▪ Expand their problem-solving skills	**Outcomes:** On completion of the module the learner will be able to: ▪ Understand what HIV/AIDS and the impact thereof is ▪ Understand the risks of HIV transmission and the importance of the use of condoms ▪ Understand the abuse of substance as a risk factor in HIV/STD transmission ▪ Understand HIV risk assessment and prevention strategies ▪ Understand its personal commitment to reduce their own risk for HIV infection and other STD/'I's
Length of workshop: 6 hours	**Length of workshop**: 2 hours	**Length of workshop**: 8 hours

COMPONENT 4: PURPOSE-IN-LIFE SKILLS	
MODULE 2: PLANNING OF GOALS	*MODULE 3: SELF KNOWLEDGE*
Outcomes: ▪ On completion of the module the learner will be able to utilize goals for achieving personal effectiveness	**Outcomes:** ▪ On completion of the module the learner will be able to expand their self-knowledge
Objectives: ▪ Utilise goals for achieving personal effectiveness	**Objectives:** ▪ Expand their self-knowledge
Length of workshop: 2 hours	**Length of workshop**: 2 hours

*Uiteensetting gebaseer op Tema 3: Selfbestuursprogram van die Basiese Opleidingsprogram van student-konstabels. Sien SAPS (2002), SAPS (2004b) en SAPS (2004c).

3.2.2 Die program se aanbiedingspakket

Al die materiaal wat nodig is vir die aanbieding van die Selfbestuursprogram is in een programpakket saamgevat. Hierdie pakket se inhoudelike word vervolgens in meer detail bespreek.

3.2.2.1 Afdeling 1: Die Module

Die module bestaan uit die uitgebreide inhoud waaroor die maatskaplike werker moet beskik ten einde die program te kan aanbied. Hierdie inligting word chronologies weergegee om dit meer verbruikersvriendelik te maak. Aangesien die aanbieder in die program opgelei word, word vereis dat hy/sy nie net die inhoudelike verstaan nie, maar ook in staat is om dit te internaliseer. Die aanbieders word gevolglik gemotiveer om verantwoordelikheid vir die tema-inhoud te aanvaar, ten einde dit met selfvertroue te kan aanbied.

3.2.2.2 Afdeling 2: Die Aanbiedersgids

Die aanbiedersgids is `n opsomming van al die reëlings en voorbereidings wat die aanbieder behoort te doen voor die aanvang van die program. Dit sluit in:

- die verkryging en voorbereiding van die aanbiedingshulpmiddele;
- om te verseker dat die rekrute se werkboeke beskikbaar is;
- die voorbereiding van die lokaal (byvoorbeeld die beskikbaarheid van 'n blaaibord, toeganklikheid vir persone met fisiese gestremdheid);
- om vas te stel of die opleidingshulpmiddele (bv. truprojektor) in 'n werkende toestand is; en
- die voorbereiding vir administratiewe take soos byvoorbeeld die voltooiing van 'n bywoningsregister.

3.2.2.3 Afdeling 3: Die Aanbiedingsplan

Die aanbiedingsplan help die maatskaplike werker om deeglik voor te berei, aangesien dit `n duidelike uiteensetting gee van hoe elke module aangebied behoort te word. Dit verskaf riglyne oor hoe inligting oorgedra moet word, die vrae wat gevra moet word en die benutting van opleidingshulpmiddele. Die plan is chonologies gestruktureerd en gee `n tydsaanduiding vir elke aktiwiteit ten einde te verseker dat die modules binne die voorgeskrewe tydgleuwe aangebied word.

3.2.2.4 Afdeling 4: Die Transparante

Al die transparante word in 'n aparte lêer verskaf sodat dit binne bereik tydens die aanbieding is. Die aanbiedingsplan verskaf duidelike riglyne oor die gebruik daarvan. Die transparante is professioneel ontwikkel en help die aanbieder om `n oorsig van die onderskeie modules te gee, moeilike konsepte te verduidelik en belangrike aspekte te beklemtoon.

3.2.2.5 Afdeling 5: Die Uitdeelstukke en die Werkboek

Aan die begin van elke oorhoofse module ontvang die student-konstabels 'n werkboek oor die betrokke onderwerp. Dié werkboek het ten doel om die deelnemers aktief te betrek en bevat onder andere vraelyste, gevallestudies en skematiese verduidelikings van moeilike begrippe.

4. DIE AARD VAN DIE PROGRAM SE BESLUITNEMINGS- EN LEWENSDOELKOMPONENTE

Volgens Brooks (1984:6) en verskeie ander outeurs wat op sy werk voortgebou het (vgl. Ginter, 1999; Darden & Gazda, 1996), omsluit lewensvaardighede al die aangeleerde vaardighede ("skills") wat vir 'n effektiewe lewenswyse noodsaaklik is. Books het, na aanleiding van uitgebreide navorsing, al hierdie vaardighede in vier sogenaamde "developmental life-skills areas" verdeel (Ginter, 1999:196). Hierdie komponente het hy "human relations skills" (heromskryf as "interpersoonlike en interaksievaardighede"), "health maintenance skills" ("gesondheidsinstandhoudingsvaardighede"), "decision-making skills" ("besluitnemingsvaardighede") en "purpose-in-life-skills" ("lewensdoelvaardighede") genoem (Ginter, 1999:196). Die onderhawige ondersoek is tot slegs twee van hierdie komponente afgebaken. Dit is naamlik die sogenaamde besluitnemingsvaardighede-komponent (soms verkort met "besluitnemingskomponent") en lewensdoelvaardighede-komponent (soms verkort met "lewensdoelkomponent").

Die besluitnemingskomponent omsluit die mens se vermoë om 'n probleem te identifiseer, inligting daaroor te verkry, dit te analiseer en te assesseer, potensiële oplossings vir die probleme te vind en dan te besluit oor die wyse waarop dit gehanteer gaan word (Brooks, 1984: 377). Die drie modules van die Selfbestuursprogram wat primêr besluitnemingsgesentreerd van aard is, is Finansiële (self-)bestuur (Module 1), Probleemoplossing (Module 6) en MIV/VIGS-bewusmaking (Module 9). Die rede waarom Module 9 in hierdie en nie byvoorbeeld by gesondheidsinstandhouding (vgl. Diagram 1) geplaas is nie, is omdat dit primêr op voorkoming fokus. Dit gaan dus essensieel oor die beïnvloeding van rekrute se besluitneming rakende die vermyding van hoërisikogedrag (PSWS, 2002:6).

Die lewensdoelkomponent inkorporeer die interaksie tussen genetiese aanleg en terugvoer van die omgewing, en omvat die vaardighede wat nodig is vir voortgaande ontwikkeling van persoonlike identiteit en emosionele bewustheid (Darden & Gazda, 1996). Dit sluit vaardighede in soos self-monitering, om 'n positiewe selfbeskouing te behou, interpersoonlike intimiteit, beroepsgerigtheid, omgewingsaanpassing, die uitklaar van waardes en morele standaarde en die ontwikkeling en uitklaring van seksuele rolle en seksualiteit. Die Doelwitbeplannings- en Selfkennismodule val primêr onder hierdie komponent.

In die bespreking van die aard en inhoudelike van die twee komponente, word elkeen as 'n afsonderlike entiteit hanteer. Daar word veral op die beginsels waarop elk van die komponente se modules gebou is, gefokus.

4.1 DIE INHOUD EN BEGRONDING VAN DIE BESLUITNEMINGSKOMPONENT SE MODULES

In die bespreking van die Finansiëlebestuurs-, Probleemoplossings- en MIV/VIGS-bewusmakingsmodules, sal daar eerstens 'n oorsig gegee word van die temas wat deur elkeen gedek word. Daarna sal die beginsels onderliggend aan elkeen van hierdie temas verder verken word.

4.1.1 Module 1: Finansiële Bestuur

Die Finansiëlebestuursmodule, bekend as "Be Money Wise", word op die eerste dag van die weeklange Selfbestuursprogram aangebied (SAPS, 2004[b]). Die rede waarom daar met dié betrokke module begin word, is omdat dit die mins konfronterende intervensie van die Selfbestuursprogram verteenwoordig. Dit

bied onder andere 'n non-bedreigende begin aan die kennismaking tussen die maatskaplike werkers (aanbieders) en die rekrute, en voorkom sodoende gevoelens van ambivalensie en weerstand (Toseland & Rivas, 2005: 211-214). Die module se sterk fokus op eksperiënsiële leer en werk binne groepsverband begin ook die aanbiedingspatroon vaslê wat in ander modules gevolg word. Dit het sodoende tot die skepping van groepkohesie en -gebondenheid tussen lede bygedra (vgl. Toseland & Rivas, 2005:75-7, 201).

Die verloop, temas en hulpmiddele wat tydens die aanbieding van die module gebruik word, word in Tabel 3 opgesom. Die beginsels waarom hierdie elemente gebou is, sal daarna aandag geniet.

TABEL 3: DIE TEMAS EN AANBIEDING VAN DIE "BE MONEY WISE"-MODULE

TEMAS	PROSEDURES EN HULPMIDDELE
1. Introduction	▪ Presentation: The nature of money and financial management
2. Attitudes towards money.	▪ "Attitudes towards money" (Handout 1) ▪ Small groups discussion ▪ Feedback from the small groups ▪ Large group discussion of theme
3. How to have money in your pocket the day before payday. 3.1 Current financial status 3.2 Clustered expenses 3.3 Who need to draw up a budget? 3.4 How to budget	▪ Presentation: Overview of personal financial situation (exercise in workbook) ▪ Presentation: List of expenses (exercise in workbook) ▪ Presentation: A budget (transparency) ▪ Presentation: Salary advice (Handout 2) ▪ Completion of monthly budget(Handout 3)
4. Financial difficulties 4.1 Debt management 4.2 Debt elimination 4.3 Basic principals of saving money 4.4 Resources	▪ Presentation: Debt management ▪ Role play 1 and 2 : Practise negotiation with debtor (Handout 4) ▪ Presentation : Debt elimination plan (Handout 5) ▪ Group exercise : Practical tips for saving (Handout 6) ▪ Group discussion : Resources listing (Flipchart listing)
5. Future financial freedom 5.1 Wills 5.2 Policies 5.3 Investments 5.4 Savings	▪ Presentation: Financial freedom ▪ Presentation: "Prevention is better than cure" (transparency) ▪ Group discussion: "Prevention is better than cure" (flipchart listing) ▪ Presentation: " SAVE , SAVE" (transparency)
6. Consequences of not planning 6.1 Legal and financial consequences 6.2 Psycho-social consequences	▪ Brain storm by group: Consequences of not planning (flipchart listing) ▪ Feedback by presenter: Highlights of consequences
7. Financial fundamentals ▪ True cost of debt	▪ Presenter discussion : True cost of debt ▪ Presentation: "House hold items" (transparency) ▪ Presentation: "Owing a car" (transparency) ▪ Presentation: "Buying a house" (transparency) ▪ Discussion
8. Developing a success mindset 8.1 How to open a bank account 8.2 How to apply for a housing subsidy 8.3 How to apply for a State guarantee 8.4 How to apply for official housing 8.5 All about contracts	▪ Group discussion: The aspects of success ▪ Presentation: "Developing a success mind set" (transparency) ▪ Presentation: Practical guidelines
9. Summary	▪ Presentation: Summary and conclusion

Finansies speel 'n groot rol in die mens se lewe. Talle werknemers wat 'n salaris verdien, sal op die een of ander stadium tydens hul loopbaan sodanige finansiële probleme ervaar dat dit 'n direkte invloed op hul algemene funksionering en produktiwiteit sal hê (Kim & Garman, 2004:69). Derhalwe is dit in belang van beide die individu en sy/haar werkgewer dat werknemers sodanige finansiële opleiding sal ontvang dat dit die voorkoms of impak van finansiële probleme sal verminder (Fourie, 2003:36). Hierdie beginsel word op 'n proaktiewe wyse toegepas deur die aanbieding van die Finansiëlebestuursmodule aan student-konstabels reg aan die begin van hul loopbaan binne die SAPD.

Die module het basies ten doel om deelnemers met die kennis, houdings en vaardighede toe te rus wat vir finansiële vryheid nodig is. Dit moet konstabels in staat stel om hul finansies só effektief te kan beplan dat hulle 'n bevredigende lewensbestaan kan voer en in die basiese behoeftes en bestaansmiddele van hul afhanklikes kan voorsien (Fourie, 2003:17).

Nege oorhoofse temas (sien Tabel 3) word aangespreek ten einde die gegewe doel te kan bereik. Elk van hierdie temas sal vervolgens kortliks in oënskou geneem word.

4.1.1.1 Tema 1: Die aard van geld en finansiële bestuur (Inleiding)

Die module neem 'n aanvang met 'n oorsig van die betekenis, belang en waarde van geld en die individu se verantwoordelikheid rakende die bestuur daarvan. Hierin word daar klem gelê op die feit dat die 'module slegs basiese finansiële bestuursbeginsels dek en dat die rekrute deskundiges sal moet nader as spesifieke finansiële behoeftes of probleme ervaar word. Daar word tydens die inleiding ook 'n oorsig van die res van die temas gegee.

4.1.1.2 Tema 2: Houding teenoor geld

Die rede waarom daar tweedens op rekrute se houding teenoor geld gefokus word, is omdat navorsing aangetoon het dat individue komplekse houdings oor die abstrakte konsep sowel as die fisiese waarde van geld het. Geld het dus simboliese sowel as emosionele waarde en word dikwels gekoppel aan faktore soos mag, status, invloed en 'n middel tot beïnvloeding (Furnham & Argyle, 2000:60). Geld en die individu se houding daarteenoor het 'n belangrike invloed op alle vlakke van funksionering. Die doel van hierdie gedeelte van die module is gevolglik om 'n proses te fasiliteer waartydens die deelnemers tot die insig kan kom dat 'n gebalanseerde siening van geld essensieel is. Die werkboek bevestig dit met stellings wat daarop dui dat geld nie 'n waarborg of bepaler van geluk is nie (Fourie *et al.*, 2002:249; Mellan, 1994:71).

Ten einde die rekrute die geleentheid te bied om hul eie houding teenoor geld te bepaal word die volgende stellings binne kleingroepverband bespreek:

- "A lot of money will enable me to do what I want"
- "People with a lot of money expect more respect from others"
- "I need more money for my family"
- "Money is necessary for security and a carefree old age".

Behalwe vir die laaste stelling wat slegs waar is, is al hierdie stellings beide waar en vals. Deur die kleingroepbesprekings en terugvoer hieroor word die rekrute daarvan bewus gemaak dat individue se houdings teenoor geld verskil en dat dit 'n invloed op hul funksionering het. Die verlangde persepsie wat

dikwels hierdeur gevestig word, is dat, indien 'n mens sy gesindheid rondom geld regkry, die ander terreine van sy lewe ook sal verbeter (Potgieter, 1997:2).

4.1.1.3 Tema 3: Hoe om die dag voor betaaldag nog geld in jou sak te hê

In Tema 3 word van die standpunt uitgegaan dat rekrute die dag voor betaaldag nog geld in hul sak sal hê indien hulle hul uitgawes via begrotings bestuur. Die eerste stap om hierdie gedagte tuis te bring is om die betrokkenes die geleentheid te gee om 'n balansstaat van hul persoonlike inkomste en uitgawes op te stel. Hiervoor word konsepte soos bates, laste, inkomste en uitgawes volledig verduidelik. Rakende uitgawes word daar onderskei tussen vaste, wisselende, periodieke en persoonlike uitgawes en voorbeelde hiervan word aan die rekrute voorgehou.

Die volgende stap is om die begrotingsproses aan die rekrute te verduidelik. Hierin word daar van die standpunt uitgegaan dat 'n persoon nie sy geldsake suksesvol kan bestuur indien daar nie behoorlik rekord gehou word nie (McRae, 1997:282; Potgieter, 1997:2). Die konsep van 'n begroting, dit wil sê 'n finansiële plan en kontrolemeganisme wat sekere standaarde daarstel ten einde doelwitte te bereik (Swart, 1996:24), word oorgedra. Daarna kry hulle die geleentheid om aan die hand van 'n voorbeeld van 'n student-konstabel se salarisadvies in hul werkboeke, 'n persoonlike begroting op te stel. Ten einde 'n perspektief te gee op langtermyn finansiële beplanning, is daar ook 'n voorbeeld van 'n polisie-inspekteur se salarisadvies in die werkboeke.

Tydens die oefening word sterk klem gelê op die rol van besluitneming en die bepaling van prioriteite. Praktiese wenke, soos om byvoorbeeld alle lede van 'n gesin by die begroting te betrek (Swart,1996:25) word deurgegee.

4.1.1.4 Tema 4: Finansiële probleme

Tema 4 fokus op die oorsake van finansiële probleme en hoe om dit te hanteer. Die rede hiervoor is omdat dit wil voorkom asof skuld, die sogenaamde moderne siekte van ons tyd (McRae, 1997:236; Potgieter, 1997:22), ook endemies in die SAPD geword het. Rekrute moet dus bewus wees van die gevare van skuld en die proses van skuld-eliminasie wat na aanleiding daarvan gevolg kan word.

Die betrokke aanbieding geskied teen die agtergrond van die sogenaamde "skuld-kultuur" wat in die samelewing posgevat het. Hierdie 'kultuur' word onder andere deur die volgende gekenmerk:

- Die samelewing se houding het in so 'n mate verander dat skuld selfs aangemoedig word.
- Ekonomiese sosialisering het tot gevolg dat hierdie gedragspatroon verder bevorder word by families wat 'n positiewe houding teenoor skuld openbaar.
- Sosiale vergelyking het die "keeping up with the Joneses"-mentaliteit tot gevolg wat mense sal dryf om onnodig skuld aan te gaan.
- Gebrekkige finansiële bestuursvaardighede lei tot die aangaan van skuld en reflekteer dikwels op 'n ongeorganiseerde lewenstyl, sowel as problematiese finansies.
- Verbruikersgedrag wat die noodsaaklikheid van luukshede vereis, het die aankoop van onnodigdhede tot gevolg.
- Hoe minder realisties iemand se tydshorison is, hoe makliker sal hy/sy skuld maak.
- Indien 'n individu nie skaam of bekommerd oor skuld is nie, sal sy/haar persoonlike houding dus tot gevolg hê dat hy/sy makliker skuld sal aangaan.

- Fatalisme is die laaste faktor wat met skuld geassosieer word. Dit wil voorkom dat, hoe groter die eksterne lokus van kontrole is, hoe groter die waarskynlikheid van skuld sal wees (Furnham & Argyle, 2000:114).

In die aanbieding self word daar 'n onderskeid tussen skuld en krediet getref (lg. word eers later in die module volledig gedek). Skuld word beskou as die onvermoë om die betalings te maak wat die verskuldigde onmiddellik vereis, terwyl krediet geklassifiseer word as 'n ooreenkoms van uitgestelde betaling (Furnham & Argyle, 2000:113).

Die rekrute word nie net teen die gevare van skuld gewaarsku nie. Hulle word ook van algemene riglyne aangaande die eliminasie daarvan voorsien. Skuld-eliminasie behels 'n proses waartydens daar 'n opsomming van uitstaande skuld gemaak word, en die paaiement wat die laagste bedrag vereis, word dan verhoog sodat dit afbetaal kan word. Nadat dit afgehandel is, word daardie bedrag, waarsonder die persoon tot op hede klaargekom het, by die volgende laagste skuldpaaiement gevoeg en die proses word herhaal totdat al die skuld klaar betaal is (Potgieter, 1997:28). Rekrute kry die geleentheid om hierdie nuutverworwe kennis prakties toe te pas op 'n relevante voorbeeld in hul werkboeke. Dit word ook ingeoefen tydens 'n rollespel waarin 'n skuldeiser gespreek moet word.

Die volgende onderwerp wat tydens hierdie tema bespreek word, is een wat direk verband hou met skuld, naamlik om te spaar. Die uitgangspunt is dat hoe meer skuld 'n persoon het, hoe minder kan hy spaar, want die meeste van die finansiële reserwes moet gebruik word om skuld te delg. Indien daar meer spaargeld is, sal meer fondse beskikbaar wees om kontantaankope te doen of skuld te delg (Swart, 1996:478). Daar is ook verskeie ander voordele aan spaar verbonde. Dit sluit die volgende in:

- Voorkoming: om 'n reserwe op te bou vir onvoorsiene omstandighede en uitgawes.
- Vooruitbeplanning: om 'n vooruitskatting te maak tussen inkomste en uitgawes vir 'n toekomstige gebeurtenis soos aftrede of opleiding.
- Berekening: om die rente op beleggings te ontvang.
- Verbetering: om 'n verbeterde lewenstandaard na te streef.
- Onafhanklikheid: om onafhanklik van ander te funksioneer en die mag te hê om goed te koop wanneer jy wil.
- Trots: om iets aan jou afhanklikes na te laat (Furnham & Argyle, 2000:107).

Ten einde die belangrikheid van spaar as 'n instrument vir finansiële onafhanklikheid (Potgieter, 1997:12) te beklemtoon kry rekrute die geleentheid om 'n dinkskrum te hou oor verskillende praktiese maniere om geld te spaar. Die resultate word dan aangevul uit 'n lang lys voorbeelde wat in die rekrute se werkboeke beskikbaar is.

Benewens spaar word daar in die aanbieding ook op ander "instrumente" vir die bereiking van finansiële onafhanklikheid of die hantering van terugslae gelet. Dit sluit in hulpbronne waar finansiële advies, 'n lening of moontlike tydelike finansiële hulp gekry kan word. Voorbeelde van laasgenoemde in die SAPD is die Weduwee- en Weesfonds, Maatskaplikewerkdienste, die Christelike Polisie Vereniging, CADSAPS ('n Artikel 21-maatskappy wat lenings of skenkings beskikbaar stel vir gestremdes of hulpbehoewendes) en die unies. Hulpbronne buite die polisie sluit finansiële adviseurs en instellings, versekeringsmaatskappye, prokureurs, nie-regeringsorganisasies en godsdienstige instellings in.

4.1.1.5 Tema 5: Toekomstige finansiële vryheid

Die volgende tema beklemtoon dit dat rekrute 'n proaktiewe benadering moet volg om hul finansiële sekuriteit te verseker. Om hierdie beginsel te verbeeld gebruik die aanbieder aan die begin 'n transparant wat visueel duidelik uitbeeld dat voorkoming beter as genesing is. Dié transparant en stelling word dan bespreek en kulmineer in die besef dat die rekrute bepaalde praktiese voorkomingstappe kan en moet neem. Hierdie stappe kan die vorm van testamente, beleggings en spaarplanne aanneem.

Die aard en belangrikheid van die opstel van 'n testament word aan rekrute verduidelik. Hulle word tot die besef gebring dat 'n gebrek aan 'n testament verreikende finansiële gevolge kan hê, aangesien die boedel as intestaat verklaar word en die betrokke bates dalk in ongewensde hande kan beland (Swart, 1996:139). Die voorbeeld van 'n korrekte testament in hul werkboeke word verduidelik.

Daarna word die voor- en nadele van polisse aan die student-konstabels verduidelik. Hulle word veral daarvan bewus gemaak om die regte advies in te win om 'n polis uit te neem wat by hul spesifieke behoeftes pas. Voorbeelde van polisse wat genoem word, is lewensversekering, uittree-annuïteite, studiepolisse, begrafnispolisse en kontantvoorsiening.

Alhoewel daar verskeie funksies en soorte beleggings is, fokus hierdie module op die waarde van beleggings om 'n sorgvrye aftrede te verseker (Swart, 1996:174). Dit is dus nog 'n wyse om toekomstige finansiële sekuriteit te verseker.

Laastens word die gebruik van 'n spaarrekening bespreek. Die doel van laasgenoemde is om geld opsy te sit vir periodieke uitgawes waarvoor daar maandeliks begroot word, asook vir die opbou van 'n algemene gebeurlikheidsreserwefonds. Dit word ook beklemtoon dat sodanige rekeninge 'n effektiewe rekordhoudingsinstrument is (Potgieter, 1997:52).

4.1.1.6 Tema 6: Gevolge van gebrekkige finansiële beplanning

Tema 6 dien as 'n teenpool vir die voorafgaande temas en leerinhoude. Daarin word rekrute sterk onder die indruk gebring van die gevolge van swak finansiële beplanning. Daarom word die betrokkenes se menings oor die gevolge van swak finansiële beplanning reg aan die begin gevra en hul response word op 'n blaaibord neergeskryf. Dié response word dan in meer detail bespreek en verder toegelig.

In die toeligting word daar onder andere op die aard van plasing onder finansiële administrasie gelet. Dit behels die proses waardeur 'n persoon met min of geen tasbare bates en minder as R50 000 skuld, deur 'n hofbevel tydelike beskerming teen sy krediteure kry. Hy word dan deur 'n administrateur gehelp om sy skuld op 'n bekostigbare manier stelselmatig af te betaal en weer kredietwaardig te word (FIN24, 2004).

Die rekrute word ook ingelig oor die wetlike proses wat gevolg kan word om, via 'n beslagleggingsbevel, skuld van hul salaris af te trek. Ander gevolge van swak finansiële beplanning wat bespreek word, is die implikasies wanneer jou naam by die kredietburo ge"lys" word, 'n gebrek aan inkomste tydens aftrede, en die psigososiale konsekwensies soos finansiële stres, alkoholmisbruik en verhoudingsprobleme.

4.1.1.7 Tema 7: Finansiële grondbeginsels

Die volgende tema handel oor die ware koste verbonde aan kredietransaksies. Die implikasies van hoë (onrealistiese) rentekoerse, vereffeningstydperke, addisionele en versluierde administratiewe kostes, bindende prosedures en voortspruitende wetlike gevolge (Fourie, 2003:1), word via transparante onder hul aandag gebring. Die negatiewe implikasies van en betrokkenheid by skuldtransaksies (soos die aankoop van 'n motor, huishoudelike items en klere, asook mikro- en kontantlenings) word aan hulle verduidelik. Die feit dat eersgenoemde eers ná 'n bepaalde tydsverloop op die voorgrond tree, beklemtoon weereens die belangrikheid daarvan om voorkomend op te tree. Praktiese voorbeelde van kredietooreenkomste in hul werkboeke versterk ook hierdie idee.

Mikrolenings is een van die praktyke wat 'n groot finansiële gevaar vir student-konstabels inhou. Dit word omskryf as die leen van geld op klein skaal deur nie-bankinstellings aan enige lid van die samelewing teen 'n hoë rentekoers oor 'n korttermyntydperk (Fourie, 2003:17). Rekrute word volledig ingelig oor die nadele van mikrolenings, soos byvoorbeeld hoë rentekoerse en hoë paaiemente (vgl. Fourie, 2003:124). Hulle word aangemoedig om sover moontlik kontant te koop en hul nuutverworwe kennis in te span wanneer hulle wel 'n kredietransaksie moet aangaan.

4.1.1.8 Tema 8: Die ontwikkeling van 'n sukses-ingesteldheid

Tema 8 streef twee basiese doelwitte na, naamlik om die rekrute te help om twee belangrike finansiële besluite ten uitvoer te bring en om die beginsels soos in die module vervat, te herbeklemtoon.

Die twee besluite raak die opening van 'n bankrekening en die verkryging van behuising. In hierdie verband word die prosedure verduidelik wat gevolg moet word om 'n bankrekening te open, om vir 'n behuisingsubsidie en staatswaarborg aansoek te doen en om vir staatsbehuising in aanmerking te kom. Wenke aangaande kontraksluiting word ook oorgedra.

Die beginsels onderliggend aan die module word met behulp van 'n transparant en 'n opsomming oorgedra. Die transparant bevat die akroniem "DISCIPLINE" wat staan vir:

- Debts can destroy you
- Interest makes you pay much more than double
- Success comes from managing your finances well
- Celebrate life by responsible buying habits
- Include your family members when you draw up your budget
- Prioritize the expenses and needs of your household
- Live according to your income
- Involve only responsible people / institutions in your problem – stay away from sharks
- Never ignore a summons or warning letters
- Enjoy your life by using your money wisely.

4.1.1.9 Tema 9: Opsomming

Die aanbieder sluit af deur kortliks die rekrute daaraan te herinner om hul nuutverworwe kennis en vaardighede toe te pas en sodoende "money wise" te leef.

4.1.2 Module 6: Probleemoplossing

Probleemoplossing word deur verskeie outeurs, waaronder Brehm (1998:91), Carnegie & Birrel (2000) en Maree & Ebersohn (2002:86), as 'n fundamentele lewensvaardigheid beskou. Behalwe vir polisiebeamptes se persoonlike lewens, is probleemoplossing ook 'n voorvereiste vir die effektiewe uitvoering van hul gemeenskapspolisiëringstaak (Engel & Worden, 2003: 137). Hierdie toedrag van sake het dit noodsaaklik gemaak om dié betrokke onderwerp ook in die bemagtigingsproses van student-konstabels in te bring.

Die betrokke Probleemoplossingsmodule word tydens die tweede dag van die Selfbestuursprogram oor 'n tydperk van twee uur aangebied. Die temas wat daartydens gedek word, word in Tabel 4 opgesom.

TABEL 4: DIE TEMAS EN AANBIEDING VAN DIE PROBLEEMOPLOSSINGSMODULE

TEMAS	PROSEDURES EN HULPMIDDELE
1. Introduction	▪ Orientation: presenter
2 What is a decision?	▪ Exercise: "Cave rescue" or "Nuclear war" (Workbook) ▪ Completion of the exercise in small groups ▪ Feedback from the small group exercise ▪ Discussion: presenter
3. Why is it difficult to make decisions?	▪ Presentation: presenter
4 The problem solving strategy – six steps 4.1 Check your attitude 4.2 Analyse the problem 4.3 Finding alternative solutions 4.4 Decision making 4.5 Planning and implementing a solution 4.6 Evaluate whether the problem has been solved	▪ Presentation: presenter ▪ Discussion in small groups: "The problem-solving strategy – six steps" ▪ Evaluation of application of the six steps: small groups ▪ Feedback and discussion
5. Problem solving: a summary of the six steps	▪ Summary and conclusion: presenter

Die aard en aanbieding van elk van die temas soos in Tabel 4 vervat, sal vervolgens in oënskou geneem word.

4.1.2.1 Tema 1: Die aard van probleme en probleemoplossing (Inleiding)

In die aanbieding word student-konstabels eers daarvan bewus gemaak dat probleme 'n normale verskynsel is en dat daar in die module veral gelet sal word op die toepaslike prosedure wat tydens probleemoplossing gevolg moet word. In hierdie konteks word 'n probleem omskryf as 'n situasie (teenswoordig of geantisipeerd) wat 'n respons vir effektiewe en aangepaste funksionering vereis, maar waarvoor daar weens die teenwoordigheid van een of meer struikelblokke, nie onmiddellik 'n duidelike respons beskikbaar is nie (Brehm, 1998:93; McGuire, 2001:212).

4.1.2.2 Tema 2: Wat is 'n besluit?

Tema 2 neem 'n aanvang met 'n oefening waartydens die betrokkenes binne kleingroepverband 'n gegewe probleem moet oplos. Elkeen van die groepe moet dan hul voorgestelde oplossings, sowel as die stappe wat hulle gevolg het om daarby uit te kom, aan die res van die peloton verduidelik. Hierdie terugvoer word gebruik om die aard en belangrikheid van besluitneming te beklemtoon. Daar word onderskeid getref

tussen eenvoudige en komplekse besluite en dit word beklemtoon dat daar 'n sistematiese proses bestaan om by effektiewe besluitneming uit te kom.

4.1.2.3 Tema 3: Hoekom is dit so moeilik om 'n besluit te neem?

Tydens Tema 3 kry die rekrute die geleentheid om hul mening te lug oor die redes waarom dit moeilik is om besluite te neem. Hul response word aangevul met redes wat deur die aanbieder voorgehou word, soos byvoorbeeld dat 'n mens te veel advies kry, dalk te bang of emosioneel is om 'n besluit te neem of nie weet wat prioriteit is nie.

4.1.2.4 Tema 4: Die probleemoplossingstrategie: ses stappe

Met Tema 4 word daar by die kern van die module uitgekom, naamlik 'n wetenskaplike, sesstap-probleemoplossingsmodel wat in die neem van komplekse besluite gevolg moet word. Dit word aan die student-konstabels voorgehou deur middel van 'n diagram in hul werkboeke, sowel as 'n bespreking. Hulle kry die geleentheid om hul eie probleemoplossingsproses na aanleiding van die betrokke stappe te evalueer.

In die module word Dougan *et al.* (1986:75) se uiteensetting van die gewenste probleemoplossingsproses as basis gebruik. Hierdie model hou verband met en kan aangevul word deur verskeie ander outeurs se sienings oor die onderwerp. Van hierdie sienings word in Tabel 5 opgesom.

TABEL 5: MODELLE VAN PROBLEEMOPLOSSING

Maree & Ebersohn (2002:147)	**Robbins *et al.* (2003:114)**	**Cloke & Goldsmith (2000:119)**	**Brehm (1998:96)**
▪ Formuleer die probleem ▪ Stel 'n doelwit ▪ Verkry inligting ▪ Verwerk die inligting ten einde verskillende opsies te identifiseer ▪ Neem 'n besluit ▪ Evalueer die besluit	▪ Definieer die probleem ▪ Identifiseer besluitnemings-kriteria ▪ Ken gewig toe aan die kriteria ▪ Ontwikkel alternatiewe ▪ Evalueer die alternatiewe ▪ Kies die beste alternatief	▪ Bewustheid en aanvaarding van die probleem ▪ Analiseer die probleem ▪ Genereer alternatiewe ▪ Neem konkrete aksie ▪ Evalueer die resultate	▪ Definieer die probleem en jou respons ▪ Hou 'n dinkskrum t.o.v. verskillende oplossings ▪ Evalueer die opsies en kies 'n oplossing ▪ Implementeer en evalueer jou oplossings
Dougan, *et al.*(1986:175)	**Peter Drucker se model (Stroman, 1990)**	**Militêre model (Stroman, 1990)**	**Industriële model (Stroman, 1990)**
▪ Evalueer jou houding ▪ Verstaan die probleemsituasie ▪ Genereer verskeie oplossings ▪ Besluitneming ▪ Beplan en implementeer jou besluit ▪ Verifieer jou besluit	▪ Identifiseer die probleem ▪ Analiseer die probleem ▪ Ontwikkel verskeie alternatiewe ▪ Kies 'n alternatief ▪ Implementeer die oplossing	▪ Identifiseer die probleem ▪ Samel inligting in ▪ Ontwikkel aksieplanne ▪ Analiseer alternatiewe oplossings ▪ Besluit op die beste plan ▪ Implementeer en besluit ▪ Monitor en evalueer probleem	▪ Die probleem ▪ Die oorsake van die probleem ▪ Die moontlike oplossings van die probleem ▪ Die beste oplossing vir die probleem ▪ Ander aanvaarbare oplossings vir die probleem

Tydens die aanbieding word die stappe soos volg verduidelik:

- **Stap 1: Evalueer jou houding**

Tydens hierdie stap word die rekrute daarop attent gemaak dat probleme normaal is en dat hulle teen impulsiewe optrede moet waak. Daar word dus eerstens van hulle verwag om hulself te oriënteer ten opsigte van hul algemene ingesteldheid.

- **Stap 2: Verstaan die probleemsituasie**

Vervolgens word vrae soos die volgende aan die respondente gegee wat hulle kan gebruik om die probleemsituasie beter te begryp:

- Wat is die probleemsituasie?
- Wat is die komponente van die probleem?
- Hoekom word die situasie as problematies beskou?
- Wie ervaar die probleem?
- Wie word geaffekteer deur die probleem?
- Kan die probleem geïgnoreer word?

- **Stap 3: Genereer alternatiewe oplossings**

In stap 3 word die tegniek van 'n dinkskrum aan die student-konstabels voorgehou. Dan word daar van hulle verwag om met soveel as moontlik alternatiewe oplossings vorendag te kom en om die evaluering daarvan uit te stel tot die volgende stap.

- **Stap 4: Besluitneming**

Tydens die vierde stap moet elke oplossing geëvalueer word. Dit geskied deur 'n kriterium vas te stel en 'n moontlike lang- sowel as die korttermyngevolg vir elke oplossing te bedink. Op grond hiervan moet daar dan tot 'n besluit oorgegaan word.

- **Stap 5: Beplan en implementeer jou besluit**

Nadat daar op 'n oplossing besluit is, is die volgende stap die implementering daarvan. Daar moet onmiddellik tot aksie oorgegaan word om die oplossing in kleiner aksiestappe op te deel en hierdie kleiner stappe te evalueer.

- **Stap 6: Verifieer jou besluit**

Die laaste stap in die proses is om seker te maak of die probleem opgelos en almal gelukkig met die uitkomste is. Indien die probleem nie opgelos is nie, moet hulle besin oor wat verkeerd gegaan het en weer hul plan heroorweeg. Indien daar nie 'n ander plan beskikbaar is nie, moet hulle teruggaan na stap 4 en hul tweede beste opsie oorweeg. Hierdie proses word herhaal totdat die probleem opgelos is.

4.1.2.5 Tema 5: Opsomming

Laastens word die student-konstabels daaraan herinner dat probleemoplossing 'n lewenslange proses is en dat hulle in hul taak as polisiebeampte voortdurend daarmee gekonfronteer sal word.

Indien die module suksesvol deurloop is, behoort die rekrute polisieverwante probleemoplossingsvaardighede te bemeester het. Hierdie vaardighede wat deur Stutterheim & Weyers (2004:4) gesien as die vermoë om abstrak en reflekterend te kan dink, om buigsaamheid aan die dag te lê en uiteindelik tot alternatiewe oplossings vir beide kognitiewe en sosiale probleme te kom.

4.1.3 Module 9: MIV/VIGS-bewusmaking

Die derde module van die besluitnemingskomponent fokus op een van die grootste bio-psigososiale probleme wat werknemers, en gevolglik ook werkgewers, in die gesig staar. Dit is naamlik MIV/VIGS. Hierdie faktore maak dit noodsaaklik dat 'n MIV/VIGS-gesentreerde bewusmakings- en voorkomingsprogram deel van die kapasiteitsbou van student-konstabels moet uitmaak.

Die MIV/VIGS-bewusmakingsmodule is gedeeltelik geskoei op programme van die UNAIDS, die SA Militêre Gesondheidsdiens en die South African Civil-Military Alliance (PSWS, 2002:ii). Op hul beurt is hierdie programme weer gedeeltelik gebaseer op suksesse wat in die praktyk behaal is. Die beginsels onderliggend aan hierdie suksesse sluit die volgende in:

- Daar moet aanvaar word dat kennis nie genoeg is nie. Gedragsverandering vereis relevante, gefokusde inligting, opleiding in onderhandeling en besluitnemingsvaardighede, sosiale en wetlike ondersteuning vir veilige gedrag, toegang tot voorkomingstrategieë (bv. kondome en skoon naalde) en motivering om gedrag te verander.
- Die verspreiding en risiko's van infeksies varieer binne elke gemeenskap. Derhalwe moet elke voorkomingstrategie by die behoeftes en omstandighede van elke spesifieke teikengroep aangepas word.
- Alhoewel die jeug, wat as 'n hoërrisikogroep beskou word, spesiale aandag moet geniet, behoort die totale bevolking geteiken te word.
- Vennootskappe tussen alle rolspelers, ook mense wat MIV-positief is, is noodsaaklik.
- Dit is essensieel dat leiers, insluitende politieke leiers en die bestuur van organisasies, betrokke moet raak by die proses van beleidsformulering en die inisiëring van aksiestappe om die MIV/VIGS-probleem aan te spreek.
- Dit is belangrik dat die pogings tot voorkoming en remediëring gemotiveerd en heelhartig aangepak moet word ten einde 'n betekenisvolle impak te verkry (UNAIDS, 2002:81).

Die SAPD het hom reeds in 2000 tot die bekamping van MIV/VIGS binne die organisasie verbind. In die organisasie se strategiese vyfjaarplan is daar in hierdie verband die volgende doelwitte geformuleer (SAPS, 2000):

- Die sosiale mobilisering en strategiese bewusmaking van MIV/VIGS, sowel as die kommunikasie van die relevante beleid aan werknemers van die SAPD
- Die mobilisering en organisering van relevante netwerke
- Die voorkoming van nuwe infeksies
- Die vermindering van die impak van MIV/VIGS
- Kapasiteitsbou en instandhouding van 'n MIV/VIGS-begroting binne die SAPD
- Die monitering van die impak van MIV/VIGS en Menslike Hulpbronne

Die Selfbestuursprogram se MIV/VIGS-bewusmakingsmodule vorm 'n integrale deel van die organisasie se strategiese plan. Die struktuur van hierdie daglange aanbieding en die temas wat daartydens gedek word, word in Tabel 6 weergegee.

TABEL 6: DIE TEMAS EN AANBIEDING VAN DIE MIV/VIGS-BEWUSMAKINGMODULE

TEMAS	PROSEDURES EN HULPMIDDELE
1. Introduction	▪ Presentation: Course summary, rationale and outcomes (transparencies) ▪ Icebreaker : Sixteen Candles Exercise / Find someone who (questionnaire in workbook)
2. Defining HIV and its impact	▪ Discussion: Overview of HIV/AIDS (True & false questions - transparencies) ▪ Discussion: HIV/AIDS and the immune system ▪ Discussion: Sexual Transmission (transparencies) ▪ Discussion: Global picture and impact of HIV (transparencies) ▪ Discussion: SAPS members at risk (transparency)
3. HIV Prevention	▪ Discussion: HIV infection and AIDS ▪ Complete Facts & Opinions survey (survey in workbook) ▪ Discussion: Feedback from small groups (Facts & Opinions survey in workbook) ▪ Demonstration: Presenter demonstrates male and female condom use, as well as its use during oral sex. Afterwards the recruits demonstrate the skills to rest of group (condoms & illustrations and explanations are in workbook) ▪ Discussion: Positive attitude towards the use of condoms
4. Substance abuse, HIV and STI's	▪ Group discussion and feedback: STI's, HIV and AIDS attitude and knowledge (questionnaire in workbook): ▪ Presentation: The effects of alcohol and other drugs and their relationship to behaviours that put you at risk for HIV/STI's (transparency)
5. HIV Risk assessment and prevention strategies	▪ Presentation: Introduction to risk factors ▪ Completion of questionnaire: Individual risk Assessment (questionnaire in workbook) ▪ Small group discussion & feedback on flipchart: Risk factors for HIV/STD infection (guidelines for group leaders of small groups in workbook). ▪ Feedback & discussion in bigger group: Risk factors (guidelines in workbook) ▪ Presentation: Guidelines for negotiating safer sex (transparencies) ▪ Small group discussion: Strategies for HIV Prevention and behaviour change (scenarios in workbook) ▪ Summarise: Guidelines for negotiating safer sex (transparencies) ▪ Brainstorm in small groups and discussion in bigger group: Occupational exposure and procedure to reduce the risk of HIV transmission (transparency)
6. Voluntary counselling and testing	▪ Small group discussion by two groups: Each discuss the advantages or disadvantages of voluntary testing (transparency) ▪ Feedback in bigger group and listing on flipchart: Advantages or disadvantages of voluntary testing (transparency) ▪ Discussion: The advantages and risks voluntary testing ▪ Discussion: Confidentiality re testing (transparency) ▪ Discussion: Informed consent (transparency) ▪ Discussion: Rights regarding having an HIV test (transparency) ▪ Discussion: Different kind of tests (transparency) ▪ Discussion: Care and support for people who are HIV positive (transparency) ▪ Recruit's pledge: Commitment to reduce the risk for HIV infection and other STI's (handout in workbook)
7. Review of HIV-prevention and behaviour change issues	▪ Summary: Presenter summarises the basic facts about HIV and AIDS ▪ Discussion: Risk factors regarding HIV transmission ▪ Presentation: Efficacy of using condoms ▪ Presentation: Strategies to prevent the spread of HIV and other STI's (transparencies) ▪ Written personal contract: Responsibility re effective HIV prevention with others ▪ Presentation: Conclusion

4.1.3.1 Tema 1: Oriëntering en uitkomste

Die rekrute word eerstens georiënteer ten opsigte van die rasionaal, doel en uitkomste van die module. Die transparante dui aan dat hulle aan die einde van die module:

- sal kan onderskei tussen feite en mites oor MIV en VIGS;
- sal kan identifiseer wat sy/haar persoonlike risikofaktore ten opsigte van MIV-infeksie is;
- sal kan identifiseer wat sy/haar persoonlike waardes en positiewe redes is om gesond te bly;
- sal kan beskryf wat MIV-voorkomingstrategieë is;
- sal vaardighede kan demonstreer wat MIV-infeksie verhoed;
- persoonlike verantwoordelikheid sal kan aanvaar vir sy/haar eie keuses en gedrag; en
- vaardighede sal kan demonstreer en verantwoordelikheid aanvaar vir die bevordering van goeie gesondheid vir hulself en ander (PSWS, 2002:1-3).

Die aanbieder het 'n keuse tussen twee ysbrekers in die student-konstabels se werkboeke. Die benutting daarvan bied aan al die betrokkenes die geleentheid om mekaar beter te leer ken.

4.1.3.2 Tema 2: Die aard en impak van MIV/VIGS

Alhoewel dit aanvaar word dat baie inligting aangaande MIV/VIGS en seksueel-oordraagbare siektes al waarskynlik via die media en ander kommunikasiegeleenthede aan die rekrute oorgedra is, word daar seker gemaak dat hulle wel die basiese konsepte en implikasies bemeester het. Dit word gedoen deur 'n transparant-ondersteunde aanbieding en bespreking van die oordrag, gevare en behandeling van die toestand en die mites wat daar rondom MIV/VIGS bestaan. Mites het inderdaad 'n groot invloed op persone se kennis, houding en gedrag aangaande MIV/VIGS. Voorbeelde van mites wat binne die Suid-Afrikaanse konteks bestaan, is:

- dat MIV 'n mensgemaakte siekte is wat ontwerp is om mense in derdewêreldse lande minder te maak;
- dat sekere groepe immuun is teen MIV/VIGS, soos byvoorbeeld 'n sekere groep prostitute in Uganda;
- dat ape die siekte na mense oorgedra het;
- dat kondome wat deur die regering versprei word, nie dieselfde is as dié wat 'n mens in die handel kan koop nie of dat staatsamptenare gaatjies in die kondome druk voordat dit versprei word; en
- dat seksuele omgang met 'n bejaarde vrou, 'n maagd of 'n baba MIV/VIGS kan genees (Gradwell, 2004:43;59). Laasgenoemde mite kan moontlik verbind word aan die hewige styging in die verkragting van jong meisies en babas in Suid-Afrika en dit is dus van essensiële belang dat die mites opgeklaar word (Du Plooy, 2004:18).

Die besprekings word opgesom deur die oordrag van die feite van die vrae wat in 'n vraelys vervat is. Binne die betrokke konteks word die mites van die Afrika-kultuur dikwels ook deel van dié bespreking.

Die betekenis van die afkortings MIV en VIGS word aan die studente verduidelik en word ook visueel in hul werkboeke oorgedra. Die funksie van T-helperselle en 'n kort verduideliking aangaande die werking van die immuunsisteem ten opsigte van die MI-virus word ook verduidelik.

Deelnemers word ingelig oor die maniere waarop die MI-virus oorgedra word. Oordrag deur middel van seksuele kontak word na analogie van 'n gelaaide wapen verduidelik. 'n Transparant word hierin as hulpmiddel gebruik. Statistiese data beklemtoon voorts die erns van die pandemie. Daar word beraam dat Suid-Afrika se populasie tot en met 2010 met 4.3 miljoen meer mense sou groei as dit nie vir VIGS was

nie (Van Wyk & Tshivase, 2005:65). Dit kan ook so 'n groot impak op die SAPD hê dat dit die organisasie se vermoë om 'n effektiewe diens aan die gemeenskap te lewer sal belemmer (Schönteich, 2003:1).

Daar is sekere groepe wat 'n hoër as normale risiko loop om geïnfekteerd te raak. SAPD-personeellede is een van dié groepe. Dit kan moontlik aan die volgende redes toegeskryf word:

- Uniformdraende beroepe word vanweë hul werksomstandighede soos mobiliteit en afgedeelde dienste aan groter risiko's blootgestel.
- Die oorgrote meerderheid van die manlike polisiebeamptes is in die hoërisikogroep vir MIV-infeksie, naamlik tussen 25 tot 35 jaar.
- Die aard van 'n polisiebeampte se werk stel hom/haar ook meer bloot aan nie-seksueel-oordraagbare MIV-infeksie. Die hoë risiko's waaraan 'n polisiebeampte blootgestel word, kan gesien word aan die hoeveelheid polisiebeamptes wat elke jaar vermoor word. Die moontlikheid dat 'n SAPD-lid vermoor kan word, is drie-en-'n-half keer meer as 'n lid van die publiek (Schönteich, 2003:4).

4.1.3.3 Tema 3: MIV/VIGS-voorkoming

Met die aanvang van Tema 3 voltooi elke rekruut individueel 'n meningsopnamevorm. Dit word onder andere gedoen om hulle te konfronteer met hul eie gevoelens en houdings rakende die gebruik van kondome, kommunikasie met seksuele maats en die belang van MIV-beskerming. Die meningsopnamevorm bestaan uit die volgende stellings:

- "I don't like condoms because...
- Talking to a sexual partner is hard because...
- The hardest thing about talking to someone I don't know very well but would like to be sexual with, is...
- Some concerns I have about drinking while deployed are...
- When I think about being on leave, I think of...
- When I think of home while deployed elsewhere, I think of..."

Na die voltooiing van die oop vrae verdeel hulle in kleiner groepe om moontlike antwoorde te bespreek. Daarna kry hulle geleentheid vir terugvoer aan die peloton. Al die response word op 'n blaaibord aangeteken en daarna word 'n groepbespreking deur die aanbieder gefasiliteer.

Die hele kwessie van kondoomgebruik kom daarna onder die loep. Alhoewel navorsing uitgewys het dat die betrokke onderwerp met versigtigheid hanteer moet word (vgl. Gradwell, 2004:132), blyk die korrekte gebruik van kondome 'n effektiewe manier te wees om MI-infeksie by mans en vroue te voorkom. Die module het ten doel om die deelnemers toe te rus met kennis en vaardighede rondom die korrekte gebruik van kondome vir mans en vroue.

Dit word so gedoen dat dit die betrokkenes sal motiveer tot 'n positiewe houding rakende die gebruik daarvan. Die aanbieder demonstreer die gebruik van beide kondome, asook die gebruik van kondome tydens orale seks. Bogenoemde verduidelikings word deur illustrasies in die rekrute se werkboeke ondersteun. Vrywilligers uit die groep kry daarna die geleentheid om hul nuutverworwe kennis en vaardighede toe te pas deur kondoomdemonstrasies aan die res van die klas te doen. As 'n belangrike aspek van die voorkomingsprogram word kondome onder die lede versprei. Na die aanbieding word hulle ook ingelig oor waar om kondome te kry (Gradwell, 2004:132; UNAIDS, 2002:86).

Die keuse van die individu ten opsigte van seksuele praktyke word deurlopend sterk beklemtoon. Die rekrute word daarom met praktiese voorbeelde en oefeninge toegerus oor hoe om assertief teenoor hul maats op te tree wanneer hulle gedwing word om by seksuele praktyke betrokke te raak wat nie vir hulle veilig of aanvaarbaar is nie.

4.1.3.4 Tema 4: Die misbruik van alkohol/dwelms, MIV en seksueel-oordraagbare siektes

Die doel met die aanbieding van Tema 4 is tweeledig van aard. Dit is naamlik:

- om die verhouding tussen seksuele aktiwiteite, seksueel-oordraagbare siektes en MIV onder die rekrute se aandag te bring, en
- om die negatiewe effek wat die misbruik van alkohol en dwelms op besluitneming kan hê, sowel as verhoogde seksuele risiko's wat die oordrag van seksueel-oordraagbare siektes en MIV tot gevolg kan hê, by rekrute te beklemtoon.

Deur middel van 'n vraelys en kleingroepbesprekings kry die rekrute die geleentheid om te besin oor hul eie keuses ten opsigte van MIV-infeksie of seksueel-oordraagbare siektes. Tydens die bespreking word die individu se keuse tot besluitneming baie sterk beklemtoon en dit word deurgetrek na die keuse ten opsigte van die gebruik van alkohol of dwelms, seksuele gedrag, risikogedrag, beskerming en toetsing.

Deur middel van waarnemende, biologiese en intervensie-studies is daar substansiële bewyse dat seksueel-oordraagbare siektes 'n persoon meer kwesbaar kan maak vir MIV-infeksie en die graad van infeksie verhoog by persone wat reeds MIV-positief is (Adler, 2001:105). Dit is dus van uiterste belang dat kennis aangaande seksueel-oordraagbare siektes oorgedra word.

Die module dek ook die verband tussen die misbruik van alkohol en dwelms en MIV-infeksie. Die kern-gedagte wat hiertydens oorgedra word, is dat die misbruik van alkohol en dwelms kan lei tot risikogedrag en moontlike riskante seksuele praktyke (Gradwell, 2004:133).

4.1.3.5 Tema 5: MIV-risiko-assessering en voorkomingstrategieë

Die aanbieder lei Tema 5 in met 'n kort opsomming van al die wyses waarop die MI-virus oorgedra kan word. Daarna kry rekrute die geleentheid om deur middel van 'n vraelys hul eie risiko van MIV-infeksie en die opdoen van seksueel-oordraagbare siektes te assesseer. Die vrae wat in die betrokke vraelys vervat is, sluit die volgende in:

- "How would you describe your own risk of being infected with HIV?
- How often do you have sex after drinking alcohol or using other drugs?
- Have you ever had a sexual experience that you regretted later, because you were drinking?
- How often do you use drugs, specifically drugs that you inject or shoot?
- Have you ever been told by a doctor or a nurse that you had a sexually transmitted infestation (STI), such as gonorrhoea, herpes or syphilis?"

Die rekrute kry geleentheid om binne kleingroepverband hul antwoorde te bespreek en daarna word terugvoer binne die groter groep gedoen.

Tydens die volgende stap moet die rekrute, aan die hand van scenario's in hul werkboeke, sekere aksieplanne- en stappe aanbeveel ten einde MIV-infeksie te voorkom. Hul antwoorde word aangevul

aan die hand van transparante. Dit bevat die nodige inligting rondom assertiwiteit en onderhandelingstaktieke met seksmaats oor veilige seksuele praktyke.

Die laaste gedeelte van die tema handel oor beroepsrisiko's. Die rekrute kry die geleentheid om binne pare 'n dinkskrum te hou oor die maniere waarop hulle binne die werksplek aan MIV-infeksie blootgestel kan word. Daarna word die nodige bykomende inligting deur middel van transparante aan hulle oorgedra.

4.1.3.6 Tema 6: Vrywillige toetsing en berading

Vrywillige MIV-berading en -toetsing is sleutelelemente tydens voorligtingsprogramme. Dit motiveer mense om vir MIV getoets te word en indien die uitslag positief is, verhoed dit dat die virus verder versprei en verseker dit dat die betrokkene die nodige terapeutiese hulp ontvang (UNAIDS, 2002:122). Ander voordele sluit die volgende in:

- die normalisering en destigmatisering van MIV/VIGS;
- eweknie, sosiale en gemeenskapsondersteuning;
- toegang tot kondome;
- toegang tot vroegtydige mediese behandeling vir opportunistiese siektes;
- die identifisering, voorkoming en behandeling van seksueel-oordraagbare siektes;
- voorkoming van moeder-tot-kind-oordrag en die verskaffing van moederskapdienste;
- die bevordering en fasilitering van gedragsverandering;
- die aanvaarding en hantering van MIV-status; en
- beplanning vir die toekoms (die versorging van kinders, familie, testamente, ensovoorts).

Die student-konstabels word met die aanvang van die tema in twee groepe verdeel. Elke groep kry die geleentheid om onderskeidelik die voor- en nadele van MIV-toetsing te bespreek en daarna aan die res van die groep oor te dra. Hul argumente word op 'n blaaibord aangeteken. Daarna word noodsaaklike bykomende inligting deur middel van transparante aan hulle oorgedra.

Die module dek, benewens die voordele van toetsing, ook temas soos die individu se regte, konfidensialiteit, ingeligte besluitneming en die verskillende soort toetse wat gedoen kan word.

Die uiters belangrike en sensitiewe kwessie van die ondersteuning van individue wat MIV-positief is, kom dan aan die beurt. Die deelnemers kry na afloop daarvan die geleentheid om 'n onderneming in hul werkboeke te teken waarin hulle onderneem om leiers te raak op die gebied van MIV/VIGS-bekamping.

4.1.3.7 Tema 7: Oorsig oor MIV/VIGS-voorkoming en gedragsveranderingsfaktore

Die laaste gedeelte van die aanbieding omvat 'n opsomming van die inhoud van die module. Daarin word veral klem gelê op feite aangaande MIV/VIGS, risikofaktore ten opsigte van oordrag, kondoomgebruik en voorkomingstrategieë. Ten opsigte van laasgenoemde word die neem van verantwoordelike besluite uitgelig.

Uit bogenoemde is dit dus duidelik dat die besluitnemingsvaardigheid van kardinale belang in die laasgenoemde drie modules is. Vervolgens sal daar oorgegaan tot na die bespreking van die tweede komponent wat in hierdie navorsingsproses ondersoek word, naamlik die lewensdoelkomponent.

4.2 DIE INHOUD EN BEGRONDING VAN DIE LEWENSDOELKOMPONENT SE MODULES

Die lewensdoelkomponent bestaan uit twee modules, te wete Doelwitbeplanning en Selfkennis. Die aanbieding van elke module duur ongeveer twee uur. Hul begronding, temas en aanbieding sal vervolgens afsonderlik bespreek word.

4.2.1 Module 2: Beplanning van doelwitte

Die Doelwitbeplanningsmodule word direk na die Finansiëlebestuursmodule aangebied en voltooi die eerste dag van die aanbieding van die Selfbestuursprogram. Dit is hier geplaas om as skakel tussen die finansiële inslag van die eerste module en die meer psigososiaal-gefokusde modules van die res van die program te dien. Met die beklemtoning van die aktualiseringsfunksie van individue, bied dit ook in vele opsigte die grondslag aan waarop daar verder in die ander modules voortgebou sal word.

Die module se temas en aanbieding word in Tabel 7 opgesom.

TABEL 7: DIE TEMAS EN AANBIEDING VAN DIE DOELWITBEPLANNINGSMODULE

TEMAS	PROSEDURES EN HULPMIDDELE
1. Introduction	▪ Icebreaker ▪ Orientation: The importance of goals
2. Guidelines for the formulation of goals	▪ Completion of the "Wheel of balance": Balanced goals (questionnaire in workbook) ▪ Presentation: SMART principle
3. The impact of time management on the achievement of goals	▪ Small-group discussion: The consequences of ineffective time management ▪ Presentation: Effective time management (transparency)
4. The basic principles for setting goals	▪ Discussion: Types of goals ▪ Discussion: Guidelines for goal-formulation ▪ Completion of own written goals: Importance of written, balanced goals
5. Planning life goals	▪ Discussion ▪ Exercise: Collage on own goals (magazines, pens, glue, etc.) ▪ Feedback: Share collages in small groups
6. Summary	▪ Summary and conclusion

Binne die betrokke module word doelwitbeplanningsvaardighede gesien as die individu se vermoë om strategies gewenste uitkomste te konseptualiseer en die stappe wat nodig sal wees om dit te bereik, te identifiseer (vgl. Barker, 1995:152; Darden & Gazda, 1996). Die beplanning wat hierin nodig is, word gesien as die proses om 'n probleem te identifiseer, doelwitte saam te stel, te dink oor maniere om dit te bereik en om die vordering, wat met die uitvoering daarvan gemaak word, te meet (WPDCE, 1999:26). In die module val die klem op elke individu se persoonlike doelwitformulering.

4.2.1.1 Tema 1: Die belang van doelwitte (Inleiding)

Die invalshoek van die module beklemtoon die feit dat doelwitte 'n fokus en doelgerigtheid aan mense verskaf, asook dat dit 'n kragtige manier is om 'n individu te help tot prioritisering (Maree & Ebersohn, 2002: 266). Die aanbieder moet aan die begin, volgens eie oordeel, een van twee voorgestelde ysbrekers

kies om die konsep van doelwitbeplanning aan rekrute bekend te stel. Die gewildste keuse is waar 'n groot groep gevra word om te probeer om op een stuk koerantpapier te staan. Die visualisering, beplanning en samewerking wat dit vereis, bring baie van die grondbeginsels van doelwitbeplanning by hulle tuis.

4.2.1.2 Tema 2: Riglyne vir doelwitformulering

Die volgende aktiwiteit is die voltooiing van die sogenaamde "Wheel of balance"-vraelys wat in die werkboeke vervat is. Met behulp hiervan kan die belang van 'n strewe na balans in die keuse van persoonlike en werksgerigte doelwitte (vgl. Covey, 1990:136) aan die betrokkenes oorgedra word.

Die volgende subtema fokus op die vereistes waaraan enige gekose doelwit moet voldoen. Die riglyn wat hiervoor gebruik word, is op die akroniem "SMART" gebou. Dit verteenwoordig die volgende konsepte:

- Spesifiek (**S**pecific): Hoe meer spesifiek 'n doelwit, hoe groter is die waarskynlikheid dat dit bereik sal word.
- Meetbaar (**M**easurable): Die algemene beginsel is dat 'n doelwit nie bereik kan word indien dit nie gemeet kan word nie. Dit is dus belangrik om die koste, kwaliteit, kwantiteit en tyd betrokke te kan bepaal. Hierdie vereistes is dan ook die vier aspekte wat spesifiek tydens die prestasiebeoordeling van SAPD-personeellede gemeet word.
- Bereikbaar (**A**ttainable): Die beginsel wat oorgedra word, is dat mense wat bereikbare doelwitte vir hulself stel en dit as 'n uitdaging sien, konstant beter presteer as diegene met vae of maklike doelwitte.
- Realisties (**R**ealistic): Alhoewel gestelde doelwitte moeilik bereikbaar moet wees om werklik 'n uitdaging aan die betrokkene te bied, moet dit tog haalbaar (realisties) wees. Die "R" kan ook staan vir "results orientated". Dit beklemtoon onder andere die prioriteit wat die verlangde uitkomste moet geniet.
- Volgens 'n tydraamwerk (**T**ime Frame): 'n Tersaaklike beginsel is dat 'n duidelike tydtafel vir die bereiking van die doelwit wat vir al die betrokkenes aanvaarbaar is, 'n voorvereiste vir sukses is. Vae intensies is nie voldoende nie (Maree & Ebersohn, 2002:267; Mind Tools, 2001; Nelson-Jones, 1991:106; Robbins *et al.*, 2005:136).

4.2.1.3 Tema 3: Die invloed van tydsbestuur op doelwitbereiking

Omdat effektiewe tydsbestuur 'n groot rol in die bereiking van doelwitte en 'n gebalanseerde lewenstyl speel (Covey, 1990:161), geniet dit ook kortliks aandag in die module. Die ongewensde gevolge van ondoeltreffende of afwesige tydsbestuur word eers via groepbesprekings pertinent onder rekrute se aandag gebring. Daarna word die aard van effektiewe tydsbestuur onder andere met behulp van 'n transparant oor die onderwerp aan hulle gekommunikeer.

4.2.1.4 Tema 4: Die basiese vereistes van doelwitformulering

Tema vier dek die basiese vereistes en beginsels van doelwitformulering. Die proses begin met 'n aanbieding van die tipe doelwitte wat nagestreef kan word. In hierdie verband word 'n tydskriterium gebruik om tussen kort-, medium- en langtermyndoelwitte te onderskei. Die idee word oorgedra dat

korttermyndoelwitte wel 'n belangrike korttermyn motiveerder is, maar dat 'n mens 'n langtermyn visie moet hê om na te streef (Maree & Ebersohn, 2002:266-7).

Die beginsels word geoperasionaliseer deur aan elke student-konstabel die geleentheid te bied om sy/haar doelwitte skriftelik te verwoord. Die nodige riglyne vir hoe om hierdie doelwitte realisties en bereikbaar te maak (vgl. Nelson-Jones, 1991:107) word hiertydens in 'n ietwat aangepaste vorm herhaal.

4.2.1.5 Tema 5: Die beplanning van lewensdoelwitte

In die voorlaaste tema word die rekrute die geleentheid gegee om hul persoonlike doelwitte visueel uit te beeld. Hiervoor word al die materiaal wat vir die daarstelling van 'n collage nodig is, aan hulle voorsien. Hulle het dan die geleentheid om die praktiese visualisering van hul doelwitte vrywillig met die res van die groep te deel.

4.2.1.6 Tema 6: Opsomming

Die aanbieder sluit die module af met 'n opsomming van die aard van effektiewe doelwitformulering.

4.2.2 Module 3: Selfkennis

Selfkennis vorm die tweede module van die Selfbestuursprogram se lewensdoelkomponent en word vir die eerste twee uur van die tweede dag aangebied. Die rede vir hierdie posisionering is omdat dit goed by die Doelwitbeplaningsmodule aansluit (laaste module van dag 1) en die grondslag van die daaropvolgende bemagtigingsmodules vorm. Die uitgangspunt wat in hierdie verband geld, is dat die rekrute geeneen van die ander vaardighede werklik sal kan bemeester sonder 'n grondige kennis van hulself nie (vgl. Rooth, 1995:70).

Die betrokke onderwerp is aanvanklik by die SAPD se generiese personeelkapasiteitsbouprogram ingesluit omrede dit algemeen aanvaar word dat 'n gebrek aan selfkennis bydra tot stres, verhoudingsprobleme asook personeelkonflik in die organisasie (vgl. Ask Afrika, 1997:28). Dit is ook gesien as 'n oorsaak by die gebrek aan sosiale vaardighede (Thompson, 2002:9) en die selfbeeldprobleme wat dikwels by personeel aangetref word. In hierdie verband meld Rooth (1995:70) dat "...working towards an increasingly positive self-concept is of cardinal importance: the self-concept underlies all human behaviour and can be a major motivating or inhibiting force". Deur die rekrute se selfkennis te verbeter kan hulle bemagtig word om werksverwante en alledaagse probleemsituasies meer sinvol te hanteer en op te los (Smith, 1991: module 2:10).

In die module word daar veral gefokus op die aard, belangrikheid en implikasies van 'n selfkonsep en watter rol dit binne verhoudings speel. Die onderskeie temas wat hierin gedek word, word in Tabel 8 vervat.

TABEL 8: DIE TEMAS EN AANBIEDING VAN DIE SELFKENNISMODULE

TEMAS	PROSEDURES EN HULPMIDDELE
1. Introduction	▪ Ice breaker ▪ Group discussion of self-concept/self-knowledge
2. Learning about ourselves: The Johari Window • Open self • Blind self • Hidden self • Undiscovered self	▪ Presentation: Johari Window (transparency) ▪ Group discussion: The Johari Window of an HIV positive person
3. Aspects of self-concept: • Physical self • Intellectual self-concept • Psychological self-concept • Social self-concept • Moral self-concept	▪ Presentation: Aspects of self-concept ▪ Exercise 1: Series of drawings or coat of arms (workbook) ▪ Small group discussions: Individual self-concept
4. Importance of a person's self-concept	▪ Discussion: Why self-concept is important ▪ Small group discussion. Feedback re opinions (questionnaire in workbook)
5. Summary	▪ Drawing of individual Johari Windows ▪ Summary and conclusion: Presenter

4.2.2.1 Tema 1: Die konsep van selfkennis (Inleiding)

Met die verpligte ysbreker aan die begin van die module kry die rekrute die geleentheid om hulself aan die res van die groep voor te stel na aanleiding van 'n kleur, fiktiewe karakter, blom of dier wat verteenwoordigend van hul persoonlikheid is. Hierdie oefening word verder uitgebrei deur die neerskryf van addisionele assosiasies. Dan word daar oorgegaan tot verkenning van die selfkenniskonsep. In hierdie verband word in ag geneem dat selfkennis dikwels hand aan hand met 'n persoon se selfbeeld, selfkonsep, selfaanvaarding, selfagting en selfvertroue gaan (Cilliers *et al.*, 1988:23).

4.2.2.2 Tema 2: Leer ken jouself: Die Johari Venster

Met die verkenning van die konsep van selfkennis as basis, word daar in Tema 2 by een van die kerninhoudeliks van die module uitgekom, naamlik die Johari Venster. Hierdie konstruk of model is deur Joseph Luft en Harry Ingram ontwikkel en dien as 'n baie nuttige instrument om die verskillende vlakke van selfkennis te beskryf (Kruger, 2001:25). Dit illustreer die feit dat daar bewuste sowel as onbewuste areas in 'n persoon se lewe is wat bekend of onbekend aan die individu en ander persone mag wees (Behr *et al.*, 1988:121; Thompson, 2002:9).

In die aanbieding gebruik die aanbieder 'n transparant om die Venster se basiese konsepte, te wete die oop, blinde, verborge en onontdekte self aan die student-konstabels te verduidelik. Dit kan ook bykomend aan die hand van die aanbieder se eie Johari Venster geïllustreer word.

Ten einde die konsep nog verder te verpraktiseer, word die groep gevra om terugvoer te gee oor hoe hulle dink iemand wat MIV-positief is, se Johari Venster sal lyk.

4.2.2.3 Tema 3: Aspekte van die selfkonsep

Nadat die konsep van die Johari Venster bemeester is, word daar tot verkenning van die aard en implikasies van 'n selfkonsep, ook soms 'n selfbeeld genoem, oorgegaan. Hierin word 'n selfkonsep/-beeld basies omskryf as 'n persoon se (subjektiewe) siening van sy eie karaktereienskappe. 'n Individu word voortdurend gekonfronteer met wat hy dink hy is, wat hy dink hy kan bereik, wat hy dink ander van hom dink en wat hy graag sou wou wees (Kruger, 2001:24).

In die aanbieding en daaropvolgende bespreking word 'n selfkonsep, onder andere op grond van Gerdes *et al.* (1988:87-90) se sienings, in die volgende vyf kategorieë onderverdeel:

- *Die fisieke selfkonsep:* Dit staan ook as die liggaamsbeeld bekend en het betrekking op die individu se psigologiese ervaring van sy liggaam.
- *Die intellektuele selfkonsep:* Dit omsluit 'n persoon se waarnemings van sy intellektuele vermoëns en talente.
- *Die psigologiese selfkonsep:* Dit hou verband met verskeie psigologiese eienskappe soos relatief konstante persoonlikheidseienskappe, kenmerkende emosionele toestande en bepaalde temperamentele eienskappe.
- *Die sosiale selfkonsep:* Die sosiale self het te make met die sterkte en aard van sosiale belangstellings en betrokkenheid by ander en hul reaksie teenoor die individu.
- *Die morele selfkonsep:* Dit kan omskryf word in terme van 'n persoon se waarneming in hoeverre hy aan die voorgeskrewe gedragsreëls van 'n bepaalde gemeenskap voldoen.

Die rekrute word daarna in kleiner groepe verdeel met die opdrag om elk hul eie karaktereienskappe en verwagtinge in die vorm van 'n tekening of 'n skild/familiewapen ("coat of arms") uit te beeld. Die skild moet die betrokkene se sterktes, talente en vermoëns uitbeeld en sodoende die individu se goeie eienskappe beklemtoon. Vrywilligers word dan gevra om die betekenis van hierdie uitbeeldings met die res van die kleingroep te deel.

4.2.2.4 Tema 4: Die onwikkeling, belang en verbetering van 'n selfkonsep

Daar is baie faktore wat die ontwikkeling van die selfkonsep beïnvloed (Maree & Ebersohn, 2002:37; Gerdes *et al.*, 1988:94) en tydens die module word dit, sowel as sekere eienskappe van 'n goeie of 'n swak selfkonsep, kortliks vermeld. Die klem word egter meestal op die belang van 'n goeie selfkonsep geplaas.

Aangesien daar na die vorige oefeninge 'n sterker groepkohesie en bekendheid is, kry die rekrute geleentheid om binne bekende kleingroepverband hul eerste indrukke, sowel as die verandering hiervan met mekaar te deel. Hulle kry geleentheid tot introspeksie deur 'n vraelys in hul werkboeke te voltooi en daarna kry elkeen die geleentheid om positiewe eienskappe aangaande mekaar te deel.

4.2.2.5 Tema 5: Opsomming

Die module word afgesluit met 'n opdrag dat elke rekruut, met die hulp van al die voorafgaande verworwe kennis en vaardighede, sy eie Johari Venster moet teken. Die Venster moet as 'n konstante herinnering deur die betrokkenes gehou word.

5. DIE BENUTTING VAN DIE BESLUITNEMINGS- EN LEWENSDOELKOMPONENTE VIR NON-SAPD-LEDE

Alhoewel die vyf modules van die SAPD se Selfbestuursprogram spesifiek ontwerp is om by die behoeftes en omstandighede van die organisasie se student-konstabels te pas, kan dit met die nodige (kleiner) aanpassings ook in die generiese maatskaplikewerkpraktyk benut word.

Die analise van die modules het aangetoon dat dit teoreties goed begrond is. Een van die sterk punte in hierdie verband is dat daar nie net van maatskaplikewerkteorie gebruik gemaak is nie, maar dat data van verskeie ander dissiplines ook benut is. Daar kon met sukses daarin geslaag word om al die data en beginsels tot geïntegreerde intervensie-instrumente te omskep.

Maatskaplike werkers kan met behulp van die modules mense op 'n proaktiewe en koste-effektiewe wyse met essensiële vaardighede toerus. Hierdie vaardighede sal nie net tot die individue se voordeel strek nie, maar ook tot dié van sy werkgewer en/of die breë gemeenskap.

Die waarde van die modules is nie net tot groepsgerigte kapasiteitsbou-intervensies beperk nie. Die inhoudelikes daarvan kan ook in gevallewerk benut word.

6. SLOTOPMERKINGS

Die vyf modules van die Selfbestuursprogram se besluitnemings- en lewensdoelkomponente het een oorhoofse doel nagestreef. Dit is naamlik om die SAPD se rekrute so toe te rus en te bemagtig dat hulle op 'n professionele en verantwoordelike wyse binne hul werksmilieu en in die gemeenskap sal optree. Dit moet hulle in staat stel om goeie interpersoonlike verhoudings te handhaaf en professionele kliëntediens te lewer (SAPS, 2004[d]:iii).

Na aanleiding van die analise van die modules se inhoud, aard, aanbieding en grondbeginsels, is dit duidelik dat dit goed ontwikkel en saamgestel is en aan die vereistes van die beskikbare teorie voldoen. Dit behoort dus 'n prakties betekenisvolle effek op die ontvangers se kennisvlakke, houdings en gedrag te hê. Die mate waartoe dit wel in die praktyk gerealiseer het, word in die volgende twee artikels verken.

VERWYSINGS

ADLER, M.W. 2001. ABC of AIDS. 5th ed. London : BMJ Publishing Group

ASK AFRICA. 1997. South African Police Service: Social Work Services needs assessment: research report. Pretoria : SAPS.

BARKER, R.L. 1995. The social work dictionary. 3rd ed. Washington, D.C. : National Association of Social Workers.

BEHR, B., CILLIERS, E. & MEYER, C. 1988. Tiener in die kol. Pretoria : Dibukeng

BREHM, B.A. 1998. Stress management: increasing your stress resistance. New York : Longman.

BROOKS, D.K. 1984. A life-skills taxonomy: defining elements of effective functioning through the use of the Dephi Technique. Athens, Georgia : University of Georgia. (Proefskrif - Ph.D.)

CARNEGIE, R. & BIRREL, W.R. 2000. The ability to act: strengthening people's life skills. New York : UNICEF

CILLIERS, E. ed., HERHOLDT, M., BEHR, B. & VAN DER MERWE, R. 1988. Ons gesin in die kol. Pretoria : Dibukeng.

CLOKE, K. & GOLDSMITH, J. 2000. Resolving conflicts at work. San Francisco, Calif. : Jossey-Bass.

COVEY, S.R. 1990. The seven habits of highly effective people. New York : Simon & Schuster.

DARDEN, C.A. & GAZDA, J. 1996. Life-skills ad mental health counseling. *Journal of mental health counseling*, 18(2):134, April. (8 p.). [*In* EBSCHOHost : Academic Search Elite, Full display : http://www-sa.ebsco.com] [Datum van gebruik: 3 Mei 2004].

DOUGAN, B., DENBO, R., LENAHAN, K., MAKAPELA, R.., GAMA, J. & MOUTINHO, D. 1986. Life skills for self-development. Johannesburg : National Council for Mental Health.

DU PLOOY, F.S 2004. Perceptions of HIV/AIDS prevention in Soshanguve of the role of traditional African beliefs in HIV/AIDS prev*ention*. Pretoria : University of Pretoria. (Dissertation - MA.)

ENGEL, R.S. & WORDEN, R.E. 2003. Police officers' attitudes, behaviour and supervisory influences: an analysis of problem solving. *Criminology*, 41(!):131-166.

FIN24 . 2004. Só werk skuld-administrasie. [Web:] http://www.fin24.co.za/articles/default/display_article [Datum van gebruik: 23 Oktober 2005].

FOURIE, L., CODRINGTON, G. & GRANT-MARSHALL, S. 2002. Mind over money. London : Penguin Books

FOURIE, M. 2003. Die aard, omvang en impak van mikrolenings op die maatksaplike funksionering van lede van Korrektiewe Dienste. Pretoria : Universiteit van Pretoria. (Verhandeling - MSD.)

FURNHAM, A. & ARGYLE, M. 2000. The psychology of money. London : Routledge.

GERDES, L.C., MOORE, C., OCHSE, R. & VAN EDE, D. 1988. Die ontwikkelende volwassene. 2de uitg. Durban : Butterworths

GINTER, E.J. 1999. David K. Brooks' contribution to the developmentally based life-skills approach. *Journal of mental health counseling*, 21(3):191, July. (12 p.). [*In* EBSCHOHost : Academic Search Elite, Full display : http://www-sa.ebsco.com] [Datum van gebruik: 3 Mei 2004].

GRADWELL, L. 2004. HIV/AIDS and behaviour change: from awareness to action - a study of students at the Pretoria Technikon. Pretoria : University of Pretoria. (Verhandeling - MA.)

HUISAMEN, P. 2004. 'n Evaluasie van die tydsbestuur, doelwitbeplanning en probleemoplossing kapasiteitsbouprogramme van die Suid-Afrikaanse Polisiediens. Potchefstroom : Potchefstroomse Universiteit vir CHO. (Verhandeling - MA.)

KIM, J. & GARMAN, E.T. 2004. Financial stress, pay satisfaction and workplace performance: financial education. Compensation & benefits review, 36(1):69-76, January/February.

KRUGER, J.W. 2001. 'n Impakstudie van 'n lewensvaardigheidsprogram gerig op gemeenskap/persoonsverryking deur die uitbouing van selfkennis. Johannesburg : RAU. (Verhandeling - MA.)

MAREE, K. & EBERSOHN, L. 2002. Life skills and career counselling. Sandown : Heinemann.

McGUIRE, J. 2001. What is problem solving? A review of theory, research and applications. *Criminal behaviour and mental health*, 11(4):210-235, December.

McRAE, T. 1997. Managing your own finances. London : Thomson.

MELLAN, O. 1994. Money harmony: resolving money conflict in your life and relationships. New York : Walker.

MIND TOOLS. 2001. Setting goals effectively. [Web:] http://www.mindtools.com/pggoalef.html [Datum van gebruik: 22 November 2001].

NELSON-JONES, R. 1991. Lifeskills: a handbook. London : Dotesios.

PMW **kyk** Suid-Afrika (Rep.) Polisie Maatskaplikewerkdienste

POLICE SOCIAL WORK SERVICES *see* South Africa (Rep.), Police Social Work Services.

POTGIETER, J.L. 1997. Die groen boek: finansiële beheer maak jou vry. Pretoria : Petra Finansiële Dienste.

PSWS **kyk** Police Social Work Services

ROBBINS, S.P. 2005. Essentials of organizational behaviour. 8th ed. New York : Pearson Education.

ROBBINS, S.P., ODENDAAL, A. & ROODT, G. 2003. Organisational behaviour: global and southern African perspectives. Cape Town : Pearson/Prentice Hall.

ROOTH, E. 1995. Lifeskills: a resource book for facilitators. Manzini (Swaziland) : MacMillan Boleswa Publishers.

ROOTH, E. 2000. An investigation of the enhanced relationship between participants in lifeskills courses and the environment. Pretoria : Human Sciences Research Council.

SAPD **kyk** Suid-Afrika (Rep.) Suid-Afrikaanse Polisiediens.

SAPS *see* South Africa (Rep.) South African Police Service.

SCHöNTEICH, M. 2003. A bleak outlook: HIV/AIDS and the South African Police Service. *SA crime quarterly*. (5):1-5, September.

SMITH, R. 1991. Selfwerkhandleiding in persoonsontwikkeling (Module 2). Goodwood : Rotapress.

SOUTH AFRICAN POLICE SERVICE. 2000. HIV/AIDS Strategic Plan 2000 – 2005. Pretoria : SAPS

SOUTH AFRICAN POLICE SERVICE. 2002. HIV/AIDS awareness programme. Pretoria : SAPS.

SOUTH AFRICAN POLICE SERVICE. 2004[a]. Annual report: 2003-2004. Pretoria: Government Printer

SOUTH AFRICAN POLICE SERVICE. 2004[b]. Be money wise. Pretoria : SAPS.

SOUTH AFRICAN POLICE SERVICE. 2004[c]. Life skills. Pretoria : SAPS.

SOUTH AFRICAN POLICE SERVICE. 2004[d]. Training prospectus. Pretoria : SAPS. [Web:] http://www.is.org.za/training/prospectus/vision_mission.htm [Datum van gebruik: 18 Oktober 2005].

SOUTH AFRICAN POLICE SERVICE. 2005. Annual report: 2003-2004. Pretoria: Government Printer

SOUTH AFRICAN POLICE SERVICE. Social Work Services. 2001[b]. Life skills programme. Pretoria : SAPS

STROMAN, S.D. 1990. Up-grading the problem solving skills of faculty at South Caroline State College. *Orangeburg.education*, 110(3):90-101, Spring.

STUTTERHEIM, E. & MORUANE, S. 2002. The repositioning of social work in the South African Police Service (*In* Weyers, M.L., ed. Repositioning social work within a changing environment: a collection of papers presented at the 2002 National Conference of the Joint University Committee for Social Work. Potchefstroom : School for Psychosocial Behavioural Sciences, PU for CHE. p.168-178.)

STUTTERHEIM, E. & WEYERS, M.L. 2004. Strengths-focused intervention: the new approach of the Social Work Service of the South African Police Service (SAPS). *Social work/ Maatskaplike werk*, 40(1):1-14.

SUID-AFRIKA. 1995. Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens, no. 68 van 1995. Pretoria : Staatsdrukker.

SWART, N. 1996. Personal financial management. Kenwyn : Juta.

THOMPSON, N. 2002. People skills. 2nd ed. New York : Palgrave MacMillan.

TOSELAND, R.W. & RIVAS, R.F. 2005. An introduction to group work practice. 5th ed. Boston, Mass. : Pearson.

UNAIDS. 2002. Report on the global HIV/AIDS epidemic. Geneva, Switzerland : UNAIDS. ISBN 92-1973-185-4.

VAN WYK, C. De W. & TSHIVASE, N.D. 2005. HIV/AIDS awareness and attitudes of mineworkers: a case study. *South African journal of business management*, 36(1):65-72, March. (8 p.). [*In* EBSCHOHost : Academic Search Elite, Full display : http://www-sa.ebscho.com] [Datum van gebruik: 15 September 2005].

WEYERS, M.L., ed.. 2004. The evaluation of the personnel capacity building programmes (EPCaP) research project 2001-2004: progress report to the South African Police Service and the North-West University. Potchefstroom : North-West University.

WORKING PARTY ON DEVELOPMENT COOPERATION AND ENVIRONMENT. 1999. Environmental communication: applying communication tools towards sustainable development. Paris : OECD Publications.

WPDCE **kyk** Working Party on Development Cooperation and Environment.

ARTIKEL 2

P. Huisamen & M.L. Weyers

DIE SAPD SE SELFBESTUURSPROGRAM: DIE AARD EN EFFEK VAN DIE BESLUITNEMINGSKOMPONENT OP STUDENT-KONSTABELS

Me. P. Huisamen is 'n maatskaplike werker in diens van die SAPD en prof. M.L. Weyers is verbonde aan die Skool vir Psigo-Sosiale Gedragswetenskappe: Vakgroep Maatskaplike Werk, Noordwes-Universiteit (Potchefstroom)

ABSTRACT

Background: *Primarily due to the success that was achieved by die development and implementation of a set of personnel capacity building programmes by Police Social Work Services in the 1999-2003 era, the National Commissioner of the SAPS gave instruction in 2003 that this type of service should also be extended to SAPS recruits. The result was the development of the Self-Management Programme for SAPS recruits. In 2004, a comprehensive study on this programme's overall effect and return on investment was launched. The evaluation of the decision-making component was one of the research projects within this study.*

Aim: *The primary aim of the project was to determine the short and long-term effects of the decision-making modules on the knowledge, attitudes and behaviour of the SAPS recruits.*

Methods: *Use was made of an experimental design that was supplemented by a content analysis and focus group interviews. It involved an average of 400 experimental group respondents, 120 control group members and 14 presenters.*

Results: *The triangulation of the measurements that was produced by the various scales showed that all three the modules had a practical significant short-term effect on the respondents' personal and professional lives. The focus group interviews indicated that this effect lasted for more than six months.*

1. INLEIDING

Die maatskaplike afdeling van die Suid-Afrikaanse Polisiedienst (SAPD) is in 1999 genoop om sy dienslewering met proaktiewe personeelkapasiteitsbouprogramme uit te brei. Teen Augustus 2000 was 15 sodanige programme reeds ontwikkel en is daar met die landswye implementering daarvan begin. Die groot belegging in geld, mensekrag en tyd, asook die noodsaaklikheid om verantwoording aan die organisasie se bestuur te doen, het die behoefte laat ontstaan om die effek van die programme te meet. Dit het in 2001 tot die loodsing van die omvattende Evaluation of Personnel Capacity-building Programmes 1- (EPCaP1) navorsingsprojek aanleiding gegee.

Die resultate van hierdie ondersoek het aangedui dat die programme wel 'n prakties betekenisvolle effek op die kennis, houding en gedrag van SAPD-personeel het (Weyers, 2004:vii-viii). Hierdie bevindinge, tesame met 'n verskeidenheid ander faktore, het daartoe aanleiding gegee dat die Nasionale Kommissaris van Polisie in 2003 opdrag gegee het dat 'n aangepaste vorm van die personeelkapasiteitbouprogramme deel van die basiese opleiding van al die SAPD se student-konstabels moes uitmaak. Dit het tot die ontwikkeling en implementering van die Selfbestuursprogram vir student-konstabels aanleiding gegee. Die effek van hierdie nuwe program is vanaf 2004 nagevors. Sommige van die resultate word in hierdie artikel gedek.

In hierdie uiteensetting gaan daar op die effekmeting en evaluasie van die besluitnemingskomponent van die Selfbestuursprogram gefokus word. Dié komponent bestaan uit modules oor finansiële bestuur, probleemoplossing en MIV/VIGS-bewusmaking. Om hierdie resultate in perspektief te plaas sal daar eers aan veral drie oorhoofse aangeleenthede aandag geskenk word, naamlik die agtergrond van die ontwikkeling van die Selfbestuursprogram, die belangrikste kenmerke daarvan en die navorsingsprosedure wat in die meting van die uitkomste gevolg is.

2. AGTERGROND EN ONTWIKKELING VAN DIE SELFBESTUURSPROGRAM

Die ontwikkeling van die Selfbestuursprogram kan as deel van die kontinuum van die SAPD se ontwikkeling van personeelkapasiteitsbouprogramme gesien word. Derhalwe sal daar in hierdie oorsig met die ontwikkeling van die eerste kapasiteitsbouprogramme in 1999 begin word.

Die ontstaan van formele personeelkapasiteitsbouprogramme kan na die struktureel-funksionele veranderinge in die SAPD en 'n toenemende behoefte aan proaktiewe maatskaplikewerkdienste in die post 1994-era teruggevoer word. In 1997 is Ask Africa, 'n eksterne navorsingskonsultant, genader om 'n uitgebreide ondersoek na maatskaplikewerkdienste in die SAPD te doen (Stutterheim & Moruane: 2002:172). Hulle moes spesifiek fokus op SAPD-lede se behoefte aan maatskaplikewerkdienste, die SAPD-maatskaplike werkers se persepsie van lede se behoeftes en 'n vergelyking tussen dié twee stelle persepsies. Ask Africa het hul finale navorsingsverslag in 1998 gelewer (Ask Africa, 1997).

Die navorsingsverslag het aangedui dat daar 'n duidelike behoefte aan beide reaktiewe (terapeutiese) en proaktiewe (kapasiteitsbougerigte) maatskaplikewerkdienste bestaan. Verskeie prioriteitsterreine vir proaktiewe dienslewering is geïdentifiseer. Dit het stres, alkohol-/middelafhanklikheid, finansiële probleme en personeelkonflik/-samewerking ingesluit (Ask Africa, 1997:28). Dié terreine is deur Polisie Maatskaplikewerkdienste (PMWD) se eie statistieke gesubstansieer (vgl. PSWS, 2001[3]). Tydens 'n nasionale konferensie wat in September 1999 vir al die maatskaplike werkers van die SAPD gehou is, is daar besluit om die betrokke en bykomende kapasiteitsbouprogramme te ontwikkel en te implementeer (PSWS, 1999:2). Die effek van dié programme is gedurende 2001 tot 2004 via die EPCaP1-studie geëvalueer. Dit het aangetoon dat die betrokke intervensies oorwegend 'n prakties betekenisvolle effek op personeel se kennis, houdings en gedrag gehad het (Weyers, 2004:58-9).

Die resultate van die EPCaP1-studie, tesame met 'n verskeidenheid ander faktore, het daartoe aanleiding gegee dat die Nasionale Kommissaris van Polisie in 2003 opdrag gegee het dat 'n aangepaste vorm van die personeelkapasiteitsbouprogramme deel van die basiese opleiding van al die SAPD se student-konstabels moes uitmaak. Die navorser was 'n lid van een van die werkgroepe wat gedurende September 2003 saamgestel is om dié nuwe intervensie te ontwikkel. In hul taakuitvoering het die werkgroepe die reeds bestaande, generiese personeelkapasiteitsbouprogramme as basis gebruik, maar die inhoud en aanbieding is aansienlik aangepas om in die eiesoortige behoeftes en omstandighede van student-konstabels te voorsien. Die resultaat van hierdie proses was die nuwe *"Selfbestuursprogram/ Managing Yourself Programme"* (voortaan genoem die "program") wat aan die begin van 2004 tot stand gekom het.

Die program is geskryf om aan die vereistes van die South African Qualifications Authority (SAQA) te voldoen. Dit bestaan uit nege modules wat in die vorm van werkswinkels ("workshops") aangebied word.

Dit maak vanaf Julie 2004 Tema 3 van die SAPD se Basiese Opleidingsprogram uit en word twee maal per jaar (Januarie en Julie) tydens elke nuwe inname, aan ongeveer 4000 student-konstabels per inname aangebied.

In 2004 is daar met 'n omvattende ondersoek na die effek van die nuwe program begin. By dié ondersoek, wat gerieflikheidshalwe die Evaluation of Personnel Capacity-building Programmes 2 (EPCaP2)-studie genoem is, is twee Ph.D.-studente betrek. Elkeen sou twee van die program se vier komponente hanteer. Die onderhawige navorsing maak deel van hierdie ondersoek uit.

3. DIE AARD VAN DIE SELFBESTUURSPROGRAM

Die Selfbestuursprogram is in wese 'n personeelkapasiteitsbouprogram. In die konteks van PMWD se sterktebenadering en bedryfsmaatskaplikewerk-fokus, behels so 'n program 'n gestruktureerde intervensiemeganisme wat gebruik word om personeel te bemagtig met die kennis, houdings en gedrag wat nodig is om van hulle veerkragtige ('resilient') persone te maak (vgl. Rooth: 2000:34; Thompson, 2002:xvii; Stutterheim & Weyers, 2004:10). Veerkragtigheid word in hierdie verband gesien as:

> *"...the process, capacity and outcome of successful adaptation to challenges and adversity, sustained competence under threatening circumstances and the ability to recover from trauma"* (Stutterheim & Weyers, 2004:11).

Die doel van die Selfbestuursprogram is om student-konstabels te bemagtig om 'n gebalanseerde werknemer te wees, sowel as om 'n professionele diens aan die gemeenskap te lewer. Die uitkomste van die program word soos volg geformuleer:

> "On completion of the programme the learner will be able to:
>
> - behave in a professional and responsible manner that is acceptable to the community and the organization and
> - adhere and practice human relations, customer service and organizational criteria in improving the image of the organization participate in organized group activities" (SAPS, 2004[d]:iii).

Die Selfbestuursprogram se modules kan aan die hand van Brooks se taksonomie van lewensvaardighede (Brooks, 1984:359-381; Darden & Gazda, 1996: 3-5, Ginter, 1999:191-203) in vier komponente verdeel word, naamlik:

- Komponent 1: Interpersoonlike en interaksievaardighede (Afkorting: IIV)
- Komponent 2: Gesondheidsinstandhoudingsvaardighede (Afkorting: GIV)
- Komponent 3: Besluitnemingsvaardighede (Afkorting: BV)
- Komponent 4: Lewensdoelvaardighede (Afkorting: LDV)

Soos visueel uitgebeeld in Diagram 1, bestaan die program uit nege modules wat oor 'n tydperk van vyf dae (40 kontakuur) aangebied word.

DIAGRAM 1: INDELING VAN DIE SELFBESTUURSPROGRAM VOLGENS BROOKS SE TAKSONOMIE VAN LEWENSVAARDIGHEDE MET BESONDERE BEKLEMTONING VAN KOMPONENT 3



4. DIE AARD VAN DIE BESLUITNEMINGSKOMPONENT

Volgens Brooks (1984:6) en verskeie ander outeurs wat op sy werk voortgebou het (vgl. Ginter, 1999; Darden & Gazda, 1996), omsluit lewensvaardighede al die aangeleerde vaardighede wat vir 'n effektiewe lewenswyse noodsaaklik is. Brooks het, na aanleiding van uitgebreide navorsing, al hierdie vaardighede in vier ontwikkelingsareas ("developmental life-skills areas") verdeel. Dit was die sogenaamde "human relations skills" (interpersoonlike en interaksievaardighede), "health maintenance skills" (gesondheidsinstandhoudingsvaardighede), "decision-making skills" (besluitnemingsvaardighede) en "purpose-in-life-skills" (lewensdoelvaardighede) (Ginter, 1999:196). Hierin verteenwoordig die besluitnemingsvaardighede-komponent die vermoë om 'n probleem te identifiseer, inligting daaroor te verkry, dit te analiseer en te assesseer, oplossings daarvoor te vind en dan te besluit oor die wyse waarop dit gehanteer sal word (Brooks, 1984: 377).

Drie van die Selfbestuursprogram se modules kan as besluitnemingsgesentreerd beskou word. Dit is naamlik Finansiële Bestuur (Module 1), Probleemoplossing (Module 6) en MIV/VIGS-bewusmaking (Module 9). Die inhoud en aanbieding van elk van hierdie modules sal vervolgens afsonderlik bespreek word.

4.1 DIE INHOUD EN AANBIEDING VAN DIE FINANSIËLEBESTUURSMODULE

Die behoefte aan 'n personeelkapasiteitsbou-intervensie wat op finansiële bemagtiging fokus, is reeds deur die Ask Africa-ondersoek (1997:41) van 1997 uitgewys. Die bestaan van hierdie behoefte is verder bevestig deur Polisie Maatskaplikewerkdienste (PSWS, 2001[a]) se dienslewering statistiek wat aangetoon het dat baie personeellede finansiële probleme ervaar en toenemend van sogenaamde kontantlenings ("cash loans") gebruik gemaak het om dié probleme te probeer oplos.

Ten einde die ontstaan van soortgelyke probleme by student-konstabels te voorkom was dit noodsaaklik om ook 'n module oor die bestuur van persoonlike finansies by die Selfbestuursprogram in te sluit. Hierdie module, wat die titel **"Be Money Wise"** gekry het, het ten doel om student-konstabels te onderrig in oordeelkundige finansiële beplanning en bestuur. Dit moet verseker dat hulle nie finansiële probleme ontwikkel wat negatief op hul funksionering as individue en polisielede inwerk nie en wat hul vatbaarheid vir omkopery en bedrog sal verminder.

Die module fokus veral op finansiële kundigheid, dus die vermoë om ingeligte besluite rakende die bestuur en gebruik van geld te neem (vgl. Knott, 2003). Die spesifieke leerdoelstellings en –doelwitte van die module is soos volg in die tersaaklike opleidingsdokument opgesom:

> "The learning goal of the programme is that the learner will be able to utilize acquired knowledge and skills to secure financial freedom.
>
> The learner should be able to:
> (i) identify his/her attitude towards money
> (ii) utilize acquired knowledge on budgeting
> (iii) identify ways to eliminate financial difficulties
> (iv) ensure effective planning for future financial freedom
> (v) become aware of the effect that insufficient financial management has on each individual's psycho-social functioning
> (vi) become aware of the true cost of debt
> (vii) utilize acquired knowledge to develop a mind set that would lead to success" (SAPS,2004[b]).

Die module word deur spesiaal opgeleide maatskaplike werkers aangebied. Hulle ontvang ook 'n volledige opleidingspakket bestaande uit leermateriaal, eksperiënsiële oefeninge, voorbeelde van ysbrekers, 'n aanbiedersgids en 'n aanbiedingsplan (PSWS, 2004[b]). Die module word in werkswinkelformaat aangebied en duur ongeveer ses uur. Omdat dit in Engels geskryf is, word die temas, hulpmiddele en belangrikste prosedures in dié taal weergegee.

TABEL 1: DIE TEMAS EN AANBIEDING VAN DIE "BE MONEY WISE"-MODULE

TEMAS	PROSEDURES EN HULPMIDDELE
1. Introduction	▪ Presentation: The nature of money and financial management
2. Attitudes towards money.	▪ "Attitudes towards money" (exercise in workbook) ▪ Small groups discussion ▪ Feedback from the small groups ▪ Large group discussion of theme
3. How to have money in your pocket the day before payday. 3.1 Current financial status 3.2 Clustered expenses 3.3 Who need to draw up a budget? 3.4 How to budget	▪ Presentation: Overview of personal financial situation (exercise in workbook) ▪ Presentation: List of expenses (exercise in workbook) ▪ Presentation: A budget (transparency) ▪ Presentation: Salary advice (example in workbook) ▪ Completion of monthly budget(exercise in workbook)
4. Financial difficulties 4.1 Debt management 4.2 Debt elimination 4.3 Basic principals of saving money 4.4 Resources	▪ Presentation: Debt management ▪ Role play 1 and 2 : Practise negotiation with debtor (scenario's in workbook) ▪ Presentation : Debt elimination plan (example in workbook) ▪ Group exercise : Practical tips for saving (summary in workbook) ▪ Group discussion : Resources listing (Flipchart listing)

5. Future financial freedom 5.1 Wills 5.2 Policies 5.3 Investments 5.4 Savings	▪ Presentation: Financial freedom ▪ Presentation: "Prevention is better than cure" (transparency) ▪ Group discussion: "Prevention is better than cure" (flipchart listing) ▪ Presentation: " SAVE , SAVE" (transparency)
6. Consequences of not planning 6.1 Legal and financial consequences 6.2 Psycho-social consequences	▪ Brain storm by group: Consequences of not planning (flipchart listing) ▪ Feedback by presenter: Highlights of consequeces
7 Financial fundamentals ▪ True cost of debt	▪ Presenter discussion : True cost of debt ▪ Presentation: "House hold items" (transparency) ▪ Presentation: "Owing a car" (transparency) ▪ Presentation: "Buying a house" (transparency) ▪ Discussion
8. Developing a success mindset 8.1 How to open a bank account 8.2 How to apply for a housing subsidy 8.3 How to apply for a State guarantee 8.4 How to apply for official housing 8.5 All about contracts	▪ Group discussion: The aspects of success ▪ Presentation: "Developing a success mind set" (transparency) ▪ Presentation: Practical guidelines
9. Summary	▪ Presentation: Summary and conclusion

Die module se inhoud is op verskeie beginsels geskoei. Slegs die belangrikste hiervan sal vervolgens in oënskou geneem word.

Effektiewe besluitneming word algemeen as die sleutel-suksesfaktor van doeltreffende finansiële bestuur beskou (USB, 2005). Indien 'n persoon die regte gesindheid teenoor geld openbaar, sal feitlik elke ander terrein in sy/haar lewe daarby baat (Winger & Frasca,1995:vii, 5,6; Potgieter, 1997:2). Daarom is dit gepas dat die module se eerste afdeling spesifiek oor hierdie aspek handel. Die student-konstabels kry die geleentheid om stellings te bespreek wat met hul houding teenoor geld verband hou, en tot die slotsom te kom dat geld nie gelykstaande aan geluk, liefde, mag, vryheid, selfwaarde of sekuriteit is nie (Fourie *et al*., 2002:249; Mellan, 1994:72).

McRae (1997:282) beklemtoon dat 'n mens nie sy geldsake suksesvol kan bestuur indien daar nie behoorlik rekord gehou word van sy finansies nie. Om nie te begroot nie is om indirek op 'n ramp af te stuur (Potgieter, 1997:2). Dit is dus uiters belangrik om die begrotingproses met die rekrute te deel. Met 'n voorbeeld van 'n salarisadvies in hul werkboeke, het die student-konstabels die geleentheid gekry om 'n persoonlike begroting op te stel en te analiseer. Belangrike praktiese aspekte, soos om die hele gesin by die opstel van 'n begroting te betrek, word ook gedek (Swart, 1996:25). Inligting oor verskillende soort uitgawes, soos vaste uitgawes, wisselende uitgawes, ensovoorts, word oorgedra om student-konstabels te help om hul begrotings te begryp en te laat klop. Die rol wat besluitneming in die aangaan en prioriteite van uitgawes speel, geniet hiertydens pertinente aandag.

Om skuld te maak is 'n reuseprobleem in die meeste samelewings (McRae, 1997:236). Dit wil voorkom asof skuld die moderne 'siekte' van ons tyd en ook in die SAPD geword het (vgl. Potgieter, 1997:22). Die gevolge hiervan en die proses van skuld-eliminasie is derhalwe relevant en prakties toepasbaar vir die meeste deelnemers. Behalwe vir 'n praktiese stap vir stap skuld-eliminasie-voorbeeld in hul werkboeke, kan die rekrute ook deur middel van rolspel oefen om skuldeisers korrek te hanteer.

Hoe meer skuld 'n persoon het, hoe minder kan hy spaar, want die meeste finansiële reserwes moet gebruik word om uitgawes te dek. Indien daar meer spaargeld is, sal meer fondse beskikbaar wees vir kontantaankope of om skuld af te betaal (Swart, 1996: 478). Daar is dus 'n direkte verband tussen skuld en spaar, wat die volgende tema van die module is. Die groeplede kry die geleentheid om deur middel van 'n bespreking verskillende maniere van spaar te identifiseer. Nadat hul besprekingspunte op 'n blaaibord aangeteken is, word dit met 'n inligtingstuk uit hul werkboeke aangevul. Metodes van spaar, soos byvoorbeeld beleggings, polisse en spaarrekeninge, sowel as die belang van 'n testament, word ook met die deelnemers bespreek, aangesien dit die enigste manier is om werklik finansieel onafhanklik te word (Potgieter, 1997:12).

Finansiële beplanning het 'n direkte invloed op 'n persoon se algehele funksionering (Winger & Frasca, 1995:6). Daarom kry die groep die geleentheid om deur middel van 'n dinkskrum die gevolge van swak finansiële bestuur te verken. Hul antwoorde word ook op 'n blaaibord aangeteken en met voorbeelde van psigososiale, wetlike en ander uitvloeisels van swak finansiële bestuur aangevul.

Die ware kostes betrokke wanneer items op skuld aangekoop word, word daarna deur middel van transparante aan die rekrute oorgedra. Hulle word ook gewaarsku om korttermynskuld met hoë rentekoerse (die sg. "cash loans") te vermy. Daarna word inligting aangaande die finansiële hulpbronne binne die SAPD oorgedra en student-konstabels se praktiese finansiële situasie binne die polisie in terme van behuisings- en mediese voordele gedek.

Die laaste kerntema wat in die module aandag geniet, handel oor die belangrikheid van die ontwikkeling van 'n sukses-ingesteldheid. Hierin word gefokus op deelnemers se houding rakende hul persoonlike finansies, die rol wat korrekte finansiële besluite in hierdie verband speel en die noodsaaklikheid om hierdie houdings en besluite tot praktiese uitvoering te bring.

Al die temas dra gesamentlik daartoe by om die doel van die module te bereik, naamlik om die student-konstabels met die kennis, houdings en vaardighede toe te rus wat nodig is om hul finansiële vryheid te verseker.

4.2 DIE INHOUD EN AANBIEDING VAN DIE PROBLEEMOPLOSSINGSMODULE

'n Probleemoplossingsmodule is by die program ingesluit omdat dit allerweë as 'n kern-lewensvaardigheid beskou word (vgl. Ginter, 1999:196; Maree & Ebersohn, 2002:86; Shafer, 2001:218). Dit is veral vir student-konstabels van belang omdat effektiewe probleemoplossingsvaardighede 'n voorvereiste vir effektiewe gemeenskapspolisiëring is (Engel & Worden, 2003:137) en oor die algemeen tot die produktiwiteit van werknemers bydra (Darden & Gazda, 1996:4; Smith, 1991: module 2:10). Die besondere vaardighede wat by deelnemers ontwikkel moet word, is om abstrak en reflekterend te dink, om buigbaar te wees en om na alternatiewe oplossings vir beide kognitiewe en sosiale probleme te soek (Stutterheim & Weyers, 2004:4).

Soos in die geval van al die ander modules, mag dié een ook net deur spesiaal opgeleide maatskaplike werkers aangebied word. Hierdie werkswinkel duur gemiddeld 120 minute. Die temas wat gedek word, word in Tabel 2 opgesom.

TABEL 2: DIE TEMAS EN AANBIEDING VAN DIE PROBLEEMOPLOSSINGSMODULE

TEMAS	PROSEDURES EN HULPMIDDELE
1. Introduction	▪ Orientation: presenter
2 What is a decision?	▪ Exercise: "Cave rescue" or "Nuclear war" (Workbook) ▪ Completion of the exercise in small groups ▪ Feedback from the small group exercise ▪ Discussion: presenter
3. Why is it difficult to make decisions?	▪ Presentation: presenter
4 The problem solving strategy – six steps 4.1 Check your attitude 4.2 Analyse the problem 4.3 Finding alternative solutions 4.4 Decision making 4.5 Planning and implementing a solution 4.6 Evaluate whether the problem has been solved	▪ Presentation: presenter ▪ Discussion in small groups: "The problem-solving strategy – six steps" ▪ Evaluation of application of the six steps: small groups ▪ Feedback and discussion
5. Problem solving: a summary of the six steps	▪ Summary and conclusion: presenter

Die beperkte tyd wat tydens die program aan die module afgestaan kan word, bring mee dat slegs die belangrikste komponente van suksesvolle probleemoplossing daartydens gedek kan word. Daarom word daar, ná die oorsig van die aard en verloop van die module, onmiddellik met 'n uiteensetting van die aard en implikasies van besluitneming en probleme begin. In hierdie verband word 'n probleem omskryf as enige situasie of taak (teenswoordig of geantisipeerd) wat 'n respons van aangepaste funksionering vereis, maar waarvoor daar, weens die teenwoordigheid van een of meer struikelblokke, geen effektiewe respons onmiddellik sigbaar of beskikbaar is nie (McGuire, 2001:212). Die module fokus veral op die individu se houding teenoor probleme en die struikelblokke rakende besluitneming wat tydens die probleemoplossingsproses kan voorkom.

Die module se fokus op besluitneming sluit aan by Potgieter (1998:218) se siening dat gesonde persoonlike funksionering tot 'n groot mate bepaal word deur die individu se vermoë om "goeie" besluite te kan neem. Hy of sy behoort dus die vaardigheid aan te leer om besluite te neem wat groei en onafhanklikheid sal bevorder. Hierdie konsep word deur middel van 'n bespreking oorgedra. Daarna word die groep in 'n aktiwiteit betrek waartydens 'n probleem binne kleingroepverband opgelos moet word. Hul probleemoplossingsvaardighede word aan die hand van 'n wetenskaplike probleemoplossingsmodel geëvalueer en relevante bykomende kennis word met behulp van 'n diagram, asook 'n verdere bespreking, oorgedra. Die rekrute word dus aktief in die proses van inligtingsoordrag betrek en toepaslike voorbeelde word op 'n praktiese wyse benut. Tydens hierdie proses word die belangrike rol van toepaslike besluitneming deurlopend beklemtoon.

4.3 DIE INHOUD EN AANBIEDING VAN DIE MIV/VIGS-BEWUSMAKINGSMODULE

Die laaste besluitnemingsgefokusde module van die Selfbestuursprogram handel oor MIV/VIGS. Aldus die module se uitkomste, moet die rekruut aan die einde daarvan:

- kan onderskei tussen feite en mites oor MIV en VIGS,
- kan identifiseer wat sy/haar persoonlike risikofaktore ten opsigte van MIV-infeksie is,
- kan identifiseer wat sy/haar persoonlike waardes en positiewe redes is om gesond te bly,
- kan beskryf wat MIV-voorkomingstrategieë is,

- vaardighede kan demonstreer wat MIV-infeksie verhoed,
- persoonlike verantwoordelikheid kan aanvaar vir sy/haar eie keuses en gedrag, en
- vaardighede kan demonstreer en verantwoordelikheid aanvaar vir die bevordering van goeie gesondheid vir hulself en ander (PSWS, 2002: 1-3).

Omdat die voorkoming van MIV-infeksies en die hantering van persone wat deur die virus geïnfekteer en geaffekteer is, 'n prioriteit van die SAPD is (SAPS, 2000), word agt leerure tydens die opleiding aan dié module afgestaan. Hierdie breedvoerige aandag word egter ook genoodsaak deur die feit dat, alhoewel die titel van die module net van bewusmaking melding maak, dit eintlik rekrute toerus met al die kennis, houdings en vaardighede wat nodig is om effektiewe besluite rakende risiko- seksuele gedrag te neem. Die wyse waarop hierdie oogmerk nagestreef word, word in Tabel 3 opgesom.

TABEL 3: DIE TEMAS EN AANBIEDING VAN DIE MIV/VIGS-BEWUSMAKINGSMODULE

TEMAS	PROSEDURES EN HULPMIDDELE
1. Introduction	▪ Presentation: Course summary, rationale and outcomes (transparencies) ▪ Icebreaker : Sixteen Candles Exercise / Find someone who (questionnaire in workbook)
2. Defining HIV and its impact	▪ Discussion: Overview of HIV/AIDS (True & false questions - transparencies) ▪ Discussion: HIV/AIDS and the immune system ▪ Discussion: Sexual Transmission (transparencies) ▪ Discussion: Global picture and impact of HIV (transparencies) ▪ Discussion: SAPS members at risk (transparency)
3. HIV Prevention	▪ Discussion: HIV infection and AIDS ▪ Complete Facts & Opinions survey (survey in workbook) ▪ Discussion: Feedback from small groups (Facts & Opinions survey in workbook) ▪ Demonstration: Presenter demonstrates male and female condom use, as well as its use during oral sex. Afterwards the recruits demonstrate the skills to rest of group (condoms & illustrations and explanations are in workbook) ▪ Discussion: Positive attitude towards the use of condoms
4. Substance abuse, HIV and STI's	▪ Group discussion and feedback: STI's, HIV and AIDS attitude and knowledge (questionnaire in workbook): ▪ Presentation: The effects of alcohol and other drugs and their relationship to behaviours that put you at risk for HIV/STI's (transparency)
5. HIV Risk assessment and prevention strategies	▪ Presentation: Introduction to risk factors ▪ Completion of questionnaire: Individual risk Assessment (questionnaire in workbook) ▪ Small group discussion & feedback on flipchart: Risk factors for HIV/STD infection (guidelines for group leaders of small groups in workbook). ▪ Feedback & discussion in bigger group: Risk factors (guidelines in workbook) ▪ Presentation: Guidelines for negotiating safer sex (transparencies) ▪ Small group discussion: Strategies for HIV Prevention and behaviour change (scenarios in workbook) ▪ Summarise: Guidelines for negotiating safer sex (transparencies) ▪ Brainstorm in small groups and discussion in bigger group: Occupational exposure and procedure to reduce the risk of HIV transmission (transparency)
6. Voluntary counselling and testing	▪ Small group discussion by two groups: Each discuss the advantages or disadvantages of voluntary testing (transparency) ▪ Feedback in bigger group and listing on flipchart: Advantages or disadvantages of voluntary testing (transparency) ▪ Discussion: The advantages and risks voluntary testing ▪ Discussion: Confidentiality re testing (transparency) ▪ Discussion: Informed consent (transparency) ▪ Discussion: Rights regarding having an HIV test (transparency) ▪ Discussion: Different kind of tests (transparency)

	▪ Discussion: Care and support for people who are HIV positive (transparency) ▪ Recruit's pledge: Commitment to reduce the risk for HIV infection and other STI's (handout in workbook)
7. Review of HIV-prevention and behaviour change issues	▪ Summary: Presenter summarises the basic facts about HIV and AIDS ▪ Discussion: Risk factors regarding HIV transmission ▪ Presentation: Efficacy of using condoms ▪ Presentation: Strategies to prevent the spread of HIV and other STI's (transparencies) ▪ Written personal contract: Responsibility re effective HIV prevention with others ▪ Presentation: Conclusion

Alhoewel daar baie inligting oor MIV/VIGS in die media is, is dit steeds nodig om die aard daarvan aan die begin van die module te verken. Die rede hiervoor is dat navorsing getoon het dat baie Suid-Afrikaners nog onkundig op hierdie gebied is en meestal slegs weet dat dit dodelik is en deur seksuele kontak oorgedra word (vgl. Van Wyk & Tshivase, 2005: 69). Die prakties betekenisvolle toename in rekrute se kennis wat deur die module teweeg gebring is (sien opskrif 7.5), het getoon dat dieselfde situasie by dié groep geheers het.

In die module word die aard van en mites rakende MIV/VIGS, die effek daarvan op die immuunstelsel en die oordrag van die MI-virus deur seksuele kontak, met behulp van verskeie vraelyste, transparante en groepbesprekings gedek. Daar word ook op die SAPD-lede as 'n hoërisikogroep gelet. Die redes hiervoor sluit die volgende in:

- Uniformdraende beroepe word vanweë hul werksomstandighede soos mobiliteit en afgedeelde dienste aan groter risiko's blootgestel.
- Die oorgrote meerderheid van die manlike polisiebeamptes tussen die ouderdomme 25 tot 35 jaar is in die hoërisiko-ouderdomsgroep vir MIV-infeksie.
- Die aard van polisiebeamptes se werk (bv. die hantering van die slagoffers van skietvoorvalle en ongelukke) stel hulle meer bloot aan die nie-seksuele oordraging van die MI-virus (Schönteich, 2003:4).

Die SAPD se MIV/VIGS-bewusmakingsmodule ondersteun die gebruik van kondome ten einde VIGS te voorkom en moedig 'n positiewe houding ten opsigte daarvan aan. Daarom word die hantering van kondome en vrouekondome deur die aanbieder gedemonstreer en word dit ook in die rekrute se werkboek geïllustreer. In die hantering van die tema: "HIV prevention", word klem geplaas op die individu se keuse van seksuele praktyke en hoe om laerisiko-praktyke tot uitvoering te bring. So word hulle geleer hoe om assertief teenoor hul maats op te tree wanneer hulle gedwing word om in seksuele praktyke betrokke te raak wat nie veilig of aanvaarbaar is nie.

Tema vier fokus op gedrag wat die risiko van MIV-infeksies kan verhoog. Die gebruik van alkohol en dwelms is ingesluit omdat daar gevind is dat dit riskante seksuele praktyke aanmoedig (Gradwell, 2004:133). Daar is ook gevind dat die teenwoordigheid van seksueel-oordraagbare siektes 'n persoon meer kwesbaar vir MIV-infeksie maak en dat dit die graad van infeksie verhoog by iemand wat alreeds MIV-positief is (Adler, 2001:105). Deur die gebruik van vraelyste en kleingroepbesprekings kry die student-konstabels geleentheid om oor hul eie keuses ten opsigte van MIV-infeksie en seksueel-oordraagbare siektes na te dink.

In tema vyf word inligting oor ander risiko's, verantwoordelikhede en die hantering van blootstelling aan MIV-infeksie in die werksplek deur middel van 'n visueel-verbale bespreking oorgedra. Ná afloop

van die module weet die student-konstabels wat die regte prosedure in geval van beroepsrisiko's is ten einde hulself of 'n kollega te help.

Die kwessie van vrywillige berading en toetsing word tydens tema ses breedvoerig met die groep bespreek. Dit dek onder andere die individu se regte ten opsigte van toetsing, die voor- en nadele daaraan verbonde en die tipe toetse wat gedoen kan word. Gesamentlik stel dit die individu in staat om 'n ingeligte besluit rakende toetsing te kan neem. In die tema word daar ook gelet op toepaslike houdings teenoor persone wat MIV-positief is en word rekrute die geleentheid gebied om vrywillig 'n onderneming te teken waartydens hulle hul verbind om leiers op die gebied van MIV/VIGS-voorkoming te raak.

5. DIE NAVORSINGSONTWERP EN -PROSEDURE

Die ondersoek waarop hierdie uiteensetting gegrond is, is nasionaal by al die SAPD-Opleidingskolleges geloods en student-konstabels van alle rasse en geslagte is geteiken. Die ontwerp wat hiertydens gebruik en die prosedure wat gevolg is, sal vervolgens aandag geniet.

5.1 DOELSTELLINGS

Die kerndoelstellings van die ondersoek was:

- om te bepaal of die modules van die besluitnemingskomponent van die Selfbestuursprogram aan die vereistes vir sodanige intervensies voldoen;
- om met behulp van 'n empiriese ondersoek die effek van die modules op student-konstabels te meet; en
- om, aan die hand van die resultate wat met die teoretiese en empiriese ondersoek verkry is, riglyne vir die verbetering van die modules en aanbieding daar te stel.

5.2 NAVORSINGSONTWERP

Daar is van 'n klassieke eksperimentele navorsingsontwerp, ook bekend as die 'randomised pretest-posttest control group design' (Fouche & De Vos, 2002:147), gebruik gemaak. Vir elk van die modules, het die eksperimentele groep uit ongeveer 400 en die kontrolegroep uit ongeveer 120 ewekansig geselekteerde student-konstabels bestaan.

5.3 NAVORSINGSPROSEDURE

Die proses wat in die ondersoek gevolg is, kan in ses stappe verdeel word. Dit is naamlik die literatuurstudie, die ontwerp en toetsing van meetinstrumente, die meting van die intervensies se korttermyneffek, die meting van die modules se langtermyneffek, die bepaling van die intervensies se opbrengs op belegging ("return on investment/ROI") en die voltooiing van die navorsingsverslae. Die kerninhoud van elk van hierdie stappe word vervolgens weergegee.

5.3.1 Stap 1: Die literatuurstudie

Ten einde die inhoud en aanbieding van die gegewe modules te kon evalueer en met die formulering van die meetinstrumente te help, is daar eerstens 'n omvattende literatuurstudie na hul teoretiese begronding en die

aard van lewensvaardighede, program-aanbieding en program-evaluasie onderneem. Die bronne wat hiertydens geraadpleeg is, het SAPD-dokumentasie, navorsingspublikasies, boeke, tydskrifte van Suid-Afrikaanse en buitelandse oorsprong en internetgebaseerde databasisse ingesluit. Benewens maatskaplikewerkbronne, is literatuur vanuit aanverwante dissiplines soos bestuur, opvoedkunde, kriminologie en psigologie geraadpleeg. Deur die verkreë data met die inhoud en aanbieding van die modules te vergelyk, kon daar bepaal word dat die betrokke intervensies wel aan teoretiese vereistes voldoen.

5.3.2 Stap 2: Die ontwerp en toetsing van die meetinstrumente

'n Totaal van 14 vraelyste moes vir die ondersoek na die effek van die besluitnemingskomponent ontwerp word. Dit het bestaan uit die vraelyste wat per module tydens die voor- en natoetsing van onderskeidelik die eksperimentele en kontrolegroepe gebruik sou word. Hierdie vier sogenaamde 'KHG-vraelyste' is ontwerp om die verandering in die twee groepe se kennisvlakke, houdings en gedrag (KHG) voor en na afloop van die intervensie te meet. Deur van 'n stelsel van geheime kodes gebruik te maak kon elke respondent se twee vraelyste met mekaar verbind word sonder om die betrokkene se identiteit bekend te maak.

Die tweede stel meetinstrumente het uit 'n aanbiedings- en 'n aanbiedersevaluasievraelys bestaan. Hul ontwerp is gebaseer op soortgelyke vraelyste wat met sukses tydens die vorige EPCaP-studie gebruik is (Huisamen, 2004:185-8).

Die prosedure wat in die ontwikkeling en verifiëring van die meetinstrumente gebruik is, is die volgende:

- As eerste stap is data, afkomstig uit die literatuurstudie en vorige EPCaP-studie, tesame met die inhoudelike van die nuwe modules gebruik om konsep-vraelyste te ontwerp.
- Ten einde die verstaanbaarheid van die nuwe vraelyste te bepaal is dit op 4 Junie 2004 aan vyf evalueerders voorgelê. Dié evalueerders is persoonlik deur die navorser gewerf en het uit twee polisie-konstabels, 'n onlangse skoolverlater, 'n polisie-maatskaplike werker en 'n Afrikaans onderwyser bestaan (sien Addendum 20a). Alhoewel die betrokkenes die vraelyste oor die algemeen positief ervaar en as verstaanbaar beskou het, het hul response aangedui dat bepaalde vrae en skale verder aangepas moes word.
- Die aangepaste vraelyste is vanaf 21 tot 24 Junie 2004 tydens fokusgroepe met 'n paneel van deskundiges bespreek. Dié paneel het uit drie maatskaplikewerk-dosente, twee polisie-maatskaplike werkers en een sielkunde-dosent bestaan (sien Addendum 20b). Die doel van die fokusgroepe was om die relevantheid, asook inhouds- en kriteriumgeldigheid (vgl. Jackson, 2003:44-5; Creswell, 2003:157-8) van elke vraag en skaal te bepaal. Hierdie proses het tot die indringende verandering van verskeie skale gelei.
- Al die vraelyste is daarna tydens 'n omvangryke loodsondersoek getoets. Die ondersoekgroep het uit vier pelotonne student-konstabels bestaan wat vanaf 26 tot 30 Julie 2004 die Selfbestuursprogram by die Pretoria en Oudtshoorn SAPD-Opleidingskolleges deurloop het. Gemiddeld 131 respondente per module is hierby betrek. Al die data wat hiertydens gegenereer is, is in oorleg met die Statistiese Konsultasiedienste van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) en met behulp van die SASS rekenaarpakket (SASS Institute Inc., 1999) geanaliseer. Die resultate is gebruik om die vraelyste finaal vir die hoofondersoek voor te berei.

5.3.3 Stap 3: Die meting van die intervensies se korttermyneffek

Die hoofondersoek na die korttermyneffek van elk van die modules het vanaf 24 tot 29 Januarie 2005 by al sewe die SAPD-Opleidingskolleges, wat op daardie stadium met basiese opleiding in die land gemoeid was, plaasgevind (sien opskrif 5.4). Die data wat hiertydens ingesamel is, is daarna aan volledige statistiese analise onderwerp en geïnterpreteer.

5.3.4 Stap 4: Die meting van die intervensies se langtermyneffek

Die langtermyneffek van die intervensies is vanaf 1 tot 19 Augustus 2005, dus ongeveer sewe maande na die aanvanklike aanbiedings, met behulp van fokusgroepe bepaal. Die data wat hiertydens ingesamel is, is daarna ook geanaliseer en geïnterpreteer.

5.3.5 Stap 5: Die bepaling van die intervensies se opbrengs op belegging

Al die data wat tydens die meting van die modules se lang- en korttermyneffek ingesamel is, is gekombineer met bykomende inligting wat vanaf die SAPD en ander bronne bekom is om hul opbrengs op belegging ("return on investment/ROI") te bepaal (sien Artikel 4).

5.3.6 Stap 6: Die voltooiing van navorsingsverslae

Die laaste stap van die navorsingsproses het uit die teboekstelling van die navorsingsresultate en -implikasies bestaan.

5.4 ONDERSOEKGROEPE

Daar was gemiddeld 546 respondente by die effekmeting van elke module betrokke. Dit het bestaan uit 400 lede van eksperimentele groepe, 120 van kontrolegroepe, die 14 maatskaplike werkers wat die program-aanbiedings hanteer het en die 12 lede van fokusgroepe. Dié deelnemerskorps verteenwoordig 12.9% van die totale populasie van 4 249 rekrute wat in Januarie 2005 opleiding ontvang het (sien Addendum 22). Dit is in lyn met 'n steekproefgrootte van 10% tot 14% wat gewoonlik vir ondersoeke van dié omvang gestel word (Strydom & De Vos, 1998:192-3).

Die eksperimentele en kontrolegroepe is op 'n gestratifiseerde, ewekansige wyse geselekteer (vgl. Strydom, 1999:55,69; Zechmeister & Posavac, 2003:11). Die stratifikasie het daaruit bestaan dat die vier opleidingskolleges waaruit lede vir die eksperimentele groep getrek sou word, so verteenwoordigend as prakties moontlik van geografiese areas van Suid-Afrika moes wees. Dit sou meehelp om die demografiese kenmerke van respondente (soos bv. taal- en kultuurverspreiding) verteenwoordigend van die totale rekruut-populasie te maak. Die lede van die kontrolegroep sou dan uit die oorblywende drie opleidingskolleges geselekteer word wat ook demografies verspreid moes wees. Dié kolleges moes ook bereid wees om die aanbieding van hul Selfbestuursprogram met 'n week uit te stel om die kontrolegroepe te akkommodeer. Die resultaat van hierdie proses, tesame met die getal pelotonne wat uit elke kollege getrek is, word in Tabel 4 opgesom.

TABEL 4: SELEKTERING VAN OPLEIDINGSKOLLEGES EN GETAL PELOTONNE

PROVINSIE	KOLLEGE	EKSPERIMENTELE GROEP (PELOTONNE)	KONTROLEGROEP (PELOTONNE)
Gauteng	Pretoria	4 Pelotonne	
	Jakkalsdans	2 Pelotonne	
Wes-Kaap	Philippi		2 Pelotonne
	Oudtshoorn	4 Pelotonne	
	Graaff-Reinet		2 Pelotonne
Oos-Kaap	Bisho	4 Pelotonne	
KwaZulu-Natal	Chatsworth		1 Peloton

Al die pelotonne is op 'n ewekansige wyse geselekteer. Die 14 vanaf die Pretoria-, Jakkalsdans-, Oudtshoorn- en Bisho-Opleidingskolleges het gemiddeld 400 eksperimentelegroeplede per module opgelewer. Hierteenoor het Graaff-Reinet, Chatsworth en Philippi se vyf pelotonne wat die kontrolegroep gevorm het, gesamentlik uit 120 rekrute bestaan. Hulle het op dieselfde tydstip as die eksperimentele groep hul vraelyste voltooi sonder om aan die program blootgestel te word. Dit is eers 'n week later vir hulle aangebied.

In die beoordeling van die graad waartoe die ewekansig geselekteerde deelnemers as verteenwoordigend van die populasie beskou kan word, is daar van drie primêre kriteria gebruik gemaak. Dit was onderskeidelik die mate waartoe hul getal-, geslag- en rassamestelling persentasiegewys met dié van die kolleges en die populasie ooreen gestem het. In dié beoordeling is daar van die standpunt uitgegaan dat 'n kategoriepunt-verskil (dus 10% +) beduidend sou wees, terwyl 'n verskil van tussen 5% en 9.9% as klein en onder 5% as onbeduidend beskou moes word.

Die getalverspreiding van eksperimentele en kontrolegroepe in terme van opleidingskolleges word in Tabel 5 opgesom.

TABEL 5: VERSPREIDING VAN EKSPERIMENTELE EN KONTROLEGROEPE IN TERME VAN OPLEIDINGSKOLLEGES

KOLLEGES	OUDTS-HOORN	PRETORIA	BISHO	JAKKALS-DANS	GRAAFF-REINET	CHATS-WORTH	PHILIPPI	ONG.*	TOTAAL (n)
Kolleges se populasie	374 (8.8%)	1 978 (46.55%)	783 (18.43%)	169 (3.98%)	347 (8.17%)	143 (3.37%)	455 (10.71%)		4 249 (100%)
Potensiële eksperimentele groep	374 (11.32%)	1 978 (59.87%)	783 (23.7%)	169 (5.12%)					3 304 100%
Potensiële kontrole-groep					347 (36.72%)	143 (15.13%)	455 (48.15%)		945 100%
Module 1: Finansiële Bestuur									
Eksperimentele groep	108 (25.96%)	170 (40.87%)	138 (33.17%)						416 (100%)
Kontrole-groep					30 (25.21%)	32 (26.89%)	56 (47.06%)	1 (0.84%)	119 (100%)

Module 6: Probleemoplossing									
Eksperimentele groep	107 (26.42%)	102 (25.19%)	138 (34.07%)	58 (14.32%)					405 (100%)
Kontrolegroep						48 (45.28%)	57 (53.77%)	1 (0.94%)	106 (100%)
Module 9: MIV/VIGS-bewusmaking									
Eksperimentele groep	106 (28.04%)	134 (35.45%)	137 (36.24%)					1 (0.26%)	378 (100%)
Kontrolegroep					28 (23.14%)	35 (28.93%)	58 (47.93%)		121 (100%)

** Ongespesifiseerd op databasis*

Die genoodsaakde gebruikmaking van pelotonne as meganisme vir die selektering van respondente, tesame met wisselende pelotongroottes, het meegebring dat daar persentasiegewys beduidende verskille tussen die groepe se groottes en die kolleges se populasies voorgekom het. Omdat die groepe egter vanoor die hele land se kolleges getrek is, behoort hierdie verskille in groepgroottes nie 'n ingrypende negatiewe invloed op die verteenwoordigendheid van die metings te hê nie. Hul uiteindelike ras- en geslagsamestelling sou hiervoor as 'n belangriker indikator dien.

Die kriteria van ras en geslag is vir die doeleindes van die ondersoek dikwels saam gebruik en bespreek. Daarom word die betrokke verspreidings in die eksperimentele en kontrolegroepe saam met dié van die totale populasie van die opleidingskolleges in Tabel 6 vervat.

TABEL 6: VERSPREIDING VAN EKSPERIMENTELE EN KONTROLEGROEPE IN TERME VAN RAS EN GESLAG

GROEPE	SWART MAN	SWART VROU	BRUIN MAN	BRUIN VROU	WIT MAN	WIT VROU	INDIËR MAN	INDIËR VROU	TOTAAL (n)
Totale Kolleges-populasie	2 833 (66.67%)	910 (21.42%)	310 (7.3%	113 (2.66%)	43 (1.01%)	20 (0.47%)	19 (0.45%)	1 (0.02%)	4 249 (100%)
Module 1: Finansiële Bestuur									
Eksperimentele groep	268 (64.58%)	83 (20%)	38 (9.16%)	16 (3.86%)	6 (1.45%)	2 (0.48%)	2 (0.48%)	0 (0.00%)	415 (100%)
Kontrolegroep	75 (63.03%)	14 (11.76%)	13 (10.92%)	11 (9.24%)	2 (1.68%)	3 (2.52%)	1 (0.84%)	0 (0.00%)	119 (100%)
Module 6: Probleemoplossing									
Eksperimentele groep	264 (65.19%)	75 (18.52%)	39 (9.63%)	16 (3.95%)	6 (1.48%)	3 (0.74%)	2 (0.49%)	0 (0.00%)	405 (100%)
Kontrolegroep	62 (57.94%)	14 (13.08%)	12 (11.21%)	12 (11.21%)	3 (2.8%)	3 (2.8%)	1 (0.93%)	0 (0.00%)	107 (100%)
Module 9: MIV/VIGS-bewusmaking									
Eksperimentele groep	235 (62.17%)	75 (19.84%)	37 (9.79%)	16 (4.23%)	6 (1.59%)	2 (0.53%)	4 (1.06%)	2 (0.53%)	378 (100%)
Kontrolegroep	76 (62.81%)	14 (11.57%)	13 (10.74%)	11 (9.09%)	2 (1.65%)	3 (2.48%)	0 (0.00%)	2 (1.65%)	121 (100%)

** Totale mag verskil na aanleiding van die getal respondente wat 'n gegewe item voltooi het*

Daar was baie sterk ooreenkomste tussen die ras- en geslagsamestelling van die ondersoekgroepe en dié van die populasie en geen groep het die 10%-afwykingskerf oorskry nie. Waar klein verskille (5%-9.9%) wel voorgekom het, was dit meestal te wyte aan die opleidingskolleges wat geselekteer is. So byvoorbeeld was bruin vrouens ietwat oorverteenwoordig in kontrolegroepe omdat Philippi-Kollege, wat 'n groot hoeveelheid bruin rekrute het (sien Addendum 22), geselekteer is.

Die feit dat die ewekansig geselekteerde eksperimentele en kontrolegroepe se ras- en geslagsamestelling verteenwoordigend van die totale kollege-populasie is, bring mee dat daar met redelike sekerheid gesê kan word dat die uiteindelike metings as verteenwoordigend van die totale rekruut-populasie beskou kan word.

5.5 DATA-INSAMELINGSINSTRUMENTE

Die uniekheid van die Selfbestuursprogram en sy modules het meegebring dat daar nie van gestandaardiseerde vraelyste of skale gebruik gemaak kon word nie. Gevolglik moes totaal nuwe meetinstrumente ontwikkel en gestandaardiseer word.

In die standaardiseringsproses is konsep-vraelyste eers aan leke-evalueerders voorgelê. Daarna is dit deur 'n paneel deskundiges onder hande geneem en laastens is die aangepaste vraelyste in 'n omvattende loodsondersoek gebruik en verder aangepas. Die resultaat van hierdie omvangryke proses was dat net een van die 31 skale wat in die onderhawige ondersoek gebruik is, nie oor 'n aanvaarbare Cronbach alpha koëffisiënt (afgekort met "CA" of α) beskik het nie (sien Tabel 7). Die betrokke skaal se gebrek aan betroubaarheid het meegebring dat dit nie gebruik kon word om die bestaan of afwesigheid van verandering te bewys nie (vgl. Elmes *et al.*, 2003:59-60, 144-5; Zechmeister & Posavac, 2003:194-7). Hierdie probleem is op twee wyses oorbrug. Dit was om die resultate van sy individuele vrae as indikatore van effek te benut en om van triangulering gebruik te maak.

Hilton (2002) definieer triangulering soos volg: "Triangulation in research refers to the combination of two or more theories, data sources, methods, or investigators in one study of a single phenomenon to converge on a single construct." Die doel hiervan is " to capture a more complete, holistic and contextual portrayal and reveal the varied dimensions of a given phenomenon" (Hilton, 2002), asook om die konstantheid van die metings te toets (Patton, 2002:248).

In die ondersoek is daar veral van die sogenaamde intra-metode ('intra-method") (Sarantakos, 1998:168), ook genoem die binne-metode ('within-method') (Bryman, 2003) van triangulering gebruik gemaak. Dit behels die benutting van meervoudige instrumente om dieselfde verskynsel, naamlik die effek van die program, te meet en om die resultate met mekaar in verband te bring (Mark, 1996:220; Patton, 2002:556,559-560, Ritchie, 2003:46). Hierdie proses het nie net die tekortkominge van individuele skale oorbrug nie, maar ook die resultate van al die skale geïntegreer.

In die ondersoek is daar van vier tipes vraelyste en skedules gebruik gemaak. Die eerste was die sogenaamde KHG-vraelyste. Met uitsondering van die MIV/VIGS-metings het elkeen twee kennis-, een houdings- en een gedragskaal bevat en is deur beide die eksperimentele en kontrolegroepe voltooi. Die MIV/VIGS-vraelys het voorsiening gemaak vir 'n addisionele houdingskaal. Die module se aanbiedingsevaluasievraelys het uit drie skale bestaan. Dit het onderskeidelik die waarde, sinvolheid en

kwaliteit van die module-aanbieding gedek en is slegs deur lede van die eksperimentele groepe voltooi. Die derde vraelys, te wete die aanbiedersevaluasievraelys, is deur die maatskaplike werkers voltooi wat die betrokke modules aangebied het. Dit is slegs as 'n sekondêre meetinstrument benut deurdat dit nie aan dieselfde hoëvlak statistiese analise as die ander onderwerp kon word nie. Daar is vierdens 'n skedule ontwerp wat tydens die fokusgroep-besprekings benut is. Dit was veral op die KHG-vraelyste en die sinvolheidskaal se inhoud gegrond en daarop gemik om die langtermyneffek van die modules op 'n gesistematiseerde wyse te bepaal. Die wyse waarop al die instrumente binne die konteks van triangulering met die meting van die program-uitkomste verband hou, word in Diagram 2 uitgebeeld.

DIAGRAM 2: DIE SAMESTELLING VAN VRAELYSTE EN WYSE WAAROP TRIANGULERING IN DIE ONDERSOEK BENUT IS



Die aard en inhoudelike van die data-insamelingsinstrumente sal vervolgens van nader beskou word.

5.5.1 Die KHG-vraelyste

Alhoewel sogenaamde 'KAB'- of 'KAP' (knowledge, attitudes and behaviour and/or practices) –analises nog skaars is in maatskaplike werk, word dit alreeds vir 'n geruime tyd in opvoedingsgerigte navorsing op die gesondheids-, opvoedkundige, ekonomiese en maatskaplike bemarkingsterreine benut (Berger *et al.*, 1994; Mitchell & Kaufman, 2002; Donati *et al.*, 2000; WPDCE, 1999; Weinreich, 1999). Die betrokke tipe ondersoeke is gegrond op die beginsel dat menslike funksionering in drie dimensies verdeel kan word, naamlik die kognitiewe (denke), affektiewe (emosies/gevoelens) en konatiewe (gedrag) (Thompson, 2002:xvii). In KHG (kennis, houding, gedrag) –ondersoeke word daar, onder andere, van die standpunt uitgegaan dat die drie dimensies verwant is, maar nie noodwendig liniêre verbande toon nie. So het talle ondersoeke al getoon dat verandering in een dimensie nie noodwendig tot verandering in 'n ander aanleiding gee nie (bv. 'n toename in kennis verander nie noodwendig houdings nie) of dat die bewerkstelliging van 'n verandering in een dimensie (bv. houdings) nie noodwendig 'n voorvereiste vir verandering in 'n ander dimensie (bv. gedrag) is nie (vgl. Akade, 2001:248-251; McCann & Sharkey, 1998: 268-9; Elkind, 1993: 171).

Aan die hand van die program-inhoud en literatuurstudie is daar vir die onderhawige ondersoek skale ontwerp wat die deelnemers se sogenaamde 'objektiewe' en 'subjektiewe' kennis (Skale 1 & 2), asook

houdings (Skaal 3) en bestaande/beoogde gedrag (Skaal 4) meet. In die MIV/VIGS-vraelys is 'n vyfde skaal bygevoeg. Dit het spesifiek op respondente se gevoelens rakende MIV/VIGS-verwante aangeleenthede gefokus en as 'n toevoeging tot die bestaande houdingskaal gefunksioneer.

Ten einde die kennis-komponent effektief te meet moes daar op twee fasette van hierdie dimensie gefokus word. Eerstens is die respondente se bemeestering van die feitelike kennis van die onderwerpe getoets. Die objektiewe kennisskaal was dus in wese 'n kennistoets. Hierteenoor het die subjektiewe kennisskaal op die respondente se persepsie van hul kennisvlakke gefokus (Jarvis, 1990:190,249,332). Hulle moes dus hierin 'n (subjektiewe) self-evaluasie van hul kennis van bepaalde onderwerpe maak deur vrae soos "My knowledge of debt management can be described as " (sien Addendum 13) te beantwoord.

In die vraelyste is daar oorwegend van Likert-tipe vrae gebruik gemaak. Hierdeur kon die verskil in die respondente se bestaande (in die geval van voortoetse) en nuwe (in die geval van natoetse) kennis, houdings en gedrag gemeet word. Die vraelyste is, in die geval van die eksperimentele groep, aan die begin en einde van elke dag geadministreer. Die kontrolegroepe het op dieselfde tydstip soortgelyke voor- en natoetsvraelyste by ander opleidingsentra voltooi. Sodoende is potensiële omgewingsinvloede verdiskonteer en kon die netto-effek van die modules (intervensie/onafhanklike veranderlike) op die eksperimentele groep bereken word.

In die geval van die natoets by die eksperimentele groep, is 'n tweede gedeelte by die vraelys gevoeg. Dit het bestaan uit vrae waardeur die betrokke deelnemers die algehele waarde (Skaal 5), sowel as die sinvolheid van die module (Skaal 6), moes evalueer.

5.5.2 Die aanbiedingsevaluasievraelys

Een aanbiedingsevaluasievraelys is vir die totale EPCaP2-ondersoek ontwikkel. Dit het uit 23 vrae bestaan wat in vyf afdelings verdeel is. Die eerste vier afdelings het die vier subskale van Skaal 7 uitgemaak en het die volgende omsluit:

- Afdeling 1: Evaluasie van die aanbieder (Subskaal 7.1)
- Afdeling 2: Evaluasie van die aanbieder se aanbiedingsvaardighede (Subskaal 7.2)
- Afdeling 3: Evaluasie van die leerproses (Subskaal 7.3)
- Afdeling 4: Evaluasie van die konteks waarin die program aangebied is (Subskaal 7.4)
- Afdeling 5: Algemeen *(Lengte van die program, tempo van aanbieding, en die balans tussen voordragte en groepsdeelname).*

Die doel van hierdie vraelys was om te bepaal in watter mate die aard en kwaliteit van die aanbieding 'n invloed op die module-effek gehad het. Al die lede van die eksperimentele groep het die betrokke vraelys direk na afloop van die aanbieding voltooi.

5.5.3 Die aanbiedersevaluasievraelys

Die maatskaplike werkers wat die module aangebied het, het deur middel van die aanbieders-evaluasievraelys hul eie aanbiedingsvermoë en vaardighede, asook die sinvolheid van die module, geëvalueer. Hulle kon ook daarop geskrewe aanbevelings vir die verbetering van die program maak.

Om vergelykings moontlik te maak is die betrokke vraelys grootliks op die aanbiedings-evaluasievraelys geskoei. Gevolglik het dit uit die volgende afdelings bestaan:

- Afdeling 1: Selfevaluasie van die aanbieder (*kennis, entoesiasme en vermoë om deelnemers betrokke te maak, moeilike leerstof te verduidelik en materiaal met leerders se kennisvlak in verband te bring)*
- Afdeling 2: Evaluasie van die aanbiedingsvaardighede
- Afdeling 3: Evaluasie van die leerproses
- Afdeling 4: Evaluasie van die konteks waarin die program aangebied is
- Afdeling 5: Evaluasie van die waarde en sinvolheid van die module
- Afdeling 6: Algemeen *(lengte van die program, tempo van aanbieding, balans tussen voordragte en groepsdeelname, kommentaar en aanbevelings oor die inhoud en aanbieding van die onderskeie modules en algemene kommentaar)*

5.5.4 Fokusgroepe

Die langtermyneffek van die modules is ses tot sewe maande na die aanvanklike aanbieding daarvan deur middel van fokusgroepe bepaal (sien opskrif 7.2). Die rede vir die keuse van hierdie navorsingstegniek is dat sodanige groepe as besonder effektief vir die bepaling van verskillende houdings, gevoelens, ervarings en reaksies rakende 'n gegewe onderwerp beskou word (Gibbs, 1997:1).

Die instrumente wat tydens die evaluasie van die besluitnemingskomponent benut is, het gesamentlik meer as 203 900 individuele metings opgelewer. Die wyse waarop dié data verwerk is, word vervolgens in oënskou geneem.

5.6 DIE PROSEDURE EN FORMULES WAT IN DATAVERWERKING BENUT IS

Al die statistiese data wat ingesamel is, is in oorleg met die Statistiese Konsultasiedienste van die Noordwes-Universiteit en met behulp van die SAS-rekenaarprogrampakket (SAS Institute Inc., 1999) geanaliseer. Hierin moes veral drie vrae opeenvolgings beantwoord word. Dit was of die skale op 'n *betroubare* wyse gemeet het, of die vrae *geldig* was en of *verandering* gemeet kon word. Die data wat deur die fokusgroepe gegenereer is, is in temas en tendense gegroepeer en met die interpretasie van die statistiese data geïntegreer.

5.6.1 Die berekening van betroubaarheid

Om die *betroubaarheid* van die tersaaklike meetinstrumente te bepaal is die Cronbach se alpha koëffisiënt (waar van toepassing verkort met "Cronbach alpha" of bloot "α") van elke skaal/subskaal bereken (Gravetter & Forzano, 2003:455). Hierin is 'n telling van 0.5 of hoër as 'n aanvaarbare betroubaarheidskoëffisiënt geneem (vgl. Jackson, 2003:87-91).

In die onderhawige ondersoek het slegs een van die 31 skale (Skaal 1 van Module 1: Finansiële Bestuur) 'n Cronbach alpha-waarde onder 0.5 gehad. Gevolglik kon slegs die effekgrootte van die individuele vrae in hierdie skaal as indikatormetings gebruik word.

5.6.2 Die berekening van geldigheid

Die gesigs-, inhouds- en kriteriumgeldigheid (vgl. Jackson, 2003:44-5; Creswell, 2003:157-8; Elmes *et al.*, 2003:55-9) van individuele vrae is deur middel van leke-evalueerders, 'n paneel deskundiges en 'n omvattende loodsondersoek bepaal en verhoog. Die resultate van die hoofondersoek kan egter as die grootste toets hiervoor beskou word.

5.6.3 Die berekening van verandering/effek

Om prakties betekenisvolle *verandering* te kan meet, is daar van Cohen se d as formule vir die berekening van effekgroottes ("d") gebruik gemaak (Cohen, 1988: 20-7; Steyn, 2000:1-3) Die motivering vir hierdie stap is soos volg:

- As gevolg van die feit dat dit in die onderhawige ondersoek moontlik was om 'n ewekansige steekproef te trek kon die gekose respondente as 'n subpopulasie van die beplande teikenpopulasie beskou word. Die gevolg was dat daar deur middel van inferensiële statistiek na die teikenpopulasie veralgemeen kon word (Steyn, 1999:1-2) en dat die berekening van statistiese beduidendheid (bv. p-waardes) moontlik was.
- Om vas te stel of die program in die praktyk die kennis, houdings en gedrag van SAPD-personeel sal verander, is daar wel van die gestandaardiseerde verskil as effekgrootte gebruik gemaak (vgl. Gravetter & Forzano, 2003:454). Dit behels die verskil tussen die twee gemiddeldes (of gemiddeldes vanaf 'n gegewe waarde) gedeel deur die standaardafwyking (Spatz, 2001:74). Volgens Steyn (2000:3) is dit 'n natuurlike maatstaf om uitsprake van beduidendheid te kan maak.

Die eerste stap in die bepaling van die effek van die program was om die d-waardes van die skale en vrae soos dit op die eksperimentele groep alleen betrekking gehad het, te bereken. Hierdeur kon bepaal word watter invloed die intervensie *binne* die groep uitgeoefen het. Die formule wat hiervoor gebruik is, was die volgende:

$$d = \frac{\mu_{diff}}{\sigma_{diff}}$$

Waar:

d = effekgrootte

μ_{diff} = gemiddelde verskiltelling in die eksperimentele groep (voortaan "μ_1" genoem)

σ_{diff} = standaardafwyking van verskiltellings

As tweede stap was dit nodig om te bepaal of daar prakties betekenisvolle verskille *tussen* die voor- en natoetstellings van die eksperimentele en kontrolegroepe was, oftewel in Jackson (2003:175) se woorde: "...how big a role the conditions of the independant variable play in determining scores on the dependent variable." Om dit egter te kan doen, moes daar eers bepaal word of die eksperimentele groep ("e") en kontrolegroep ("c") vóór die intervensieprogram (die onafhanklike veranderlike) genoegsaam ooreengestem het om 'n vergelyking tussen die twee moontlik te maak. Dit is gedoen deur per skaal die d-waardes van die twee groepe se voortoetsmetings te bereken en dit met mekaar te vergelyk. Dié verskil moes kleiner as 0.5 wees (in gevalle van groter verskille sou 'n kovariansie- analise noodsaaklik wees). In die ondersoek het al die tersaaklike skale dié toets geslaag. Pocock *et al.* (2002, 2924) het

aangetoon dat, waar vir voortoetstellings gekorrigeer word, dit in elk geval beter is om 'n kovariansie-analise op natoetse te doen as om bloot na verskille te kyk.

Daarna is daartoe oorgegaan om die 'netto-verandering' wat per skaal deur die program bewerkstellig is, te bereken. Hiervoor is daar van Cohen se formule vir die berekening van effekgroottes tussen twee groepe gebruik gemaak. Dié formule vir d (effekgrootte) is die volgende (Cohen, 1988: 20-7; Steyn, 2000:1-3):

$$d = \frac{|\mu_1 - \mu_2|}{\sqrt{MSE}}$$

Waar:

d	=	effekgrootte
μ_1	=	gemiddelde verskiltelling in die eksperimentele groep (e)
μ_2	=	gemiddelde verskiltelling in die kontrolegroep (c)
$\mu_1 - \mu_2$	=	verskil tussen gemiddelde verskiltellings
MSE	=	gemiddelde kwadraatfout ('mean square error') van die ANCOVA

Die volgende riglyne geld vir die beoordeling van alle d-waardes:

- d =0.2: dui 'n klein effek aan en impliseer dat in die geval van nuwe navorsing die eksperiment of opname liefs herhaal moet word om seker te maak of daar wel 'n effek was.
- d =0.5: dui op 'n matige of medium effek wat waarneembaar is en dalk betekenisvol mag wees. 'n Beter beplande opname of eksperiment mag in sodanige gevalle moontlik meer beduidende resultate oplewer.
- d =0.8: dui op 'n groot effek wat beduidend en van praktiese belang (dus prakties betekenisvol) is.
- Omdat daar geen absolute grense tussen d-waardes bestaan nie, is dit moontlik om van konsepte soos 'klein tot medium effek' en ''n baie groot effek' gebruik te maak (Cohen, 1969:22-5; Spatz, 2001:74-5; Steyn, 1999:3).

In die interpretasie van die data wat deur Skale 5, 6 en 7 en die ander vraelyste opgelewer is, is daar van beskrywende statistiek gebruik gemaak. Dit sal veral totale, persentasies en rekenkundige gemiddeldes behels.

6. DIE BETROUBAARHEID VAN MEETINSTRUMENTE

Daar is van Cronbach se alpha koëffisiënt (α) gebruik gemaak om die verskillende skale se betroubaarheid te bepaal (Gravetter & Forzano, 2003:455). Die resultate van hierdie proses word in Tabel 7 opgesom, terwyl die vrae wat gebruik is om die skale saam te stel in Addendums 13, 16 en 17 vervat word.

TABEL 7: CRONBACH ALPHA KOËFFISIËNT (α) VIR BETROUBAARHEID VAN MEETINSTRUMENTE

SKAAL	FASETTE EN VRAE	α [1]
Module 1: Finansiële Bestuur		
Skaal 1	*Objektiewe kennis* van finansiële bestuur	0.47
Skaal 2	*Subjektiewe kennis* van finansiële bestuur	0.91*
Skaal 3	*Houdings* rakende finansiële bestuur	0.52 *
Skaal 4	Finansiëlebestuursverwante *gedrag*	0.84*
Skaal 5	Die *waarde* van die module	0.77*
Skaal 6	Die *sinvolheid* van die module	0.91*
Module 6: Probleemoplossing		
Skaal 1	*Objektiewe kennis* van probleemoplossing	0.63*
Skaal 2	*Subjektiewe kennis* van probleemoplossing	0.93*
Skaal 3	*Houdings* rakende probleemoplossing	0.65 *
Skaal 4	Probleemoplossingsverwante *gedrag*	0.83*
Skaal 5	Die *waarde* van die module	0.82*
Skaal 6	Die *sinvolheid* van die module	0.95*
Module 9: MIV/VIGS-bewusmaking		
Skaal 1	*Objektiewe kennis* van MIV/VIGS	0.52*
Skaal 2	*Subjektiewe kennis* van MIV/VIGS	0.95*
Skaal 3a	*Houdings* rakende MIV/VIGS	0.75 *
Skaal 3b	*Gevoelens* rakende MIV/VIGS	0.71*
Skaal 4	MIV/VIGS-verwante *gedrag*	0.71*
Skaal 5	Die *waarde* van die module	0.92*
Programaanbieding		
Skaal 7	Evaluasie van die programa*anbieding*:	-
Subskaal 7.1	Evaluasie van die *aanbieder*	0.76*
Subskaal 7.2	Evaluasie van die aanbieder se *aanbiedingsvaardighede*	0.83*
Subskaal 7.3	Evaluasie van die *leerproses*	0.85*
Subskaal 7.4	Evaluasie van die *aanbiedingskonteks*	0.75*

* *Betroubare skale*

Tabel 7 toon dat slegs Skaal 1 van die Finansiëlebestuursmodule nie aan die minimum Cronbach alpha koëffisiënt van 0.5 voldoen het nie. Dié skaal se vrae sal individueel hanteer word. Al die ander skale kan as betroubaar beskou word.

[1] α =Cronbach alpha koëffisiënt

7. DIE EFFEK VAN DIE MODULES

In die meting van die modules se effek is daar van die standpunt uitgegaan dat die student-konstabels reeds in hul lewensloop 'n bepaalde vlak van kennis, sekere houdings en bepaalde praktyke en vaardighede ontwikkel het (Nelson-Jones, 1991:25). Dit sou deur middel van die voortoetse bepaal word. Die invloed van die intervensie (dus die modules) op hierdie dimensies sou daarna met behulp van die natoets bepaal word. Die statistiese prosedure wat hiertydens gevolg en die resultate wat per module behaal is, word vervolgens bespreek.

7.1 PROSEDURE WAT IN DIE METING VAN KORTTERMYNEFFEK GEVOLG IS

Om effekgroottes (Cohen se d-waarde) te kon meet, moes daar eers bepaal word of daar nie reeds voor die aanvang van die module 'n prakties betekenisvolle verskil tussen die eksperimentele en die kontrolegroepe bestaan het nie. In geeneen van die skale was dit die geval nie en gevolglik kon daar direk tot die volgende stap oorgegaan word.

Die effek van die module op die eksperimentele groep en moontlike veranderinge by die kontrolegroep is daarna met behulp van gepaarde t-toetse bepaal. Die laaste stap in die proses was om die natoetstellings van die eksperimentele en kontrolegroepe met 'n kovariansie-analise te vergelyk. Hier word die waardes gekorrigeer vir voortoetstellings om te bepaal of die eksperimentele groep in die praktyk meer as die kontrolegroep verander het.

Die eerste twee stappe van die proses se statistiek sal in die addendums vervat word. Slegs die finale stap, te wete die kovariansie-analise, se statistiek sal ter verduideliking van die effekgroottes in die artikel vervat word.

7.2 PROSEDURE WAT IN DIE BENUTTING VAN FOKUSGROEPE GEVOLG IS

Volgens Krueger (in CHED, 2001) bestaan fokusgroepe uit 'n voorafbeplande bespreking wat ontwerp word om persepsies aangaande 'n bepaalde onderwerp in 'n nie-bedreigende omgewing te bespreek. Dit word as 'n effektiewe metode in die evaluering van reeds-voltooide programme beskou (Wholey *et al.*, 2004: 7).

Die ideaal is dat 'n fokusgroep uit sewe tot tien lede sal bestaan (CHED, 2001). Verskeie oorwegings het dit egter genoodsaak om die agt fokusgroepe wat in die ondersoek gebruik is, uit gemiddeld 12 lede te laat bestaan. Die belangrikste hiervan was om die groepe so verteenwoordigend as moontlik van die universum se ras- en geslagsamestelling te maak.

Die student-konstabels wat by die fokusgroepe betrek is, is op 'n beskikbaarheidsgrondslag uit polisiestasies in die Suid-Kaap en Gauteng geselekteer. Almal moes gedurende Januarie 2005 die Selfbestuursprogram by die verskillende opleidingskolleges deurloop het en reeds besig wees met hul veldopleiding. Hierdeur kon verseker word dat die lede uit dieselfde universum as dié van die eksperimentele en kontrolegroepe getrek is en dat hulle oor genoegsame praktykervaring beskik om 'n mening oor die langermyneffek van die modules te kon vorm. Die uiteindelike samestelling van die groepe word in Tabel 8 vervat.

TABEL 8: VERSPREIDING VAN FOKUSGROEPE IN TERME VAN RAS EN GESLAG

GROEPE	SWART MAN	SWART VROU	BRUIN MAN	BRUIN VROU	WIT MAN	WIT VROU	INDIËR MAN	INDIËR VROU	TOTAAL (n)
Totale SAPD-Kollege-populasie	2 833 (66.67%)	910 (21.42%)	310 (7.3%)	113 (2.66%)	43 (1.01%)	20 (0.47%)	19 (0.45%)	1 (0.02%)	4 249 (100%)
Module 1: Finansiële Bestuur									
Fokusgroep	15 (62.5%)	7 (29.17%)	2 (8.33%)	0 (0%)	0 (0%)	0 (0%)	0 (0%)	0 (0%)	24 (100%)
Module 6: Probleemoplossing									
Fokusgroep	13 (61.91%)	0 (0%)	6 (28.57%)	2 (9.52%)	0 (0%)	0 (0%)	0 (0%)	0 (0%)	21 (100%)
Module 9: MIV/VIGS-bewusmaking									
Fokusgroep	15 (62.5%)	7 (29.17%)	2 (8.33%)	0 (0%)	0 (0%)	0 (0%)	0 (0%)	0 (0%)	24 (100%)

Uit Tabel 8 is dit duidelik dat die verteenwoordiging ten opsigte van die totale universum genoegsaam is om die resultate van die fokusgroepbesprekings as relevant te beskou. Die verteenwoordiging van swart mans, wat die grootste groep van die totale populasie uitmaak, is besonder goed en alhoewel dit wenslik is dat daar swart vrouens by al die groepe beskikbaar sou wees, sowel as Indiërs en bruin vrouens, kan die samestelling van die groepe steeds as voldoende beskou word.

Die volgende basiese prosedure is in die benutting van die fokusgroepe gevolg:

- Die lede van die fokusgroepe is vooraf van die doel en aard van die besprekings in kennis gestel.
- 'n Skedule met stimuleervrae is aan die hand van die tersaaklike module-inhoud en -vraelyste opgestel en vooraf aan elk van die deelnemers voorsien. Hulle kon ook voorlopige response op die temas skriftelik formuleer.
- Die nodige toestemming is verkry om die bespreking op band op te neem.
- 'n Opsomming van die inhoud van die module is aan die begin van die groepsessie aan die lede oorgedra.
- Daarna het die moderator, bygestaan deur 'n navorsingsassistent, die lede se belewing van die module se uitkomste, relevansie en blywende impak aan die hand van die skedule volledig verken.
- Die groepbespreking is daarna getranskribeer. Die temas wat herhaaldelik hierin na vore gekom het, tesame met dié in die geskrewe response en die notas van die navorsingsassistent, is laastens tot een geïntegreerde lys van temas en subtemas gesistematiseer (sien Addendums 8, 11 en 12).

Die resultate van die fokusgroepbesprekings sal vervolgens 'n deel van die bespreking van elke module se effek uitmaak.

7.3 DIE EFFEK VAN DIE FINANSIËLEBESTUURSMODULE

Die korttermyneffek van die Finansiëlebestuursmodule op die ontvangers se kennis, houdings en gedrag word in Tabel 9 opgesom. Die implikasies van elk van die skale se resultate sal daarna afsonderlik bespreek word. Hierin sal die klem veral op die d-waardes val.

TABEL 9: SKALE 1 TOT 4: KOVARIANSIE-ANALISE GEKORRIGEER VIR VOORTOETSTELLINGS VAN DIE FINANSIËLEBESTUURSMODULE

SKALE	n	VERSKIL VAN GEMIDDELDES	√MSE	p-TELLING	d-WAARDES
Skaal 1: Objektiewe kennis					
▪ People whose debt exceeds their ability to pay can be placed under debt administration	530	0.464	0.813	<0001	0.57*
▪ People who are placed under debt administration may still buy items on credit	533	0.625	1.007	<0001	0.62*
▪ If a person is blacklisted for bad debt, that blacklisting will last for one year	531	0.597	0.976	<0001	0.61*
▪ Money for your car's maintenance is a fixed expense	530	0.428	1.569	<0001	0.64*
▪ Buying a Lotto ticket is a variable expense	528	0.85	1.44	<0001	0.59*
Skaal 2: Subjektiewe kennis	533	1.135	0.44	<0001	2.58**
Skaal 3: Houding	533	0.257	0.266	<0001	0.97**
Skaal 4: Gedrag	516	0.813	0.294	<0001	2.76**

** Medium effek: d ≤ 0.5 **Praktiese betekenisvolle effek: d ≤0.8*

7.3.1 Die toename in objektiewe kennis

Omdat Skaal 1 as geheel net-net nie betroubaar genoeg was nie ($\alpha = 0.47$ i.p.v. 0.5), kon slegs die resultate van individuele vrae as indikatore van effek gebruik word. In hierdie verband het die vrae aangetoon dat die module daartoe geneig het om 'n medium effek op deelnemers se objektiewe kennis te hê. Hierdie tendens is deur die gepaarde t-toetse binne groepe bevestig (sien Addendum 1, Tabel 1).

Die moontlike redes vir die medium effek is verder ondersoek. Hieruit het dit geblyk dat die respondente reeds vooraf oor 'n groot mate van feitekennis rakende finansiële selfbestuur beskik het. Dit kan gedeeltelik toegeskryf word aan die feit dat die huidige student-konstabels nie noodwendig skoolverlaters is nie en dat 'n beduidende persentasie reeds ander betrekkings beklee het voordat hulle by die SAPD aangesluit het. Alhoewel hul kennis op voortoetsvlak dus reeds redelik hoog was, het die module tog 'n beduidende toename in kennis van sekere fasette van finansiële bestuur meegebring.

Die medium effek kan ook toegeskryf word aan gebreke in die skaal se vrae. Benewens die feit dat dit oor die algemeen moeilik is om objektiewe kennis te meet, het die response aangetoon dat die vrae geneig het om óf te maklik óf te moeilik te wees. Dit was gevolglik nie diskriminerend genoeg nie. Hierdie leemte in die skaal is bevestig deur die feit dat die meting van die subjektiewe kennis (Skaal 2) veel hoër was. Dit word vervolgens bespreek.

7.3.2 Die toename in subjektiewe kennis

Na aanleiding van die resultate van die kovariansie-analise is dit duidelik dat die module 'n *prakties betekenisvolle* verskil (Tabel 9: d-waarde =2.58) in die respondente se subjektiewe belewenis van hul vlak van finansiële bestuurskennis teweeg gebring het. Die eksperimentele groep was dus na die aanbieding van mening dat hul kennis aansienlik toegeneem het, terwyl geen wesentlike verskil by die kontrolegroep gemeet is nie (vgl. Addendum 1, Tabel 6).

Die moontlike redes vir die baie groot d-waarde is verder ondersoek. In hierdie verband het verskeie fokusgroeplede pertinent daarvan melding gemaak dat die aard en implikasies van konsepte soos beslagleggingsbevele, skuld-eliminasie en finansiële administrasie nuwe toevoegings tot hul kennis was. Die oorgrote meerderheid het ook aangetoon dat hul kennis rakende die aard en opstelling van begrotings aansienlik toegeneem het (Addendum 8). Uit hierdie en ander response het dit geblyk dat die module 'n gevoelde behoefte aan meer kennis by respondente bevredigend aangespreek het. Dit het ook gebreke in die skaal vir die meting van objektiewe kennis herbevestig.

7.3.3 Die verandering van houdings

Die vrae van "Skaal 3: Houdings rakende finansiële bestuur" is veral gegrond op Barker (1995:29) se siening van 'n houding as synde "...a mental predisposition or inclintation to act or react in a certain way." Die metings wat met behulp daarvan gedoen is, het aangedui dat die module 'n *prakties betekenisvolle* verskil (d-waarde = 0.97) aan respondente se houdings teenoor finansiële selfbestuur gemaak het. Dit is ook deur p-tellings en t-toetse bevestig (sien Addendum 1, Tabel 7).

Daar is tydens die fokusgroepe getrag om te bepaal watter houdings die blywendste verander het. Deelnemers het berig dat hulle nou twee keer sal dink voordat hulle geld uitgee en dat hulle besef dat geld nie geluk verseker nie. Hul houdings ten opsigte van spaar, skuld, aankope, groepsdruk en begrotings het ook aansienlik verander. Die noodsaaklikheid dat intervensies oor finansiële selfbestuur op houdingsverandering moet fokus (Santomero, 2003:4), is bevestig deur die rekrute se mening dat alle polisiepersoneel die module moet deurloop en dat dit 'n essensiële deel van die basiese opleiding van student-konstabels moet uitmaak (Addendum 8).

7.3.4 Die verandering van gedrag

Die module se primêre leerdoelwit is om rekrute se gedrag so te verander dat dit hulle finansiële vryheid sal verseker (PSWS, 2004[b]). Die resultate wat met Skaal 4 behaal is (vgl. Tabel 9 & Addendum 1, Tabel 8), het aangetoon dat die module ten volle in hierdie oogmerk geslaag het. So toon die baie groot d-waarde van 2.76 aan dat dit 'n beduidende en *prakties betekenisvolle* effek op veral die rekrute se voorgenome gedrag ("intended behaviour") (McCormack & Hill, 1997:69) gehad het.

Die mate waartoe die rekrute se voorgenome gedrag in blywende gedrag omgeskakel het, is gedeeltelik deur middel van die fokusgroepe nagevors. In hierdie verband is bevind dat die meerderheid deelnemers nou volgens die een of ander vorm van begroting werk en dat hul spaar- en aankooppatrone verander het. So word daar meer vir polisse voorsiening gemaak en kontant gekoop.

7.3.5 Die langtermyneffek van die module

Die oorhoofse resultate van die groepbesprekings en die response op individuele kernvrae kan in vyf kategorieë verdeel word. Dit is naamlik dié wat betrekking het op begrotings, swak en positiewe finansiële gedrag, die impak van die module en die algemene waarde van die Selfbestuursprogram (sien Addendum 8 vir meer besonderhede)

- **Begrotings**

Al die groeplede (student-konstabels) was van mening dat die module 'n oorweldigende toename in kennis, houding en gedrag ten opsigte van begrotings meegebring het. Sommige van hulle het vir die eerste keer geleer hoe om 'n begroting op te stel en is van mening dat dit die sleutel tot hul finansiële vryheid is. Na verloop van meer as ses maande ná die aanbieding van die module stel die meerderheid steeds 'n begroting op en probeer om daarby te hou. Sommige betrek, in teenstelling met die wyse waarop hulle self grootgeword het, selfs hul kinders by die opstelling van die begrotings.

- **Swak finansiële gedrag**

Volgens die deelnemers is hulle nou in staat om swak finansiële gedrag, soos die aankoop van artikels op skuld/krediet, die aangaan van mikrolenings en om oor die algemeen spandabelrig te leef, te identifiseer. Buiten hierdie nuwe kennis en insig wat hulle geverbaliseer het, het die meeste rekrute ook aangetoon dat hul gedrag in hierdie verband aansienlik verander het.

- **Positiewe finansiële gedrag:**

Die module het ook hul kennis, houding en gedrag ten opsigte van spaar, beleggings en polisse verander. Hulle besef dat hulle nou al vir hul aftrede moet beplan en het daadwerklike stappe gedoen om finansiële vryheid te verseker.

- **Die impak van die module**

Na 'n verloop van ongeveer sewe maande was die impak van die module op houdings en gedrag steeds baie sterk en het dit tot die vestiging van nuwe gedragspatrone by die deelnemers aanleiding gegee. Hierteenoor was dit duidelik dat hulle reeds baie van die "tegniese kennis" wat oorgedra is, vergeet het. Dit raak veral aangeleenthede waarmee hulle nie daagliks in kontak kom nie, soos byvoorbeeld beslagleggingsbevele ("garnishee orders"). Meganismes sal gevind moet word om hierdie tendens om te keer, soos om byvoorbeeld pamflette of feitekaarte oor die kernleergedeeltes aan die leerders te voorsien.

- **Waarde van die totale Selfbestuursprogram**

Die invloed en waarde van die totale Selfbestuursprogram (wat finansiële selfbestuur insluit) het ook tydens die groepbesprekings na vore gekom. Uit die bespreking het dit geblyk dat die program 'n groot invloed op veral hul motivering, selfkennis en selfvertroue gehad het. Sodoende is die deelnemers as SAPD-lede en individue bemagtig en het individuele groei tot 'n groot mate plaasgevind.

Uit die fokusgroepbesprekings kan daar tot die oorhoofse gevolgtrekking gekom word dat die module op alle terreine 'n blywende effek op deelnemers se kennis, houdings en gedrag gehad het.

7.4 DIE EFFEK VAN DIE PROBLEEMOPLOSSINGSMODULE

Die netto-effek van die Probleemoplossingsmodule op ontvangers word in Tabel 10 opgesom. Die implikasies van elke skaal se resultate sal daarna afsonderlik hanteer word.

TABEL 10: SKALE 1 TOT 4: KOVARIANSIE-ANALISE GEKORRIGEER VIR VOORTOETSTELLINGS VAN DIE PROBLEEMOPLOSSINGSMODULE

SKALE	n	VERSKIL VAN GEMIDDELDES	√MSE	p-TELLING	d-WAARDES
Skaal 1: Objektiewe kennis	509	0.365	0.479	<0001	0.76*
Skaal 2: Subjektiewe kennis	511	1.057	0.473	<0001	2.23**
Skaal 3: Houding	511	0.274	0.461	<0001	0.59*
Skaal 4: Gedrag	511	0.554	0.431	<0001	1.29**

** Medium effek: d ≤ 0.5 **Prakties betekenisvolle effek: d ≥ 0.8*

7.4.1 Die toename in objektiewe kennis

Soos met die Finansiëlebestuursmodule is daar rakende probleemoplossing tussen twee fasette van kennis onderskei, naamlik die sogenaamde objektiewe en subjektiewe kennis.

Die t-toetse op die voortoetse het aangedui dat daar nie 'n prakties betekenisvolle verskil op voortoetsvlak tussen die eksperimentele en kontrolegroepe bestaan het nie. Uit die gepaarde t-toetse binne groepe kon afgelei word dat die grootste groei in objektiewe kennis by die eksperimentele groep plaasgevind het, terwyl daar by die kontrolegroep bykans geen verandering in kennis voorgekom het nie (d =0.04) (Addendum 4, Tabel 1). Gevolglik kon daar direk oorgegaan word na die finale effekmeting, naamlik die kovariansie-analise (d-waarde).

Skaal 1 se d-waarde van 0.76 (Tabel 10) dui aan dat die Probleemoplossingsmodule 'n *medium tot groot* toename in rekrute se objektiewe kennis van probleemoplossing teweeg gebring het. Hierdie resultaat kan as bemoedigend beskou word, aangesien die module redelik moeilike en abstrakte konsepte en konstrukte verken (vgl. Goldstein, 1990:167) en as gevolg hiervan as een van die moeiliker modules van die Selfbestuursprogram beskou word.

Die inhoud van die module wat vir die deelnemers nuut was, het onder andere tydens die fokusgroepbesprekings aandag geniet. Hieruit het dit geblyk dat veral die ses stappe van die probleemoplossingsproses vir hulle 'n nuwe kennisinhoud was en dat hulle baie waarde daaruit geput het. Alhoewel van die ander inhoudelikes nie heeltemal onbekend was nie, het dit gehelp om hul kennis te sistematiseer en in perspektief te plaas. Dit was opvallend dat die deelnemers van mening was dat hul kennis toegeneem het, maar dat hulle nog nie die (abstrakte) begrippe bemeester het om dit effektief te verbaliseer nie.

7.4.2 Die toename in subjektiewe kennis

Skaal 1 se baie groot d-waarde van 2.23 (Tabel 10) toon aan dat die module 'n *prakties betekenisvolle* verskil in respondente se siening van hul probleemoplossingsverwante kennis gemaak het (sien ook

Addendum 4: Tabel 2). Hulle het dus 'n sterk gevoel van kennisbemeestering ervaar sonder dat hulle noodwendig 'n feitelike kennistoets in hierdie verband sou kon slaag.

Die diskrepansie in die meting van objektiewe kennis (Skaal 1: d =0.76) en subjektiewe kennis (Skaal 2: d =2.23) kan veral twee verklarings hê. Dit is naamlik gebreke in die skaal wat deelnemers se objektiewe kennis moes meet (dit kon bv. te "moeilike" vrae ingesluit het) en veral die feit dat die module by uitstek ontwerp is om gedrag te verander (daar word bv. nie van respondente verwag om konsepte te memoriseer nie). Dit bring mee dat daar nie 'n direkte korrelasie tussen kennistoename en 'n gevoel van kennisbemeestering is nie. Hierdie tendens kan ook verklaar waarom toenames in objektiewe kennis in al die modules laer as toenames in subjektiewe kennis gemeet het.

7.4.3 Die verandering van houdings

Die skaal wat veranderinge in respondente se houding rakende probleemoplossing gemeet het, het net 'n *medium effekgrootte* van d=0.59 opgelewer (sien Tabel 10).

Die moontlike rede vir die laer as verwagte effek is verder ondersoek. Uit 'n analise van die data waarop die metings gegrond is (sien o.a. Addendum 4: Tabel 3), het dit geblyk dat 'n beduidende aantal deelnemers reeds tydens die voormeting 'n toepaslike houding teenoor probleemoplossing gehad het. Die module kon dus nie hul houdings verander nie. Die positiewe verandering wat wel gemeet is, was afkomstig van diegene wat voor die tyd 'n negatiewe of foutiewe ingesteldheid geopenbaar het. Gegewe die grootte van die betrokke effek, kan daar tot die gevolgtrekking gekom word dat hierdie respondente se houdings op 'n redelik ingrypende wyse deur die module verander moes gewees het.

Die bogenoemde moontlike verklaring is tot 'n groot mate deur die deelnemers van die fokusgroepe bevestig. Hulle beskou nou probleemoplossing as 'n deel van hul daaglikse lewe en as 'n uitdaging wat op 'n kalm wyse benader moet word. Dit was ook opvallend dat die deelnemers 'n sterk verantwoordelikheidsbesef openbaar het. Hulle kan ook die inhoud van die module na hul daaglikse werksituasie deurtrek. Dit het die besondere relevantheid van die module vir die vaardigheidstoerusting vir polisiebeamptes verder bevestig.

7.4.4 Die verandering van gedrag

Die vierde skaal het op die meting van moontlike verandering in respondente se gedrag gefokus. Die mate waartoe dit later in die praktyk gerealiseer het, is sewe maande na die intervensie met 'n opvolgstudie (vgl. Roche, 2000:545-6) geverifieer (sien opskrif 7.4.5).

Skaal 4 se d-waarde van 1.29 (Tabel 10) dui aan dat die module 'n groot en *prakties betekenisvolle effek* op die respondente se voorgenome probleemoplossingsverwante gedrag gehad het. Uit hierdie en ander resultate (vgl. Addendum 4: Tabel 4) blyk dit dat die module by uitstek in sy primêre doel geslaag het om respondente te beweeg om na oplossings vir beide kognitiewe en sosiale probleme te soek (Stutterheim & Weyers, 2004:4) en besluite in hierdie verband tot uitvoer te bring. Die mate waartoe hierdie resultaat deel van die rekrute se mondering geword het, is deur die fokusgroepe bepaal.

7.4.5 Die langtermyneffek van die module

Die fokusgroepbesprekings en response op individuele kernvrae het 'n verskeidenheid van indikatore van die langermyneffek van die module na vore gebring. Dit kan in vier kategorieë verdeel word, naamlik dié wat betrekking het op die sesstap-probleemoplossingsmodel, houdings ten opsigte van probleme, impak op die rol as polisiebeampte en die algemene waarde van die Selfbestuursprogram. (sien Addendum 11 vir meer besonderhede)

- **Sesstap-probleemoplossingsmodel:**

Al die deelnemers het berig dat hulle vir die eerste keer tydens die module van die sesstap-probleemoplossingsmodel gehoor het. Dit het hulle veral toegerus met konkrete, praktiese kennis vir 'n abstrakte konsep soos probleemoplossing. Alhoewel sommige van mening was dat hulle die proses dalk onbewustelik gevolg het, het die teoretiese model hulle met kennis bemagtig om dit meer stapsgewys te doen. Na verloop van meer as sewe maande het sommige berig dat hulle steeds hierdie kennis in hul persoonlike sowel as professionele lewens toepas. Ander was van mening dat hulle nog nie die geleentheid gehad het om dit werklik in die praktyk toe te pas nie, aangesien hulle nog te kort met die publiek werk.

- **Houding ten opsigte van probleme:**

Die module het tot gevolg gehad dat die deelnemers besef het dat die teenwoordigheid van probleme normaal is en oor die algemeen het hulle ook 'n meer positiewe houding daarteenoor gehad. Hulle beskou dit nou as 'n uitdaging en het meer selfvertroue om dit aan te pak, in teenstelling met 'n tendens van vermyding wat hulle voor die module geopenbaar het. Hulle berig ook dat hulle nou meer bereid sal wees om te waag en volhardend na oplossings te soek. Dit wil dus voorkom asof hierdie module veral 'n impak op die vlak van houdingsverandering teweeg gebring het.

- **Impak op die rol as polisiebeampte:**

Die student-konstabels besef dat probleemoplossingsvaardighede 'n essensiële deel van 'n gemeenskapspolisiëringsbeampte se mondering uitmaak. Hulle meen dat die module besonder relevant is vir hul professionele rol, maar het berig dat hulle die kennis en vaardighede ook in hul persoonlike lewens kan toepas. Die module het hulle bemagtig om beter verhoudings te handhaaf en oor die algemeen 'n beter diens aan die publiek te lewer.

- **Waarde van die totale Selfbestuursprogram:**

Die invloed en waarde van die totale Selfbestuursprogram (wat probleemoplossing insluit) het ook tydens die groepbesprekings na vore gekom. Dit dui op die geïntegreerdheid van lewensvaardighede en soos met die bespreking van ander modules (sien Addendums 8,10 tot 12) het dit geblyk dat die totale program 'n groot invloed op veral hul motivering, selfkennis en selfvertroue gehad het. Dit het 'n toevoeging tot hul kennis, houding en gedrag meegebring wat hulle op professionele sowel as individuele vlak kon toepas.

Uit die fokusgroepbesprekings kan daar tot die gevolgtrekking gekom word dat die module steeds op die langtermyn 'n effek op die deelnemers se kennis, houdings en gedrag het.

7.5 DIE EFFEK VAN DIE MIV/VIGS-BEWUSMAKINGSMODULE

Die laaste module wat deel vorm van die besluitnemingsvaardighede-komponent van die Selfbestuursprogram, is MIV/VIGS-bewusmaking. Die doel van hierdie module is nie net om rekrute met kennis oor MIV/VIGS toe te rus nie, maar ook om hul houdings ten opsigte van die sindroom en veral hulle VIGS-verwante gedrag te verander (PSWS, 2002:6). Die mate waartoe die module in hierdie doel geslaag het, word in Tabel 11 opgesom.

TABEL 11: SKALE 1 TOT 4: KOVARIANSIE-ANALISE GEKORRIGEER VIR VOORTOETSTELLINGS VAN DIE MIV/VIGS-BEWUSMAKINGSMODULE

SKALE	n	VERSKIL VAN GEMIDDELDES	√MSE	p-TELLING	d-WAARDES
Skaal 1: Objektiewe kennis	496	0.491	0.606	<0001	0.81**
Skaal 2: Subjektiewe kennis	499	1.102	0.399	<0001	2.76**
Skaal 3a: Houding	499	0.276	0.3	<0001	0.92**
Skaal 3b: Gevoelens	492	0.311	0.273	<0001	1.14**
Skaal 4: Gedrag	495	0.652	0.275	<0001	2.36**

** Medium effek: $d \leq 0.5$ **Prakties betekenisvolle effek: $d \geq 0.8$*

7.5.1 Die toename in objektiewe kennis

Die module het 'n onverwagse groot verbetering in die rekrute se kennis van MIV/VIGS en verwante aangeleenthede tot gevolg gehad. Die rede waarom dit onverwags was, is omdat daar dikwels aanvaar word dat die Suid-Afrikaanse bevolking via hul skoolopleiding en deur verskillende vorme van die media reeds goed in hierdie verband opgelei is. Die *prakties betekenisvolle* d-waarde van 0.81, tesame met ander navorsingsdata (sien Addendum 5, Tabel 1), toon dat dit in die geval van rekrute nie so is nie.

Die fokusgroepe het ook aangedui dat die betrokke kennistoename nie net van korte duur was nie. So kon hulle na meer as ses maande steeds hul nuutverworwe kennis oor aspekte soos die korrekte gebruik van kondome, vrouekondome, MIV-oordrag van moeder-na-kind en die verskil tussen feite en mites rondom VIGS verbaliseer (Addendum 12).

7.5.2 Die toename in subjektiewe kennis

Die resultate van die kovariansie-analise en gepaardgaande *prakties betekenisvolle* d-waarde van 2.76 (Tabel 11) het bevestig dat die rekrute gevoel het die module het hulle met nuwe kennis bemagtig. Die fokusgroep se response het aangetoon dat hierdie persepsie na ses maande steeds voortgeduur het (Addendum 12).

Die rede vir die toename in objektiewe en subjektiewe kennis is moontlik in die inhoud van die module self te vind. In teenstelling met ander soortgelyke intervensies fokus dit nie net op die fisiologiese fasette van die infeksie nie. Ander aangeleenthede soos praktiese voorkomingstrategieë, faktore wat tot risikogedrag bydra en vrywillige berading en toetsing (vgl. Tabel 3) word ook in diepte gedek. Dit stel deelnemers in staat om ingeligte besluite in hul lewens te neem.

7.5.3 Die verandering van houdings en gevoelens

In die meting van die module se effek is daar, benewens die normale houdingskaal, ook 'n gevoelskaal ingesluit. Die rede hiervoor is dat MIV/VIGS 'n emosiebelaaide strydvraag geword het en dat die veranderinge in die aard en intensiteit van die betrokke emosies (vgl. Black, 1999:215) ook gemeet moes word.

Beide Skaal 3a en 3b het *prakties betekenisvolle* d-waardes van groter as 0.8 opgelewer (Tabel 11). Saam dui dit dus aan dat die module wel 'n beduidende effek op hierdie faset van die respondente se funksionering uitgeoefen het. Dit was egter opvallend dat daar wel 'n verskil in die d-waardes vir houdings (d=0.92) en gevoelens (d=1.14) was. Die rede is waarskynlik omdat daar in eersgenoemde geval veral op houdings teenoor eksterne sisteme (bv. MIV-positiewe mense) gefokus is, terwyl Skaal 3b die betrokkene se persoonlike gevoelens oor byvoorbeeld sy/haar gebruik van kondome getoets het.

Die fokusgroepe het aangetoon dat hul veranderde houdings en gevoelens nie net van korte duur was nie. So was hul houdings teenoor MIV-positiewe mense en hul gevoelens teenoor kondoomgebruik en MIV-toetsing na ses maande steeds positief. Dit was ook opvallend dat daar by hulle 'n groter bewustheid van die VIGS-pandemie en die invloed daarvan op die gemeenskap, sowel as hul eie verantwoordelikheid in die voorkoming daarvan, bestaan het (Addendum 12).

7.5.4 Die verandering van gedrag

Die finale skaal in die KHG-meting moes bepaal of die module die respondente se MIV/VIGS-verwante gedrag verander het. Die *prakties betekenisvolle* d-waarde van 2.36 (Tabel 11) dui aan dat die module by uitstek in hierdie primêre doel geslaag het.

Dit was egter 'n ope vraag of die rekrute se voorgenome gedrag in werklike gedrag uitgeloop het. Gevolglik is daar tydens die fokusgroepe pertinent na 'n antwoord hierop gesoek. Uit die sessie het dit geblyk dat dit wel die geval was. So het die deelnemers onder andere erken dat hulle nou twee keer dink voordat hulle by hoërisiko seksuele praktyke betrokke raak, dat hulle nou altyd 'n kondoom gebruik en dat hulle 'n groter verantwoordelikheid op hulself neem om hul medemens teen die gevare van VIGS en risiko's van onbeskermde seks te waarsku.

7.5.5 Die langtermyneffek van die module

Die tendense rakende die langtermyneffek van die module wat vanuit die groepbesprekings en die response op individuele kernvrae (sien Addendum 12) na vore gekom het, kan in vyf oorhoofse kategorieë verdeel word. Dit raak onderskeidelik kondoomgebruik, die uitklaring van mites, houdings en gedrag teenoor MIV-positiewe persone, gesondheidsinstandhouding en algemene MIV/VIGS-voorkoming.

- **Kondoomgebruik:**

Die module het 'n positiewe effek op die student-konstabels se kennis, houding en gedrag ten opsigte van kondoomgebruik gehad. Sommige het nie geweet van 'n vrouekondoom of hoe om dit te gebruik nie. Na ongeveer sewe maande het die meerderheid aangedui dat hulle altyd 'n kondoom gebruik en ook nou besef dat 'n kondoom byderhand moet wees wanneer hulle oorweeg om seksueel aktief te wees.

Hulle weet ook hoe om 'n kondoom te gebruik en beter te hanteer (bv. om dit nie in jou beursie te bewaar of twee kondome gelyk te gebruik nie).

- **Uitklaring van mites:**

Na aanleiding van die module is verskeie mites aangaande die oordrag en genesing van VIGS vir die rekrute uitgeklaar. Voorbeelde van sodanige mites is die feit dat VIGS genees kan word, hetsy deur seksuele omgang met 'n maagd of 'n kind of deur tradisionele genesers. Hulle weet nou ook dat VIGS nie deur sosiale kontak oorgedra kan word nie.

- **Houding en ondersteuning van MIV-positiewe persone:**

Volgens die student-konstabels het die module meegebring dat hulle 'n meer positiewe houding teenoor MIV-positiewe persone openbaar en gemotiveerd is om hulle te ondersteun. Hulle is ook bereid om saam met 'n MIV-positiewe kollega te werk en besef dat so 'n persoon steeds 'n betekenisvolle lewe kan lei.

- **Gesondheidsinstandhouding:**

Die module het die rekrute bewus gemaak van die belang van goeie gesondheid. Hulle besef byvoorbeeld dat 'n mens gesond moet eet en oefen, hetsy jy MIV-positief is of nie. Dit wil voorkom asof die module die waarde van hul gesondheid beklemtoon het en dat dit 'n motiverende faktor is om voorkomend op te tree en riskante gedrag te vermy.

- **MIV/VIGS-voorkoming:**

Die module het tot gevolg gehad dat die student-konstabels 'n baie groter proaktiewe houding ten opsigte van MIV/VIGS het en 'n daadwerklike besluit in hierdie verband geneem het. Buiten die feit dat hulle al die nodige voorkomingstrategieë steeds na ongeveer sewe maande kon verbaliseer, is hulle baie gemotiveerd om hul kennis in gedrag om te sit om ook sodoende 'n voorbeeld vir die gemeenskap te wees. Hulle het ook die begeerte uitgespreek om betrokke te raak by sodanige projekte en dat hulle graag hul gemeenskapsverantwoordelikheid wil nakom.

Uit die fokusgroepbesprekings kan daar tot die oorhoofse gevolgtrekking gekom word dat die module op alle terreine 'n blywende effek op deelnemers se kennis, houdings en gedrag gehad het.

8. DIE WAARDE VAN DIE MODULES

Elke natoetsvraelys wat deur die eksperimentele groep voltooi is, het 'n waardeskaal bevat (sien Addendums 13, 16 & 17). Hiermee kan die respondente die waarde van elke afdeling van 'n module, asook die module as geheel, evalueer. Die gemiddelde telling wat die drie tersaaklike modules opgelewer het, word in Tabel 12 opgesom.

TABEL 12: SKAAL 5: DIE WAARDE VAN DIE MODULES

MODULES	n	KEUSES EN GEMIDDELDE RESPONSE				α
		1. It had no or little value	*2. It had below average value*	*3. It had above average value*	*4. It had a lot of value*	
Module 1: Finansiële Bestuur	411	14 *(3.41%)*	30.86 *(7.51%)*	120.43 *(29.3%)*	245.71 *(59.78%)*	0.77
Module 6: Probleemoplossing	401.75	2.25 *(0.56%)*	10.5 *(2.61%)*	110.5 *(27.5%)*	278.5 *(69.32%)*	0.82
Module 9: MIV/VIGS-bewusmaking	369.625	0.125 *(0.03%)*	1 *(0.27%)*	49.875 *(13.49%)*	318.625 *(86.2%)*	0.92
Gemiddeld	394.125	5.46 *(1.39%)*	14.12 *(3.58%)*	93.6 *(23.75%)*	280.945 *(71.28%)*	0.84

■ *Betroubare skaal: α ≤ 0.5*

Gemiddeld 71.28% van die respondente het die besluitnemingskomponent van die Selfbestuursprogram as besonder waardevol beskou, terwyl minder as 5% dit in die ondergemiddelde kategorieë geplaas het (Tabel 12). Dieselfde tendens het in die evaluering van die drie tersaaklike modules se onderafdelings voorgekom (sien Addendum 1: Tabel 9; Addendum 4: Tabel 5; Addendum 5: Tabel 6). Deurdat hierdie onderafdelings op kennisvermeerdering, houdingsverandering en gedragsmodifikasie gefokus het, dui dié metings aan dat al drie die betrokke dimensies betekenisvol deur die intervensie verander is.

Die respondente se evaluasie van die modules se waarde kan as bevestiging gesien word van die resultate wat deur die meeste KHG-skale opgelewer is. Indien die twee stelle data getrianguleer word, blyk dit ook dat die laer d-waardes van sommige kennisskale waarskynlik die gevolg van die keuse van ontoepaslike vrae is en dat daar wel 'n betekenisvolle toename in die respondente se objektiewe kennis voorgekom het.

9. DIE SINVOLHEID VAN DIE MODULES

Die derde vorm van meting in die trianguleringsproses was die deelnemers se belewing van die sinvolheid van die modules. Hierdie faset is ingesluit omdat 'n module wel vir respondente van waarde kan wees, maar dat dit, in vergelyking met ander kapasiteitsbouprogramme, nie as 'n prioriteit gesien word nie. Die vraag wat dus beantwoord moet word, is of die modules wel 'n sinvolle bydrae tot die doeltreffender funksionering van 'n student-konstabel as individu en werknemer lewer. Die resultate van dié meting is in Tabel 13 vervat.

TABEL 13: SKAAL 6: DIE SINVOLHEID VAN DIE MODULES

MODULES	n	KEUSES EN GEMIDDELDE RESPONSE				α
		1. I strongly disagree	*2. I disagree*	*3. I agree*	*4. I strongly agree*	
Module 1: Finansiële Bestuur	400	1 *(0.25%)*	4.92 *(1.23%)*	133.5 *(33.38%)*	260.58 *(65.15%)*	0.91■
Module 6: Probleemoplossing	401.75	1.17 *(0.29%)*	3.5 *(0.87%)*	102.75 *(25.58%)*	294.3 *(73.26%)*	0.82■
Module 9: MIV/VIGS-bewusmaking	370.92	0.5 *(0.13%)*	0.75 *(0.2%)*	50.17 *(13.53%)*	319.5 *(86.14%)*	0.95
Gemiddeld	390.89	0.89 *(0.23%)*	3.06 *(0.78%)*	95.47 *(24.42%)*	291.46 *(74.56%)*	0.89■

■ *Betroubare skaal: α ≤ 0.5*

Die respondente se evaluering van die sinvolheid van die drie modules dui daarop dat die oorgrote meerderheid (74.56%) ten sterkste saamgestem het dat dit vir hulle as individue, sowel as personeellede van die SAPD, baie sinvol was. Dieselfde tendens het in response op individuele vrae voorgekom (sien Addendum 1: Tabel 10; Addendum 4: Tabel 6; Addendum 5: Tabel 7). Dit was egter opvallend dat van al drie die modules, MIV/VIGS-bewusmaking die grootste sinvolheids- en waardetellings opgelewer het. Dit is dus beslis 'n module wat deel van rekrute se basiese opleiding moet bly.

As die resultate van die sinvolheidskaal (Tabel 13) met die resultate van die waardeskaal (Tabel 12), die effekmetings (Tabelle 9 tot 11) en die fokusgroepe getrianguleer word, is dit duidelik dat al drie die modules by uitstek in hul doel geslaag het. Hulle het die ontvangers se kennis, houdings en gedrag op 'n ingrypende en sinvolle wyse verander en word as van groot waarde beskou.

10. DIE INVLOED VAN DIE MODULE-AANBIEDINGS

Die Selfbestuursprogram word dwars oor Suid-Afrika deur 'n groot aantal verskillende maatskaplike werkers van die SAPD aangebied. Die moontlike invloed wat die kwaliteit van die aanbiedings en omstandighede op die effek van die program kon gehad het, moes derhalwe ook verken word. Dit is met behulp van 'n skaal in die aanbiedingsevaluasievraelys gedoen (Addendum 18). Hierdie vraelys is na afloop van die aanbieding van die totale program deur die eksperimentele groep voltooi.

Vir "Skaal 7: Kwaliteit van die programaanbieding" is daar vier subskale ontwikkel wat elk op 'n spesifieke faset van die aanbieding gefokus het. In twee subskale (Subskale 7.1 en 7.2) was die aanbieders die teiken van analise en is daar onderskeidelik op hul kundigheid en aanbiedingsvaardighede gelet. Die rede vir hierdie beklemtoning is omdat aanbieders/fasiliteerders volgens Rooth (2000:89) 'n sleutelrol in die effektiwiteit van enige opvoedings- en kapasiteitsbouprogram speel.

Subskaal 7.3 het op die kwaliteit van die leerproses gefokus en veral bepaal of die mees toepaslike didaktiese prosedure gevolg is, of die leermateriaal verstaanbaar en nuttig was en of daar op die leerder se vlak gekommunikeer is. Met die laaste subskaal (Subskaal 7.4) het die deelnemers die geleentheid gekry om die konteks waarbinne die aanbieding plaasgevind het, te evalueer. Hierin is daar onder meer gelet op die kwaliteit van die lokaal/plek, hoe goed die program georganiseer is en wat die kwaliteit van die onderrigmedia was. Die rede vir die betrokke fokus is dat die kwaliteit van hierdie faktore 'n direkte invloed op die hele leerproses kan uitoefen (Nelson-Jones, 1991:60).

Die aanbiedingsevaluasievraelys het ook 'n algemene afdeling bevat. Dié vrae het op die deelnemers se evaluering van die lengte van die program, die tempo van die aanbieding en die balans tussen voordragte en groepsdeelname gefokus .

Die data wat deur middel van skaal ingewin is, word in Tabel 14 opgesom. Aangesien daar slegs 'n na-toets was, word daar net met gemiddeldes per skaal gewerk (sien Addendum 6 vir die volledige statistiek). Al die skale waarop die gemiddeldes gegrond is, was betroubaar (sien Tabel 7).

TABEL 14: SKAAL 7: EVALUERING VAN DIE MODULE-AANBIEDINGS

SUBSKAAL*	n	EVALUERING VAN DIE MODULE-AANBIEDING			
		1. Strongly disagree	*2. Disagree*	*3. Agree*	*4. Strongly agree*
Subskaal 7.1: Evaluasie van die aanbieder	330.8	3.2 (0.97%)	3.6 (1.09%)	41.6 (12.58%)	282.4 (85.37%)
Subskaal 7.2: Evaluasie van die aanbieder se aanbiedingsvaardighede	338	0.5 (0.15%)	0.25 (0.07%)	38.75 (11.46%)	298.5 (88.31%)
Subskaal 7.3: Evaluasie van die leerproses	339	0 (0%)	1.4 (0.41%)	53.8 (15.87%)	283.8 (83.72%)

Subskaal 7.4: Evaluasie van die aanbiedingskonteks	338.75	*1. Very bad*	*2. Bad*	*3. Average*	*4. Good*	*5. Very good*
		0.5 (0.15%)	0.25 (0.07)	11.25 (3.32%)	73 (21.55%)	253.75 (74.91%)

* *Al die skale was betroubaar gewees - sien Tabel 7.*

Tabel 14 toon aan dat die maatskaplike werkers die modules op 'n effektiewe en professionele wyse aangebied het. Enige leemtes in die effek kan dus nie aan die aanbieders toegeskryf word nie. Die deelnemers was veral beïndruk deur die aanbieders se aanbiedingsvaardighede, hul voorbereiding en hul vermoë om groepsdeelname te bevorder (Addendum 6: Tabel 2, vraag 8 & 9).

Van al vier die dimensies is die aanbiedingskonteks die laagste aangeslaan. Dit was omrede die benutte lokaal, asook die kwaliteit van sommige van die leermateriaal en hulpmiddele, nie altyd op standaard was nie. As daar egter in ag geneem word dat gemiddeld 74.91% van die deelnemers dit as "very good" beskryf het (Tabel 14), kan hierdie aspekte nie as problematies beskou word nie.

Daar is ook individueel na die ander potensieel positiewe/negatiewe invloede op die programeffek gelet. Dit was die lengte daarvan, die tempo wat gehandhaaf is en of daar 'n balans tussen die aanbieding en groepsdeelname was. Die data wat verkry is, word in Tabel 15 opgesom.

TABEL 15: ALGEMEEN

VRAAG	GEMIDDELDE RESPONSE				
6. How will you rate the **length** of the programme? (n=339)	*1. It was much too long*	*2. It was a little too long*	*3. The length was just right*	*4. It was a little to short*	*5. I was much too short*
	14 (4.13%)	22 (6.49%)	230 (67.85%)	40 (11.8%)	33 (9.73%)
7. How will you rate the **pace** at which you had to present the programme? (n=339)	*1. The pace was much too slow*	*2. The pace was a little too slow*	*3. The pace was just right*	*4. The pace was a little too fast*	*5. The pace was much too fast*
	0 (0%)	2 (0.59%)	290 (85.55%)	32 (9.44%)	15 (4.42%)
8. How will you rate the **balance** between the *presentation* and *group involvement*? (n=339)	*1. Much too much time was spent on the presentation*	*2. A little too much time was spent on the presentation*	*3. The balance was just right*	*4. A little too much time was spent on group involvement*	*5. Much too much time was spent on group involvement*
	0 (0%)	3 (0.88%)	285 (84.07%)	15 (4.42%)	36 (10.62%)

Die meerderheid deelnemers (67.85%) was van mening dat die program lank genoeg was. Dit is egter opvallend dat 21.53% gedink het dit is te kort. Dit kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat hulle die program besonder waardevol en sinvol beleef het (sien Tabel 12 en 13), maar dat al nege modules van die Selfbestuursprogram vanweë beleidsbesluite binne 'n week oorgedra moes word.

Die pas waarteen die program aangebied is, moes op 'n vyfpuntskaal beoordeel word. 'n Oorweldigende meerderheid van 85.55% van die deelnemers het dit as toepaslik beskou. Dieselfde tendens het in die beoordeling van die balans tussen aanbiedings en groepsdeelname voorgekom. Bykans geen deelnemers het gevoel dat te veel tyd aan die aanbieding spandeer is sonder om die deelnemers te betrek nie. Die aanbieders het dus nie 'n didaktiese aanbiedingstyl gevolg nie.

Die kwaliteit van die programaanbiedings het aangetoon dat die huidige aard en vlak van maatskaplikewerkopleiding die meeste maatskaplike werkers in staat stel om kapasiteitsbouprogramme effektief aan te bied. Dit kan hoofsaaklik toegeskryf word aan hul groepwerkkennis en vaardighede, asook blootstelling aan lewensvaardigheidsprogramme gedurende hul opleiding en in die praktyk. Om egter 'n deskundige in die ontwikkeling en implementering van kapasiteitsbouprogramme te word vereis verdere opleiding in:

- die teorie en praktyk van volwasse en eksperiënsiële leer,
- programontwikkelingsbeginsels,
- die teorie wat in die modules gedek word, en
- gevorderde fasiliterings- en aanbiedingsvaardighede.

11. DIE AANBIEDERS SE EVALUERING VAN DIE KOMPONENT

In samehang met die deelnemers se evaluering was dit ook nodig dat die aanbieders die kwaliteit van hul eie aanbiedings en die sinvolheid van die modules moes evalueer. Hiervoor is 'n aanbiedersevaluasievraelys ontwikkel wat wesentlik dieselfde as dié van die respondente was. Dit het dit moontlik gemaak om die twee stelle evaluasies te vergelyk om pertinente leemtes en sterk punte te identifiseer. Die aanbieders kon hulself assesseer ten opsigte van hul eie aanbiedingsvaardighede, die leerproses, die leerkonteks en sinvolheid van die intervensies. Dit het bykomende oop vrae bevat vir kommentaar oor die positiewe en negatiewe fasette van die modules en aanbevelings vir die verbetering daarvan.

Uit die totaal van 14 aanbieders wat by die aanbieding van die betrokke modules van die eksperimentele groepe betrokke was, het 11 die vraelys voltooi. Die resultate wat hieruit verkry is, sal per afdeling van die vraelys bespreek word (Tabel 16). Hierin word daar slegs van beskrywende statistiek gebruik gemaak. Waar toepaslik sal die aanbieders en respondente se evaluasies ook met mekaar vergelyk word.

TABEL 16: DIE SINVOLHEID VAN DIE PROGRAM

VRAE	n	KEUSES EN RESPONSE			
		1. Strongly disagree	*2. Disagree*	*3. Agree*	*4. Strongly agree*
21. The programme stimulated the trainees' creative thinking.	11	0 (0%)	0 (0%)	5 (45.5%)	6 (54.5%)
22. The trainees will be able to apply the new knowledge and insights that they have gained in their jobs.	11	0 (0%)	0 (0%)	4 (36.4%)	7 (63.6%)
23. I feel that the programme will help the participants do their jobs better.	11	0 (0%)	0 (0%)	5 (45.5%)	6 (54.5%)
24. The trainees will be able to apply the new knowledge and insights that they have gained in their daily lives.	11	0 (0%)	0 (0%)	5 (45.5%)	6 (54.5%)
25. I feel that the programme will help the trainees to cope better with the challenges of life.	11	0 (0%)	0 (0%)	5 (45.5%)	6 (54.5%)

Uit die data in Tabel 16 is dit duidelik dat die aanbieders die program as sinvol vir SAPD-rekrute beskou. Al die fasette het basies dieselfde aanslag gekry met 'n effens hoër waardering vir die mate waartoe die ontvangers die inhoudelikes in hul werksopset sal kan toepas. Dit is redelik in lyn met die student-konstabels se eie sienings rakende die sinvolheid van die program

Die aanbieders se evaluasie van hul eie aanbiedingsvaardighede, die leerproses en die aanbiedingskonteks word in Tabel 17 opgesom. Slegs die gemiddeldes van die response sal weergegee word (sien Addendum 7 vir volledige besonderhede).

TABEL 17: SELFEVALUERING DEUR DIE AANBIEDERS

SUBSKAAL	n	EVALUERING VAN DIE MODULE-AANBIEDING				
		1. Strongly disagree	*2. Disagree*	*3. Agree*	*4. Strongly agree*	
Subskaal 7.1: Evaluasie van die aanbieder	11	0 (0%)	0 (0%)	3.8 (34.55%)	7.2 (65.45%)	
Subskaal 7.2: Evaluasie van die aanbieder se aanbiedingsvaardighede	11	0 (0%)	0 (0%)	2.5 (22.73%)	8.5 (77.27%)	
Subskaal 7.3: Evaluasie van die leerproses	11	0 (0%)	0 (0%)	3.8 (34.55)	7.2 (65.45%)	
Subskaal 7.4: Evaluasie van die aanbiedingskonteks	11	*1. Very bad*	*2. Bad*	*3. Average*	*4. Good*	*5. Very good*
		0 (0%)	0.75 (6.8%)	2.25 (20.5%)	5 (45.5%)	3 (27.2%)

Voglens Subskaal 7.1 is die aanbieders oor die algemeen van mening dat hulle die Selfbestuursprogram se kennisinhoudelike bemeester het, die deelnemers geïnteresseerd gehou en op hulle vlak gekommunikeer het, en die materiaal op 'n entoesiastiese wyse oorgedra het. Hierdie mening stem breedweg ooreen met dié van die rekrute (sien Tabel 14).

In die evaluering van hul eie aanbiedingsvaardighede (Subskaal 7.2) is daar gelet op die duidelikheid van hul verbale kommunikasie, vaardigheid met hulpmiddele, bevordering van groepsdeelname en voorbereiding. Die aanbieders evalueer hul eie aanbiedingsvaardighede oor die algemeen as goed. Die twee aspekte wat hulle ietwat laer ag, naamlik deelnemerbetrokkenheid en hul eie voorbereiding, word hoër deur die deelnemers aangeslaan (sien Addendum 6, Tabel 2). Dit blyk dus dat hulle beter in hierdie verband vaar as wat hulle self besef.

Ten opsigte van die evaluering van die leerproses (Subskaal 7.3) was die aanbieders van mening dat hulle goed op die vlak van die student-konstabels kon kommunikeer. Hulle het egter deurgaans die leerproses laer aangeslaan as die respondente. Laasgenoemde het veral gevoel dat die aanbieders seker gemaak het die werk word verstaan voordat daar na die volgende onderwerp oorgegaan is.

Die aanbiedingskonteks (Subskaal 7.4) is oor die algemeen beter deur die rekrute as die aanbieders geëvalueer. Beide groepe het egter die lokaal as 'n swakplek uitgesonder. Dit wil voorkom asof dié konteks die grootste invloed sou kon hê op die effek van die program. Die aanbieders het aangedui dat die organisasie en kwaliteit van die leermiddele verbeter kan word, terwyl die student-konstabels dit weer hoog geëvalueer het (Addendum 6, Tabel 4).

Uit die voorafgaande was dit duidelik dat die maatskaplike werkers baie meer krities teenoor hul aanbiedings en die aanbiedingskonteks as die ontvangers gestaan het. Hierdie tendens kan as positief beskou word omdat dit hulle aanspoor om nog beter in die opleiding te vaar.

Soos in die geval van die deelnemers (vgl. Tabel 15), was daar ook 'n aantal algemene aangeleenthede wat deur die aanbieders geëvalueer is. Die resultate hiervan word in Tabel 18 vervat.

TABEL 18: ALGEMENE AANGELEENTHEDE

VRAAG	GEMIDDELDE RESPONSE				
6. How will you rate the **length** of the programme? (n =11)	*1. It was much too long*	*2. It was a little too long*	*3. The length was just right*	*4. It was a little too short*	*5. I was much too short*
	1 (9.1%)	1 (9.1%)	5 (45.5%)	3 (27.3%)	1 (9.1%)
7. How will you rate the **pace** at which you had to present the programme? (n =11)	*1. The pace was much too slow*	*2. The pace was a little too slow*	*3. The pace was just right*	*4. The pace was a little too fast*	*5. The pace was much too fast*
	0 (0%)	1 (9.1%)	5 (45.5%)	3 (27.3%)	1 (9.1%)
8. How will you rate the **balance** between the *presentation* and *group involvement*? (n =11)	*1. Much too much time was spent on the presentation*	*2. A little too much time was spent on the presentation*	*3. The balance was just right*	*4. A little too much time was spent on group involvement*	*5. Much too much time was spent on group involvement*
	0 (0%)	3 (27.3%)	8 (72.7%)	0 (0%)	0 (0%)

Oor die algemeen het die student-konstabels die opleidingsfasette, soos in Tabel 18 vervat, meer positief as die aanbieders geëvalueer. Die meerderheid rekrute (67%) was tevrede met die programlengte sowel as die pas waarteen dit aangebied is. Hierteenoor het 36.4% van die aanbieders die pas as te vinnig geëvalueer. Dit wil dus voorkom asof die aanbieders die respondente se vermoëns ietwat onderskat het.

Die evaluering van die balans tussen aanbieding en groepsdeelname was in ooreenstemming met mekaar.

Laastens het die aanbieders die geleentheid gekry om kommentaar en aanbevelings te gee rakende die inhoud en aanbieding van die onderskeie modules, asook die Selfbestuursprogram as geheel. Die volgende algemene tendense het in hierdie verband na vore getree:

- Die inhoud en aanbiedingshulpmiddele was oor die algemeen baie goed en moet nie veel verander word nie.
- Pogings moet egter aangewend word om meer polisie-verwante voorbeelde, scenario's en oefeninge by die materiaal in te sluit.
- Meer ysbrekers behoort in die materiaal ingesluit te word.
- Daar moet pogings aangewend word om die jongste beskikbare data by die materiaal in te sluit.
- Die probleemoplossingstrategie in Module 6 moet in meer diepte behandel word en meer transparante kan vir hierdie module beskikbaar gestel word.
- Sekere inhoudelikes van Module 9: MIV/VIGS-bewusmaking (bv. virologie, seksueel-oordraagbare siektes en behandeling) kan verder uitgebrei en op datum gebring word. Verskeie aanbieders het ook aanbeveel dat meer tyd vir die aanbieding van dié module beskikbaar gestel word.
- Verskeie steurnisse tydens die aanbieding van die modules (bv. rekrute wat deur ander aktiwiteite opgehou word) en logistieke probleme (bv. die nie-beskikbaarheid van oorhoofse projektors in sekere lokale) is ook uitgelig. Sommige aanbieders het dit ook moeilik gevind om die voltooiing van die navorsing se vraelyste binne die beskikbare tyd te akkommodeer.
- Laastens is daar sekere algemene aanbevelings oor veranderinge in die volgorde van die modules gemaak.

12. BEVINDINGE EN IMPLIKASIES

Indien al die data wat deur die betrokke ondersoek gegenereer is met mekaar in verband gestel word, kan daar tot veral die volgende sewe oorhoofse bevindinge gekom word.

Die eerste bevinding is dat die eksperimentele navorsingsontwerp en –prosedure besonder toepaslik vir die meting van die kapasiteitsboumodules se effek is omdat dit die benutting van inferensiële statistiek moontlik maak. Deur die bepaling van statistiese beduidendheid wat hierdeur gegenereer word om met die praktiese betekenisvolheid van Cohen se d-waardes te kombineer, word 'n baie duidelike beeld van die effek van modules verkry.

Dit was tweedens duidelik dat die triangulering van metings waarde tot die ondersoek toegevoeg het. Nie net het dit die risiko's verbonde aan die gebruik van nie-gestandaardiseerde meetinstrumente uitgeskakel nie, maar ook duidelike verwantskappe tussen verskillende datastelle uitgewys.

Die ondersoekgroep wat met behulp van die gestratifiseerde ewekansige steekproeftrekking gemobiliseer is, was verteenwoordigend van die totale student-konstabel-populasie. Hierdie bevinding het dit moontlik gemaak om die resultate van die effekmetings na die universum te kon veralgemeen en met 'n redelike mate van sekerheid te kon sê dat die modules dieselfde effek op die ander student-konstabel sou hê.

Die metings het vierdens aangetoon dat al drie die modules 'n prakties betekenisvolle korttermyneffek op student-konstabels se kennis, houdings en gedrag gehad het. Hierdeur is beide hul persoonlike en professionele funksionering positief versterk.

Die benutting van fokusgroepe het vyfdens aangetoon dat die modules nie net van korte duur was nie. Selfs sewe maande ná die afhandeling van die Selfbestuursmodule het dit steeds 'n bepalende invloed op hul houdings en gedrag bly uitoefen. As gevolg hiervan kan daar verwag word dat die effek vir nog 'n geruime tyd sal kan voortduur.

Die modules was egter nie net van "objektiewe" waarde vir die ontvangers nie. Deur die benutting van die sinvolheids- en waardeskale is daar gevind dat hulle ook op 'n subjektiewe vlak beleef het dat die intervensies waarde tot hul lewens toegevoeg het.

Daar is laastens bevind dat die aanbieders, aanbiedings en leermateriaal van 'n hoë standaard was en positief tot die bereiking van die module-uitkomste bygedra het. Die meer geringe leemtes in die opleidingshulpmiddele (bv. transparante, ysbrekers en aktiwiteite) en opleidingskonteks (bv. lokale en tegniese hulpmiddele) behoort egter verdere aandag te geniet.

13. RIGLYNE VIR DIE VERBETERING VAN DIE PROGRAM EN DIE MODULES

Ten spyte van die sukses wat behaal is, het die ondersoek en bevindinge getoon dat die drie betrokke modules en die Selfbestuursprogram as geheel nog op die volgende ses wyses verder verbeter kan word:

- Die MIV/VIGS-bewusmakingsmodule se inligting en veral statistieke behoort hersien en met die nuutste navorsingsbevindinge aangevul te word.
- Alhoewel die kerninhoud en aanbiedingstrategie van die modules oor Finansiële Bestuur en Probleemoplossing basies onveranderd moet bly, behoort dit jaarliks tydens die hersiening van die totale Basiese Opleidingsprogram ook in oënskou geneem te word. Daar moet veral gesorg word dat dit in lyn met die ander modules van die program bly.
- Die voorbeelde en scenario's wat in die modules gebruik word, kan meer op SAPD-spesifieke situasies gegrond word.
- Die leerkonteks van sommige opleidingskolleges kan verbeter. Veral hul opleidingslokale en tegniese hulpmiddele behoort aandag te geniet.
- Al drie modules se aanbiedingsmateriaal moet met meer transparante aangevul word. Daar moet ook meer hulpmiddele vir kondoomdemonstrasies aan die aanbieders van die MIV/VIGS-bewusmakingsmodule voorsien word.
- 'n Poging moet aangewend word om die huidige transparante na 'n multimedia-fomaat oor te skakel en die apparaat wat vir hierdie tipe aanbiedings nodig is, beskikbaar te stel. Dit sal dan ook moontlik wees om video's en ander vorme van oudiovisuele media by die aanbiedings in te sluit.
- Die maatskaplike werkers wat die aanbiedings doen, behoort gereeld opleiding te ontvang in die nuutste tegnieke van fasilitering en eksperiënsiële leer. Dit sal verseker dat die beste kwaliteit diens steeds aan die SAPD se student-konstabels gelewer word.

14. SLOTOPMERKINGS

Die evaluering van die besluitnemingskomponent het bo twyfel bewys dat die drie betrokke modules 'n prakties betekenisvolle kort- en langtermyneffek op die student-konstabels se kennis, houdings en gedrag het. Dit is effektiewe intervensiemeganismes wat tot hul persoonlike, sowel as professionele groei bydra en sodoende meehelp om van hulle bates vir die organisasie en die Suid-Afrikaanse gemeenskap te maak.

VERWYSINGS

ADLER, M.W. 2001. ABC of AIDS. 5th ed. London : BMJ Publishing Group

AIDS GUIDE. 2004. Government's response to the fight against HIV/AIDS. (South African edition, 2003/2004.) Plumstead : Uhuru Communications.

AKADE, A. 2001. Risky business: South African youths and HIV/AIDS prevention. *Education studies,* 27(3):237-256.

ASK AFRICA. 1997. South African Police Service: Social Work Services needs assessment: research report. Pretoria : SAPS.

BARKER, R.L. 1995. The social work dictionary. 3rd ed. Washington, D.C. : National Association of Social Workers.

BERGER, I.E., RATCHFORD, B.T. & HAINES, G.H. 1994. Subjective product knowledge as a moderator of the relationship between attitudes and purchase intentions for a durable product. *Journal for economic psychology*, 15(2):301-314, June.

BLACK, T.R. 1999. Doing quantitative research in the social sciences: an integrated approach to research design, measurement and statistics. London : Sage.

BROOKS, D.K. 1984. A life-skills taxonomy: defining elements of effective functioning through the use of the Dephi Technique. Athens, Georgia : University of Georgia. (Proefskrif - Ph.D.)

BRYMAN, A. 2003. Triangulation. [Web:] http://www.referenceworld.com/sage/socialscience/triangulation.pdf [Datum van gebruik: 13 September 2003].

CENTRE FOR HIGHER EDUCATION DEVELOPMENT (CHED), Coventry University. 2001. Focus group research. [Web:] http://legacywww.coventry.ac.uk/legacy/ched/research/fogrweb.htm [Datum van gebruik: 13 Mei 2005]

CHED kyk Centre for Higher Education Development (CHED), Coventry University.

COHEN, J. 1969. Statistical power analysis for the behavioral sciences. New York, : Academic Press.

COHEN, J. 1988. Statistical power analysis for the behavioral sciences. 2nd ed. Hillsdale, N.J. : Erlbaum.

CRESWELL, J.W. 2003. Research design: qualitative, quantitative, and mixed methods approaches. 2nd ed. Thousand Oaks, Calif. : Sage.

DARDEN, C.A. & GAZDA, J. 1996. Life-skills ad mental health counseling. *Journal of mental health counseling*, 18(2):134, April. (8 p.). [*In* EBSCHOHost : Academic Search Elite, Full display : http://www-sa.ebsco.com] [Datum van gebruik: 3 Mei 2004].

DONATI, S., HAMAM, R. & MEDDA, E. 2000. Family planning KAP survey in Gaza. *Social science & medicine*, 50(6):841-849, March.

ELKIND, P.D. 1993. Correspondence between knowledge, attitudes, and behavior in farm health and safety practices. *Journal of safety research*, 24(3):171-179, Autumn.

ELMES, D.G., KANTOWITZ, B.H. & ROEDIGER, H.L. 2003. Research methods in psychology. Belmont, Calif. : Thomson/Wadsworth.

ENGEL, R.S. & WORDEN, R.E. 2003. Police officers' attitudes, behaviour and supervisory influences: an analysis of problem solving. *Criminology*, 41(!):131-166.

FOUCHE, C.B. & DE VOS, A.S. 2002. Quantitative research designs. (*In* De Vos, A.S., *ed.*) Research at grass roots: for the social sciences and human service professions. 2nd ed. Pretoria : Van Schaik Publishers. p. 137-149.)

FOURIE, L., CODRINGTON, G. & GRANT-MARSHALL, S. 2002. Mind over money. London : Penguin Books

FOURIE, M. 2003. Die aard, omvang en impak van mikrolenings op die maatksaplike funksionering van lede van Korrektiewe Dienste. Pretoria : Universiteit van Pretoria. (Verhandeling - MSD.)

GIBBS, A. 1997. Focus groups. *Social research update,* March. University of Surrey

GINTER, E.J. 1999. David K. Brooks' contribution to the developmentally based life-skills approach. *Journal of mental health counseling*, 21(3):191, July. (12 p.). [*In* EBSCHOHost : Academic Search Elite, Full display : http://www-sa.ebsco.com] [Datum van gebruik: 3 Mei 2004].

GOLDSTEIN, H. 1990. Problem-oriented policing. New York : McGraw-Hill.

GRADWELL, L. 2004. HIV/AIDS and behaviour change: from awareness to action - a study of students at the Pretoria Technikon. Pretoria : University of Pretoria. (Verhandeling - MA.)

GRAVETTER, F.J. & FORZANO, L.B. 2003. Research methods for the behavioral sciences. Belmont, Calif. : Thomson/Wadsworth.

HILTON, A. 2002. Should qualitative and quantitative studies be triangulated? International Society of Nurses. [Web:] http://www.isncc.org/news/triangle.htm [Datum van gebruik: 15 September 2003].

HUISAMEN, P. 2004. 'n Evaluasie van die tydsbestuur, doelwitbeplanning en probleemoplossing kapasiteitsbouprogramme van die Suid-Afrikaanse Polisiediens. Potchefstroom : Potchefstroomse Universiteit vir CHO. (Verhandeling - MA.)

JACKSON, S.L. 2003. Research methods and statistics: a critical thinking approach. Belmont, Calif. : Thomson/Wadsworth.

JARVIS, P. 1990. An international dictionary of adult and continuing education. London : Routledge.

KNOTT, D. 2003. ASIC calls for financial literacy education in schools. Australian Securities and Investements Commission. [Web:] http://www.asic.gov.au/fido/fido.nsf/byid [Datum van gebruik: 6 November 2005].

MAREE, K. & EBERSOHN, L. 2002. Life skills and career counselling. Sandown : Heinemann.

MARK, R. 1996. Research made simple: a handbook for social workers. London : Sage.

McCANN, T.V. & SHARKEY, R.J. 1998. Educational intervention with international nurses and changes in knowledge, attitudes and willingness to provide care to patients with HIV/AIDS. *Journal of advanced nursing*, 27:267-273.

McCORMACK, B. & HILL, E. 1997. Conducting a survey: the SPSS workbook. London : Thomson.

McGUIRE, J. 2001. What is problem solving? A review of theory, research and applications. *Criminal behaviour and mental health*, 11(4):210-235, December.

McRAE, T. 1997. Managing your own finances. London : Thomson.

McWHIRTER, B.T. 1999. Effect of anger management and goal setting group intervention on state-trait anger and self-efficacy beliefs among high risk adolescents. *Current psychology*, 18(2): 223-238.

MELLAN, O. 1994. Money harmony: resolving money conflict in your life and relationships. New York : Walker.

MITCHELL, C.M. & KAUFMAN, C.E. 2002. Structure of HIV knowledge, attitudes, and behaviors among American Indian young adults. *AIDS education and prevention*, 14(5):401-418.

NELSON-JONES, R. 1991. Lifeskills: a handbook. London : Dotesios.

PATTON, M.Q. 2002. Qualitative research & evaluation methods. London : Sage.

PMW **kyk** Suid-Afrika (Rep.) Polisie Maatskaplikewerkdienste

POCOCK, S.J., ASSMANN, S.E., ENOS, L.E. & KASTEN,L.E. 2002. Subgroup analysis, covariate adjustment and baseline comparisons in clinical trial reporting: current practice and problems. *Statistics in medicine*, 21:2917-2930.

POLICE SOCIAL WORK SERVICES *see* South Africa (Rep.), Police Social Work Services.

POTGIETER, J.L. 1997. Die groen boek: finansiële beheer maak jou vry. Pretoria : Petra Fianansiële Dienste.

POTGIETER, M.C. 1998. The social work process: development to empower people. Johannesburg : Prentice Hall.

PSWS **kyk** Police Social Work Services

RITCHIE, J. 2003. The applications of qualitative methods to social research. (*In* Ritchie, J. & Lewis, J., eds. Qualitative research practice: a guide for social science students and researchers. London : Sage. p. 24-46)

ROCHE, C. 2000. Impact assessment: seeing the wood and the trees. *Development in practice*, 10(3&4):543-555, August.

ROOTH, E. 2000. An investigation of the enhanced relationship between participants in lifeskills courses and the environment. Pretoria : Human Sciences Research Council.

SANTOMERO, A.M. 2003. Knowledge is power: the importance of economic education. *Business review*, 1, Fourth Quarter. (5 p.). [In EBSCHOHost : Academic Search Elite, Full display : http://www-sa.ebsco.com] [Datum van gebruik: 13 September 2005].

SAPD **kyk** Suid-Afrika (Rep.) Suid-Afrikaanse Polisiediens.

SAPS *see* South Africa (Rep.) South African Police Service.

SARANTAKOS, S. 1998. Social research. South Yarra (Australia) : MacMillan.

SAS INSTITUTE INC., 1999. The SAS System for Windows Release 8.02 TS Level 02M0 Copyright© 1999-2001 by SAS Institute Inc., Cary, N.C., USA.

SCHöNTEICH, M. 2003. A bleak outlook: HIV/AIDS and the South African Police Service. *SA crime quarterly*, (5):1-5, September.

SHAFER, D. 2001: Organizational behaviour: an experiential approach. Uppers Saddle River, N.J. : Prentice-Hall.

SMITH, R. 1991. Selfwerkhandleiding in persoonsontwikkeling (Module 2). Goodwood : Rotapress.

SOUTH AFRICAN POLICE SERVICE. 2000. HIV/AIDS Strategic Plan 2000 – 2005. Pretoria : SAPS

SOUTH AFRICAN POLICE SERVICE. 2002. HIV/AIDS awareness programme. Pretoria : SAPS.

SOUTH AFRICAN POLICE SERVICE. 2004[b]. Be money wise. Pretoria : SAPS.

SOUTH AFRICAN POLICE SERVICE. Social Work Services. 1999. Minutes of National Conference in Graaf-Reinett. Pretoria : SAPS.

SOUTH AFRICAN POLICE SERVICE. Social Work Services. 2001[a]. Annual Report, 1 April 1999 - 31 March 2001. Pretoria : SAPS.

SPATZ, C. 2001. Basic statistics: tales of distributions. Belmont, Calif. : Wadsworth/ Thomson Learning.

STEYN, H.S. 1999. Praktiese beduidendheid: die gebruik van effekgroottes. (Wetenskaplike Bydraes, Reeks B: Natuurwetenskappe nr. 117). Potchefstroom: Publikasiebeheerkomitee, PU vir CHO.

STEYN, H.S. 2000. Practical significance of the difference in means. *Journal of industrial psychology*, 26(3):1-3.

STRYDOM, H. & DE VOS, A.S. 1998. Sampling and sampling methods. (*In* De Vos, A.S., ed. Research at grass roots: a primer for the caring professions. Pretoria : Van Schaik Publishers. p. 189-201.)

STRYDOM, H. 1999. Maatskaplikewerk-navorsing. Potchefstroom : PU vir CHO. (Diktaat D134/99).

STUTTERHEIM, E. & MORUANE, S. 2002. The repositioning of social work in the South African Police Service (*In* Weyers, M.L., ed. Repositioning social work within a changing environment: a collection of papers presented at the 2002 National Conference of the Joint University Committee for Social Work. Potchefstroom : School for Psychosocial Behavioural Sciences, PU for CHE. p.168-178.)

STUTTERHEIM, E. & WEYERS, M.L. 2004. Strengths-focused intervention: the new approach of the Social Work Service of the South African Police Service (SAPS). *Social work/ Maatskaplike werk*, 40(1):1-14.

SWART, N. 1996. Personal financial management. Kenwyn : Juta.

THOMPSON, N. 2002. People skills. 2nd ed. New York : Palgrave MacMillan.

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH. BESTUURSKOOL. 2005. Finansiële bestuur. Stellenbosch : Universiteit van Stellenbosch.

USB **kyk** UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH. BESTUURSKOOL

VAN WYK, C. De W. & TSHIVASE, N.D. 2005. HIV/AIDS awareness and attitudes of mineworkers: a case study. *South African journal of business management,* 36(1):65-72, March. (8 p.). [*In* EBSCHOHost : Academic Search Elite, Full display : http://www-sa.ebscho.com] [Datum van gebruik: 15 September 2005].

WEINREICH, N.K. 1999. Research in the social marketing process. [Web:] http://www.social-marketing.com/process.html [Datum van gebruik: 18 Oktober 2001].

WEYERS, M.L., *ed.*. 2004. The evaluation of the personnel capacity building programmes (EPCaP) research project 2001-2004: progress report to the South African Police Service and the North-West University. Potchefstroom : North-West University.

WHOLEY, J.S., HATRY, H.P. & NEWCOMER, K.E. 2004. Handbook of practical program evaluation. 2nd ed. San Francisco, Calif. : Jossey-Bass

WINGER, B.J. & FRASCA, R.R. 1995. Personal finance: an integrated planning approach. 3rd ed. New York : Macmillan.

WORKING PARTY ON DEVELOPMENT COOPERATION AND ENVIRONMENT. 1999. Environmental communication: applying communication tools towards sustainable development. Paris : OECD Publications.

WPDCE **kyk** Working Party on Development Cooperation and Environment.

ZECHMEISTER, E.B. & POSAVAC, E.J. 2003. Data analysis and interpretation in the behavioral sciences. Belmont, Calif. : Thomson/Wadsworth.

ARTIKEL 3

P. Huisamen & M.L. Weyers

DIE SAPD SE SELFBESTUURSPROGRAM: DIE AARD EN EFFEK VAN DIE LEWENSDOELKOMPONENT OP STUDENT-KONSTABELS

Me. P. Huisamen is 'n maatskaplike werker in diens van die SAPD en prof. M.L. Weyers is verbonde aan die Skool vir Psigo-sosiale Gedragswetenskappe: Vakgroep Maatskaplike Werk, Noordwes-Universiteit.

ABSTRACT

Background: *In 2003, the National Commissioner of the South African Police Service gave instruction that all student constables should receive personnel capacity building training as part of their basic training. This resulted in the development and implementation of the weeklong Self-Management Programme by Police Social Work Services. In 2004 a comprehensive study was launched into the effect of programme's modules on recruits. It included the effect of the two modules that make up the programme's purpose-in-life component.*

Aim: *The primary aim of the research project on which this paper is based, was to determine the effect of the Self-Management Programme's Planning of Goals and Self-Knowledge modules on the knowledge, attitudes and behaviour of the SAPS recruits.*

Method: *To achieve its aim, the research utilized an experimental design that involved the mobilisation of an average of 400 experimental group respondents, 120 control group members, 14 presenters and 12 focus group members per module. A total of 10 questionnaires and a focus group memorandum were developed and administered. Inferential statistics and triangulation were utilised to analyse and interpret the data that was generated by these instruments.*

Results: *The research showed beyond doubt that the modules did indeed have a statistical and practical significant effect on the recruits' knowledge, attitude and behaviour. It not only changed their work-life, but their personal lives as well.*

1. INLEIDING

Na aanleiding van die sukses wat met die Polisie Maatskaplikewerkdienste se algemene personeelkapasiteitsbouprogramme behaal is, het die Nasionale Kommissaris van Polisie in 2003 opdrag gegee dat hierdie tipe dienslewering ook na nuwe student-konstabels uitgebrei moes word. Dit het tot die ontwikkeling van die Selfbestuursprogram aanleiding gegee. Dié program het vanaf Julie 2004 'n integrale deel van die basiese opleiding van alle student-konstabels uitgemaak. In dieselfde jaar is met die effektiwiteitsmeting hiervan begin.

In hierdie uiteensetting sal daar gefokus word op die ontwikkeling, aard en veral verifiëring van een van die Selfbestuursprogram se afdelings, naamlik die lewensdoelkomponent. Dié komponent bestaan uit twee modules, by name Doelwitbeplanning ("Planning of Goals") en Selfkennis ("Self-Knowledge").

2. AGTERGROND EN ONTWIKKELING VAN DIE SELFBESTUURSPROGRAM

Ten einde die Selfbestuursprogram en sy lewensdoelkomponent in perspektief te kan plaas is dit nodig om kortliks te let op die faktore wat tot die instelling van personeelkapasiteitsbouprogramme in die Suid-Afrikaanse Polisiediens (voortaan soms verkort met "SAPD") aanleiding gegee het. Daarna sal die stappe wat gevolg is om die Selfbestuursprogram te ontwikkel in oënskou geneem word.

Die ontwikkeling van gestruktureerde kapasiteitsbouprogramme deur die SAPD se Maatskaplikewerkdienste kan aan vier basiese faktore toegeskryf word:

- Dit is eerstens die beleids- en strukturele veranderinge wat op die April 1994-verkiesing en die promulgering van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens (Wet No 68 van 1995) in 1996 gevolg het. Daar is veral in beleidsdokumente beklemtoon dat personeellede bemagtig moes word om 'n effektiewe diens in 'n veranderende organisasie en gemeenskap te lewer.
- Tweedens het Maatskaplikewerkdienste se dienslewering statistiek 'n styging in maatskaplike probleme onder lede aangedui (vgl. PSWS, 2001[a]:2). Dié probleme kon nie meer op 'n kostedoeltreffende wyse deur die beskikbare maatskaplike werkers, met slegs die bestaande terapeutiese dienste, gehanteer word nie.
- Derdens het navorsing in 1997-1998 getoon dat daar 'n duidelike behoefte aan beide reaktiewe (terapeutiese) en proaktiewe (kapasiteitsbougerigte) maatskaplike dienste in die organisasie bestaan het (Ask Africa, 1997:29).
- Laastens was die organisasie se eie maatskaplike werkers van mening dat die ontwikkeling en implementering van die personeekapasiteitsbouprogramme tot die bevrediging van die organisasie se diensleweringsbehoeftes sou bydra (Stutterheim & Weyers, 2004:1,4).

Die betrokke vier faktore het tot die ontwikkeling en wydverspreide implementering van 15 personeelkapasiteitsbouprogramme aanleiding gegee. Dié programme maak steeds 'n integrale deel van Polisie Maatskaplikewerkdienste se intervensies uit.

In 2001 is met die effekmeting van die betrokke programme begin. Dié ondersoek, wat as die Evaluation of Personnel Capacity-building Programmes 1 (EPCaP1)-studie bekend staan, het aangetoon dat die betrokke intervensies wel 'n prakties betekenisvolle effek op die personeel se kennis, houding en gedrag gehad het (Weyers, 2004:58-59).

Die resultate van die EPCaP-studie het daartoe bygedra dat die Nasionale Kommissaris van die Polisie in 2003 opdrag gegee het dat 'n personeelkapasiteitsbouprogram ontwikkel moes word wat deel sou uitmaak van die Basiese Opleidingsprogram wat elke nuwe rekruut van die SAPD moet deurloop. Die navorser was 'n lid van een van die werkgroepe wat gedurende September 2003 saamgestel is om die nuwe program te ontwikkel. Die resultaat van die werkgroepe se insette was die nege modules wat tans gesamentlik as die *"Selfbestuursprogram/ Managing Yourself Programme"* (voortaan soms verkort met net "program") bekend staan.

Daar is vanuit die staanspoor besluit om die nuwe program ook aan 'n omvattende evaluasie te onderwerp. Dit het tot die Evaluation of Personnel Capacity-building Programmes 2 (EPCaP2)-studie, waarby twee Ph.D.-studente betrek is, aanleiding gegee. Elkeen sou twee van hierdie omvattende program se vier komponente hanteer. Die onderhawige ondersoek maak deel hiervan uit.

Die Selfbestuursprogram, wat Tema 3 van die Basiese Opleidingsprogram uitmaak, is gedurende Julie 2004 vir die eerste keer as 'n integrale deel van die basiese opleiding van student-konstabels aangebied. Dit word twee maal per jaar tydens elke nuwe inname aan tussen 4000 en 5500 rekrute op 'n slag herhaal.

3. DIE AARD VAN DIE SELFBESTUURSPROGRAM

Die oorhoofse doel van die Selfbestuursprogram is om rekrute toe te rus om op 'n professionele, verantwoordelike en aanvaarbare wyse in die gemeenskap en organisasie op te tree. Dit is in die besonder daarop gerig om hulle te bemagtig met die kennis, houding en vaardighede wat nodig is om 'n professionele kliëntediens te lewer (SAPS, 2004[d]:iii) en terselfdertyd meer veerkragtige (''resilient'') individue te wees (vgl. Stutterheim & Weyers, 2004:10; Thompson, 2002:xvii). Veerkragtigheid word in hierdie verband gesien as:

> *"...the process, capacity and outcome of successful adaptation to challenges and adversity, sustained competence under threatening circumstances and the ability to recover from trauma"* (Stutterheim & Weyers, 2004:11).

Die program bestaan uit nege modules wat oor 'n totaal van vyf dae (40 kontakuur) aangebied word. Die betrokke nege modules kan aan die hand van Brooks se taksonomie van lewensvaardighede (Brooks, 1984:359-381; Darden & Gazda, 1996: 3-5, Ginter, 1999:191-203), in vier komponente verdeel word. Dit is naamlik:

- Komponent 1: Interpersoonlike en interaksievaardighede (Afkorting: IIV)
- Komponent 2: Gesondheidsinstandhoudingsvaardighede (Afkorting: GIV)
- Komponent 3: Besluitnemingsvaardighede (Afkorting: BV)
- Komponent 4: Lewensdoelvaardighede (Afkorting: LDV)

Die betrokke komponente, tesame met die modules wat in elkeen voorkom, word visueel in Diagram 1 uitgebeeld.

DIAGRAM 1: INDELING VAN DIE SELFBESTUURSPROGRAM VOLGENS BROOKS SE TAKSONOMIE VAN LEWENSVAARDIGHEDE MET BESONDERE BEKLEMTONING VAN KOMPONENT 4



4. DIE AARD VAN DIE LEWENSDOELKOMPONENT

Brooks (1984:6) se taksonomie van lewensvaardighede omsluit al die aangeleerde vaardighede wat vir 'n effektiewe lewenswyse nodig is. Verskeie ander outeurs het op Brooks se werk voortgebou (vgl. Ginter, 1999; Darden & Gazda, 1996) en na aanleiding van uitgebreide navorsing is al die vaardighede in vier sogenaamde "developmental life-skills areas" verdeel (Ginter, 1999:196). Dit word onderskeidelik die "human relations skills" (heromskryf as interpersoonlike en interaksievaardighede), "health maintenance skills" (gesondheidsinstandhoudingsvaardighede), "decision-making skills" (besluitnemingsvaardighede) en "purpose-in-life-skills" (lewensdoelvaardighede) genoem (Ginter, 1999:196). Die kriterium wat vir die betrokke indeling gebruik is, is die besondere faset van menslike funksionering waarop die komponent fokus.

Die lewensdoelkomponent wat in hierdie artikel gedek word, inkorporeer die interaksie tussen genetiese aanleg en terugvoer van die omgewing, en omvat die vaardighede wat nodig is vir die voortgaande ontwikkeling van 'n persoonlike identiteit en emosionele bewustheid (Darden & Gazda, 1996). Dit sluit vaardighede in soos selfmonitering, om 'n positiewe selfbeskouing te behou, interpersoonlike intimiteit, beroepsgerigtheid, omgewingsaanpassing, die uitklaar van waardes en morele standaarde en die ontwikkeling van en uitklaring van seksuele rolle en seksualiteit (Darden & Gazda, 1996). Twee van die Selfbestuursprogram se modules val in hierdie kategorie, naamlik Doelwitbeplanning (Module 2) en Selfkennis (Module 3).

Die inhoud en aanbieding van die betrokke twee modules sal vervolgens slegs ter oriëntering kortliks in oënskou geneem word.

4.1 DIE INHOUD EN AANBIEDING VAN DIE DOELWITBEPLANNINGSMODULE

'n Doelwitbeplanningsmodule is aanvanklik as 'n generiese personeelkapasiteitsbouprogram ontwikkel omdat bevind is dat gebrekkige doelwitbeplanningsvaardighede tot die probleem van stres en personeelkonflik kan bydra (Huisamen, 2004:51). Omdat die Selfbestuursprogram juis proaktief van aard is, is besluit om 'n soortgelyke module by die nuwe program in te sluit. Die betrokke module, wat as "Planning of Goals" bekend staan, se doel is om student-konstabels toe te rus met die vermoë "...to utilize goals for achieving personal effectiveness" (PSWS, 2004^{c}:i). Die persoonlike effektiwiteit wat hier ter sprake is, omsluit elke terrein van hul lewens: vanaf die finansiële tot die geestelike, en vanaf die sosiale tot gesondheidsinstandhouding. Indien suksesvol geïmplementeer, sal dit nie net aan hul gedrag rigting gee nie, maar ook 'n gevoel van doelgerigtheid by hulle kweek (PSWS, 2004^{c}:i).

Die module word slegs deur maatskaplike werkers, wat spesifiek vir dié doel opgelei is, aangebied. Elke aanbieder word voorsien van 'n volledige opleidingspakket wat onder andere die leermateriaal, voorbeelde van ysbrekers vir die deelnemers, eksperiënsiële oefeninge, 'n aanbiedersgids en 'n aanbiedingsplan bevat (PSWS, 2004^{c}). Die aanbieding neem die vorm van 'n twee uur lange werkswinkel aan. Die temas wat daartydens gedek word en die belangrikste prosedures en hulpmiddele word in Tabel 1 opgesom. Aangesien die program slegs in Engels geskryf is, word die betrokke inligting in dié taal weergegee.

TABEL 1: DIE TEMAS EN AANBIEDING VAN DIE DOELWITBEPLANNINGSMODULE

TEMAS	PROSEDURES EN HULPMIDDELE
1. Introduction	▪ Icebreaker ▪ Orientation: The importance of goals
2. Guidelines for the formulation of goals	▪ Completion of the "Wheel of balance": Balanced goals (questionnaire in workbook) ▪ Presentation: SMART principle
3. The impact of time management on the achievement of goals	▪ Small-group discussion: The consequences of ineffective time management ▪ Presentation: Effective time management (transparency)
4. The basic principles for setting goals	▪ Discussion: Types of goals ▪ Discussion: Guidelines for goal-formulation ▪ Completion of own written goals: Importance of written, balanced goals
5. Planning life goals	▪ Discussion ▪ Exercise: Collage on own goals (magazines, pens, glue, etc.) ▪ Feedback: Share collages in small groups
6. Summary	▪ Summary and conclusion

Tydens die aanbieding van die module word die aktualiseringsfunksie van die individu, wat deur die lewensdoelkomponent beklemtoon word, bespreek. Die fokus val veral op die totale menswees van die individu, die belang van gebalanseerde doelwitte en die feit dat doelwitbeplanning geïndividualiseerd moet wees (vgl. Darden & Gazda, 1996). Hierin word doelwitbeplanningsvaardighede gesien as die vermoë om doelwitte strategies te bepaal en om die nodige stappe te doen om dit te bereik (vgl. Barker, 1995:152). Beplanning behels weer die proses om 'n probleem te identifiseer, doelwitte saam te stel, na te dink oor maniere om dit te bereik en om die vordering met die bereiking van die doelwitte te meet (WPDCE, 1999:26).

In die aanbieding neem die sessie 'n aanvang met 'n oorsig oor die aard en verloop van die module (sien Tabel 1). Dit word gevolg deur 'n oorsig van die belangrikheid van doelwitbeplanning wat veral op die gedagtes van Maree & Ebersohn (2002:266) en Covey (1990:36) gebou is.

Die rekrute voltooi dan die "Wheel of Balance"-vraelys. Na aanleiding van hierdie vraelys kan elke deelnemer bepaal vir watter aspek van sy of haar lewe hy/sy nie beplande doelwitte het nie. Daarna word:

- die gevolge van swak tydsbestuur deur middel van 'n transparant en groepbespreking oorgedra,
- op die gebruikmaking van die SMART-beginsel in doelwitformulering gelet (die akroniem SMART staan vir die konsepte "Specific, Measurable, Attainable, Realistic/Result orientated, Time Frame"), en
- aan die aard en belangrikheid van kort-, medium- en langtermyndoelwitte aandag geskenk.

Met die voorafgaande inligting as basis, kry die rekrute dan die geleentheid om hul eie doelwitte eers op skrif te stel (vgl. Nelson-Jones, 1991:107) en daarna met behulp van 'n collage visueel uit te beeld. Die collages word eers in kleingroepe met mekaar gedeel voordat daar aan die peloton terugvoer gegee word. Aan die einde som die aanbieder die inhoud van die module en die implikasies daarvan op.

4.2 DIE INHOUD EN AANBIEDING VAN DIE SELFKENNISMODULE

Die Selfkennismodule is by die Selfbestuursprogram ingesluit omdat 'n gebrek aan selfkennis as een van die oorsaaklike faktore van personeelverhoudings- en selfbeeldprobleme beskou kan word. In hierdie verband is Thompson (2002:3) van mening dat selfkennis 'n primêre rol in die ontwikkeling van alle sosiale vaardighede speel, terwyl Rooth (1995:70) meld dat "...working towards an increasingly positive self-concept is of cardinal importance: the self-concept underlies all human behaviour and can be a major motivating or inhibiting force". Deur personeel se selfkennis te verbeter kan hulle dus bemagtig word om werksverwante en alledaagse probleemsituasies meer sinvol te hanteer (Smith, 1991: module 2:10). Sodoende stel die betrokke module rekrute in staat om volle waarde uit die ander modules van die program te kan put.

Die Selfkennismodule is ook gebaseer op die aanname dat 'n toename in selfkennis 'n toename in selfvertroue teweeg bring. Burnard (in Thompson, 2002:3) omskryf selfkennis as " the process of getting to know your feelings, attitudes and values. It is also learning about the effect you have on others." Die module fokus gevolglik op die aard, belangrikheid en implikasies van 'n selfkonsep en die rol wat dit binne verhoudings speel.

Net soos in die geval van Doelwitbeplanning word die spesiaal opgeleide maatskaplike werkers elkeen van 'n volledige aanbiedingspakket voorsien. Dit bevat die voorgeskrewe leermateriaal, eksperiënsiële oefeninge, 'n volledige aanbiedersgids en aanbiedingsplan, asook 'n werkboek (PSWS, 2004[c]). Dié werkboek bevat al die uitdeelstukke wat deur die rekrute gebruik word. Die module word in die vorm van 'n twee uur lange werkswinkel aan die begin van die tweede dag van die Selfbestuursprogram aangebied.

Tabel 2 bevat 'n opsomming van die temas en die belangrikste prosedures en hulpmiddele van die module-aanbieding. Net soos met die uiteensetting van die Doelwitbeplanningsmodule, word die betrokke inligting in Engels weergegee.

TABEL 2: DIE TEMAS EN AANBIEDING VAN DIE SELFKENNISMODULE

TEMAS	PROSEDURES EN HULPMIDDELE
1. Introduction	▪ Ice breaker ▪ Group discussion of self-concept/self-knowledge
2. Learning about ourselves: The Johari Window ▪ Open self ▪ Blind self ▪ Hidden self ▪ Undiscovered self	▪ Presentation: Johari Window (transparency) ▪ Group discussion: The Johari Window of an HIV positive person
3. Aspects of self-concept: ▪ Physical self ▪ Intellectual self-concept ▪ Psychological self-concept ▪ Social self-concept ▪ Moral self-concept	▪ Presentation: Aspects of self-concept ▪ Exercise 1: Series of drawings or coat of arms (workbook) ▪ Small group discussions: Individual self-concept
4. Importance of a person's self-concept	▪ Discussion: Why self-concept is important ▪ Small group discussion: Feedback re opinions (questionnaire in workbook)
5. Summary	▪ Drawing of individual Johari Windows ▪ Summary and conclusion: Presenter

Tydens die ysbreker kry die rekrute geleentheid om hulself deur die gebruik van 'n kleur, fiktiewe karakter, blom of dier wat iets van hul persoonlikheid verteenwoordig, aan die res van die groep voor te stel. Die ysbreker word daarna uitgebrei deurdat hulle addisionele assosiasies individueel op papiertjies neerskryf. Daarna word die konsep van selfkennis met sy verbandhoudende begrippe soos selfbeeld, selfkonsep, selfaanvaarding, selfagting en selfvertroue (Cilliers *et al.*, 1988:23) aan die ontvangers verduidelik.

Om die aard en implikasies van die selfkonsep te verduidelik word 'n transparant van die Johari Venster aan die rekrute vertoon en bespreek. Die rede vir hierdie keuse is omdat die Venster 'n handige hulpmiddel is om die verskillende *vlakke* en dimensies van selfkennis te verduidelik (Kruger, 2001:25; Thompson, 2002:9). Die aanbieder kan ook eienskappe aangaande hom-/haarself as 'n voorbeeld en ter verduideliking van die transparant gebruik. Ten einde die konsep meer prakties te maak word die groep gevra om terugvoer te gee oor hoe hulle dink iemand wat MIV-positief is se Johari Venster kan lyk.

Vyf fasette van 'n selfkonsep kom daarna aan die beurt, te wete die fisieke, intellektuele, psigologiese, sosiale en morele. Die rekrute verdeel daarna in kleiner groepe en kry die opdrag om elk hul eie eienskappe en verwagtinge in die vorm van tekeninge of die ontwerp van 'n skild ("coat of arms") uit te beeld. Vrywilligers kry dan die geleentheid om die betekenisse van die simbole wat gebruik is, met die res van die groep te deel.

Tydens die laaste fase van die aanbieding word die belangrikheid van 'n positiewe selfkonsep gedek en kry die rekrute die geleentheid om hul persoonlike Johari Venster op te stel. Hierdie "produk" word vir verdere verwysing deur die betrokkenes gehou.

5. DIE NAVORSINGSONTWERP EN -PROSEDURE

Ten einde te kan bepaal of die betrokke modules en die Selfbestuursprogram waarvan hulle 'n deel uitmaak, wel 'n prakties betekenisvolle effek op rekrute se kennisvlakke, houdings en gedrag het, is daar vroeg in 2005 'n omvattende empiriese ondersoek by al die SAPD-Opleidingskolleges in Suid-Afrika geloods. Die agtergrond, aard en doel van hierdie ondersoek sal vervolgens aandag geniet. Hierin sal die klem veral op die lewensdoelkomponent se twee modules val.

5.1 DOELSTELLINGS

Die kerndoelstellings van die ondersoek was:

- om te bepaal of die Doelwitbeplanning- en Selfkennismodules wel voldoen aan die vereistes wat aan sodanige tipe intervensies gestel word;
- om met behulp van 'n empiriese ondersoek die effek van die modules op student-konstabels te meet; en
- om, aan die hand van die resultate wat met die teoretiese en empiriese ondersoek verkry is, riglyne vir die verbetering van die modules en aanbieding daar te stel.

5.2 NAVORSINGSONTWERP

In die ondersoek is daar primêr van 'n kwantitatief gefokusde klassieke eksperimentele navorsingsontwerp, ook bekend as die "randomised pretest-posttest control group design" (Fouche & De Vos, 2002:147), gebruik gemaak. Dit is ook met 'n meer kwalitatiewe, beskrywende ontwerp aangevul.

5.3 NAVORSINGSPROSEDURE

Die ses stappe van die ondersoekproses was: 'n literatuurstudie, die ontwerp en toetsing van meetinstrumente, die meting van die intervensies se korttermyneffek, die bepaling van die modules se langtermyneffek, die meting van die intervensies se opbrengs op belegging ("Return on investment/ROI") en die voltooiing van navorsingsverslae. Vervolgens sal die kerninhoud van elk van hierdie stappe weergegee word.

5.3.1 Stap 1: Die literatuurstudie

Om meer inligting oor die begronding van die program te bekom en met die formulering van die meetinstrumente te help, is 'n omvattende literatuurstudie na die teoretiese fundering en die aard van lewensvaardighede, program-aanbieding en program-evaluasie onderneem. Die bronne wat hierin gebruik is, het SAPD-dokumentasie, navorsingspublikasies, boeke, tydskrifte van Suid-Afrikaanse en buitelandse oorsprong en internetgebaseerde databasisse en publikasies ingesluit. Die bronne was afkomstig vanaf 'n wye verskeidenheid dissiplines soos maatskaplike werk, bestuurswetenskappe, opvoedkunde, kriminologie en psigologie. Dit is onder andere gebruik om te bepaal of die modules se inhoud en aanbieding in lyn met die jongste stand van denke op die betrokke gebiede is.

5.3.2 Stap 2: Die ontwerp en toetsing van die meetinstrumente

Die volgende stap het bestaan uit die ontwerp en toetsing van elk van die ses vraelyste wat tydens die effekmeting van elke module gebruik sou word. Die eerste vier is tydens die voor- en natoetsing van onderskeidelik die eksperimentele en kontrolegroepe gebruik. Dit is vanuit die staanspoor so ontwerp dat dit verandering in die respondente se kennisvlakke, houdings en gedrag (KHG) sou meet en 'n direkte vergelyking tussen die groepe moontlik sou maak. As gevolg van hul besondere fokus, sal die vier vraelyste vervolgens gerieflikheidshalwe die "KHG-vraelyste" genoem word.

Geheime kodes wat deur die respondente self voltooi is, is gebruik om vraelyste direk met mekaar te verbind. Sodoende is hul anonimiteit verseker.

Die tweede stel meetinstrumente het uit 'n aanbiedings- en 'n aanbiedersevaluasievraelys bestaan. Soortgelyke vraelyste, wat met sukses tydens die vorige EPCaP-studie gebruik is (Huisamen, 2004:185-8), het die basis van hul ontwerp gevorm.

Die prosedure wat in die ontwikkeling en aanvanklike verifiëring van die meetinstrumente gebruik is, kan in die volgende vier stappe ingedeel word:

- As eerste stap is die resultate van die literatuurstudie, die vorige EPCaP-studie en die inhoudelike van die nuwe modules as basis gebruik om konsep-vraelyste te ontwerp.
- Ten einde die verstaanbaarheid van die konsep-vraelyste te bepaal is dit op 4 Junie 2004 aan vyf leke-evalueerders voorgelê. Dié evalueerders is persoonlik deur die navorser gewerf en het uit twee polisie-konstabels, 'n onlangse skoolverlater, 'n polisie-maatskaplike werker en 'n Afrikaans onderwyser bestaan (sien Addendum 20a). Alhoewel die betrokkenes die vraelyste oor die algemeen positief ervaar en as verstaanbaar beskou het, het hul response aangedui dat bepaalde vrae en skale verder aangepas moes word.

- Die aangepaste vraelyste is vanaf 21 tot 24 Junie 2004 met 'n paneel deskundiges bespreek. Hierdie paneel het uit drie maatskaplikewerk-dosente, twee polisie-maatskaplike werkers en een sielkunde-dosent bestaan (sien Addendum 20b). Die doel van die sessies, wat die vorm van fokusgroepbesprekings aangeneem het, was om die relevantheid asook inhouds- en kriteriumgeldigheid van elke vraag en skaal te bepaal (vgl. Creswell, 2003:157-8; Jackson, 2003:44-5). Die resultate van die besprekings is gebruik om die vraelyste finaal vir 'n loodsondersoek voor te berei.
- Die loodsondersoek het vanaf 26 tot 30 Julie 2004 plaasgevind. Daartydens is al die vraelyste aan gemiddeld 131 rekrute per module geadministreer. Dié rekrute was vanaf ewekansig geselekteerde pelotonne van die Pretoria en Oudtshoorn SAPD-Opleidingskolleges afkomstig. Die data wat ingewin is, is daarna aan indringende statistiese analise onderwerp. Die resultate is gebruik om die vraelyste finaal vir die hoofondersoek voor te berei.

5.3.3 Stap 3: Die meting van die intervensies se korttermyneffek

Die hoofondersoek na die korttermyneffek van elk van die modules het vanaf 24 tot 29 Januarie 2005 by al sewe SAPD-Opleidingskolleges, wat op daardie stadium met basiese opleiding in die land gemoeid was, plaasgevind (sien opskrif 5.4 vir besonderhede). Die data wat hieruit verkry is, is aan volledige statistiese analise onderwerp en geïnterpreteer.

5.3.4 Stap 4: Die bepaling van die intervensies se langtermyneffek

Die bepaling van die langtermyneffek van die modules het tussen 1 en 19 Augustus 2005, dus ses tot sewe maande na die aanvanklike intervensie, plaasgevind. Dit het die vorm aangeneem van fokusgroep-besprekings met rekrute wat die Januarie 2005-opleiding deurloop het. Die data wat hiertydens gegenereer is, is ook aan analise en interpretasie onderwerp (sien opskrifte 7.1.5 en 7.2.5 vir besonderhede)

5.3.5 Stap 5: Die bepaling van die intervensies se opbrengs op belegging ("Return on investment/ROI")

Bogenoemde data ten opsigte van die lang- en korttermyneffek van die modules is saam met inligting wat vanaf die SAPD en ander bronne bekom is, gekombineer om hul opbrengs-op-beleggings-koëfisient ("return on investment/ROI") te bepaal (sien Artikel 4 vir besonderhede).

5.3.6 Stap 6: Die voltooiing van navorsingsverslae

Die laaste stap in die navorsingsproses was die boekstawing van al die navorsingsresultate en –implikasies.

5.4 ONDERSOEKGROEPE

In die ondersoek is daar van twee primêre ondersoekgroepe gebruik gemaak. Eerstens is lede van die eksperimentele en kontrolegroepe betrek om die korttermyneffek van die modules te meet, en tweedens die fokusgroeplede waarmee die langtermyneffek bepaal is. Die samestelling van die groepe sal vervolgens in oënskou geneem word.

In die EPCaP2-ondersoek is daarna gestreef om die aanbevole 10% tot 14% van die universum (Strydom & De Vos, 1998:192-3), in hierdie geval die 4249 rekrute van die Januarie 2005-inname, by die eksperiment te betrek. In die meting van die twee modules se effek kon daarin geslaag word om gemiddeld 392 rekrute by

die eksperimentele en 112 by die kontrolegroepe te betrek (vgl. Tabelle 4 - 5). Dit verteenwoordig 11.9% van die universum.

Daar is in beide gevalle van gestratifiseerde, ewekansige steekproeftrekkings gebruik gemaak (vgl. Strydom, 1999:55,69; Zechmeister & Posavac, 2003:11). Die stratifikasie het daaruit bestaan dat die sewe opleidingskolleges wat geselekteer is, so verteenwoordigend as moontlik van die verspreiding van deelnemers uit alle dele van Suid-Afrika moes wees. Dit sou mechelp om die demografiese kenmerke van respondente (soos bv. taal- en kultuurverspreiding) verteenwoordigend van die totale rekruut-populasie te maak. 'n Bykomende faktor wat egter in gedagte gehou moes word, was dat net sekere instansies hul Selfbestuursopleiding met 'n week sou kon uitstel. Die kontrolegroepe moes noodwendig uit een of meer van dié instellings kom.

Nadat alle faktore in ag geneem is, is daar besluit op die indeling soos in Tabel 3 vervat. Dié indeling sou na verwagting verteenwoordiging in terme van die geografiese verspreiding van kolleges, die getal rekrute per kollege en die moontlikheid van die uitstel van opleiding die beste akkommodeer.

TABEL 3: SELEKTERING VAN OPLEIDINGSKOLLEGES EN GETAL PELOTONNE

PROVINSIE	KOLLEGE	EKSPERIMENTELE GROEP (PELOTONNE)	KONTROLEGROEP (PELOTONNE)
Gauteng	• Pretoria	4 Pelotonne	
	• Jakkalsdans	2 Pelotonne	
Wes-Kaap	• Philippi		2 Pelotonne
	• Oudtshoorn	4 Pelotonne	
	• Graaff-Reinet		2 Pelotonne
Oos-Kaap	• Bisho	4 Pelotonne	
KwaZulu-Natal	• Chatsworth		1 Peloton

Die seleksiekriteria het daartoe aanleiding gegee dat die modules se eksperimentele groepe bestaan het uit 784 rekrute wat vanaf die Pretoria-, Jakkalsdans-, Oudtshoorn- en Bisho-Opleidingskolleges afkomstig was. Die kontrolegroepe se 223 lede was weer vanuit die Graaff-Reinet-, Chatsworth- en Philippi-kolleges geselekteer. Hulle het op dieselfde tydstip as die eksperimentele groep hul ooreenstemmende vraelyste voltooi sonder om aan die program blootgestel te word. Die program is eers 'n week later vir hulle aangebied.

In die ondersoek moes daar bepaal word of die gekose deelnemers wel as verteenwoordigend van die universum beskou kon word. Vir dié doel is daar van drie primêre kriteria gebruik gemaak. Dit was naamlik die mate waartoe hul getalsamestelling met dié van die kolleges verband gehou het, hul geslagsamestelling se graad van verteenwoordiging en hul rassamestelling. Van dié drie is laasgenoemde twee as die belangrikste beskou. In die beoordeling is daar van die standpunt uitgegaan dat 'n kategoriepunt-verskil (dus 10%+) as beduidend aanvaar moes word, terwyl 'n verskil van tussen 5% en 9.9% as klein en onder 5% as onbeduidend beskou moes word.

Die verspreiding van eksperimentele en kontrolegroepe in terme van opleidingskolleges word in Tabel 4 opgesom. Die totale kollege-populasies word ook weergegee.

TABEL 4: VERSPREIDING VAN EKSPERIMENTELE EN KONTROLEGROEPE IN TERME VAN OPLEIDINGSKOLLEGES

KOLLEGES	OUDTS-HOORN	PRETORIA	BISHO	JAKKALS-DANS	GRAAFF-REINET	CHATS-WORTH	PHILIPPI	ONG.*	TOTAAL (n)
Kolleges se populasie	374 (8.8%)	1 978 (46.55%)	783 (18.43%)	169 (3.98%)	347 (8.17%)	143 (3.37%)	455 (10.71%)		4 249 (100%)
Potensiële eksperimentele groep	374 (11.32%)	1 978 (59.87%)	783 (23.7%)	169 (5.12%)					3 304 100%
Potensiële kontrolegroep					347 (36.72%)	143 (15.13%)	455 (48.15%)		945 100%
Module 2: Doelwitbeplanning									
Eksperimentele groep	108 (28.5%)	133 (35.08%)	138 (36.41%)						379 (100%)
Kontrolegroep					31 (26.5%)	30 (25.64%)	55 (47.01%)	1 (0.85%)	117 (100%)
Module 3: Selfkennis									
Eksperimentele groep	107 (26.42%)	102 (25.19%)	138 (34.07%)	58 (14.32%)					405 (100%)
Kontrolegroep						48 (45.28%)	57 (53.77%)	1 (0.94%)	106 (100%)

** Ongespesifiseerd op databasis*

Logistieke probleme het meegebring dat daar in sommige gevalle beduidende persentasieverskille tussen die samestelling van die groepe en die getalsterkte van die onderskeie kolleges was. Van die probleme is veroorsaak deur die feit dat daar van pelotonne as seleksiehulpmiddel gebruik gemaak is, maar dat die getal rekrute per peloton aansienlik kon wissel. Ook was Jakkalsdans nie beskikbaar vir Module 2 se eksperimentele groep en Graaff-Reinet vir Module 3 se kontrolegroep nie. Ten spyte hiervan was die uiteindelike samestelling van die eksperimentele en kontrolegroepe redelik in lyn met dié van die onderskeie kolleges. Omdat al die student-konstabels in die land op dieselfde rang- en ervaringsvlak is, behoort die verskille wat wel bestaan, nie werklik 'n negatiewe invloed op die metings uit te oefen nie. Die proviso wat egter hiervoor geld, is dat hul ras- en geslagsamestelling wel sterk ooreenkomste sal moet toon.

Aangesien die kriteria van ras en geslag in die ondersoek dikwels saam gebruik en bespreek word, word die eksperimentele en kontrolegroepe se ras- en geslagsprofiele in Tabel 5 gekombineer. Die populasie se profiel is ook daarin vervat.

TABEL 5: VERSPREIDING VAN EKSPERIMENTELE EN KONTROLEGROEPE IN TERME VAN RAS EN GESLAG

GROEPE	SWART MAN	SWART VROU	BRUIN MAN	BRUIN VROU	WIT MAN	WIT VROU	INDIËR MAN	INDIËR VROU	TOTAAL (n)
Totale Kollege-populasie	2833 (66.67%)	910 (21.42%)	310 (7.3%	113 (2.66%)	43 (1.01%)	20 (0.47%)	19 (0.45%)	1 (0.02%)	4249 (100%)
Module 2: Doelwitbeplanning									
Eksperimentele groep	231 (60.95%)	82 (21.64%)	39 (10.29%)	16 (4.22%)	6 (1.58%)	2 (0.53%)	3 (0.79%)	0 (0.00%)	379 (100%)
Kontrolegroep	74 (63.25%)	13 (11.11%)	13 (11.11%)	11 (9.4%)	2 (1.71%)	3 (2.56%)	1 (0.85%)	0 (0.00%)	117 (100%)
Module 3: Selfkennis									
Eksperimentele groep	264 (65.19%)	75 (18.52%)	39 (9.63%)	16 (3.95%)	6 (1.48%)	3 (0.74%)	2 (0.49%)	0 (0.00%)	405 (100%)
Kontrolegroep	62 (57.94%)	14 (13.08%)	12 (11.21%)	12 (11.21%)	3 (2.8%)	3 (2.8%)	1 (0.93%)	0 (0.00%)	107 (100%)

** Die totale mag verskil n.a.v. die getal respondente wat 'n item voltooi het.*

Ten opsigte van ras en geslag was daar baie sterk ooreenkomste tussen die samestelling van die ondersoekgroepe en dié van die populasie. Geen groep het die 10%-afwykingskerf oorskry nie en in net enkele gevalle was daar kleiner verskille. Daar kan derhalwe tot die gevolgtrekking gekom word dat die eksperimentele en kontrolegroepe, vir in soverre dit ten minste hul ras- en gelagsamestelling aanbetref, wel verteenwoordigend van die populasie was.

5.5 DATA-INSAMELINGSINSTRUMENTE

Die uniekheid van elke module wat polisie-spesifiek ontwerp is, het tot gevolg gehad dat daar nie van bestaande vraelyste of gestandaardiseerde meetinstrumente gebruik gemaak kon word nie. Gevolglik moes totaal nuwe meetinstrumente ontwikkel en gestandaardiseer word. In laasgenoemde verband is konsep-vraelyste eers aan leke-evalueerders voorgelê, daarna deur 'n paneel deskundiges onder hande geneem en laastens aan 'n omvattende loodsondersoek onderwerp. Hierdie intensiewe ontwikkelingsproses het daartoe aanleiding gegee dat net een van die 14 skale wat ontwikkel is, nie oor 'n aanvaarbare Cronbach alpha koëffisiënt (afgekort met "CA" of α) beskik het nie (Tabel 6). Dié skaal se individuele vrae is gevolglik as indikatore van 'n moontlike effek gebruik.

Vanuit die staanspoor is verwag dat van die nuwe skale probleme mag oplewer. Derhalwe is besluit om in die ondersoek ook van triangulering gebruik te maak. Hierdeur sou nie net potensiële leemtes in meetinstrumente oorbrug kon word nie, maar ook 'n beter en meer geïntegreerde profiel van die intervensies se effek verkry word.

In die ondersoek is Hilton (2002) se definisie van triangulering as 'n algemene uitgangspunt gebruik. Hy sien dit soos volg: "Triangulation in research refers to the combination of two or more theories, data sources, methods, or investigators in one study of a single phenomenon to converge on a single construct." Daar is veral van die sogenaamde intra- of binne-metode ("intra-/within-method") gebruik gemaak omdat meervoudige instrumente ingespan is om dieselfde verskynsel, te wete die *effek* van die modules, te meet en om die resultate met mekaar in verband te bring (Bryman, 2003; Sarantakos.

1998:168; Mark, 1996:220; Ritchie, 2003:46). Die doel hiermee was "...to capture a more complete, holistic and contextual portrayal and reveal the varied dimensions of a given phenomenon" (Hilton, 2002) en om die konstantheid van die metings te toets (Patton, 2002:248).

Sewe data-insamelingsinstrumente is gebruik om die effek van elk van die modules te meet. Hulle was soos volg saamgestel:

- Die eerste vier instrumente het bestaan uit die voortoets- en natoetsvraelyste wat deur onderskeidelik die eksperimentele en kontrolegroepe voltooi is. As gevolg van hul fokus op respondente se kennis, houdings en gedrag, sal dié vier gerieflikheidshalwe as die KHG-vraelyste bekend staan. Elke vraelys het vier gepaarde skale bevat wat respondente se objektiewe en subjektiewe kennis, houdings en gedrag gemeet het. By die natoetsvraelys wat aan die eksperimentele groep geadministreer is, is twee bykomende skale ingevoeg. Dit het onderskeidelik hul sienings van die modules se waarde en sinvolheid gemeet.
- Die aanbiedingsevaluasievraelys is die vyfde instrument wat benut is. Dit het een skaal bevat wat uit vier subskale bestaan het. Elke subskaal het 'n bepaalde faset van die module-aanbieding gemeet.
- Die sesde vraelys is deur die aanbieders van die modules voltooi en was grootliks op die aanbiedingsevaluasievraelys geskoei. Omdat die betrokke aanbiedersevaluasievraelys slegs as 'n sekondêre meetinstrument gebruik is, is dit nie aan dieselfde hoëvlak statistiese analise as die ander onderwerp nie.
- Die sewende data-insamelingsinstrument wat ontwerp en benut is, was die fokusgroep-skedule. Dit was op die KHG-vraelyste se vier effekmetingskale en die sinvolheidskaal gebaseer en is gebruik om rigting aan die fokusgroepe se besprekings van die langtermyneffek van die modules te gee. Die groeplede kon ook geskrewe kommentaar op die skedule aanbring.

Die wyse waarop al die instrumente binne die konteks van triangulering met die meting van die module-uitkomste verband hou, word in Diagram 2 uitgebeeld.

DIAGRAM 2: DIE WYSE WAAROP TRIANGULERING IN DIE ONDERSOEK BENUT IS



Die inhoud en aard van elk van die data-insamelingsinstrumente sal vervolgens bespreek word.

5.5.1 Die KHG-vraelyste

Sogenaamde KAB- of KAP (knowledge, attitudes and behaviour and /or practices)–analises maak reeds vir 'n geruime tyd deel uit van opvoedingsgerigte navorsing op die gesondheids-, opvoedkundige, ekonomiese en maatskaplike bemarkingsterreine (Berger *et al.*, 1994; Mitchell & Kaufman, 2002; Donati *et al.*, 2000; WPDCE, 1999; Weinreich, 1999), maar is nog skaars in maatskaplike werk. Die betrokke tipe ondersoeke is gegrond op die beginsel dat menslike funksionering in drie dimensies verdeel kan word. Dit is naamlik die kognitiewe (denke), affektiewe (emosies/gevoelens) en konatiewe (gedrag) (Thompson, 2002:xvii). In KHG–ondersoeke word daar, onder andere, van die standpunt uitgegaan dat die drie dimensies verwant is, maar nie noodwendig liniêre verbande toon nie. So het talle ondersoeke bevestig dat verandering in een dimensie nie noodwendig tot verandering in 'n ander aanleiding gee nie (bv. 'n toename in kennis verander nie noodwendig houdings nie) of dat die bewerkstelliging van 'n verandering in een dimensie (bv. houdings) nie noodwendig 'n voorvereiste vir verandering in 'n ander dimensie (bv. gedrag) is nie (vgl. Akade, 2001:248-251; McCann & Sharkey, 1998: 268-269; Elkind, 1993: 171).

Vir die onderhawige ondersoek is skale ontwerp om onderskeidelik die rekrute se "objektiewe" en "subjektiewe" kennis, houdings en (bestaande/beoogde) gedrag te meet. Die indeling was soos volg:

- Skaal 1: Objektiewe kennis
- Skaal 2: Subjektiewe kennis
- Skaal 3: Houding
- Skaal 4: Gedrag

Om die kennis-komponent meer effektief te meet is daar op twee fasette van hierdie dimensie gefokus. Die eerste is sogenaamde objektiewe kennis. Dit omsluit die graad waartoe ontvangers die feite wat tydens die aanbieding van 'n module gekommunikeer is, kon bemeester het. Die betrokke skaal het dus basies op 'n kennistoets neergekom. Hierteenoor het die sogenoemde subjektiewe kennisskaal op die denkende perspektief van respondente gefokus (Jarvis, 1990:190,249,332). Hulle moes hierin 'n (subjektiewe) self-evaluasie van hul kennis van bepaalde onderwerpe maak. Dit is gedoen deur vrae soos "My knowledge of *self-knowledge* can be described as " by die skaal in te voeg (sien Addendum 15).

In die KHG-vraelyste is daar van Likert-tipe vrae (o.a. "strongly disagree/disagree/agree/strongly agree") (Jackson, 2003:61) gebruik gemaak. Hierdeur kon die verskil in die respondente se bestaande (in die geval van voortoetse) en nuwe (in die geval van natoetse) houdings en gedrag gemeet word. Die vraelyste is, in die geval van die eksperimentele groep, aan die begin en einde van elke dag geadministreer. Die kontrolegroepe het op dieselfde tydstip soortgelyke voor- en natoetsvraelyste by ander opleidingsentra voltooi. Op hierdie wyse kon omgewingsinvloede in die metings verdiskonteer en die netto-effek van die intervensie/onafhanklike veranderlike bereken word.

Slegs in die geval van die natoets by die eksperimentele groep is twee verdere skale by die vraelys gevoeg. Dit het bestaan uit vrae waardeur die betrokke deelnemers die algehele waarde sowel as die sinvolheid van die module moes evalueer. In die interpretasie van data sal dié skale as "Skaal 5: Die waarde van die module" en "Skaal 6: Die sinvolheid van die module" bekend staan (sien Addendum 15).

5.5.2 Die aanbiedingsevaluasievraelys

Die aanbiedingsevaluasievraelys was grootliks gebaseer op 'n soortgelyke instrument wat tydens die eerste EPCBaP-studie ontwerp en getoets is (vgl. Huisamen, 2004:7). In die onderhawige ondersoek is dit na afloop van die totale program se aanbieding deur die lede van die eksperimentele groep voltooi.

Die vraelys het bestaan uit 23 vrae wat in vyf afdelings verdeel is (sien Addendum 18). Die eerste vier afdelings het subskale van die oorhoofse "Skaal 7: Kwaliteit van die programaanbieding" uitgemaak en die volgende fasette van die aanbieding gemeet:

- Afdeling 1: Evaluasie van die aanbieder (Subskaal 7.1)
- Afdeling 2: Evaluasie van die aanbieder se aanbiedingsvaardighede (Subskaal 7.2)
- Afdeling 3: Evaluasie van die leerproses (Subskaal 7.3)
- Afdeling 4: Evaluasie van die konteks waarin die program aangebied is (Subskaal 7.4)
- Afdeling 5: Algemeen *(Lengte van die program, tempo van aanbieding en die balans tussen voordragte en groepsdeelname)*

Die doel met die subskale was om te bepaal of die betrokke fasette van die aanbieding 'n positiewe of negatiewe invloed op die bereiking van die program se uitkomste gehad het. Die meer beskrywende inligting wat deur Afdeling 5 gegenereer is, kon gebruik word om die programaanbieding te verbeter.

5.5.3 Die aanbiedersevaluasievraelys

Met die aanbiedersevaluasievraelys het die maatskaplike werkers (aanbieders) hul eie aanbiedingsvermoëns en vaardighede, asook die sinvolheid van die program, geëvalueer. Dit is ook van hulle verwag om geskrewe aanbevelings vir die verbetering van die program op die vraelys aan te bring.

Om die maatskaplike werkers en rekrute se sienings van die aard en kwaliteit van die aanbiedings met mekaar te kan vergelyk, is die betrokke vraelys grootliks op die aanbiedingevalusievraelys geskoei. 'n Bykomende afdeling oor die waarde en sinvolheid van die modules is egter ingevoeg. Die vraelys is soos volg gestruktureer:

- Afdeling 1: Selfevaluasie van die aanbieder (*kennis, entoesiasme en vermoë om deelnemers betrokke te maak, moeilike leerstof te verduidelik en materiaal met leerders se kennisvlak in verband te bring)*
- Afdeling 2: Evaluasie van die aanbiedingsvaardighede
- Afdeling 3: Evaluasie van die leerproses
- Afdeling 4: Evaluasie van die konteks waarin die program aangebied is
- Afdeling 5: Evaluasie van die waarde en sinvolheid van die module
- Afdeling **6: Algemeen *(lengte van die program, tempo van aanbieding, balans tussen voordragte en groepsdeelname, kommentaar en aanbevelings oor die inhoud en aanbieding** van die onderskeie **modules en algemene kommentaar)***

5.5.4 Fokusgroepe

Fokusgroepe is ongeveer sewe maande na die aanbieding van die modules gemobiliseer en gebruik om die langtermyneffek van die modules te bepaal. Die rede vir hierdie keuse is dat die gebruikmaking van sodanige groepe as 'n besonder effektiewe metode beskou word om verskillende houdings, gevoelens, ervarings en reaksies rakende 'n gegewe onderwerp te bepaal (Gibbs, 1997).

'n Skedule is ontwikkel om rigting aan die fokusgroepgesprekke te gee. Dit het 'n verduideliking van die doel van die groepe, die verwagte agenda en stimuleervrae bevat en is vooraf aan elkeen van die deelnemers voorsien. Met die aanvang van die groepbespreking is 'n opsomming van die inhoud van die module gegee en daarna is lede se belewing van die module se uitkomste, relevansie en die blywende impak (indien enige) daarvan op hul kennis, houding en gedrag volledig bespreek. Hiertydens is die fasiliteerder deur 'n navorsingsassistent, wat veral vir die maak van notas verantwoordelik was, bygestaan.

Die groepbespreking is opgeneem, getranskribeer en geanaliseer. In die analise is die temas en subtemas wat herhaaldelik in die gesprekke voorgekom het, gesistematiseer en gestruktureer (sien Addendum 9 tot 10). Dit is dan as basis gebruik om die aard en graad van 'n module se langtermyneffek te bepaal.

Tydens die evaluasie van die lewensdoelkomponent het al die instrumente meer as 135 900 individuele metings opgelewer. Die wyse waarop dié data verwerk is, word vervolgens in oënskou geneem.

5.6 DIE PROSEDURE EN FORMULES WAT IN DATAVERWERKING BENUT IS

Al die statistiese data wat met behulp van die triangulering van metings ingesamel is, is in oorleg met die Statistiese Konsultasiedienste van die Noordwes-Universiteit en met behulp van die SAS-rekenaarpakket (SAS Institute Inc., 1999) geanaliseer. In die ontleding van die vraelyste en die tersaaklike data wat daaruit voortgevloei het, moes antwoorde op die volgende vrae gevind word: Meet die skale op 'n *betroubare* wyse, is die vrae *geldig* en word *verandering* gemeet? Die data wat deur middel van die fokusgroepe verkry is, is in temas en tendense gegroepeer en met die interpretasie van die statistiese data geïntegreer.

5.6.1 Die berekening van betroubaarheid

In die ondersoek is elke skaal/subskaal se graad van *betroubaarheid* deur middel van die berekening van sy Cronbach se alpha koëffisiënt (CA/α) bepaal (Gravetter & Forzano, 2003:455). 'n Telling van 0.5 is as die minimum aanvaarbare vlak geneem (vgl. Jackson, 2003:87-91). In die onderhawige ondersoek het net een van die 20 skale/subskale (sien Tabel 6: Skaal 1 van Module 3) nie aan hierdie vereiste voldoen nie en is die individuele vrae as indikatormetings benut.

5.6.2 Die berekening van geldigheid

Rakende die *geldigheid* van individuele vrae, is daar vooraf deur middel van leke-evalueerders,'n paneel deskundiges sowel as 'n loodsondersoek gepoog om die gesigs-, inhouds- en kriteriumgeldigheid (vgl. Jackson, 2003:44-5; Creswell, 2003:157-8; Elmes *et al.*, 2003:55-9) daarvan te verhoog.

5.6.3 Die berekening van verandering/effek

Om die *verandering* wat moontlik deur die modules teweeg gebring is te meet, is daar in die ondersoek van beide inferensiële statistiek en Cohen se formule vir die berekening van effekgroottes ("d") gebruik gemaak (Cohen, 1988: 20-7; Steyn, 2000:1-3) Die motivering vir hierdie stap is soos volg:

- Omdat daar in die onderhawige ondersoek 'n ewekansige steekproef getrek is, kon die gekose rekrute as 'n subpopulasie van die beplande teikenpopulasie beskou word. Die gevolg was dat daar

deur middel van inferensiële statistiek na die teikenpopulasie veralgemeen kon word (Steyn, 1999:1-2) en dat die berekening van statistiese beduidendheid (bv. p-waardes) moontlik was.

- Om vas te stel of die program in die praktyk die kennis, houdings en gedrag van SAPD-rekrute sal verander, is daar wel van die gestandaardiseerde verskil as effekgrootte gebruik gemaak (vgl. Gravetter & Forzano, 2003:454). Dit behels die verskil tussen die twee gemiddeldes (of gemiddeldes vanaf 'n gegewe waarde) gedeel deur die standaardafwyking (Spatz, 2001:74). Volgens Steyn (2000:3) is dit 'n natuurlike maatstaf om uitsprake van beduidendheid te kan maak.

Die eerste stap in die bepaling van die modules se effek, was om die d-waardes van die skale en vrae soos wat dit op die eksperimentele groep alleen betrekking gehad het, te bereken. Hierdeur kon bepaal word watter invloed die intervensie *binne* die groep uitgeoefen het. Die formule wat hiervoor gebruik is, was die volgende:

$$d = \frac{\mu_{diff}}{\sigma_{diff}}$$

Waar:

d = effekgrootte

μ_{diff} = gemiddelde verskiltelling in die eksperimentele groep (voortaan "μ_1" genoem)

σ_{diff} = standaardafwyking van verskiltellings

As tweede stap was dit nodig om te bepaal of daar prakties betekenisvolle verskille *tussen* die voor- en natoetstellings van die eksperimentele en kontrolegroepe was, oftewel in Jackson (2003:175) se woorde: "...how big a role the conditions of the independent variable play in determining scores on the dependent variable." Om dit egter te kon doen, moes daar eers bepaal word of die eksperimentele groep ("e") en kontrolegroep ("c") vóór die aanbieding van die module (die onafhanklike veranderlike) genoegsaam ooreengestem het om 'n vergelyking tussen die twee moontlik te maak. Dit is gedoen deur per skaal die d-waardes van die twee groepe se voortoetsmetings te bereken en dit met mekaar te vergelyk. Dié verskil moes kleiner as 0.5 wees. Normaalweg is dit net in die geval van groter verskille nodig om 'n kovariansie-analise te maak. Alhoewel al die skale wat in hierdie ondersoek gebruik is, se verskil kleiner as 0.5 was, is daar tog aan Pocock *et al.* (2002:2924) se aanbeveling gehoor gegee. Dié outeurs is van mening dat dit in elk geval beter is om 'n kovariansie-analise op natoetse te doen waar vir voortoetstellings gekorrigeer word as om bloot na verskille te kyk (Pocock *et al.*, 2002:2924). Die resultate van hierdie metings is in Addendums 2 en 3.

As derde stap is daartoe oorgegaan om die "netto-verandering" te bereken wat per skaal deur die modules bewerkstellig is. Hiervoor is daar van Cohen se formule vir die berekening van effekgroottes tussen twee groepe gebruik gemaak. Dié formule vir d (effekgrootte) is die volgende:

$$d = \frac{|\mu_1 - \mu_2|}{\sqrt{MSE}}$$

Waar:

d = effekgrootte

μ_1 = gemiddelde verskiltelling in die eksperimentele groep (e)

μ_2 = gemiddelde verskiltelling in die kontrolegroep (c)

$\mu_1 - \mu_2$ = verskil tussen gemiddelde verskiltellings

MSE = gemiddelde kwadraatfout ("mean square error") van die ANCOVA (Cohen, 1988: 20-27; Steyn, 2000:1-3)

Die volgende riglyne geld vir die beoordeling van alle d-waardes:

- d =0.2: dui 'n klein effek aan en impliseer in die geval van nuwe navorsing dat die eksperiment of opname liefs herhaal moet word om seker te maak of daar wel 'n effek was.
- d =0.5: dui op 'n matige of medium effek wat waarneembaar is en dalk betekenisvol mag wees. 'n Beter beplande opname of eksperiment mag in sodanige gevalle moontlik meer beduidende resultate oplewer.
- d =0.8: dui op 'n groot effek wat beduidend en van praktiese belang (dus prakties betekenisvol) is.
- Omdat daar geen absolute grense tussen d-waardes bestaan nie, is dit moontlik om van konsepte soos "klein tot medium effek" en "'n baie groot effek" gebruik te maak (Cohen, 1969:22-5; Spatz, 2001:74-5; Steyn, 1999:3).

In die interpretasie van die data wat deur Skale 5, 6 en 7 en die ander vraelyste opgelewer is, is daar veral van beskrywende statistiek gebruik gemaak. Dit sal veral totale, persentasies en rekenkundige gemiddeldes behels.

6. DIE BETROUBAARHEID VAN DIE MEETINSTRUMENTE

Die betroubaarheidskoëffisiënt (α) van die skale wat in die ondersoek benut is, word in Tabel 6 opgesom (sien Addendum 14-15) vir die vrae wat gebruik is om die betrokke skale saam te stel).

TABEL 6: CRONBACH ALPHA KOËFFISIËNT (α) VIR BETROUBAARHEID VAN MEETINSTRUMENTE

SKAAL	FASETTE EN VRAE	α [2]
Module 2: Doelwitbeplanning		
Skaal 1	*Objektiewe kennis* van doelwitbeplanning	0.57*
Skaal 2	*Subjektiewe kennis* van doelwitbeplanning	0.89*
Skaal 3	*Houdings* rakende doelwitbeplanning	0.58 *
Skaal 4	Doelwitbeplanningsverwante *gedrag*	0.87*
Skaal 5	Die *waarde* van die module	0.77*
Skaal 6	Die *sinvolheid* van die module	0.91*
Module 3: Selfkennis		
Skaal 1	*Objektiewe kennis* van selfkennis	0.42
Skaal 2	*Subjektiewe kennis* van selfkennis	0.89*
Skaal 3	*Houdings* rakende selfkennis	0.68 *
Skaal 4	Selfkennisverwante *gedrag*	0.8*
Skaal 5	Die *waarde* van die module	0.81*
Skaal 6	Die *sinvolheid* van die module	0.92*
Programaanbieding		
Skaal 7	Evaluasie van die programaanbieding:	-
Subskaal 7.1	Evaluasie van die *aanbieder*	0.76*
Subskaal 7.2	Evaluasie van die aanbieder se *aanbiedingsvaardighede*	0.83*
Subskaal 7.3	Evaluasie van die *leerproses*	0.85*
Subskaal 7.4	Evaluasie van die *aanbiedingskonteks*	0.75*

* *Betroubare skale*

[2] α =Cronbach alpha koëffisiënt

Tabel 6 toon dat slegs Skaal 1 van die Selfkennismodule nie oor die minimum Cronbach alpha koëffisiënt van 0.5 beskik het nie. Al die ander skale het oor 'n aanvaarbare (0.5-7.9) tot baie goeie (≥ 0.8) betroubaarheidskoëffisiënt (α) beskik.

7. DIE EFFEK VAN DIE MODULES

In die meting van die modules se korttermyneffek is daar van die standpunt uitgegaan dat die student-konstabels voor die aanbiedings reeds oor 'n bepaalde vlak van kennis, sekere houdings en bepaalde praktyke en vaardighede beskik het (Nelson-Jones, 1991:25). Dit is deur middel van die voortoetse bepaal. Voordat daar verder gegaan kon word, moes daar eers bepaal word of die betrokke vlakke by die eksperimentele en die kontrolegroepe vergelykbaar (dus <0.5) was. Al die benutbare skale het dié toets geslaag (sien Addendum 2-3). Die effek van 'n module op die eksperimentele groep en enige verandering by die kontrolegroep is daarna met behulp van gepaarde t-toetse en 'n kovariansie-analise bepaal. Hier is die waardes gekorrigeer vir voortoetstellings ten einde te kon bepaal of die eksperimentele groep ná die intervensie oor hoër vlakke van kennis en meer toepaslike houdings en gedrag as die kontrolegroep beskik het (sien Addendums 2-3). Net die finale kovariansie-analise se statistiek en die verkreë d-waardes sal in hierdie artikel weergegee word.

Vir die bepaling van die modules se langtermyneffek is daar van fokusgroepe gebruik gemaak. Hierdie keuse was onder andere gegrond op Wholey *et al.* (2004: 7) se siening dat dit 'n effektiewe metode is om reeds-voltooide programme te evalueer. Die 22 student-konstabels wat by die fokusgroepe betrek is, is op 'n beskikbaarheidsgrondslag uit polisiestasies in die Suid-Kaap en Gauteng geselekteer. Almal moes gedurende Januarie 2005 die Selfbestuursprogram by die verskillende opleidingskolleges deurloop het en reeds uitgeplaas wees by die stasies waar hulle veldopleiding ontvang. Hierdeur kon verseker word dat die lede uit dieselfde universum as dié van die eksperimentele en kontrolegroepe kom en dat hulle oor praktykervaring beskik om 'n mening oor die langtermyneffek van die modules te kon vorm. Die uiteindelike samestelling van die groepe word in Tabel 7 vervat.

TABEL 7: VERSPREIDING VAN FOKUSGROEPE IN TERME VAN RAS EN GESLAG

GROEPE	SWART MAN	SWART VROU	BRUIN MAN	BRUIN VROU	WIT MAN	WIT VROU	INDIËR MAN	INDIËR VROU	TOTAAL (n)
Totale SAPD-Kollege-populasie	2 833 (66.67%)	910 (21.42%)	310 (7.3%)	113 (2.66%)	43 (1.01%)	20 (0.47%)	19 (0.45%)	1 (0.02%)	4 249 (100%)
Module 2: Doelwitbeplanning									
Fokusgroep	14 (63.64%)	0 (0%)	6 (27.27%)	2 (9.09%)	0 (0%)	0 (0%)	0 (0%)	0 (0%)	22 (100%)
Module 3: Selfkennis									
Fokusgroep	14 (63.64%)	0 (0%)	6 (27.27%)	2 (9.09%)	0 (0%)	0 (0%)	0 (0%)	0 (0%)	22 (100%)

Uit Tabel 7 is dit duidelik dat die fokusgroepe in terme van ras en geslag oor die algemeen goed verteenwoordig was teenoor die totale SAPD-Kollege-populasie. Dit sou wenslik wees dat daar swart vroue teenwoordig was in die fokusgroepbesprekings, maar vanweë die feit dat slegs twee stasies betrek is by die besprekings, het beskikbaarheid die groepsamestelling bepaal. Die oorverteenwoordiging van

bruin mans kan toegeskryf word aan die feit dat een van die fokusgroepe in die Suid-Kaap, waar dit meer verteenwoordigend van die gemeenskapsamestelling is, gefasiliteer is. Oor die algemeen kan die resultate egter as verteenwoordigend van die totale SAPD-rekruut-populasie beskou word.

Die volgende basiese prosedure is in die benutting van die fokusgroepe gevolg:

- Die lede van die fokusgroepe is vooraf van die doel en aard van die besprekings in kennis gestel.
- 'n Skedule met stimuleervrae is aan die hand van die tersaaklike module-inhoud en -vraelyste opgestel en vooraf aan elk van die deelnemers voorsien. Hulle kon ook voorlopige response op die temas skriftelik formuleer.
- Die nodige toestemming is verkry om die bespreking op band op te neem.
- 'n Opsomming van die inhoud van die module is aan die begin van die groepsessie aan die lede oorgedra.
- Daarna het die moderator, bygestaan deur 'n navorsingsassistent, die lede se belewing van die module se uitkomste, relevansie en blywende impak aan die hand van die skedule volledig verken.
- Die groepbespreking is daarna getranskribeer. Die temas wat herhaaldelik hierin na vore gekom het, tesame met dié in die geskrewe response en die notas van die navorsingsassistent, is laastens tot een geïntegreerde lys van temas en subtemas gesistematiseer (sien Addendums 9 tot 10).

Die resultate van die fokusgroepbesprekings sal vervolgens 'n deel van die bespreking van elke module se effek uitmaak.

7.1 DIE EFFEK VAN DIE DOELWITBEPLANNINGSMODULE

Die netto-effek wat die Doelwitbeplanningsmodule op die ontvangers gehad het, word in Tabel 8 opgesom. Die implikasies van elke skaal se resultate sal vervolgens afsonderlik hanteer word. Hierin sal daar veral op hul d-waardes gefokus word.

TABEL 8: SKALE 1 TOT 4: KOVARIANSIE-ANALISE GEKORRIGEER VIR VOORTOETSTELLINGS VAN DIE DOELWITBEPLANNINGSMODULE

SKALE	n	VERSKIL VAN GEMIDDELDES	√MSE	p-TELLING	d-WAARDES
Skaal 1: Objektiewe kennis	495	0.347	0.409	<0001	0.85**
Skaal 2: Subjektiewe kennis	494	0.998	0.404	<0001	2.47**
Skaal 3: Houding	495	0.348	0.287	<0001	1.21**
Skaal 4: Gedrag	494	0.688	0.372	<0001	1.85**

** Medium effek: d ≤ 0.5 **Prakties betekenisvolle effek: d ≥ 0.8*

7.1.1 Die toename in objektiewe kennis

Die d-waarde van Skaal 1 toon dat die module 'n prakties betekenisvolle effek op die deelnemers se objektiewe kennisvlakke gehad het. Hulle het dus op die korttermyn beduidend baie feitekennis oor die aard en konteks van doelwitstelling bemeester. Die fokusgroepe het dit bevestig deur die feit dat hulle sekere kennisinhoudelikes (bv. oor die "Wheel of Balance" en die SMART-beginsel) steeds na 'n tydperk van sewe maande kon verbaliseer (sien Addendum 9).

7.1.2 Die toename in subjektiewe kennis

Die resultate van die kovariansie-analise toon aan dat die module 'n baie groot en *prakties betekenisvolle* verskil (Tabel 8: d-waarde =2.47) aan die rekrute se subjektiewe kennis teweeggebring het. Hulle het dit dus beleef as 'n bemagtiging met nuwe kennis wat nuttig gebruik kon word. Uit die fokusgroeplede se kommentaar het dit geblyk dat veral kennis oor die stappe en vereistes van doelwitformulering van waarde geag is en hulle kon selfs die betrokke kennis verwoord (sien Addendum 9). Die algemene gesindheid teenoor die module was ook steeds positief.

Indien die module se kort- en langtermyneffek op kennis vergelyk word, blyk dit dat rekrute die aspekte wat hulle deurlopend en op 'n praktiese wyse kan benut, beter kon herroep. Begrip van abstrakte konsepte of inhoudelikes wat nie van onmiddellike belang is nie, gaan dus maklik verlore.

7.1.3 Die verandering van houdings

Nelson-Jones (1991:13) beskou 'n positiewe houding as 'n gepaste ingesteldheid teenoor enige lewensvaardigheid waar die individu persoonlike verantwoordelikheid aanvaar vir die verwerwing, benutting en ontwikkeling van die betrokke vaardigheid (die sg. "om te wil"-dimensie). Die d-waarde van 1.21 dui daarop dat die module 'n *prakties betekenisvolle* korttermyneffek op die deelnemers se houding jeens doelwitbeplanning gehad het. Doelwitbeplanning het 'n sterk houdingskomponent, in die sin dat dit 'n groot invloed op 'n werknemer se motivering het. Laasgenoemde lei weer tot verbeterde werksprestasie (Robbins, 2005:53-4).

Uit die bespreking tydens die fokusgroepe het dit duidelik geblyk dat die betrokke houdingsverandering blywend van aard was. Die rekrute het erken dat hulle nie vooraf besef het hoe belangrik dit is om doelwitte te hê nie, en dat hulle nou ervaar dat doelwitte bereikbaar is indien jy toegewyd daaraan werk. Die respondente het die module ook as motiverend ervaar, aangesien hulle na die ontvangs daarvan 'n groter dryfkrag het om hul doelwitte te bereik. Hulle was ook van mening dat hulle daarna oor 'n breër visie beskik, en meer georganiseerd en gedetermineerd is (Addendum 9).

Alhoewel daar verskeie navorsingsbevindinge oor die verband tussen houding en gedrag was, is daar tog gevind dat dié houdings wat individue as belangrik beskou en maklik kan onthou, 'n groter impak op gedrag het (Robbins, 2005:27). Uit die resultate van die KHG-meting wil dit voorkom asof dit by doelwitbeplanning wel die geval is.

7.1.4 Die verandering van gedrag

Die "wil om dit te doen" en die "weet hoe om dit te doen" word vervat in die "daadwerklike doen daarvan" wanneer 'n persoon die betrokke vaardigheid aanleer en in die praktyk gaan toepas (Nelson-Jones, 1991:13). Met 'n d-waarde van 1.85 is dit duidelik dat die module 'n persoonlike voorneme om doelwitte daadwerklik te gaan formuleer en nastreef, by rekrute laat ontstaan het. Die fokusgroepe het aangetoon dat dit nie net by voornemens gebly het nie, maar dat die deelnemers reeds daarin geslaag het om sommige van hul mediumtermyndoelwitte te bereik. Hulle het ook bevestig dat dit 'n motiverende invloed gehad het en dat hulle steeds nuwe doelwitte opstel wanneer voriges bereik is. Ook word daar daaglikse korttermyndoelwitte gestel en bereik (Addendum 9).

Na aanleiding van die KHG-meting kan daar samevattend verklaar word dat die Doelwitbeplanningsmodule 'n betekenisvolle verandering in die eksperimentele groep se kennis, houdings en beoogde gedrag op korttermynvlak teweeggebring het. Dit was ook vanuit die fokusgroepgesprekke duidelik dat van hierdie effekte blywend was. Die ander langtermyneffekte sal vervolgens aandag geniet.

7.1.5 Langtermyneffek van die module

Tydens die fokusgroepbespreking het die deelnemers spesifiek melding gemaak van die belang van balans en dat die module hulle die geleentheid gegee het om 'n breër perspektief op hul eie lewens te kry. Hulle het ook steeds die SMART-beginsel tydens doelwitformulering toegepas.

Die deelnemers het die module as relevant vir die werksplek beskou. Hulle meen dat dit hulle met hul daaglikse dissipline en tydsbestuur in die werk sal help en sodoende 'n positiewe invloed op hul prestasiebeoordeling en bevorderingsmoontlikhede sal uitoefen. Die mening is ook uitgespreek dat die betrokke module, sowel as die Selfbestuursprogram in geheel, hulle effektief toerus om die gemeenskap te bedien.

Die feit dat die oorweldigende meerderheid van die fokusgroeplede die module as sinvol vir hulle lewens en as uiters motiverend beoordeel het, bevestig die langtermynwaarde van die lewensdoelkomponent. Van die deelnemers het aangedui dat die module hulle hele manier van dink en leef verander het. Dit verifieer tot 'n mate Brooks se besondere benaming van die komponent, te wete "purpose-in-life".

7.2 DIE EFFEK VAN DIE SELFKENNISMODULE

Die resultate van die effekmeting van die Selfkennismodule word in Tabel 9 opgesom. Die implikasies van elke skaal se resultate sal afsonderlik hanteer word.

TABEL 9: SKALE 1 TOT 4: KOVARIANSIE-ANALISE GEKORRIGEER VIR VOORTOETSTELLINGS VAN DIE SELFKENNISMODULE

SKALE	n	VERSKIL VAN GEMIDDELDES	√MSE	p-TELLING	d-WAARDES
Skaal 1: Objektiewe kennis					
1. The term "self-concept" and "self-image" refer to the same thing	506	0.669	1.24	<0001	0.54*
2. The Johari Window consists of four different areas	504	1.436	0.789	<0001	1.82**
3. A person who is domineering, usually has a poor self-image	504	0.503	1.357	<0001	0.37
Skaal 2: Subjektiewe kennis	512	1.08	0.462	<0001	2.34**
Skaal 3: Houding	512	0.237	0.3	<0001	0.79*
Skaal 4: Gedrag	512	0.747	0.451	<0001	1.66**

** Medium effek: d ≤ 0.5 **Prakties betekenisvolle effek: d ≤0.8*

7.2.1 Die toename in objektiewe kennis

Soos met die Doelwitbeplanningsmodule is daar tussen twee aspekte van kennis onderskei, naamlik objektiewe en subjektiewe kennis. Daar sal eerstens oorgegaan word tot die bespreking van die verandering in objektiewe kennis.

Die eerste skaal het nie as 'n geheel 'n aanvaarbare Cronbach alpha koëffissiënt gehad nie (CA =0.42) en daar moes vir dié betrokke meting van die individuele vrae gebruik gemaak word. Vraag 2 se d-waarde van 1.82 dui aan dat die rekrute ten minste die betrokke faset van die Johari Venster aangeleer het. Die fokusgroep het egter aangedui dat gedetailleerde kennis daarvan na ses maande reeds verlore gegaan het. Hulle was tog van mening dat dit wel 'n baie handige instrument was om hulself beter te leer ken (sien Addendum 10).

Vraag 1 se d-waarde van 0.54 (medium effek) impliseer dat ten minste diegene wat aanvanklik nie die verwantskap tussen 'n selfkonsep en selfbeeld verstaan het nie, dit na die tyd begryp het. In die fokusgroepe is hierdie tipe kennis as "'n teoretiese begronding" van wat hulle al in die lewe geleer het, beskou. Hul ervaring was dat hul kennis toegeneem het, maar dat hulle nie noodwendig die feite daaromtrent kon verbaliseer nie (sien Addendum 10).

7.2.2 Die toename in subjektiewe kennis

Uit die resultate van die kovariansie-analise dui 'n d-waarde van 2.34 op 'n baie sterk *prakties betekenisvolle* verandering in rekrute se subjektiewe belewing van hul kennisvlakke. Die fokusgroepe het aangedui dat hierdie persepsie na ses maande steeds dominant was. Dit is opvallend dat hulle die betrokke kennis as veral waardevol in hul interaksie met mense en in hul werk oor die algemeen gevind het (sien Addendum 10).

7.2.3 Die verandering van houdings

Die feit dat selfkennis 'n sterk houdingskomponent bevat (Darden & Gazda, 1996), het die dimensie wat met Skaal 3 gemeet is van besondere belang vir die ondersoek gemaak. Die *prakties betekenisvolle* d-waarde van 1.79 dui aan dat dit wel baie goed daarin kon slaag om op die korttermyn 'n houding te vestig dat hulle moet poog om hul selfkennis te verbeter. Die fokusgroeplede se sterk mening dat dit belangrik is om jouself te ken het bevestig dat hierdie houding steeds op die langtermyn gehandhaaf word.

In die fokusgroepe was dit opvallend dat die deelnemers dit beklemtoon het dat die module tot 'n toename in hul selfvertroue aanleiding gegee het. Hierdie "neweproduk" van selfkennis (vgl. Kruger, 2001:27) impliseer dat die betrokkenes reeds aktief aan die verbetering van hul selfkennis begin werk het. Hulle het in die groepe ook die mening uitgespreek dat dit die individu se verantwoordelikheid is om sy/haar sterk- en swakpunte te ken en daaraan te werk en dat die module hul persepsie oor ander mense verander het (Addendum 10).

7.2.4 Die verandering van gedrag

Die d-waarde van 1.66 (Tabel 9) impliseer dat die rekrute aanvanklik sterk gemotiveerd was om hul selfkennis te verbeter en om die redelik abstrakte nuwe kennis in daadwerklike handelinge om te sit.

Dat dit op die langtermyn wel gebeur het, kan gevind word in die bevestiging deur die fokusgroeplede dat die module meegehelp het om hulle meer professioneel en produktief te laat optree. Hulle het ook die vermeerdering van selfkennis direk verbind met meer selfbeheersde, gefokusde en vriendelike gedrag, wat op sy beurt interaksie met die gemeenskap verbeter het (Addendum 10).

Die waarde van hierdie module lê nie slegs op persoonlike vlak nie, maar kan ook vir 'n organisasie van groot waarde wees. So sal 'n werknemer (in hierdie geval 'n rekruut) met 'n goeie selfwaarde, minder omkoopbaar wees en sterker staan vir sy eie waardes, sowel as dié van die organisasie (Robbins *et al.*, 2003:89).

7.2.5 Langtermyneffek van die module

Alhoewel die deelnemers van die fokusgroepe erken het dat selfkennis 'n moeilike konsep is om in woorde om te sit, het hulle tog groot waarde aan die module geheg. Hulle het 'n sterk interne lokus van kontrole daaraan gekoppel en dit blyk dat die module hulle bemagtig het met kennis en 'n vaardigheid wat hul totale funksionering positief beïnvloed het. Dit het veral tot 'n toename in hul selfvertroue aanleiding gegee (Addendum 10).

Die module het op die langtermyn ook verskeie ander gevolge vir die betrokkenes ingehou. So het dit hul selfaanvaarding verhoog, tot beter selfbeheersing aanleiding gegee, interpersoonlike verhoudings oor die algemeen help verbeter en 'n ingesteldheid geskep dat ander mense se gevoelens en houdings ook in ag geneem behoort te word (Addendum 10).

Alhoewel die module eintlik ter ondersteuning en ter instaatstelling van ander modules in die program ingesluit is en nie eintlik *per se* 'n gedragsveranderingsdoel nagestreef het nie, het dit wel op die langtermyn hierdie resultaat opgelewer. Dit bevestig sommige outeurs se siening dat mense se self-konsep 'n integrale rol in hul gedrag speel (McKenna, 1994:251; Rooth, 2000:31).

8. DIE WAARDE VAN DIE MODULES

Die eksperimentele groep het saam met elke natoetsvraelys ook 'n sogenaamde waardeskaal voltooi. Hiermee kon die rekrute die waarde van elke afdeling van 'n module, asook die module as geheel, evalueer (sien Addendum 14-15). Die gemiddelde tellings van elk van die modules word in Tabel 10 opgesom.

TABEL 10: SKAAL 5: DIE WAARDE VAN DIE MODULES

MODULES	n	KEUSES EN GEMIDDELDE RESPONSE				α
		1. It had no or little value	*2. It had below average value*	*3. It had above average value*	*4. It had a lot of value*	
Module 2: Doelwitbeplanning	368	1.75 (0.48%)	11.5 (3.13%)	109 (29.62%)	245.75 (66.78%)	0.77■ a
Module 3: Selfkennis	405.75	2.5 (0.62%)	9.5 (2.34%)	110.75 (27.3%)	283 (69.75%)	0.81■
Gemiddeld	386.875	2.125 (0.55%)	10.5 (2.71%)	109.875 (28.4%)	264.375 (68.34%)	0.79■

■ *Betroubare skaal: α ≥ 0.5*

Die oorgrote meerderheid van die rekrute het die waarde van die lewensdoelkomponent baie hoog aangeslaan. So het gemiddeld 68.34% dit in die "besonder waardevolle" kategorie geplaas en net oor die 3% het dit as ondergemiddeld beleef. Dieselfde tendens het in die evaluasie van die waarde van die onderafdelings van die modules voorgekom (Addendum 2, Tabel 5; Addendum 3, Tabel 5). Die hoë waarde van die betrokke modules is deurgaans deur die KHG-skale bevestig. Die feit dat die Selfkennismodule ietwat meer waardevol as die Doelwitbeplanningsmodule aangeslaan is, alhoewel die d-waardes van die KHG-metings (sien Tabel 8) by die Doelwitbeplanningsmodule hoër was, kan moontlik toegeskryf word aan die abstrakte en subjektiewe aard van selfkennis en dat dit moeiliker verwoordbaar is.

9. DIE SINVOLHEID VAN DIE MODULES

Die laaste meting van die trianguleringsproses was die deelnemers se belewing van die sinvolheid van die modules. Hierdie dimensie word gemeet omdat 'n module wel 'n groot effek kan hê (Skale 1 tot 4) en waardevol kan wees (Skaal 5), maar in vergelyking met ander modules/intervensies nie 'n hoë prioriteit moet wees nie. Die vraag wat dus beantwoord moet word, is of die module wel 'n sinvolle bydrae tot die doeltreffender funksionering van die rekruut as individu en as werknemer lewer. Die resultate van dié meting is in Tabel 11 vervat.

TABEL 11: SKAAL 6: DIE SINVOLHEID VAN DIE MODULES

MODULES	n	KEUSES EN GEMIDDELDE RESPONSE				α
		1. I strongly disagree	*2. I disagree*	*3. I agree*	*4. I strongly agree*	
Module 2: Doelwitbeplanning	364.75	0.75 *(0.21%)*	3.33 *(0.91%)*	104.08 *(28.53%)*	256.58 *(70.34%)*	0.91■
Module 3: Selfkennis	405.17	0.83 *(0.2%)*	4.58 *(1.13%)*	110.67 *(27.31%)*	289.08 *(71.35%)*	0.92■
Gemiddeld	384.96	0.79 *(0.21%)*	3.96 *(1.03%)*	107.38 *(27.89%)*	272.83 *(70.87%)*	0.92■

■ *Betroubare skaal: α ≤ 0.5*

Die evaluering van die sinvolheid van die modules dui daarop dat die oorgrote meerderheid van die respondente (70.87%) ten sterkste saamgestem het dat dit vir hulle as individue, sowel as personeellede van die SAPD, baie sinvol was Die resultate in Tabel 11 word verder gesubstansieer deur die effekgroottes van die KHG-vraelyste, die waardeskaal (Tabel 10) en die fokusgroepe (sien ook Addendum 2, Tabel 6; Addendum 3, Tabel 6).

10. DIE INVLOED VAN DIE MODULE-AANBIEDINGS

'n Totaal van 131 maatskaplike werkers het die aanbieding van die Selfbestuursprogram by sewe verskillende opleidingsentra waargeneem. Daar was gevolglik die gevaar dat die standaard van al hierdie aanbiedings en/of die konteks waarbinne dit geskied het, nie deurlopend bevorderlik vir positiewe leer sou wees nie. Omdat die wyse waarop inligting aangebied word, veral in die geval van bemagtigingsprogramme, kan bepaal of dit inslag vind al dan nie (Kruger, 2001:28), moes die kwaliteit van die aanbiedings en omstandighede tydens die ondersoek gemeet word. Dit is met die

aanbiedingsevaluasievraelys, wat ná afloop van die program deur die eksperimentele groep voltooi is, gedoen (Addendum 18).

Die data wat deur middel van die vraelys se vier subskale ingewin is, word in Tabel 12 opgesom. Aangesien dit slegs 'n natoetsprosedure was, is beskrywende statistiek gebruik. Slegs die gemiddelde waardes wat per skaal behaal is, sal hier weergegee word (sien Addendum 7 vir volledige statistiek).

TABEL 12: SKAAL 7: EVALUERING VAN DIE MODULE-AANBIEDINGS

SUBSKAAL*	n	EVALUERING VAN DIE MODULE-AANBIEDING				
		1. Strongly disagree	*2. Disagree*	*3. Agree*	*4. Strongly agree*	
Subskaal 7.1: Evaluasie van die aanbieder	330.8	3.2 (0.97%)	3.6 (1.09%)	41.6 (12.58%)	282.4 (85.37%)	
Subskaal 7.2: Evaluasie van die aanbieder se aanbiedingsvaardighede	338	0.5 (0.15%)	0.25 (0.07%)	38.75 (11.46%)	298.5 (88.31%)	
Subskaal 7.3: Evaluasie van die leerproses	339	0 (0%)	1.4 (0.41%)	53.8 (15.87%)	283.8 (83.72%)	
Subskaal 7.4: Evaluasie van die aanbiedingskonteks	338.75	*1. Very bad*	*2. Bad*	*3. Average*	*4. Good*	*5. Very good*
		0.5 (0.15%)	0.25 (0.07)	11.25 (3.32%)	73 (21.55%)	253.75 (74.91%)

* *Al die skale was betroubaar - sien Tabel 7.*

Die data in Tabel 12 toon aan dat die maatskaplike werkers die modules op 'n baie effektiewe en professionele wyse aangebied het. Enige leemtes in die effek van die modules kan dus nie aan die aanbieders toegeskryf word nie. Die aanbiedingskonteks is die laagste aangeslaan omrede die benutte lokale, sowel as die kwaliteit van sommige leermateriaal en hulpmiddele, nie altyd op standaard was nie.

Die deelnemers het die aanbieders se vaardighede, hul voorbereiding en vermoë om groepsdeelname te bevorder besonder hoog aangeslaan. Hierdie aspekte het waarskynlik 'n groot bydrae tot die bewerkstelliging van gedragsverandering gelewer. Dit was ook opvallend dat die rekrute die maatskaplike werkers as kundiges op die betrokke gebiede gesien het (Addendum 6) en, as gevolg daarvan, waarskynlik 'n sterker geloof gehad het in die geldigheid en waarde van die inligting wat oorgedra is.

Uit Tabel 12 kan daar tot die oorhoofse gevolgtrekking gekom word dat die maatskaplike werkers goed daarin geslaag het om te voldoen aan al die vereistes wat aan 'n goeie aanbieder gestel word (vgl. Kruger, 2001:28; Nelson-Jones, 1991:163). Alhoewel die aanbiedingskonteks effens swakker gevaar het, was dit nie van so 'n aard dat die leerproses ernstig daardeur benadeel sou kon word nie.

Daar is ook individueel na die ander potensieel positiewe/negatiewe invloede in die program gelet, naamlik lengte, tempo en balans tussen die aanbieding en groepsdeelname. Die data wat rakende elk verkry is, sal vervolgens aangebied en geïnterpreteer word.

TABEL 13: ALGEMEEN

VRAAG	GEMIDDELDE RESPONSE				
9. How will you rate the **length** of the programme? (n=339)	*1. It was much too long*	*2. It was a little too long*	*3. The length was just right*	*4. It was a little to short*	*5. I was much too short*
	14 (4.13%)	22 (6.49%)	230 (67.85%)	40 (11.8%)	33 (9.73%)
10. How will you rate the **pace** at which you had to present the programme? (n=339)	*1. The pace was much too slow*	*2. The pace was a little too slow*	*3. The pace was just right*	*4. The pace was a little too fast*	*5. The pace was much too fast*
	0 (0%)	2 (0.59%)	290 (85.55%)	32 (9.44%)	15 (4.42%)
11. How will you rate the **balance** between the *presentation* and *group involvement*? (n=339)	*1. Much too much time was spent on the presentation*	*2. A little too much time was spent on the presentation*	*3. The balance was just right*	*4. A little too much time was spent on group involvement*	*5. Much too much time was spent on group involvement*
	0 (0%)	3 (0.88%)	285 (84.07%)	15 (4.42%)	36 (10.62%)

Die meerderheid deelnemers (67.85%) was van mening dat die program lank genoeg was. Dit het egter opgeval dat 21.53% gedink het dit is te kort. Dit kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat hulle die program besonder waardevol en sinvol beleef het en dat hulle dalk nog meer van die betrokke inligting en vaardighede sou wou bekom (Sien Tabel 10 tot 11).

Die pas waarteen die program aangebied is, moes op 'n vyfpuntskaal beoordeel word. Die oorgrote meerderheid van die rekrute, te wete 85.55%, het dit as toepaslik beskou. Die feit dat hulle aangedui het dat die aanbieding 'n bietjie langer kon wees (sien Tabel 13), korreleer daarmee dat 13.86% die pas as ietwat te vinnig ervaar het. Hierdie twee tendense kan toegeskryf word aan die feit dat 'n groot hoeveelheid inligting, wat al nege modules van die Selfbestuursprogram dek, binne een week oorgedra moes word.

Die respondente moes vervolgens die balans tussen aanbieding en groepsdeelname beoordeel. Bykans geen rekruut (0.88%) het gevoel dat te veel tyd aan die aanbieding spandeer is sonder om hulle te betrek nie. Die aanbieders het dus nie 'n didaktiese aanbiedingstyl gevolg nie. Dit kan as 'n bydraende faktor tot die sukses van die modules beskou word, aangesien die fasilitering van lewensvaardigheidsprogramme as suksesvol beskou word wanneer die groepproses optimaal op 'n nie-direktiewe en demokratiese deelnemende wyse benut word (Rooth, 2000:25).

Die kwaliteit van die programaanbiedings het aangetoon dat die huidige aard en vlak van maatskaplikewerkopleiding die meeste maatskaplike werkers bemagtig om so 'n intervensie toe te pas. Dit kan hoofsaaklik toegeskryf word aan hul groepwerkkennis en -vaardighede, asook blootstelling aan lewensvaardigheidsprogramme gedurende hul opleiding en in die praktyk. Om egter werklik 'n deskundige op die terrein van programontwikkeling en -aanbieding te word vereis verdere opleiding. Dit sluit in:

- die teorie en praktyk van volwasse en eksperiënsiële leer,

- programontwikkelingsbeginsels,
- die teorie wat in die modules gedek word, en
- gevorderde fasiliterings- en aanbiedingsvaardighede.

11. DIE AANBIEDERS SE EVALUERING VAN DIE KOMPONENT

Dit was ook nodig dat die aanbieders die kwaliteit van hul eie aanbiedings en sinvolheid van die modules moes evalueer. Dit is deur middel van 'n aanbiedersevaluasievraelys gedoen. Die aanbieders kon daarin hul eie aanbiedingsvaardighede, die leerproses, konteks en die sinvolheid van die modules assesseer. Dit het hulle ook die geleentheid gebied om menings oor die positiewe en negatiewe fasette van die modules en aanbevelings vir die verbetering daarvan, skriftelik te verwoord.

Van die 14 aanbieders wat by die aanbieding van die eksperimentele groepe betrokke was, het 11 van hulle die vraelys voltooi. Die resultate word per afdeling van die vraelys in Tabel 14 vervat. Aangesien daar slegs 'n natoets gedoen is, sal net beskrywende statistiek hierin gebruik word. Waar toepaslik, sal die data vanuit die aanbieders en die respondente se evaluasies in die hieropvolgende bespreking met mekaar vergelyk word.

TABEL 14: DIE SINVOLHEID VAN DIE PROGRAM

VRAE	n	KEUSES EN RESPONSE			
		1. Strongly disagree	*2. Disagree*	*3. Agree*	*4. Strongly agree*
21. The programme stimulated the trainees' creative thinking.	11	0 (0%)	0 (0%)	5 (45.5%)	6 (54.5%)
22. The trainees will be able to apply the new knowledge and insights that they have gained in their jobs.	11	0 (0%)	0 (0%)	4 (36.4%)	7 (63.6%)
23. I feel that the programme will help the participants do their jobs better.	11	0 (0%)	0 (0%)	5 (45.5%)	6 (54.5%)
24. The trainees will be able to apply the new knowledge and insights that they have gained in their daily lives.	11	0 (0%)	0 (0%)	5 (45.5%)	6 (54.5%)
25. I feel that the programme will help the trainees to cope better with the challenges of life.	11	0 (0%)	0 (0%)	5 (45.5%)	6 (54.5%)

Uit die data in Tabel 14 is dit duidelik dat al die aanbieders die program as relevant vir die SAPD beskou. Hulle voel veral sterk daaroor dat die Selfbestuursprogram aktueel tot die student-konstabels se werksopset is. Dit strook met die rekrute se eie belewing van die modules (vgl. Tabel 11).

Die resultate van die aanbieders se selfevaluering word in Tabel 15 opgesom (sien Addendum 7 vir volledige statistiek). Dit dek, soos in die geval van die rekrute se evaluasies, ook die aanbieder se eienskappe en aanbiedingsvaardighede, tesame met die leerproses en aanbiedingskonteks.

TABEL 15: SELFEVALUERING DEUR DIE AANBIEDERS

SUBSKAAL	n	EVALUERING VAN DIE MODULE-AANBIEDING				
		1. Strongly disagree	*2. Disagree*	*3. Agree*	*4. Strongly agree*	
Subskaal 7.1: Evaluasie van die aanbieder	11	0 (0%)	0 (0%)	3.8 (34.55%)	7.2 (65.45%)	
Subskaal 7.2: Evaluasie van die aanbieder se aanbiedingsvaardighede	11	0 (0%)	0 (0%)	2.5 (22.73%)	8.5 (77.27%)	
Subskaal 7.3: Evaluasie van die leerproses	11	0 (0%)	0 (0%)	3.8 (34.55)	7.2 (65.45%)	
Subskaal 7.4: Evaluasie van die aanbiedingskonteks	11	*1. Very bad*	*2. Bad*	*3. Average*	*4. Good*	*5. Very good*
		0 (0%)	0.75 (6.8%)	2.25 (20.5%)	5 (45.5%)	3 (27.2%)

Die aanbieders was positief oor hul kennis van die materiaal wat aangebied is en van mening dat hulle dit op 'n entoesiastiese wyse op die vlak van die rekrute kon oordra. Dit stem tot 'n groot mate ooreen met die sienings van die rekrute (sien Tabel 12).

In die evaluering van hul eie aanbiedingsvaardighede is daar gelet op die duidelikheid van verbale kommunikasie, vaardigheid met hulpmiddele, bevordering van groepsdeelname en voorbereiding. Die aanbieders evalueer hul eie aanbiedingsvaardighede oor die algemeen as goed. Die twee aspekte wat hulle ietwat laer ag, naamlik deelnemerbetrokkenheid en hul eie voorbereiding, word weer hoër deur die rekrute geëvalueer (sien Addendum 7, Tabel 2). Dit dui daarop dat die aanbieders in hierdie verband beter vaar as wat hulleself besef. Dieselfde tendens was ook by die evaluering van die leerproses (Subskaal 7.3) te vinde waar hulle dit deurgaans laer aangeslaan het as die rekrute. Dit dui daarop dat meganismes in plek gestel moet word om beter terugvoer aan die maatskaplike werkers oor die (hoë) kwaliteit van hul aanbiedings te gee.

Die aanbiedingskonteks en kwaliteit van die leermiddele is oor die algemeen beter deur die rekrute as die aanbieders geëvalueer (Addendum 7, Tabel 4). Beide groepe het egter die lokaal as die swakplek in die aanbiedingskonteks uitgesonder. Hierdie faset sal verbeter moet word omdat dit 'n negatiewe effek op die modules se impak kan hê.

Uit voorafgaande is dit duidelik dat die maatskaplike werkers meer krities teenoor die aanbiedings en aanbiedingskonteks as die ontvangers gestaan het. Dit kan as positief beskou word, aangesien dit as motivering kan dien om nog beter in die opleiding te vaar.

Soos in die geval van die rekrute (vgl. Tabel 13), is dit ook van die aanbieders verwag om 'n aantal bykomende algemene aangeleenthede te evalueer. Hierdie evaluasies was, op een uitsondering na, in ooreenstemming met mekaar.

TABEL 16: ALGEMENE AANGELEENTHEDE

VRAAG	GEMIDDELDE RESPONSE				
9. How will you rate the **length of the programme?** (n =11)	*1. It was much too long*	*2. It was a little too long*	*3. The length was just right*	*4. It was a little too short*	*5. I was much too short*
	1 (9.1%)	1 (9.1%)	5 (45.5%)	3 (27.3%)	1 (9.1%)
10. How will you rate the **pace at which you had to present the programme? (n** =11)	*1. The pace was much too slow*	*2. The pace was a little too slow*	*3. The pace was just right*	*4. The pace was a little too fast*	*5. The pace was much too fast*
	0 (0%)	1 (9.1%)	5 (45.5%)	3 (27.3%)	1 (9.1%)
11. How will you rate the **balance** between the *presentation* and *group involvement*? (n =11)	*1. Much too much time was spent on the presentation*	*2. A little too much time was spent on the presentation*	*3. The balance was just right*	*4. A little too much time was spent on group involvement*	*5. Much too much time was spent on group involvement*
	0 (0%)	3 (27.3%)	8 (72.7%)	0 (0%)	0 (0%)

Die lengte, pas en balans van die module-aanbiedings is oor die algemeen meer positief deur die student-konstabels as die aanbieders geëvalueer. Die meerderheid rekrute (67%) was tevrede met die programlengte en pas, terwyl 36.1% van die aanbieders laasgenoemde as te vinnig beskou het. Die evaluering van die balans tussen aanbieding en groepsdeelname was in ooreenstemming met mekaar.

In die vraelys het die aanbieders ook die geleentheid gekry om kommentaar oor die inhoud en aanbieding van die onderskeie modules te maak en aanbevelings ter verbetering daarvan skriftelik weer te gee. Die volgende algemene tendense het uit die geskrewe materiaal na vore gekom:

- Die inhoud en aanbiedingshulpmiddele was oor die algemeen baie goed en moet nie veel verander word nie.
- Pogings moet egter aangewend word om meer polisie-verwante voorbeelde, scenario's en oefeninge by die materiaal in te sluit.
- Meer ysbrekers behoort by die materiaal ingesluit te word.
- Daar moet pogings aangewend word om die jongste beskikbare data by die materiaal in te sluit.
- Daar kan langer tyd aan die aanbieding van die Doelwitbeplanningsmodule toegedeel word.
- Daar is sekere aanbevelings oor veranderinge in die volgorde van die modules gemaak.
- Laastens is verskeie steurnisse tydens die aanbieding van die modules (bv. rekrute wat deur ander aktiwiteite opgehou word) en logisticke probleme (bv. die nie-beskikbaarheid van oorhoofse projektors in sekere lokale) ook uitgelig. Sommige aanbieders het dit ook moeilik gevind om die voltooiing van die navorsing se vraelyste binne die beskikbare tyd te akkommodeer.

Ten opsigte van laasgenoemde is dit betekenisvol dat, alhoewel daar minder tyd vir die aanbieding beskikbaar was, die modules steeds 'n prakties betekenisvolle effek op die student-konstabels se kennis, houding en gedrag gehad. Die effek sou dalk selfs hoër kon wees indien die volle aanbiedingstyd benut kon word.

12. BEVINDINGE EN IMPLIKASIES

Deur al die data wat deur die ondersoek ingewin is met mekaar te vergelyk kan daar tot die volgende sewe oorhoofse bevindinge gekom word.

- Die feit dat die Selfbestuursprogram in taksonomieë van lewensvaardighede verdeel is, het 'n groot bydrae tot die navorsing van die betrokke modules gemaak. Die navorsingsresultate het ook uitgewys dat plasing van doelwitbeplanning en selfkennis binne die lewensdoelkomponent wel die korrekte stap was.
- Alhoewel 'n eksperimentele navorsingsontwerp en –prosedure normaalweg uiters moeilik is om uit te voer en dit in die onderhawige ondersoek ook aansienlike logistieke probleme opgelewer het, was dit tog die mees toepaslike benadering om te volg. Dit het hoëvlak inferensiële statistiek opgelewer wat die korttermyneffek van die modules duidelik bewys het.
- Die benutting van triangulering het nie net die risiko's betrokke by die gebruik van nie-gestandaardiseerde meetinstrumente uitgeskakel nie, maar ook die navorsingsbevindinge verryk. Deur veral die kwantitatiewe resultate van die effekmeting met die kwalitatiewe resultate van die fokusgroepe te trianguleer, kon daar 'n baie duidelike beeld van die langtermynimpak van elke module verkry word.
- Die ewekansige selektering van die lede van die eksperimentele en kontrolegroepe kan oorwegend as 'n sukses beskou word. Dit het 'n ondersoekgroep opgelewer wat in terme van veral ras en geslag as verteenwoordigend van die totale student-konstabel-populasie beskou word. Hierdie resultaat het dit moontlik gemaak om met die benutting van die eksperimentele navorsingsontwerp voort te gaan.
- Uit die effekmetings wat deur middel van die KHG-vraelyste bepaal is, is bevind dat die twee modules 'n prakties betekenisvolle effek op student-konstabels se kennis, houding en gedrag gehad het. Dit het beide hul persoonlike en professionele funksionering en in die besonder hul gedrag positief verander.
- Die fokusgroepe het aangetoon dat rekrute geneig was om na ses maande sommige van die feitelike inligting wat in die aanbiedings oorgedra is, te vergeet. Dit het egter nie afbreuk gedoen aan die gevoel van kennisbemagtiging wat hulle beleef het nie. Die opvallendste was egter dat die modules die rekrute se houdings en gedrag blywend verander het.
- Die aard en kwaliteit van die aanbiedings is positief deur beide die rekrute en die aanbieders (maatskaplike werkers) geëvalueer. Dit het gevolglik geen negatiewe effek op die bereiking van module-uitkomste gehad nie en dit eerder verder versterk.

13. RIGLYNE VIR DIE VERBETERING VAN DIE PROGRAM EN DIE MODULES

Die bevindinge van hierdie studie het tot die volgende aanbevelings ten opsigte van die lewensdoelkomponent van die Selfbestuursprogram gelei:

- Die kerninhoud en basiese aanbiedingstrategie van beide modules kan dieselfde bly. Dit behoort egter jaarliks tydens die hersiening en aanpassing van die totale Basiese Opleidingsprogram, weer op datum gebring te word.

- Daar behoort langer tyd aan die aanbieding van die Doelwitbeplanningsmodule geallokeer te word.
- Die modules se insidenterings/voorbeelde/ scenario's kan meer in lyn met SAPD-spesifieke situasies gebring word.
- Pogings sal aangewend moet word op die opleidingslokale van sommige kolleges te verbeter.
- Daar moet meer transparante vir elk van die modules ontwikkel word. Dit sal ook van groot waarde wees indien alle opleidingskolleges met multimedia aanbiedingsapparaat toegerus en die transparante tot dié formaat omgeskakel word.
- Die maatskaplike werkers wat die aanbiedings doen, behoort gereeld opleiding te ontvang in die nuutste tegnieke van fasilitering en eksperiënsiële leer ten einde die beste kwaliteit diens aan die SAPD se rekrute te lewer.

14. SLOTOPMERKINGS

Die ondersoek het bewys dat die twee betrokke modules 'n blywende effek op rekrute het. Dit het hulle dus op die kort- en langtermyn met kennis, houdings en gedrag toegerus om beter as individue en as werknemers van die Suid-Afrikaanse Polisiediens te funksioneer. Dit sal uiteindelik 'n beter polisiediens aan die Suid-Afrikaanse samelewing verseker.

VERWYSINGS

AKADE, A. 2001. Risky business: South African youths and HIV/AIDS prevention. *Education studies,* 27(3):237-256.

ASK AFRICA. 1997. South African Police Service: Social Work Services needs assessment: research report. Pretoria : SAPS.

BARKER, R.L. 1995. The social work dictionary. 3rd ed. Washington, D.C. : National Association of Social Workers.

BERGER, I.E., RATCHFORD, B.T. & HAINES, G.H. 1994. Subjective product knowledge as a moderator of the relationship between attitudes and purchase intentions for a durable product. *Journal for economic psychology*, 15(2):301-314, June.

BROOKS, D.K. 1984. A life-skills taxonomy: defining elements of effective functioning through the use of the Dephi Technique. Athens, Georgia : University of Georgia. (Proefskrif - Ph.D.)

BRYMAN, A. 2003. Triangulation. [Web:] http://www.referenceworld.com/sage/socialscience/triangulation.pdf [Datum van gebruik: 13 September 2003].

CILLIERS, E. ed., HERHOLDT, M., BEHR, B. & VAN DER MERWE, R. 1988. Ons gesin in die kol. Pretoria : Dibukeng.

COHEN, J. 1969. Statistical power analysis for the behavioral sciences. New York, : Academic Press.

COHEN, J. 1988. Statistical power analysis for the behavioral sciences. 2nd ed. Hillsdale, N.J. : Erlbaum.

COVEY, S.R. 1990. The seven habits of highly effective people. New York : Simon & Schuster.

CRESWELL, J.W. 2003. Research design: qualitative, quantitative, and mixed methods approaches. 2nd ed. Thousand Oaks, Calif. : Sage.

DARDEN, C.A. & GAZDA, J. 1996. Life-skills ad mental health counseling. *Journal of mental health counseling*, 18(2):134, April. (8 p.). [*In* EBSCHOHost : Academic Search Elite, Full display : http://www-sa.ebsco.com] [Datum van gebruik: 3 Mei 2004].

DONATI, S., HAMAM, R. & MEDDA, E. 2000. Family planning KAP survey in Gaza. *Social science & medicine*, 50(6):841-849, March.

ELKIND, P.D. 1993. Correspondence between knowledge, attitudes, and behavior in farm health and safety practices. *Journal of safety research*, 24(3):171-179, Autumn.

ELMES, D.G., KANTOWITZ, B.H. & ROEDIGER, H.L. 2003. Research methods in psychology. Belmont, Calif. : Thomson/Wadsworth.

FOUCHE, C.B. & DE VOS, A.S. 2002. Quantitative research designs. (*In* De Vos, A.S., *ed.*) Research at grass roots: for the social sciences and human service professions. 2nd ed. Pretoria : Van Schaik Publishers. p. 137-149.)

GIBBS, A. 1997. Focus groups. *Social research update,* March. University of Surrey

GINTER, E.J. 1999. David K. Brooks' contribution to the developmentally based life-skills approach. *Journal of mental health counseling*, 21(3):191, July. (12 p.). [*In* EBSCHOHost : Academic Search Elite, Full display : http://www-sa.ebsco.com] [Datum van gebruik: 3 Mei 2004].

GRAVETTER, F.J. & FORZANO, L.B. 2003. Research methods for the behavioral sciences. Belmont, Calif. : Thomson/Wadsworth.

HILTON, A. 2002. Should qualitative and quantitative studies be triangulated? International Society of Nurses. [Web:] http://www.isncc.org/news/triangle.htm [Datum van gebruik: 15 September 2003].

HUISAMEN, P. 2004. 'n Evaluasie van die tydsbestuur, doelwitbeplanning en probleemoplossing kapasiteitsbouprogramme van die Suid-Afrikaanse Polisiediens. Potchefstroom : Potchefstroomse Universiteit vir CHO. (Verhandeling - MA.)

JACKSON, S.L. 2003. Research methods and statistics: a critical thinking approach. Belmont, Calif. : Thomson/Wadsworth.

JARVIS, P. 1990. An international dictionary of adult and continuing education. London : Routledge.

KRUGER, J.W. 2001. 'n Impakstudie van 'n lewensvaardigheidsprogram gerig op gemeenskap/persoonsverryking deur die uitbouing van selfkennis. Johannesburg : RAU. (Verhandeling - MA.)

MAREE, K. & EBERSOHN, L. 2002. Life skills and career counselling. Sandown : Heinemann.

MARK, R. 1996. Research made simple: a handbook for social workers. London : Sage.

McCANN, T.V. & SHARKEY, R.J. 1998. Educational intervention with international nurses and changes in knowledge, attitudes and willingness to provide care to patients with HIV/AIDS. *Journal of advanced nursing*, 27:267-273.

McKENNA, E. 1994. Business psychology and organisational behaviour: a students' handbook. East Sussex : Erlbaum.

MITCHELL, C.M. & KAUFMAN, C.E. 2002. Structure of HIV knowledge, attitudes, and behaviors among American Indian young adults. *AIDS education and prevention*, 14(5):401-418.

NELSON-JONES, R. 1991. Lifeskills: a handbook. London : Dotesios.

PATTON, M.Q. 2002. Qualitative research & evaluation methods. London : Sage.

PMW **kyk** Suid-Afrika (Rep.) Polisie Maatskaplikewerkdienste

POCOCK, S.J., ASSMANN, S.E., ENOS, L.E. & KASTEN,L.E. 2002. Subgroup analysis, covariate adjustment and baseline comparisons in clinical trial reporting: current practice and problems. *Statistics in medicine,* 21:2917-2930.

POLICE SOCIAL WORK SERVICES *see* South Africa (Rep.), Police Social Work Services.

PSWS **kyk** Police Social Work Services

RITCHIE, J. 2003. The applications of qualitative methods to social research. (*In* Ritchie, J. & Lewis, J., eds. Qualitative research practice: a guide for social science students and researchers. London : Sage. p. 24-46)

ROBBINS, S.P. 2005. Essentials of organizational behaviour. 8th ed. New York : Pearson Education.

ROBBINS, S.P., ODENDAAL, A. & ROODT, G. 2003. Organisational behaviour: global and southern African perspectives. Cape Town : Pearson/Prentice Hall.

ROOTH, E. 1995. Lifeskills: a resource book for facilitators. Manzini (Swaziland) : MacMillan Boleswa Publishers.

ROOTH, E. 2000. An investigation of the enhanced relationship between participants in lifeskills courses and the environment. Pretoria : Human Sciences Research Council.

SAPD **kyk** Suid-Afrika (Rep.) Suid-Afrikaanse Polisiediens.

SAPS *see* South Africa (Rep.) South African Police Service.

SARANTAKOS, S. 1998. Social research. South Yarra (Australia) : MacMillan.

SAS INSTITUTE INC., 1999. The SAS System for Windows Release 8.02 TS Level 02M0 Copyright© 1999-2001 by SAS Institute Inc., Cary, N.C., USA.

SMITH, R. 1991. Selfwerkhandleiding in persoonsontwikkeling (Module 2). Goodwood : Rotapress.

SOUTH AFRICAN POLICE SERVICE. 2004[c]. Life skills. Pretoria : SAPS.

SOUTH AFRICAN POLICE SERVICE. Social Work Services. 2001[a]. Annual Report, 1 April 1999 - 31 March 2001. Pretoria : SAPS.

SPATZ, C. 2001. Basic statistics: tales of distributions. Belmont, Calif. : Wadsworth/ Thomson Learning.

STEYN, H.S. 1999. Praktiese beduidendheid: die gebruik van effekgroottes. (Wetenskaplike Bydraes, Reeks B: Natuurwetenskappe nr. 117). Potchefstroom: Publikasiebeheerkomitee, PU vir CHO.

STEYN, H.S. 2000. Practical significance of the difference in means. *Journal of industrial psychology*, 26(3):1-3.

